10 Die neem van besluite en die uitoefening van regte namens 'n ander persoon word in literatuur as "paternalisme" beskryf. Paternalisme is gebaseer op die welmenende uitgangspunt dat 'n meerderjarige persoon beter toegerus is om na die kind se belange om te sien en namens die kind op te tree op 'n wyse wat die belange van die kind dien. Regsfilosowe soos Locke, Hobbes en Mill regverdig die bestaan van paternalisme in hul filosofieë. Vgl in hierdie verband Freeman *The rights and wrongs of children* 52–54 (hierna Freeman *Rights and wrongs*); De Villiers "The rights of children in international law: Guidelines for South Africa" 1993 *Stell LR* 292 vn 14–19. Sien ook in die algemeen Sloth-Nielsen "Ratification of the United Nations Convention on the Rights of the Child: Some implications for South African law" 1995 *SAJHR* 408.

11 Vgl Freeman *Moral status* 86: "Rights are important because possession of them is part of what is necessary to constitute personality. Those who lack rights are like slaves, means to others' ends, and never their own sovereigns."

12 SA Regskommissie *Review of the Child Care Act* 20.

'n groter bewussyn van die eiesoortige aard en behoeftes van kind wees te skep.[13] Dit is juis in hierdie opsig dat kinderregte versoenbaar is met die uitgangspunt onderliggend aan leerstukke aangaande fundamentele regte, naamlik dat kinders inderdaad besondere sorg en beskerming nodig het, maar eweneens ook oor 'n wye reeks vryhede en regte beskik in ooreenstemming met hulle fisiese en intellektuele vermoëns en sosiale omstandighede.[14]

Spesifieke regte vir kinders is noodsaaklik aangesien daar, ten spyte van die erkenning van kinders as draers van menseregte, inderdaad steeds standpunte bestaan wat kinders nie as volwaardige individuele regsubjekte erken nie.[15] Origens dien die erkenning van kinderregte as teenvoeter vir magsmisbruik en ongekwalifiseerde paternalisme.[16] Daar word ter oorweging gegee dat die uitgangspunte onderliggend aan die erkenning van spesifieke kinderregte en paternalisme nie wedersyds uitsluitend is nie, maar inderdaad met mekaar versoenbaar is in dié mate wat paternalistiese sienings met betrekking tot kinderregte deur onder meer die omstandighede van die besondere geval en die kind se emosionele volwassenheid gekwalifiseer word.

Kinderregte as voortvloeisel van fundamentele regte omvat ook die beginsel dat kinders 'n reg op deelname behoort te hê aan besluite wat hulle raak.[17] Aansluitend hierby berus kinderregte kenmerkend ook op beginsels soos die erkenning van kinders se outonomie, hulle reg op selfbeskikking en die erkenning van kinders as volwaardige regsubjekte. Dus, soortgelyk aan fundamentele regte, is die vertrekpunt by kinderregte die *gelykheid van mense* (ons beklemtoning) deurdat die reg op gelykheid alle mense toekom ongeag hul ouderdom.

4 DIE ONTWIKKELING VAN 'N *KIDDIE SAVER*- NA 'N *KIDDIE LIBBER*-BENADERING

Die feit dat kinders ook draers van regte is, het eers in die laaste helfte van die negentiende eeu formeel beslag begin kry. Stigtings soos die *Society for the Prevention of Cruelty to Children* (1875) in die Verenigde State van Amerika het in beduidende mate bygedra tot die bewusmaking van die kwesbaarheid van kinders. Vanaf die negentiende eeu speel die staat 'n aktiewer rol in die beskerming van die kind se belange:

> "By the end of the 19th century ... public authorities and private organisations became very much concerned about neglected, mistreated and exploited children. After a period in which children were considered the property of their fathers or parents, who could do what they wanted, laws were introduced to protect children against neglect or mistreatment by their parents ... Care for children became a public concern and the state felt responsible for children and could, as *parens patria*, interfere in certain families to protect the interest of the child, deprive parents of their parental custody and take their children away. This state interference in the family and in many social policy areas has grown immensely during this century."[18]

---

13 Vgl De Villiers (vn 10) 305 307; De Lange (vn 2) 257.

14 Sloth-Nielsen (vn 10) 408.

15 McGillivray "Reconstructing child abuse: Westem definition and Non-Westem experience" in Freeman en Veerman (reds) (vn 2) 218.

16 Sien in die algemeen Melton en Limber "What children's rights mean to children: Children's own views" in Freeman en Veerman (reds) (vn 2) Sloth-Nielsen (vn 10) 404.

17 Verhellen "Changes in the images of children" in Freeman en Veerman (reds) (vn 2) 80 81.

18 De Lange (vn 2) 255.

Na 'n tydperk wat gekenmerk is deur die beskouing van kinders as eiendom van hulle ouers, is beskermende wetgewing deur verskeie state ingestel.[19] Arbeidswetgewing ter regulering van kinderarbeid en verbeterde onderwysgeleenthede vir kinders is enkele voorbeelde in dié verband.

Teen die middel van die negentiende eeu was kinderregtebewegings se funksies gerig op die beskerming van kinders.[20] Hierdie benadering is sprekend van dié van die *kiddie savers*-denkwyse. Die uitgangspunt was dat kinders vanweë hulle kwesbaarheid teen uitbuiting beskerm moes word en dat daar van regsweë na hulle spesiale behoeftes omgesien moes word. Aanvanklik is die klem oorwegend op regte van beskermende aard geplaas. Internasionale menseregte-ooreenkomste was gevolglik aan die begin eerder gerig op die beskerming van kinders se welsyn en verbetering van hulle lewenskwaliteit.[21] Só byvoorbeeld beklemtoon die *Deklarasie oor die Regte van die Kind* (1924) die kind se materiële welstand. Artikel 25 en 26 van die *Universele Verklaring van Menseregte* (1948) verwys na die spesiale sorg en bystand aan moeders en kinders en die belang van onderwys. Die Verenigde Nasies se *Deklarasie oor die Regte van die Kind* (1959) het ook riglyne van morele aard ten opsigte van die beskerming van kinders se welsyn neergelê. Hierdie internasionale ooreenkomste het bloot riglyne gebied en het gevolglik nie bindende krag gehad nie.[22] Voorts het hierdie ooreenkomste van die paternalistiese standpunt uitgegaan dat 'n ander party, hetsy die ouers of die staat, vir en namens kinders sou besluit wat in hulle beste belang is.

Die beklemtoning van gelykheid was kenmerkend van die sestiger- en sewentigerjare van die 20ste eeu.[23] Internasionale ooreenkomste, soos die *Internasionale Verdrag oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte* (1966) en die *Internasionale Verdrag oor Burgerlike en Politieke Regte* (1966) illustreer dié tendens. Artikel 24 van laasgenoemde verdrag verwys byvoorbeeld uitdruklik na elke kind se reg op beskerming ongeag die geslag, nasionaliteit, sosiale herkoms, taal, kultuur, ras en geboorte van die kind. Gedurende hierdie tydperk is 'n klemverskuiwing van die kind as beskermings- en sorgobjek (die *kiddie savers*-benadering) na die kind as volwaardige regsubjek met eiesoortige regte duidelik waarneembaar.[24] Die klemverskuiwing van die kind se behoeftes na die kind se regte sou tiperend van die *kiddie libbers*-benadering wees.

Die *kiddie libbers* het erkenning verleen aan die veranderende beeld en posisie van die kind en het die kind se reg op selfbeskikking voorgestaan. Europese state soos Duitsland was aan die voorpunt van die ontwikkeling vanaf die beskouing van die kind as beskermingsbehoeftige na die kind as volwaardige draer van alle fundamentele regte asook besondere fundamentele regte (kinderregte) vanweë die

---

19 Vgl in die algemeen De Lange (vn 2) 255; De Villiers (vn 10) 290; Bevan *Child law* 11.

20 Bevan (vn 19) 11–13; Bainham en Cretney *Children: The modern law* 77–82.

21 Vgl Van Bueren (vn 2) 6–12 en 16–21 vir detailbesprekings van die genoemde internasionale ooreenkomste en deklarasies.

22 Sien in die algemeen De Villiers (vn 10) 293, 294; Sloth-Nielsen (vn 10) 401; Schurink "Foundations for a culture of children's rights" 1998 *In Forum Focus* 5 kol 1.

23 De Graef "Rights of children in a changing world" in Freeman en Veerman (reds) *Ideologies of children's rights* 115.

24 Reid "Children's rights: Radical remedies for critical needs" in Asquith en Hill (reds) *Justice for children* 19 20; McCurdie "Children's rights" in *Developing Justice Series* nr 9, UCT 3; Grude Fiekkoy "Attitudes to children: their consequences for work for children" in Freeman en Veerman (reds) (vn 2) 137; Freeman *Moral status* 51 ev.

kind se spesiale behoeftes. Die erkenning van die kind se reg om gehoor te word in aangeleenthede wat hom of haar raak en die omskrywing van ouers se verantwoordelikhede teenoor die kind wat betref sorg eerder as gesag lê in dié verband voor die hand.

5 GEVOLGE VAN DIE EVOLUSIE IN DIE BESKOUING VAN KINDERREGTE

Die ontwikkeling van 'n *kiddie saver-* na 'n *kiddie libber*-benadering het tot die erkenning van kinders as volwaardige draers van fundamentele regte gelei. Hierdie erkenning is in ooreenstemming met die moderne neiging om behoeftes eerder met verwysing na regte te omskryf. Die talryke bepalings wat in internasionale ooreenkomste en konvensies vervat word, het die klemverskuiwing na die beginsel van gelyke regte vir *almal,* ook vir kinders, versterk.[25] Verder is die ontwikkeling van 'n *kiddie saver-* na 'n *kiddie libber*-benadering ook aanduidend van die harmonisering van die welsyn van kinders met die beginsel van spesifieke fundamentele regte vir kinders. Freeman stel dit soos volg:[26]

> "It is not a question of whether child-savers or liberationists are right, for they are both correct in pointing out part of what needs recognising, and both wrong in failing to see the claims of the other side. To take children's rights seriously requires us to take seriously *nurturance and self-determination,* demands of us that we adopt policies, practices and laws which both protect children and their rights." (Ons kursivering.)

Vir die beskerming van die kind in die breë gesien, is die konsep van regte uiteraard ook van belang. Leerstukke aangaande menseregte en die positiefregtelike vergestalting daarvan in internasionale ooreenkomste en nasionale wetgewing, het groter bewustheid meegebring van die regte wat elke mens toekom.[27] Hierdie bewussyn dra by tot die vestiging van 'n menseregtekultuur waarin mense mekaar se regte wedersyds erken en respekteer. Op soortgelyke wyse vestig die konsep van kinderregte die aandag op die universaliteit van kinders se aansprake op sowel beskerming as selfbeskikking.[28] Die positiefregtelike vergestalting van kinderregte in die internasionale en nasionale reg dra by tot die erkenning van die besondere behoeftes van kinders, en ook tot die gepaardgaande respek en begrip vir hierdie behoeftes.

Die VN Konvensie is 'n besondere voorbeeld van die harmonisering van die *kiddie savers- en kiddie libbers*-benadering. Die bepalings van dié Konvensie is gerig op die gelyke behandeling van persone bo en onder die ouderdom van 18 jaar, maar terselfdertyd met inagneming van die inherente kwesbaarheid wat kind wees meebring. Veral die strekking van die bepalings in artikels 3(1) en 12(1) is insiggewend:

> "3(1) In all actions concerning children, whether undertaken by public or private social welfare institutions, courts of law, administrative authorities or legislative bodies, the best interests of the child shall be a primary consideration.
>
> 12(1) States Parties shall assure to the child who is capable of forming his or her own views the right to express those views freely in all matters affecting the child, the views of the child being given due weight in accordance with the age and maturity of the child."

---

25 De Lange (vn 2) 256; Bevan (vn 19) 13; Veerman *The rights of the child and the changing image of childhood* 57.

26 Freeman *Limits* 39.

27 Cantwell (vn 3) 30.

28 Daar kan met Bainham en Cretney (vn 20) 80 se opmerking saamgestem word: "Indeed, it has been said that a necessary feature of children's rights is that they be genuinely universal, appropriate for children everywhere . . ."

Hierdie bepalings weerspieël die Konvensie se uitgangspunt dat die beskerming van die kind in balans moet wees met die besorgdheid oor die kind se ontwikkeling na persoonlike onafhanklikheid en die respek vir sy regte as individu.[29]

6 SUID-AFRIKA

Ontwikkelinge in die Suid-Afrikaanse reg met betrekking tot die regsposisie van kinders dui ook op 'n geleidelike evolusie van 'n *kiddie saver*- na 'n *kiddie libber*-benadering. Ofskoon die regte van kinders reeds gemeenregtelik en statutêr op direkte en indirekte wyse erkenning geniet het, is die feit dat kinderregte tans spesifiek in die Grondwet, as bron van hoogste reg, vervat is, 'n aanduiding van die belang van die erkenning van kinders as volwaardige regsubjekte.

6 1 Gemeenregtelike en statutêre beskerming

Alhoewel die verskansing van kinderregte in 'n grondwet 'n nuwe verskynsel in die Suid-Afrikaanse regsorde is, het beide die gemene- en statutêre reg reeds vroeg bepaalde beskerming aan kinders gebied. Die eerste wetgewing ter beskerming van kinders is in 1856 deur die destydse Kaapse Parlement aanvaar.[30] Dit blyk dat dié wetgewing eerder van 'n *kiddie saver*-benadering spreek en dat die klem op die kwesbaarheid van kinders en hulle behoefte aan beskerming geplaas is.

Die Wet op Kindersorg 74 van 1983 soos gewysig deur die Wysigingswet op Kindersorg 86 van 1991 en die Wysigingswet op Kindersorg 96 van 1996 dien as die primêre statutêre beskermingsmeganisme vir die algemene welsyn van kinders.

Hierdie wet bevat bepalings oor kinderverwaarlosing en -misbruik, die reg van die kind van ongehude ouers op onderhoud en om te erf, aanneming, die verbod op die indiensneming van kinders onder 15 jaar, die verpligting op die persoon in wie se sorg 'n kind is om voldoende sorg en kos vir die kind te voorsien, 'n omskrywing van die "kind in besondere moeilike omstandighede" en sosiaal-maatskaplike probleme soos straatkinders en kinders in konfliksituasies.

Voorts het die Hoë Hof uit hoofde van die gemenereg wye bevoegdhede om na die belange van alle minderjariges om te sien en om met die uitoefening van die ouerlike gesag in te meng.[31] In buitengewone omstandighede, waar die belange van kinders dit vereis, kan die hof 'n ouer of albei ouers hulle ouerlike gesag geheel en al ontneem of die kinders uit die bewaring van die ouers verwyder en in alternatiewe sorg plaas.[32]

Alhoewel die Suid-Afrikaanse gemene- en statutêre reg vir die spesiale beskerming van kinders voorsiening maak, skep hierdie maatreëls nie die raamwerk vir 'n pro-aktiewe en progressiewe stelsel van kinderregte nie.

---

29 Asquith en Hill (vn 24) 13, 14.

30 Vir verdere besonderhede kan Swanepoel en Wessels *'n Praktiese benadering tot die Wet op Kindersorg* 1–6 geraadpleeg word.

31 Raadpleeg Labuschagne "Die Hooggeregshof as oppervoog van minderjariges: 'n historiese perspektief" 1992 *TSAR* 353–357; Hawthorne "Children and young persons" par E41 in Schäfer en Clark *Family Law Service*; Bosman en Van Zyl "Children, young persons and their parents" in Robinson (red) *The South African law of children and young persons* 52 ev; Eiselen "Children and young persons in private international law" in Robinson (red) 201–203 vir 'n verdere bespreking hieroor.

32 Die hof sal net so optree wanneer die ouers se optrede 'n gevaar skep vir die kind se lewe, gesondheid of sedes (*Calitz v Calitz* 1939 AD 56). Die beste belang van die kind is altyd die oorwegende faktor (*Petersen v Kruger* 1975 4 SA 171 (K)).

6 2 Pre-27 April 1994-verwagtinge oor kinderregte

Die kinderregtebeweging in Suid-Afrika spruit voort uit die deelname van kinders in die pre-27 April 1994 politieke stryd.[33] As gevolg van die aanhouding van kinders tydens die noodtoestande in 1986 is 'n beduidende aantal kinderregte-organisasies gestig. Tydens 'n konferense in 1997 in Harare onder die tema *Children, Repression and the Law in Apartheid South Africa* is erkenning verleen aan kinders se aanspraak op spesiale regte wat uiting gee aan hulle besondere behoeftes. Hierdie bewegings is in beduidende mate deur die latere ratifikasie van die VN Konvensie gestimuleer en het 'n handves van kinderregte vir Suid-Afrika met 'n duidelike *kiddie libber*-grondslag voorgestaan.[34]

Die pre-verkiesingsverwagtinge oor kinderregte word in Sachs se standpunt oor kinderregte saamgevat.[35] Hierdie verwagtinge het onder andere behels:

- dat alle diskriminerende wetgewing teen kinders in die algemeen of op grond van ras, kultuur of etnisiteit afgeskaf word;
- dat die funksies van die weermag, polisie, korrektiewe dienste en ook die regstelsel hervorm moet word om as die beskermers van kinderregte te dien;
- dat bestaande wetgewing wat kinders beskerm, kindgesentreer moet wees, op alle kinders van toepassing moet wees en gelyksoortig afgedwing word;
- dat nasionale programme met die nodige arbeidskrag en finansiële steun ingestel word om aangeleenthede soos behuising, lewensomstandighede, onderwys en skoolvoedingskemas te verbeter;
- dat kinderorganisasies wat aan die implementering van kinderregte toegewyd is die gepaste ondersteuning en beskerming van die regsorde geniet; en
- dat die moontlikheid van 'n kinderombudsman wat oor bevoegdhede beskik om kinderregte-aangeleenthede te ondersoek en aanbevelings daaroor te maak, oorweeg word.

Die verskansing van kinderregte in die Grondwet het in 'n beduidende mate aan hierdie verwagtinge voldoen. Die aangeleentheid van 'n kinderombudsman is egter nie in die Handves geopper nie.

6 3 Grondwetlike beskerming

Die Handves van Regte soos vervat in hoofstuk 2 van die Grondwet, omvat fundamentele regte en artikel 28 bevat spesiale regte wat uitsluitlik op persone onder die ouderdom van 18 jaar gerig is. Met die inwerkingtrede van die Grondwet is parlementêre soewereiniteit beëindig en is 'n bedeling van grondwetlike soewereiniteit ingelui. Artikel 1(c) en 2 van die Grondwet bevestig die oppergesag van die Grondwet as die hoogste reg van die Republiek.[36]

---

33 Vgl in die algemeen McCurdie (vn 24) 9; Cockrell "The law of persons and the Bill of Rights" in *Butterworths Bill of Rights Compendium* 3E–9 3E–12.

34 Vir die teks van die *Children's Charter of South Africa* van 1992-06-01 raadpleeg *International Conference* 213 ev.

35 Vgl Sachs *Protecting human rights in a new South Africa* (1990) 64–89; McCurdie (vn 24) 13 14.

36 Vgl in die algemeen Malan *Fundamentele regte: Temas en tendense* par 2 1 1; Rautenbach "Introduction to the Bill of Rights" par 1A30 in *Bill of Rights Compendium*.

Artikel 28 van die Grondwet bring 'n progressiewe raamwerk van kinderregte tot stand wat oorhoofs beskou, op die beginsels van die VN Konvensie berus. Regte wat in die Konvensie aan die orde is, soos die reg op privaatheid en vryheid van godsdiens, oortuiging en mening, wat nie spesifiek in artikel 28 genoem is nie, word ondervang deur gelykluidende bepalings in die Handves van Regte.[37] Kinders is nie net die draers van artikel 28-kinderregte nie, maar is ingevolge artikel 9 inderdaad beklee met al die fundamentele regte soos dit in die Handves verskans is.

In artikel 9 word die beginsels van gelykheid en elke persoon se reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg beklemtoon. Artikel 9(3) plaas ook 'n verbod op diskriminasie op grond van onder andere 'n persoon se ouderdom. Aansluitend hierby bepaal artikel 1(a) dat menswaardigheid, gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede die basiese grondwetlike waardes is. Dit spreek dus vanself dat 'n kind ingesluit word in die "elkeen" waarna die bepalings van die Grondwet verwys.[38]

Kinders is draers van al die regte – insluitend spesifieke kinderregte – soos dit in hoofstuk 2 van die Grondwet verskans word. Enige beperking op kinders se grondwetlike regte deur geldende regsvoorskrifte is uiteraard ook onderworpe aan artikel 36 van die Grondwet. Dié artikel bepaal naamlik dat beperkings van enige van die regte verskans in die Handves redelik en regverdigbaar moet wees in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid.[39]

Dit blyk dus duidelik dat, ewe as die bepalings van die Konvensie, die strekking van die bepalings in artikel 28, saamgelees met ander relevante verskansde fundamentele regte, tot die harmonisering van die *kiddie savers*- en *kiddie libbers*-benadering meewerk. Die gevolg is dat daar enersyds erkenning aan die spesiale beskermingsbehoeftes van die kind, en andersyds erkenning aan die kind as volwaardige regsubjek en draer van fundamentele regte, verleen word.

7 GEVOLGTREKKING

Vroeëre wetgewing hier en elders het dikwels geswaai tussen wat tipies as 'n *kiddie libber*- en 'n *kiddie saver*-benadering aangemerk kan word. Die bepalings van artikel 28 van die Grondwet gelees met die voorskrifte van die Konvensie beredder hierdie gebrek aan eenduidigheid deur op ondubbelsinnige wyse kinders as volwaardige draers van fundamentele regte te beskou, maar tegelykertyd ook erkenning te verleen dat kinders, juis vanweë hulle kind wees, eiesoortige beskerming benodig. Die Grondwet vergestalt nie óf 'n *kiddie libber*- óf 'n *kiddie saver*-benadering nie, maar inderdaad 'n benadering wat erken dat kinders *qua* draers van fundamentele regte steeds ouerlike en of familie sorg benodig. Artikel 28 skep vir kinders 'n fundamentele reg op die beskerming van die ouer-kind verhouding waarbinne hulle fisiese, emosionele, godsdienstige en intellektuele welsyn van owerheidsweë beskerm word.

---

37 Vgl ter illustrasie *SA Convention Report* hfst IV.

38 Sien in die algemeen Cockrell (vn 33) 3E–20 vn 5 6; Woolman "Application" in Chaskalson *et al Constitutional law of South Africa* (par 10.2(c)).

39 Sien Van der Vyver "Constitutional protection of children and young persons" in Robinson (vn 31) 276–282.

Interim orders: Should they revive when appeal is noted against their discharge?

Roshana Kelbrick
BA LLB LLM LLD
Professor, Department of Criminal and Procedural Law, University of South Africa

OPSOMMING

Tussentydse bevele: Moet hulle herleef wanneer appèl teen hul afwysing aangeteken word?

Daar heers lankal teenstrydige opvattings oor die vraag of 'n tussentydse bevel wat op die keerdatum afgewys is, kan herleef indien appèl teen die afwysing aangeteken word. Die verwarring is te wyte aan Hofreël 49(11), wat bepaal dat "waar appèl aangeteken is . . . word die werking en tenuitvoerlegging van die betrokke bevel opgeskort hangende die beslissing van die appèl . . .". Hierdie reël is oënskynlik gebaseer op die gemeenregtelike reël dat die *status quo ante* gehandhaaf moet word tot tyd en wyl die appèl afgehandel is. Die reeks sake waarin beslis is dat 'n tussentydse bevel herleef hangende 'n beslissing in appèl word nagegaan en vergelyk met dié waarin beslis is dat 'n tussentydse bevel slegs van krag bly totdat 'n beslissing op die keerdatum gegee word, en derhalwe nie kan herleef nie al word appèl teen die afwysing aangeteken. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die antwoord in Reël 6(12)(c) gesoek moet word: "Iemand teen wie 'n bevel in 'n dringende aansoek in sy afwesigheid toegestaan is, kan by kennisgewing die saak ter rolle plaas vir heroorweging van die bevel." Hierdie reël is 'n toepassing van die *audi alteram partem*-beginsel, een van die hoekstene van ons regstelsel. In die afwesigheid van 'n uitdruklike bepaling dat 'n tussentydse bevel wel herleef, moet klem eerder gelê word op die *audi alteram*-beginsel waarvolgens 'n bevel wat in iemand se afwesigheid uitgereik en daarna afgewys word, nooit deur die eensydige handeling van die ander party kan herleef nie.

"I think it would be most inconvenient if a litigant, by merely noting an appeal, could, in effect, revive an interdict founded on a necessarily incomplete view of the facts."[1] No doubt most lawyers would agree with this statement by Judge Dowling, especially if it is borne in mind that the interdict referred to is an interim interdict which was discharged, after full consideration of the facts, on the return day. Yet a later court, referring to the above quotation, held that it "cannot agree with such a simplistic approach".[2]

The following statement, on why the operation and execution of an order should be suspended pending an appeal, also seems unarguable: "[Otherwise,] when the appeal comes to be heard the only issue upon which the Appeal Court's judgment could have any practical effect would be that of costs . . .".[3] Yet in a

1 *Ismail v Keshavjee* 1957 1 SA 684 (T) 687.
2 *Du Randt v Du Randt* 1992 3 SA 281 (EC) 287.
3 *Levin v Felt and Tweeds Ltd* 1951 1 SA 213 (C) 668.

recent decision, when the applicant sought continuation, pending determination of the appeal, of an interim attachment order which had been discharged on the return day, the court held that "there is no merit in this argument. A party is generally entitled to deal with its property as it wishes and should not be prevented from doing so unless good grounds in law and fact exist for a court to interfere with such right".[4]

These quotations all deal with orders which might be automatically suspended by the noting of appeal, and more specifically with the question whether an interim order which was discharged on the return day, is revived by an application for leave to appeal. At first glance, it does seem illogical that an interim order, which a subsequent court refused to confirm after hearing evidence and argument, again becomes valid merely because an appeal has been noted. But the issue is more complex, as is evidenced by the various conflicting decisions on the subject. In the last four years alone, there have been four single bench decisions on the point, two holding that an interim interdict is revived by an application for leave to appeal,[5] the other two that it is not.[6]

1 THE CURRENT RULE

This confusion results from the rule that the noting of appeal suspends the operation and execution of the order against which appeal is noted. The question then arises whether the suspension of this order revives a previous order. Uniform Rule 49(11) does not deal with this question, but merely provides:

> "Where an appeal has been noted or an application for leave to appeal against or to rescind, correct, review or vary an order of a Court has been made, the operation and execution of the order in question shall be suspended, pending the decision of such appeal or application, unless the Court which gave such order, on the application of a party, otherwise directs."

2 THE POSITION AT COMMON LAW

Our then Appellate Division has held that Rule 49(11) "does not appear to add to, or detract from, the common law position".[7] Statements such as "by the Roman-Dutch law the execution of all judgments is suspended upon the noting of an appeal . . ."[8] and "at common law the noting of an appeal suspends the operation of the order appealed against . . .",[9] are found in the bulk of judgments on suspension of execution pending appeal. But in each instance, the position at common law is expressed slightly differently. The following examples suffice:

> "[T]he general effect of the noting of an appeal is that thereafter no results can flow from that judgment which would place the parties in a position different from that which they enjoyed immediately before judgment was given."[10]

---

4 *Chrome Circuit Audiotronics (Pty) Ltd v Recoton European Holdings Inc* 2000 2 SA 188 (W) 191.

5 *Interkaap Ferreira Busdiens (Pty) Ltd v Chairman, National Transport Commission* 1997 4 SA 687 (T); *MV Triena: Haji-Iannou v MV Triena* 1998 2 SA 938 (D).

6 *Lourenco v Ferela (Pty) Ltd (No 2)* 1998 3 SA 302 (T); *Chrome Circuit infra.*

7 *South Cape Corporation (Pty) Ltd v Engineering Management Services (Pty) Ltd* 1997 3 SA 534 (A) 544. See also *MV Triena* 941.

8 *Reid v Godart* 1938 AD 511 513.

9 *Ismail* 688B.

10 *Alexander v Jokl* 1948 3 SA 269 (W) 278.

> "[T]he noting of an appeal against that discharge deprived the judgment of any effect which would bring about any change in the *status ante quo*."[11]
>
> "[T]he principle . . . that the noting of the appeal restores the *status quo*, ie the legal rights of the parties from the time the appeal is noted remain such as they were immediately prior to the order appealed against."[12]
>
> "[D]aarvolgens het notering van appèl die wyer effek om tot afhandeling van die appèl die bevel self sy krag te ontneem; alhoewel die bevel bly staan het dit geen werking nie."[13]
>
> "[A] proper consideration of the common law and Rule 49(11) . . . generally the effect of the noting of an appeal is to revive an interim order which has been discharged through the operation of the order appealed against . . ."[14]
>
> "[T]he principles of the common law as to the effect of the noting of an appeal are essentially reiterated by the provisions of Rule 49(11) . . ."[15]

Does our common law in fact say all of this?

Voet 49 7 1 is generally quoted as the common-law authority for Rule 49(11). This passage reads as follows: "The effect of an appeal is that the decision is suspended, that all things must be left in their original condition and that no new step can be taken in terms of the heading of this title."[16] The *Digesta*, under the heading "Nothing new is to be done once the appeal has been lodged" reads as follows:

> "Once an appeal is lodged, whether it was accepted or not, nothing new must be done in the meantime; this is because the appeal has now been accepted, if it has, or, if it has not been accepted, in order to avoid any prejudice to the consideration of whether the appeal should be accepted or not. Once the appeal has been accepted, however, nothing new may be done until a decision has been pronounced on the appeal."[17]

This general statement is followed by a long list of examples, all of which relate to appeals against matters affecting status, or criminal convictions.[18]

Jansen J (as he then was) considered the correctness of invoking Voet as authority for the position in Roman-Dutch law. He dealt at length with other Roman-Dutch writers, and came to the conclusion that Voet had been describing the position in Roman law:

> "It seems (with respect) at least questionable whether in some of our cases a not too great importance has been attached to statements of the Roman law such as are found in *Voet* 49.7.1, and whether those statements have not too easily been assumed to be a true reflection of the practice of the Dutch courts."[19]

---

11 *Reid* 513.
12 *Du Randt* 286.
13 *Sirioupoulos v Tzerefos* 1979 3 SA 1197 (O) 1201.
14 *Interkaap Ferreira* 693.
15 *MV Triena* 941.
16 Voet J *Ad Pandectas* (Gane's translation).
17 *Digesta* IV 49 7 1 (Mommsen's translation).
18 Scott *The Civil Law* vol IX *Digesta* 49 7 1, translating the same passage, heads it "No change shall be made after the appeal has been interposed" and says: "After an appeal has been interposed, whether it is received or not, nothing must be altered in the meantime, if the appeal is received, for this reason; but if it is not received, in order that nothing may be prejudiced while it is being decided, whether the appeal should be received or not. (1) If the appeal is received, no change shall be made until a decision has been rendered with reference to the appeal."
19 *Ruby's Cash Store (Pty) Ltd v Estate Marks* 1961 2 SA 118 (T) 123.

He reached this conclusion after a study of the Roman-Dutch "clause van *inhibitie*" or prayer for suspension of execution, which was filed together with the *mandament van appèl* prosecuting the appeal.[20] As he correctly points out, this clause would not have been necessary if suspension was automatic.

Van der Linden, dealing with appeal procedure, also describes this clause by which execution is stayed "to prevent any steps being taken in the case pending appeal; and if that has already happened, to reinstate everything in its former position".[21]

Huber, writing about Friesian law, has also been cited as a common-law source on the effect of the noting of appeal.[22] This passage reads as follows:

> "The effect of making an appeal is that the judgment delivered remains suspended, and is considered as though it had never been pronounced, so that the losing party cannot be prejudiced by anything which can be put forward as an effect of the judgment. But that which has nothing in common with the judgment is not prohibited . . ."[23]

It must be noted that elsewhere Huber is not as definite in his views. The next section reads:

> "If the judge, from whom the appeal is brought, should nevertheless insist on putting the judgment into execution, it would not be open to the appellant to resist him with force, but in this matter also he would have to resort to the superior judge."[24]

The first sentence of this chapter on appeals states that "[t]he execution of the sentence is often stayed by appeal".[25] This does not necessarily imply a generally accepted prohibition on execution pending appeal.

When the quotations from decided cases on what the common law is, are compared with the translations set out above, it is clear that the two do not necessarily coincide.

Two matters are of particular relevance to the problem dealt with in this article. First – when is the *status quo ante* determined? Decided cases hold that it is immediately before the judgment appealed against is given. This is not necessarily so in terms of the common law. Voet refers to periods of time such as "original condition" and "no new step";[26] the *Digesta* to "nothing new" and "no change"; Huber states that the judgment "remains suspended" while Van der Linden talks about "original state" and "former position". It is suggested that the "original state" referred to is more likely to be the period before litigation commenced than the period between the grant of an interim order and its subsequent discharge.

---

20 121–122.

21 Johannes van der Linden *Institutes of Holland* (Juta's translation) 3 1 5 3.

22 *Du Randt* 285.

23 Ulrich Huber *Heedendaegse Rechtsgeleerthheyt* (Gane's translation) V 45 36.

24 V 45 37.

25 V 45 1.

26 It could be argued that his statement in 49 7 3 that an order for inhibition "puts everything back into the same condition as that in which it was at the very moment of delivery of the decision . . ." is contrary to this view. But here, he continues by contrasting the distinction between *inhibitie* and *surcheantie*, where the order "merely preserves the matter in the condition in which it is at the time when the order [for *surcheantie*] is made, but things performed or done previously are not annulled".

Secondly, does anything in the common law indicate that the question whether an interim order should revive pending appeal, was ever considered? Common-law sources do not say that the judgment against which appeal has been noted, ceases to exist or becomes invalid. Neither do they say that an interim order revives: Voet merely says that the judgment is suspended, while Huber says the same, adding that the judgment is considered "as though it had never been pronounced". It appears that the possibility of a previous order becoming operative was never considered.

It seems clear from the above that the different decisions all provide their own conflicting versions of the common law. Neither the Supreme Court of Appeal nor the Appellate Division has ever considered this issue and, when discussing the common law on suspension, the latter dealt with matters such as furnishing security when an order was suspended[27] or the onus when leave to execute is sought,[28] not the revival of interim orders. In *South Cape Corporation* the court, referring to the *Ruby's Cash Store* decision in which Jansen J argued that automatic suspension was not the position at common law, held that

> "whatever the true position may have been in the Dutch courts . . . it is today the accepted common law rule of practice in our Courts that generally the execution of a judgment is automatically suspended upon the noting of an appeal, with the result that, pending the appeal, the judgment cannot be carried out and no effect can be given thereto . . ."[29]

Although the court was not considering the problem addressed in this article, it is interesting that no mention is made of any *status quo ante*, or of any revival of prior orders.

3 PREVIOUS LEGISLATION

Can the predecessors to Rule 49(11) provide an answer?

In the Cape, legislation of 1896 held that the court could order execution or suspension "as to such Court may in each case appear to be most consistent with real and substantial justice".[30] This phrasing was repeated in the Transvaal proclamation of 1902.[31] A similar provision also appeared in the Free State Ordinance[32] and was perpetuated in subsequent Cape legislation.[33] In Natal, execution was not automatically stayed by the noting of appeal.[34] The Magistrates'

---

27 *Reid supra*.

28 *South Cape Corporation supra*.

29 *Idem* 545A.

30 S 36 Better Administration of Justice Act 35 of 1896 reads as follows: "It shall be lawful for the Court . . . to direct that the judgment, decree, or order appealed against shall be carried into execution, or that execution thereof shall be suspended pending the said appeal, as to such Court may in each case appear to be most consistent with real and substantial justice."

31 S 36 of the Administration of Justice Proclamation no 14 of 1902 requires the "Court to direct that the judgment decree or order appealed against shall be carried into execution or that execution thereof shall be suspended pending the said appeal as to such Court may in each case appear to be most consistent with real and substantial justice."

32 S 15 Ord 13 of 1904, amending the Administration of Justice Ordinance of 1902.

33 S 4 The Better Administration of Justice Act 9 of 1905.

34 S 62 Act 39 of 1896 (Natal) provided that noting or prosecution of appeal does not stay execution of the order or judgment appealed against unless the appellant gives security for the due performance of the order or judgment appealed from; or the court orders that execution be stayed.

Courts Act of 1944 continues to provide for suspension or execution at the direction of the court.[35]

It was only when the Uniform Rules were promulgated in 1965 that statutory provision was made for the automatic suspension of an order pending appeal in Rule 49(11).[36] Before this period, all legislation left the decision on whether the order should be suspended or executed in the court's discretion. In *South Cape Corporation* Corbett CJ stated that there is no material difference between the established rule of practice (automatic suspension), unless application is made for execution, and previous legislation which gave the court the discretion to decide whether execution or suspension was "consistent with real and substantial justice".[37] It is submitted that this ignores the difference between the onus that now rests on a respondent wishing to obtain execution, and the previous more neutral position, where the onus rested on the party approaching the court for assistance.[38]

4 JUDICIAL INTERPRETATION

Not only is previous legislation of no assistance: it also shows that Rule 49(11) is a statutory innovation, not a restatement of the common law or of prior legislation. How have the courts interpreted this rule and previous legislation, in the context of the revival of interim orders?

The first reported decision in which the issue was pertinently considered was *Ismail v Keshavjee* in 1956. The matter was decided in terms of section 36 of Proclamation 14 of 1902, which gave the court a discretion to order suspension or execution. The court held that it had the statutory discretion to allow execution of an ejectment order, despite the existence of an interim interdict restraining execution of an ejectment order, in respect of which absolution had been granted, and against which appeal had been noted. So the court's further opinion that noting of an appeal does not automatically revive an order granted *pendente lite*, and its view that such orders are intended to remain in force only until judgment has been given, can be seen as *obiter*.[39] Despite this, it is widely cited as authority for the view that interim orders do not revive on noting of appeal.

The *Thirlwell* decision (1961) was decided in terms of the common law, since the Supreme Court Act of 1959 had come into effect but the Uniform Rules had not yet been promulgated. The court cited a number of cases stating that at common law, execution was suspended pending appeal, and held that "the noting of the appeal has had the effect of preserving the *status quo ante*, and maintaining

---

35 S 78 Act 32 of 1944.

36 Between 1959, when the Supreme Court Act 59 of 1959 suspended previous legislation, and 1965, when the rules were promulgated, it was accepted that the common-law position of automatic suspension was applicable. See *Thirlwell v Johannesburg Building Society* 1961 4 SA 665 (D) 667.

37 547.

38 According to Margo J in *Sambo v Milns* 1973 1 SA 451 (T), the practical effect of legislation granting courts the discretion whether to order execution or suspension, was that "the person in whose favour a judgment was granted had his judgment and was entitled to execution unless the other party showed that there were special circumstances justifying the contrary", while "under the common law, the onus rests on the party seeking leave to execute to prove that he is entitled thereto" (455).

39 *Ismail v Keshavjee* 1957 1 SA 684 (T) 687–688.

the position as it was immediately prior to the order discharging the rule".[40] For this reason it held that an interim interdict restraining transfer had revived on noting appeal, despite its setting aside on the return day. The court did not refer to *Ismail*.

The question of the duration of interim orders was raised by Corbett J in the 1968 *SAB Lines* decision. He held that a rule *nisi*, granting interim relief, "is always intended to operate pending the decision of the application on the return day of the rule *nisi*".[41] He justified this on the basis that "the purpose of such an order is to ensure that, pending a full investigation of the matter by the court the wrong complained of should not be committed and continued".[42] Because the interim relief (restraining removal of a vessel pending payment of an amount due) had come to an end when discharged on the return day, the appeal could not perpetuate it.

In *Sirioupoulos v Tzerefos*, a full bench of the Free State Provincial Division held that an appeal against the discharge of a provisional sequestration order did not revive it and that the provisional order was intended to remain effective only until the court made or refused a final sequestration order.[43]

The *Du Randt* decision, also by a full bench, decided otherwise. The court cited Voet and Huber, holding that "[t]hese principles are enshrined in Rule 49(11)",[44] and refused to follow *Ismail* and *SAB Lines*, because they had not referred to common-law authority. It then held that *Sirioupoulos* was not applicable and relied on *Thirlwell* as authority for holding that an interim order, in a family matter relating to property allegedly donated subject to a usufruct, remained operative despite its discharge on the return day, if appeal was noted.[45]

In the late 1990s, a flurry of decisions on the issue were handed down. In the first of these, *MV Snow Delta*, an order granted *ex parte* for the attachment of a ship was set aside on the return day. After leave to appeal had been granted, the respondent sought a declaration that the ship was no longer under attachment and could leave the court's jurisdiction. The court held, following *SAB Lines*, that an *ex parte* order was not revived by the noting of appeal and that the effect of the setting aside of the attachment order was analogous to the attachment having been unsuccessfully sought for the first time on the return day.[46]

Two important decisions on the point were heard in the Transvaal in 1997. In *Interkaap Ferreira*, the court was asked to declare that an interim order prohibiting a government body from disclosing the result of a licence application, had lapsed, despite the noting of appeal against the dismissal of the application pending which the interim order had been granted. The issue of whether the interim order had been extinguished by the dismissal of the application and whether notice of appeal revived it, was canvassed fully by all parties. The court, after hearing argument and reviewing previous decisions, held that, on a proper consideration of the common law and Rule 49(11)

---

40 *Thirlwell* 670.
41 *SAB. Lines (Pty) Ltd v Cape Tex Engineering Works (Pty) Ltd* 1968 2 SA 535 (C) 537.
42 *Ibid*.
43 *Sirioupoulos v Tzerefos* 1979 3 SA 1197 (O) 1204.
44 *Du Randt* 286.
45 288.
46 *The MV Snow Delta: Discount Tonnage Ltd v Serva Ship Ltd* 1996 4 SA 1234 (C) 1235.

> "generally the effect of the noting of an appeal is to revive an interim order which has been discharged through the operation of the order appealed against unless the interim order was of limited duration whether *ex lege* or with reference to the terms of the interim order itself".[47]

The court held further that, from a practical point of view, this was neither unfair nor inconvenient, since it made a fresh application for an interdict by the appellant unnecessary, and, if irreparable harm would result to the party with judgment in his favour, he could approach the court for relief.[48] Here the court viewed the party whose interim order had been discharged on the return day, as more deserving of assistance than the party with judgment in his favour.

The other judgment of that year was given by Southwood J, who had set aside an extremely onerous *Anton Piller* order that had been granted *ex parte* in the form of a rule *nisi*. He also ordered the applicants to return the documents and other items removed in the execution of the order. Instead of doing so, the applicants filed an application for leave to appeal against the setting aside order. The respondents then applied for a declaratory order that the filing of application for leave to appeal did not have the effect of reviving the *Anton Piller* order. The court held that the rule *nisi* was intended to be of limited duration and to remain in force only until the return day or until reconsideration of the order in terms of Rule 6(12)(c). It was definitely not intended to remain in force pending the finalisation of proceedings for substantive relief and thus could be viewed as falling outside the general rule stated in *Du Randt*.[49]

The following year, in the *MV Triena* decision, a Durban court, setting aside an *ex parte* order for the arrest of a vessel to provide security for a claim instituted in an English court, held that a request for leave to appeal against the setting aside order had the effect of reviving the *ex parte* arrest order. Meskin J considered two previous judgments which had dealt with the attachment of vessels. In *SAB Lines* an interim interdict, preventing the ship from leaving port until payment of the amount due had been made, was discharged when the applicant failed to prove the existence of a valid lien.[50] Meskin J, while agreeing with Corbett J's view that the noting of appeal did not automatically revive an order which the court had not intended to operate beyond a particular date, stated that the matter before him could be distinguished because the court in *SAB Lines* was not faced with an interim attachment order but with an interim interdict.[51] Meskin J also considered the *MV Snow Delta* decision and stated that it was unclear whether that court had considered the language of the original *ex parte* attachment order to decide whether it could revive on the noting of appeal, or whether it had held that attachment orders do not revive, regardless of the language in which they are couched. If the latter, he disagreed with the *MV Snow Delta* decision.[52] It is unclear why Meskin J distinguished between an *ex parte*

---

47 *Interkaap Ferreira* 693.

48 *Ibid.*

49 *Lourenco* 309. The court also held that, because *Anton Piller* relief is purely interlocutory, the order setting aside the rule *nisi* did not have the attributes of a judgment or order as described in *Zweni v Minister of Law and Order* 1993 1 SA 523 (A) 532 (point 8) and was therefore not appealable (310).

50 *Cape Tex Engineering Works (Pty) Ltd v SAB. Lines (Pty) Ltd* 1968 2 SA 528 (C) 534.

51 *MV Triena* 943.

52 *Idem* 944.

interim attachment order for security such as found in *MV Triena* and an *ex parte* interim interdict ordering a vessel not to depart until the due amount had been paid, as was the case in *SAB Lines*.

The most recent decision on the issue, *Chrome Circuit*,[53] dealt with an *ex parte* attachment order to found or confirm jurisdiction, which was subsequently set aside. The applicant had filed a notice of application for leave to appeal and then sought an order stating that this notice had the effect of reviving the *ex parte* attachment order, relying on the *MV Triena* judgment. Goldblatt J held that this judgment was "clearly wrong"[54] and approved and followed the "clear and lucid" reasoning of Southwood J in the *Lourenco* judgment.[55] He held that it was formalistic to view an *ex parte* order and a subsequent order setting this aside as two separate and distinct orders, as this did not reflect the fact that the second order is the final order of court and the first order has no independent existence after the grant of the second.[56]

The decisions discussed above reveal two distinct viewpoints, one that interim orders should automatically revive if appeal is noted against their setting aside, unless the wording indicates a contrary intention, the other that interim orders are merely reconsidered on the return day and have no separate existence and therefore, cannot revive unless a specific intention that they should do so is shown. Are these viewpoints reconcilable and, if not, which is correct?

5 BASIS FOR THE RULE AGAINST EXECUTION

Voet gave as reason for the common-law principle that execution should be suspended pending appeal "so that no prejudice may be caused".[57] Older South African textbooks dealing with this passage state that "the rights of the parties must not be changed".[58] The position in terms of previous legislation was that the court had to decide whether the order should be suspended or executed "as . . . may in each case appear to be the most consistent with real and substantial justice".[59] In all these instances, the rights of both parties were considered. But in *Reid v Godart*, the then Appellate Division stated that the "foundation of the common-law rule as to the suspension of a judgment on the noting of an appeal, is to prevent irreparable damage from being done to the intending appellant . . .".[60] This phrase was repeated in later decisions, including the leading *South Cape Corporation* Appellate Division decision on suspension in general.[61]

This coincided with the statutory change from a position where the court had to determine where "real and substantial justice" lay, to the current position where the rights of the appellant enjoy priority.

This change in emphasis is not in accordance with our common law. In any event, while it can be argued that an appellant is entitled to protection so that an

---

53 *Supra* fn 4.
54 190.
55 *Ibid.*
56 *Ibid.*
57 Voet 49 7 1 (Gane's translation).
58 Van Zyl *The theory of the judicial practice of the Colony of the Cape of Good Hope* (1902) 540.
59 See eg s 39 Proc 14 of 1902 (Tvl).
60 *Reid v Godart* 513.
61 545.

order on appeal will not be rendered nugatory by a respondent's actions pending appeal, this would normally entail a retention of the *status quo ante* before litigation commenced, not the revival of an order given in haste and in secret. The general statements made about the reasons for suspension of execution pending appeal do not necessarily hold true when suspension implies the revival of an interim order, and should not be given undue weight.

6 RECONCILIATION OF DIFFERENT DECISIONS

As stated above, two views exist on the revival of interim orders.

The first is that an interim order revives when appeal is noted against its discharge. The cases in which this view was held are analysed below.

In the *Thirlwell* decision (1961), decided in terms of common law, the court found support for its decision in a number of judgments which dealt with suspension of execution pending appeal in general terms, not in relation to the revival of a previous order. All these judgments had been decided in terms of the common law, not any statutory enactment, and repeated the accepted view that at common law noting of appeal suspended execution.[62] In *Thirlwell*, immovable property would have been transferred before the appeal was heard if the court had not found that the interim order had revived. It held that the noting of appeal against the discharge of the interim interdict prohibiting transfer "deprived the judgment of any effect which would bring about any change in the *status ante quo* (sic)"[63] and that the position should therefore be maintained as it was immediately prior to the order discharging the interim interdict, that is, transfer was prohibited. On the particular facts, the decision accords with "real and substantial justice", but this does not mean that its legal basis holds true in other situations.

The *Du Randt* decision (1992) had an equally persuasive set of facts. A father had donated all his property and business interests to his son, allegedly subject to a verbal life usufruct. Dissent followed and when the son denied the existence of the usufruct, the father wished to have the donation set aside on the ground of ingratitude. The parties agreed to the grant of an urgent interim interdict restraining the son from dealing with the property. This was set aside on the return day because the court held that the alleged verbal usufruct was invalid, and should have been in writing.[64] It was possibly because of these facts that the court held that the common law principles enshrined in Rule 49(11) required that the *status quo* had to remain as it was "immediately prior" to the order appealed against and so the interim interdict, to which the son had consented, should remain in force. The court's reasoning for this decision is problematic. It held as follows:

> "Had the interim order been confirmed on the return day, and had respondent noted an appeal against such order, the *status quo* in terms of the interim order would undoubtedly have remained in force pending the appeal. Logically I cannot appreciate why a different situation should exist where the interim order is set aside."[65]

---

62 *Thirlwell* 667–669.
63 670.
64 *Du Randt* 282–283.
65 287.

In addition, while the court was justified in feeling that the respondent could hardly object too strenuously to an interim order granted by consent, the following argument for allowing a rule *nisi*, granted before a respondent has put his version before the court, to revive on appeal, seems to ignore the realities:

> "[A] rule *nisi* should not be granted merely for the asking therefor, leaving the matter to be determined on the return day, but . . . the Judge hearing the initial application should be fully satisfied that a rule *nisi* is warranted on the papers."[66]

The *Interkaap Ferreira* (1997) introduced a new version of the common law and Rule 49(11). The court considered all decided cases on the issue. It refused to follow the decisions in *Ismail*, *SAB Lines* and *MV Snow Delta*, on the ground that those courts had not considered the effects of noting an appeal.[67] It held that *Foley* and *Sirioupoulos* were distinguishable because they both dealt with sequestration proceedings, found the reasoning in *Du Randt* convincing, and held as follows:

> "[G]enerally the effect of the noting of an appeal is to revive an interim order which has been discharged through the operation of the order appealed against unless the interim order was of limited duration either *ex lege* or with reference to the terms of the interim order itself."[68]

This exception to the general rule was pertinently mentioned here for the first time but has been cited in most subsequent judgments. It was repeated in the final decision in which an interim attachment order was held to revive on appeal. In *MV Triena*, the court first held that the effect of Rule 49(11), read together with the common law, was that if the operation of an order was suspended, so that no effect could be given to it, the previous order became "automatically operative" once appeal was noted and that "any other conclusion is simply logically impossible".[69] This was because, where no effect could be given to the discharge order as it was suspended, it was inevitable that the arrest order again became automatically operative. Any other contention meant that the *status quo ante* the setting aside order was not restored.[70] Although on the facts it is understandable that the court sought to assist the applicants by preventing the vessel from leaving its jurisdiction, the court's argument is not persuasive on any more general basis.

The court stated that this was subject to a proviso, and distinguished *SAB Lines* because there the principle was applied that an earlier order did not automatically revive if the court granting it "never intended it to be operative beyond a particular date or the occurrence of a particular eventuality".[71]

The court then held that the "logically unexceptionable" legal position was that noting of an appeal did not bring an earlier order into operation if the court that granted such order did not intend this, and that to determine the court's intention "each particular case entails a consideration of what the intention of the Court was with regard to the duration of the order . . .".[72] and found support for this view in the *Interkaap Ferreira* decision.

---

66 289.
67 *Interkaap Ferreira* 691.
68 693.
69 *MV Triena* 942.
70 *Ibid.*
71 943.
72 *Ibid.*

It can be argued that this "general rule plus exception" is a solution to the problem posed in this article. But although this view is logically unexceptionable, it is rather impractical. Must each application for leave to note appeal and for ancillary relief then be accompanied by debate about the intention of the court that granted the interim order? The argument that the parties should request the court to indicate the intended duration of an interim order is not tenable. Such orders are usually granted *ex parte*, and thus the party who most needs the imposition of a time limit will not be present to make such a request. It is unlikely that an applicant will ask a court to set a time limit on the assistance it has granted, unless forced to do so. The onus will then lie on the court to itself spell out the duration of any interim order it grants.

Is the other point of view, that an interim order is merely reconsidered on the return day, has no separate existence and thus cannot revive unless a specific intention that it should do so is shown, more acceptable?

This line of cases started with the *Ismail* decision in 1956. The court was asked to grant leave to execute an interim interdict against ejectment pending appeal. The matter was decided in terms of previous legislation which required the court to allow or suspend execution in its discretion.[73] The court held that an interdict granted *pendente lite* was one granted "pending determination of the action" and intended to remain in force until judgment was given in that action. It rejected the argument that the interdict was to remain in force until "final" determination of the action, in other words, until judgment in the appeal.[74] The court reasoned that when judgment was given, the issues would have been determined on evidence which might disclose that the temporary interdict should not have been granted at all, and so an interdict founded on a necessarily incomplete view of the facts should not revive automatically.[75]

Ten years later, Corbett J gave the *SAB Lines* decision. The court was asked to rule that the noting of appeal against the discharge of an interim interdict did not perpetuate it. The interim interdict had prohibited a vessel from leaving harbour pending payment of an amount due to the applicant. The court held that the purpose of the grant of an interim interdict as adjunct to a rule *nisi* was to ensure that, pending full investigation, the wrong complained of was not committed or continued. This meant that an interim interdict was always intended to operate pending the decision on the return day of the rule *nisi*, not until a final determination on appeal.[76] Thus the vessel was free to leave harbour.

The *Sirioupoulos* decision can be distinguished because it dealt with an interim sequestration order, not an interdict. The court held that, although two orders were made, only one sequestration came into effect, and that the duration of an interim sequestration was only until the court granted or refused a final order.[77] The unilateral behaviour of one party could not create an order of longer duration than the court had intended.[78]

---

73 S 36 Proc 14 of 1902.
74 *Ismail* 687.
75 *Ibid.*
76 *SAB Lines* 537.
77 *Sirioupoulos* 1204.
78 1206.

The *MV Snow Delta* decision took the reasoning in the *Sirioupoulos* decision a step further. The court held that the setting aside of an *ex parte* attachment order was analogous to the attachment having been unsuccessfully sought for the first time on the return day, as the law treated such a matter as a reconsideration of the application. As such, it did not revive if appeal was noted against its discharge.[79] Here, Selikowitz J viewed this form of interim order as a step in the process towards the grant or refusal of relief, rather than as an earlier but distinct order.

The *Lourenco* decision dealt with the question of whether an *Anton Piller* order revived if appeal was noted against its discharge. Southwood J held that an *Anton Piller* order is purely interlocutory relief and that the rule *nisi* which was granted, although of immediate effect, was intended to be of limited duration and remain in force only until the return day. As such, an *Anton Piller* order fell within the qualification referred to in the *Interkaap Ferreira* decision and so did not revive if appeal was noted against its discharge.[80]

The recent *Chrome Circuit* decision follows the reasoning in *MV Snow Delta*. Goldblatt J was asked to decide whether an *ex parte* attachment order which had been set aside, was revived by the noting of leave to appeal. He held that

> "the formalistic treating of these orders [an *ex parte* order and a subsequent order setting this aside] as two separate and distinct orders of court does not truly reflect the fact that the second order is the final order of the court and that the first order has no independent existence after the granting of the second order".

As the court pointed out, a different decision would result in the respondent being subject to an order granted in its absence even after it had persuaded the court that the order had not been correctly granted in the light of all the facts.[81] The court emphasised the fact that an order made on the return day of an *ex parte* order is not a new order or a further order but a reconsideration. The *ex parte* order could not be revived by the noting of leave to appeal as it no longer existed: its duration was limited to the date of its reconsideration.[82] The court found support for this view in Uniform Rule 6(12)(c) which reads as follows:

> "A person against whom an order was granted in his absence in an urgent application may by notice set the matter down for reconsideration of the order."

The court reached its conclusions on two bases. The first was that, in terms of the qualification stated in *Interkaap Ferreira*, the original *ex parte* order was of limited duration *ex lege* Uniform Rule 6(12)(c) because of the use of the word "reconsideration", and so did not revive on noting of leave to appeal. The second, and more universal basis, was the *audi alteram partem* principle. The court held that Rule 6(12)(c) was a recognition of the "paramount importance of the *audi alteram* principle in our legal system"[83] and that the revival of an order granted *ex parte* would be "contrary to one of the most basic principles of our law and contrary to any concept of fairness and natural justice".[84]

---

79 *MV Snow Delta* 1235.
80 *Lourenco* 309.
81 *Chrome Circuit* 190.
82 *Ibid.*
83 *Ibid.*
84 *Ibid.*

If this argument is sound, it follows that no urgent *ex parte* order is capable of automatic revival if leave to appeal is noted against its discharge or reconsideration on the return day. It is submitted that this approach offers the solution to the problem posed in this article. The argument that at common-law appeal suspends execution, which is quoted as justification for the revival of an interim order discharged on the return date, has been shown not to be as clearcut as traditionally thought. In contrast, the *audi alteram partem* principle is the common-law foundation of our legal system and must always be complied with. Uniform Rule 49(11) gives no indication of any other view – it does not state that interim orders revive if appeal is noted, the time at which the *status quo ante* must be fixed, or any other indication of what is intended in such a situation.

7 CONCLUSION

An analysis of the common law, legislation and decisions has illustrated the extent of confusion surrounding the question of whether an interim order is revived if appeal is noted against its discharge. Common-law authors offer no definite answers but make it clear that at common law, the rights of both parties were taken into account. Previous legislation also sought "real and substantial justice". The current rule does not deal pertinently with the question and court decisions are contradictory.

The solution lies in the reference to the *audi alteram partem* principle, a basic of our common law repeated in Rule 6(12)(c). It is contrary to justice that an order granted against a party in his absence and subsequently found to have been incorrectly granted, can be revived by the unilateral action of the other party. On a more legalistic basis, statutory interpretation requires that the Rules must be reconciled where possible, and the interpretation placed by Goldblatt J on the relationship between Rules 49(11) and 6(12)(c) does this. If a party would be prejudiced by the non-revival of interim relief, he is always free to approach the court for such relief pending appeal.

8 POSTSCRIPT

An appeal was noted to the Supreme Court of Appeal against the *MV Snow Delta* decision. Harms JA approved the *ratio* of the decision by Selikowitz J and stated that the correct approach is that an interim order cannot be revived by the noting of appeal (*MV Snow Delta: Serva Ship Ltd v Discount Tonnage Ltd* 2000 4 SA 746 (SCA) 751). He stated that the criticisms expressed against this reasoning in decisions such as *Du Randt* and *Interkaap Ferreira* were based on a misunderstanding of the concept of suspension of execution. Where an interim order is not confirmed, the application is effectively dismissed and there is nothing that can be suspended. He approved the statement in *Chrome Circuit* that an interim order has no independent existence but is conditional upon confirmation by the same court in the same proceedings after having heard the other side (752), and pointed out that any other conclusion would give rise to an unacceptable anomaly:

> "If an applicant applies for an interim order with notice and the application is dismissed, he has no order pending the appeal; on the other hand, the applicant who applies without notice and obtains an *ex parte* order coupled with a rule *nisi* and whose application is eventually dismissed, has an order pending the appeal" (*ibid*).

Aanspreeklikheid vir 'n besering in die loop van 'n gholfspel, of -oefening of -vertoning opgedoen*

JMT Labuschagne
MA DPhil LLD
Professor, Universiteit van Pretoria

SUMMARY

Liability for an injury suffered in the course of a golfing contest, practice or demonstration

In contrast to, for instance, soccer and rugby, golf is not a combat sport ("Kampfsport; strydsport"). The ball is always hit from a stationary position, with enough time to consider and evaluate every shot. It appears from the relevant jurisprudence of several legal systems that ordinary negligence suffices for delictual liabilty in respect of an injury sustained in the course of a golfing contest, practice or demonstration. Not only competitors are protected against intentional or negligent conduct of other competitors, but also caddies, spectators and officials and employees at the golf course and those involved in organising a golfing contest or exhibition. Compliance with the rules of the game does not in itself exclude a finding of negligence.

1 INLEIDING

In 'n saak wat op 13 Januarie 1997 voor 'n *Oberlandesgericht* (OLG) te Hamm[1] in Duitsland gedien het, het die volgende feitestel na vore getree: E en V was lede van dieselfde gholfklub. Op 17 September 1995 het beide deelgeneem aan 'n toernooi wat deur hulle klub aangebied is. E het eers saam met twee ander dames die negende speelbaan ("Spielbahn") (ook in Afrikaans genoem die negende putjie) aangedurf. Daarna het hulle in die rigting van die tiende putjie beweeg. Die toernooibestuurder het tussen die negende en tiende putjies 'n verversingstalletjie ingerig. Terwyl E daar vertoef het, is sy deur 'n gholfbal, wat deur V geslaan is, op die hand getref as gevolg waarvan sy 'n besering opgedoen het. V was lid van 'n groep, bestaande uit drie mans, wat na E-hulle die negende putjie gespeel het. Hy het die bal afgeslaan in die rigting van die negende putjie wat ongeveer 120 tot 130 meter ver was. Die bal het egter ongeveer 40 tot 50 meter van die beoogde slaanlyn afgewyk. W, die werkgeefster van E, het in die lig hiervan die vervanging van loon- en verwantekoste wat sy moes dra van V geëis. E het daarbenewens genoegdoening van V geëis.

---

* 'n Deel van dié navorsing is in 1999 met die finansiële steun van die Alexander von Humboldt-Stiftung en die Universiteit van Pretoria aan die Ludwig Maximilians-Universität te München (Duitsland) onderneem. Die menings hierin uitgespreek, word nie noodwendig deur dié instellings gedeel nie.

1 *Versicherungsrecht* (*VersR*) 1998, 67. Sien ook Reschke *et al Handbuch des Sportrechts* (1999) 21 par18.

In die *Landgericht* (LG) het V geargumenteer dat E op eie risiko deelgeneem het. Hy het ook aangevoer dat sy optrede nie wederregtelik en skuldig was nie, aangesien dit dikwels by gholf voorkom dat 'n bal van die beoogde slaanrigting afdwaal. Hy het toe hy van die afwykende rigting van die bal bewus geword het, onmiddellik met 'n waarskuwingsroep gereageer. Die LG het V gelyk gegee en die eis van die hand gewys. E en W beroep hulle vervolgens op die OLG.

Teen die agtergrond van die beslissing van die OLG in dié saak word die vraag na die aanspreeklikheid vir 'n besering in die loop van 'n gholfspel, -oefening of -vertoning opgedoen, eerstens in die Duitse reg onder die loep geneem. Daarna word die regsposisie in die VSA en ook in Suid-Afrika van nader betrag. Die onderhawige bydrae moet voorts as 'n glos gelees word op 'n artikel[2] wat skrywer vroeër oor die juridiese aanspreeklikheid vir sportbeserings in die algemeen geskryf het. Onnodige duplikasie van inligting en argumente word doelbewus hier vermy.

2 DIE UITSPRAAK VAN DIE OLG BINNE KONTEKS VAN DIE DUITSE REG

Die OLG wys ten aanvang daarop dat V op 'n onregmatige en skuldige wyse aan E 'n liggaamsbesering berokken het deurdat hy die betrokke hou uitgevoer het toe sy haar binne reikwydte daarvan bevind het. Die kousaliteitsvereiste word nie betwyfel nie. Die liggaamsbesering, die benadeling ("die Schadensfolge") kan derhalwe aan V toegereken word. Dat 'n gholfbal verslaan en 'n ander deelnemer daardeur getref kan word, is nie onwaarskynlik en heeltemal ongewoon nie. Artikel 823 van die Duitse Burgerlike Wetboek (*Bürgerliches Gesetzbuch*; *BGB*) het ten doel om alle vorme van skending van liggaamsintegriteit te dek en sluit nie sodanige skending in die konteks van sport uit nie, tensy dit binne die aard van 'n spesifieke sport val.

Die OLG vind ook geen probleem met die onregmatigheidsvraag nie. Dat bloot uit E se deelname aan sodanige gholftoernooi afgelei kan word dat sy tot besering toegestem het, is in stryd met die aard van die sportsoort gholf. Gholf behoort nie tot die strydsportsoorte ("Kampfsportarten") waar liggaamskontak en beserings deel van die normale gang van die beoefening daarvan is nie.[3] Gholf ressorteer onder die parallel-beoefende sportsoorte. Gholfopponente speel naamlik in dieselfde rigting en nie teenoor mekaar nie. Die besering wat E opgedoen het, is nie tipies te wagte by deelnemers aan 'n gholftoernooi nie.[4] In dié verband kan ook verwys word na 'n beslissing van die OLG te Nürnberg van 12 Julie 1990.[5] In dié saak was eiseres en verweerder deel van 'n viergroep-gholfspel. Dit was hulle eerste gholfondervinding. By die sesde putjie het verweerder 'n bal verslaan wat eiser teen die voorkop getref het. Sy het onmiddellik bewusteloos neergeslaan. 'n Wond aan die voorkop het na heling 'n 2×2 cm groot kruisvormige roof agtergelaat. As gevolg van die neerslaan het 'n verskuiwing in haar nekwerwelkolom plaasgevind en het sy ook skedelkneusing opgedoen. Eiseres was 'n handelsverteenwoordiger wat vir twee maande nie kon werk nie. Sy stel 'n eis van DM4859,09 vir verlies van inkomste

---

2 "Straf- en delikteregtelike aanspreeklikheid vir sportbeserings" 1998 *Stell LR* 72. Sien ook Labuschagne "Die rol van die spelgang by bepaling van aanspreeklikheid vir 'n besering in 'n hokkiewedstryd opgedoen" 1999 *THRHR* 469.

3 Sien Dölling "Die Behandlung der Körperverletzung im Sport in System der strafrechtlichen Sozialkontrolle" 1984 *Zeitschrift für die gesamte Strafrechtswissenschaft* (*ZStW*) 36 38; Teichmann "Art 823 BGB und Verletzung eines anderen im Sport" 1979 *Juristische Arbeitsblätter* 293 348–349.

4 Sien ook Storch "Rechtliche Behandlung von Sportverletzungen beim Golfspiel" 1989 *VersR* 1131.

5 *NJW-RR* 1990, 1503.

asook vir DM10,000 genoegdoening in en vra ook vir 'n bevel vir 'n herstelplig ten aansien van toekomstige skade. Die LG, die hof *a quo*, het 'n derde skuld aan verweerders toegeskryf en DM3239,36 vir inkomsteverlies toegeken asook DM3300 as genoegdoening. By hoër beroep gaan die OLG van die alleenskuld van die verweerder uit en verhoog, benewens die bedrag vir verlies van inkomste soos geëis, die genoegdoeningsbedrag tot DM5000. Die OLG wys daarop dat die verweerder, as beginner in die gholfspel, hom nie daarop kon verlaat dat, volgens sy spelervaring, die bal in die beoogde rigting sou trek nie. Die bal het in 25 tot 30cm hoë gras gelê en dit het derhalwe om 'n moeilike hou gegaan. Hy het nie by die uitvoering van dié hou met die nodige sorgsaamheid opgetree nie. Eiseres kon haar daarop verlaat dat verweerder in ooreenstemming met die spelreëls sou optree en die bal slegs sou speel as ander deelnemers buite die reikwydte is of totdat hulle hulle op 'n veilige plek bevind het. Sy kon ook verwag het dat hy, voordat hy die bal sou slaan, haar gewaarsku het. Die OLG wys daarop dat die straatverkeergeldende vertrouensbeginsel ook binne die konteks van parallel-beoefende sportsoorte aanwendbaar is.[6] Storch, voorsittende regter van die LG te Mannheim, verwys in sy artikel na die volgende saak[7] wat in 1989[8] voor hulle gedien het. Eiser en verweerder was jarelange aktiewe lede van 'n gholfklub en was goed bekend met die spelreëls. Een namiddag, ongeveer vyfuur, het hulle op die volbesette gholfbaan gespeel. Eiser het alleen gespeel terwyl verweerder in 'n driegroep gespeel het. Eiser het laasgenoemde groep ingehaal sonder dat hulle dit agtergekom het. Eiser se bal wat hy van die derde bof afgeslaan het, het in die ruveld beland, ongeveer twee meter van die skoonveld af en ongeveer in die middel van die derde en vierde speelbane. Terwyl eiser sy bal gaan soek het, het verweerder van die derde bof afgeslaan. Nadat hy die eerste hou verslaan het, het hy ook die daaropvolgende hou verslaan. Laasgenoemde bal het meer as 45° na regs getrek in die rigting waar eiser sy bal, ongeveer 100 meter verder, gesoek het. Eiser was agter 'n bos verskuil sodat hy en verweerder mekaar nie kon sien nie. Die bal het eiser teen sy linkeroog getref, as gevolg waarvan hy, nieteenstaande meerdere operasies, in dié oog blind geword het. Eiser eis vervolgens van verweerder genoegdoening en vergoeding van materiële skade gely.[9] Storch[10] verduidelik dat die toepassing van die klassieke dogmatiese aanspreeklikheidsbeginsels van die Duitse deliktereg in dié verband die volgende oplewer:

(1) Deur die verslane bal is eiser se liggaamsintegriteit geskend. Die benadeling wat veroorsaak is, kan verweerder ook toegereken word. Die vertrekte of verslane bal het naamlik die benadeling veroorsaak. Dit veronderstel nie besondere eienaardige, onwaarskynlike omstandighede wat in die gewone verloop van sake buite rekening gelaat moet word nie. Trouens, dit kan met enige speler gebeur dat 'n bal nie die gewensde vlugrigting neem nie, maar in 'n ongekontroleerde rigting wegskram wat 'n ander kan benadeel.

(2) Verweerder het die liggaamskending van eiser ook onregmatig veroorsaak. Volgens die Duitse hoërhof (*Bundesgerichtshof*; *BGH*)[11] bestaan onregmatigheid van liggaamskending, ooreenkomstig artikel 823(1) *BGB*, wanneer daar geen

6 1989 1131–1132.

7 1504. Vgl Storch 1131: "Der Golfspieler darf einen Ball nur dann spielen, wenn er im Rahmen seiner Möglichkeiten zur Kontrolle von Richtung und Entfernung sicher sein kann, andere nicht zu gefährden."

8 Wat blykbaar nie amptelik gerapporteer is nie.

9 Ooreenkomstig a 823 en 847*BGB*.

10 1989 1131–1132.

11 Urt v 13/3/1979, *BGHZ* 74, 9 14ff.

verweer ter beskikking van die verweerder is nie. Verweerder kan hom nie op die beginsel beroep dat sy optrede verkeersmatig of sosiaal adekwaat was nie. Geen (ander) regverdigingsgrond was teenwoordig nie. Die *BGH*[12] beslis dat 'n deelnemer aan die pad- en spoorverkeer wat verkeersreëlmatig (korrek) handel nie onregmatig optree nie. Hierdie reël kan nie sonder meer op die veroorsaking van 'n sportbesering oorgedra word nie, aangesien sportreëls nie aan staatlike reg, soos verkeersreëls, gelyk gestel kan word nie.[13] In die lig hiervan is dit vir beoordeling van onregmatigheid nie van belang of die tradisionele waarskuwingsroep deur verweerder gegee is of nie. Dit is bloot 'n spelreël waaraan geen regstatus toegeken kan word nie. So 'n spelreël kan slegs die rang van 'n regsreël verwerf indien dit in 'n algemeen geldende gewoonteregsreël ontwikkel het.[14] Eiser het onteenseglik ook nie tot die besering toegestem nie. Toestemming tot besering word selfs nie eens by strydgeoriënteerde sportsoorte veronderstel nie. Dit geld des te minder vir sportsoorte wat parallel beoefen word. Trouens, toestemming tot sodanige besering deur eiser sou in iedere geval nie die onregmatigheid daarvan ophef nie.[15]

(3) Die besering wat eiser opgedoen het, is ook op 'n skuldige wyse deur verweerder veroorsaak. Daar rus 'n plig op 'n gholfspeler om sorg te dra dat, wanneer hy die bal speel, ander persone nie binne trefwydte, vir sover dit moontlike afstand en rigting betref, daarvan is nie. Verweerder het in dié verband nalatig opgetree aangesien, toe hy die bal geslaan het, hy daarmee rekening moes hou dat dit van die beoogde vlugbaan sou kon afwyk en dat daar ander spelers was wat daardeur getref sou kon word. Verweerder kan hom ook nie daarop beroep dat dié sorgsaamheidsvereistes sulke hoë eise stel dat die effek daarvan sou wees dat die gholfspel nie meer beoefen sou kon word nie. By die afweging van aan die een kant die reg op liggaamlike integriteit en gesondheid, en aan die ander kant die reg op vrye sportbeoefening, moet eersgenoemde voorrang geniet. 'n Ander benadering is nie met die beskermingsdoel van artikel 823*BGB* versoenbaar nie.[16]

In die beslissing van die OLG te Hamm van 13 Januarie 1997, waarmee die onderhawige bespreking ingelei is, word na die hierbo bespreekte beslissing van die LG te Mannheim verwys en word beslis dat V nalatig opgetree het. Gewone nalatigheid is voldoende; growwe nalatigheid word nie vereis nie. Gholf behoort, volgens die OLG, tot daardie sportsoorte, anders as die teenoor-mekaar-gerigte strydsportsoorte ("Kampfsportarten"), waar ligte reëlskending nie as deel van spel in koop geneem word nie.[17] Opponente of medespelers kan in gholf op nakoming

12 Beschl v 4/3/1957, *BGHZ* 24, 21.

13 1132: "Denn Voraussetzung für die Anwendbarkeit des Grundsatzes über das verkehrsgerechte Verhalten ist, daß eine Rechtsregel vorliegt, die der Vorschrift des § 823 Abs. 1 BGB gleichrangig gegenübergestellt werden kann. Der vom Bundesrecht gewährleistete Schutz der Lebensgüter kann nämlich nicht durch von Verbänden aufgestellte Spiel- und Verhaltensregeln, denen sich die Spieler unterworfen haben, abbedungen werden, weil den Regeln der Sportverbände der Rang staatlich gesetzten Rechts fehlt."

14 1132: "Rechtsrang könnten sie nur dann beanspruchen, wenn sie sich zu einem allegemein geltenden Gewohnheitsrecht entwickelt hätten. Davon kann jedoch nicht ausgegangen werden. Denn ihnen fehlt der für das Gewohnheitsrecht bedeutsame, durch ständige Übung manifestierte Rechtsgeltungswille."

15 Deutsch "Die Mitspielerverletzung im Sport" 1974 *VersR* 1045 1046–1048; Dölling 1984 *ZStW* 50.

16 Storch 1132.

17 Fleischer "Reichweite und Grenzen der Risikoübernahme im in- und ausländischen Sporthaftungsrecht" 1999 *VersR* 785 790–791.

van al die reëls onder alle omstandighede vertrou. Dit word as 'n algemene reël by gholf aanvaar dat 'n bal slegs gespeel mag word as ander spelers buite reikwydte is. Dit was nie in dié saak die geval nie. Dit kan hier interessantheidshalwe bloot vermeld word dat die OLG aan E 'n bydraende skuld van 25% toegeken het, aangesien sy in die betrokke omstandighede redelikerwys haar uit die moontlike reikwydte van V se bal moes verwyder het. Sy moes bewus daarvan gewees het dat die speelgroepe vinnig na mekaar gespeel het en dat die betrokke groep, waartoe V behoort het, so gou moontlik wou vorder.[18] Die bedrag wat aan V toegeken is, word egter nie in die hofverslag genoem nie.

Dit blyk dat die Duitse howe nie bereid is om by gholf, in teenstelling met (teenoor-mekaar-spelende) strydsportsoorte,[19] die algemene sorgsaamheidsvereiste wat vir nalatigheid gestel word te verslap nie. Die rede daarvoor is voor die hand liggend: by gholf word die bal telkens van 'n stilstaande posisie en berekend gespeel, anders as by 'n sportsoort soos sokker waar nalatige reëlskending uit, byvoorbeeld, oorywer, opgewondenheid en speltempo reëlmatig voorkom.[20]

3 DIE REGSPOSISIE IN DIE VSA

Anders as in Duitsland, is daar in die VSA 'n groot hoeveelheid gewysdereg rondom aanspreeklikheid vir gholfbeserings opgebou. In dié verband kan onderskei word tussen aan die een kant beserings deur 'n gholfstok, en aan die ander kant beserings deur 'n gholfbal veroorsaak.

3 1 Besering deur 'n gholfstok veroorsaak

Peterson[21] vat die algemene uitgangspunt en houding van die howe in die VSA in dié verband soos volg saam:

> "Although the game of golf is not generally considered a hazardous undertaking, many accidents result from the playing of the game of golf or mere use of a golf club in ways related or unrelated to the game, whether by an adult or minor, in which a person swings the golf club and strikes and injures another. The most obvious person to seek damages from in this situation is the one swinging the golf club. Although the one swinging the club may be found negligent, in many situations the person struck by the club may be either contributorily negligent or found to have assumed the risk of the injury. As to the assumption of risk, it is generally held that one assumes the risk incident to the playing of the game of golf, but does not assume the risks of the negligent behaviour, of the one swinging the club."

Teen dié agtergrond het die volgende uitgekristaliseer:

3 1 1 Opwarmswaai of lughou met 'n gholfstok[22]

In dié verband word onderskei tussen daardie gevalle waar die hou uitgevoer word weg van die afslaanbof ("tee") en daardie gevalle waar dit op die afslaanbof uitgevoer word.

---

18 68.

19 Sien ook BGH, Urt v 21/2/1995, *NJW-RR* 1995, 587; Deutsch 1051.

20 BayOLG, Urt v 3/8/1961, *NJW* 1961, 2072 2073; OLG Düsseldorf, Urt v 10/2/1995, *VersR* 1996, 73; Schönke-Schröder-Stree *Strafgesetzbuch. Kommentar* (1997) 1644.

21 "Liability to one struck by golf club" (1988) 63 ALR 4th 221, 225 (annotasie tot *Thurston Metal and Supply Company, Inc v Taylor* 230 Va 471, 339 SE 2d 538, 63 ALR 4th 207 (SC Virginia, 1986).

22 Peterson (1988) 63 ALR 4th 232–234.

3 1 1 1 Weg van die afslaanbof

In *Phares v Carr*[23] wat in 1952 voor die appèlhof van Indiana gedien het, was die feite soos volg: Shank, 'n besoeker by 'n oefen-afslaanstrook ("driving range") het vanuit 'n beskutting waar hy 'n gholfstok uitgesoek het, gekom en 'n volle swaai met die stok uitgevoer en P, 'n verbyganger wat haar oë op die grond voor haar gehou het aangesien daar klippe en rowwe plekke was, getref en beseer. S het met sy rug na haar toe gestaan en sy het nie die stok in sy hande gesien nie. P eis genoegdoening van die eienaar van die fasiliteit. In sy uitspraak stel hoofregter Achor,[24] namens die hof, die regsposisie soos volg:

> "It is urged that the circumstance of this case brings it within the class of cases which generally hold that under the doctrine of assumed risk, the proprietor of an athletic field or golf course is not liable for damages sustained by participants or spectators by reason of injuries which are reasonably incidental to the particular athletic events . . . We do not so construe the facts in this case. Appellant's injury did not result from participation in an athletic event by either Shank or the appellant. The injury occurred as the result of the negligence on the part of Shank when both he and appellant *were outside the area* provided for active participation of the sport."[25]

In *Brady v Kane*[26] wat in 1959 voor 'n distriksappèlhof in Florida gedien het, het die volgende feite navore getree: B was een van vier persone wat as 'n groep gespeel het. Op die negende afslaanbof het een van die vier afgeslaan terwyl B agter hom gestaan en in die rigting van die betrokke putjie gekyk het. K, wat agter B gestaan het, het 'n oefenswaai (lug- of windhou) uitgevoer en B teen die kop getref. B stel vervolgens 'n eis vir kompensasie teen K in. In sy uitspraak wys hoofregter Carroll daarop dat K se optrede deur 'n oefenswaai in teenwoordigheid van verskeie medespelers, in die beperkte ruimte wat deur hulle beset is en op 'n tydstip toe dit nie gepas was nie, uit te voer, wat andere waarskynlik kon benadeel en benadeling inderdaad ingetree het, nalatigheid daarstel. Op K het 'n plig gerus om sy oefenswaai op so 'n wyse uit te voer dat hy nie 'n niksvermoedende medespeler beseer nie. Ten aansien van die geopperde verweer van risiko-aanvaarding merk hoofregter Carroll soos volg op:[27]

> "A member of a golfing foursome assumes certain obvious and ordinary risks of the sport by participating therein with knowledge of its normal dangers, but a player does not assume a risk which cannot reasonably be anticipated, and which may be the result of improper and unauthorized negligent action of another player."

Hieruit blyk duidelik dat gewone nalatigheid voldoende is. Dit blyk ook duidelik uit 'n 1970-beslissing van 'n appèlhof van Georgia in die saak *Askew v Carroll*.[28]

3 1 1 2 Op die afslaanbof

In *Thurston Metals and Supply Company, Inc v Taylor*[29] wat in finale instansie in 1986 voor die Supreme Court (SC) van Virginia gedien het, was die feite soos volg: Taylor, die eiser, is in 1980 ernstig beseer terwyl hy gholf gespeel het te Wintergreen in die Nelson County. Hy is naamlik in die gesig getref deur 'n gholfstok wat in beheer was van ene Thurston, 'n werknemer van Thurston Metals and Supply

---

23 106 NE 2d 242 (AC Indiana 1952).
24 244.
25 Hof se kursivering.
26 111 So 2d 472 (Fla App D3 1959).
27 474.
28 121 Ga App 305, 173 SE 2d 463 464 (CA Georgia 1970).
29 230 Va 475, 339 SE 2d 538, 63 ALR 4th 207 (SC Virginia 1986).

Company, Inc. Thurston, toe 44 jaar oud, wat reeds vir 16 jaar gholf gespeel het, 'n 30 voorgee gehad het en selde 18 putjies onder 'n honderd houe gespeel het, het nadat hy nog 'n swak hou gespeel het, 'n verdere hou, maar sonder 'n bal, in die lug geslaan. Hy het egter by die bopunt van sy swaai as gevolg van sy eienaardige gewrigsaksie beheer oor die stok verloor. Taylor, ten tyde 33 jaar oud, het ongeveer 20 voet linksagter Thurston gestaan en is deur die stok getref. Taylor het uiteindelik sy een oog verloor wat deur 'n prostetiese toestel vervang moes word. Regter Compton, wat namens die hof uitspraak lewer, verduidelik die regsposisie soos volg:[30]

> "The basic rule of law applicable to golfers is that a player upon a golf course must exercise reasonable care in playing the game to prevent injury to others. Fulfilment of that duty is measured by the surrounding facts and circumstances of each case . . . Under the circumstances of this case, Thurston had the duty to exercise reasonable care in controlling his golf club so that it would not fly from his hands in the course of a swing . . . Thurston, not an expert golfer, possessed a golf swing that was frantic, unconventional, and violent . . . Nevertheless, aware of this propensity, Thurston performed a 'practice swing' without a ball in place, using as much velocity and gusto as he had employed when he was attempting to strike the two balls. In the course of the 'practice' movement, Thurston violated the customary requirement that a golfer maintain control of the club throughout the swing . . . Under these circumstances, the plaintiff established a prima facie case of negligence when he showed that a golfer of Thurston's limited ability, who possessed an unorthodox and vigorous swing, released the club during practice 'through his wrist action,' after hitting two balls into nearby woods. It could be reasonably inferred from this evidence that the incident occurred because Thurston, irritated after hitting two shots astray, flailed at an imaginary ball without excercising proper care to maintain a firm grip on the club."

Dit blyk hieruit nie net dat gewone nalatigheid voldoende is nie maar ook dat subjektiewe faktore, soos die beperkte vermoëns van die betrokke speler asook sy onortodokse en kragtige swaai, by bepaling van nalatigheid in aanmerking geneem kan word.

In finale instansie is kompensasie van $200,000 toegestaan.[31] Dit is aansienlik meer as dit waartoe die Duitse howe bereid is. Interessantheidshalwe kan hier ook verwys word na die opmerking wat regter Compton maak dat gholfetiket, -reëls en -gebruike nie aangeleenthede van sodanige algemene kennis is dat jurielede 'n voldoende intelligente en akkurate opinie daaroor kan vorm nie.[32] Daarom is dit wenslik dat deskundige getuienis daaroor aangebied word.

3 1 2 Besering opgedoen ten tyde van of volgende op 'n demonstrasie oor hoe 'n gholfstok vasgehou of gebruik moet word

In *Potts v Amis*[33] was die feite dat A, eienaar van 'n somerhuis ("summer home"), aan P, 'n gas, wou toon hoe 'n gholfstok hanteer behoort te word. A het aanvanklik verskeie verkorte oefenhoue uitgevoer, maar toe P nie die instruksie begryp het nie, het hy 'n volledige kragtige swaai uitgevoer. P is met die opswaai teen sy kakebeen getref en beseer. P eis vervolgens kompensasie van A. Die eis word egter deur die verhoorregter afgewys. By appèl wys regter Rosellini, namens die hooggeregshof van Washington, daarop dat die besering wat P opgedoen het voorsienbaar was en dat hy nie behoorlik sorg aan die dag gelê het om dit te vermy nie. A het gevolglik nalatig opgetree. P was geregtig om kompensasie te eis.[34] Uit dié uitspraak blyk

30 215–216.
31 220.
32 216.
33 384 P 2d 825 (SC Washington 1963).
34 831.

duidelik dat gewone nalatigheid as voldoende geag is. In verskeie sake het die vraagstuk van risiko-aanvaarding pertinent ter sprake gekom. In *Tannehill v Terry*[35] het die hoggeregshof van Utah met die volgende feitestel te doen gekry: Tannehill (vervolgens: Ta) het glad nie gholf gespeel nie en was slegs bekend met die wyse waarop 'n bal met die stok geslaan word. Terry (vervolgens: T), die verweerder, het pas begin gholf speel. Toe Ta by T op besoek was, het laasgenoemde 'n mat op die grasperk geplaas en 'n plastiekbal met 'n gholfstok geslaan. T het vir Ta gevra of hy ook 'n hou wou slaan. Hy het ingewillig en gereed gemaak om die bal te slaan toe T die stok by hom gevat het en hom meegedeel het dat hy na links moes staan en hom dophou wanneer hy verduidelik hoe die stok vasgehou moet word. T het vervolgens Ta beveel om weg te staan en sonder om te kyk waar hy hom bevind het, het hy die stok geswaai. Met die deurswaai is Ta in die gesig, aan die linkerkant van sy neus, getref. Sy gesig en sinus is ernstig beseer. Hy het ook agteroor op die trappe, wat na die huis lei, geval en sy rug beseer. Ta se eis teen T is in die verhoorhof afgewys. Hy beroep hom vervolgens, hoewel onsuksesvol, op die hooggeregshof van Utah en voer aan dat die volgende instruksies wat die hof aan die jurie gegee het, misleidend was:[36]

> "One is said to assume a risk when he voluntarily assents to dangerous conduct and voluntary exposes himself to that danger, or when he knows, or in the exercise of ordinary care should know, that a danger exists in the conduct of another, and voluntarily places himself, or remains, in a position of danger. One who has thus assumed the risk is not entitled to recover for damages caused to him without intention, and which results from the dangerous condition or conduct to which he thus exposed himself."

In sy uitspraak namens die hof merk regter McDonough op dat dié instruksie nie die jurie kon mislei het nie.

In *Nesbitt v Bethesda Country Club, Inc*[37] het 'n Marylandse appèlhof die standpunt gestel dat die risiko's inherent aan oefenhoue wat op 'n afslaanstrook ("driving range") geslaan word groter is as dié op 'n speelveld geslaan. Die rede daarvoor is geleë in die feit dat in eersgenoemde geval deelnemers naby mekaar staan, wat 'n verhoogde risiko inhou dat 'n ander met 'n gholfstok raakgeslaan kan word. Op die speelveld van 'n gholfbaan staan deelnemers buite trefstand van mekaar en die spelers slaan die een na die ander, terwyl op 'n oefenstrook deelnemers in geen spesifieke volgorde die balle slaan nie. Die hof het ook opgemerk dat die doel om balle op 'n oefenstrook te slaan juis is om die vermoë te verfyn om die bal *kragtiger* te slaan, sonder om akkuraatheid in te boet.

In *Morrison v Sudduth*[38] het M, 'n 13-jarige seun, aan sy 11-jarige vriend, S, gewys hoe mens 'n gholfstok moet vashou. M is terwyl hy uit die pad uit beweeg het deur die hou van S getref. Hy het ernstige hoofbeserings opgedoen en sy hand- en spraakvermoë is aangetas. Hy het S egter nie dopgehou nie aangesien hy sy oë gehad het op voorwerpe op die grond wat hy wou vermy. M se eis vir kompensasie[39] word deur 'n federale appèlhof te Texas bevestig. Nalatigheid is aan S toegeskryf.[40] Die

35 11 Utah 2d 368, 359 P 2d 911 (SC Utah 1961).
36 911–912.
37 20 Md App 226, 314 A 2d 738 (Maryland AC 1974); Peterson (1988) 63 ALR 4th 235–236.
38 546 F 2d 1231 (CA 5 Tex 1977).
39 $50000 plus mediese uitgawes is toegeken.
40 1233: "In this case, considering all of the evidence with all reasonable inferences for the plaintiff, we find that reasonable men could disagree about the negligence of John and Gregg. During the trial Gregg admitted knowing at the time of the accident that a person should not swing a golf club when another is near. He also admitted not looking for John and not warning him of the

vervolg op volgende bladsy

hof noem verder dat daar nie in dié geval van 'n onvermybare ongeluk sprake was nie, aangesien die seuns nie so jonk was dat skuld nie aan hulle toegeskryf kon word nie.[41]

3 2 Besering deur 'n gholfbal veroorsaak

Holliday,[42] wat 'n intensiewe studie van Amerikaanse sake in dié verband onderneem het, kom tot die volgende samevattende konklusie:

> "It is established that the mere fact that a person is struck by a golf ball driven by one playing a game of golf does not constitute proof of negligence on the part of the golfer who hit the ball, and that a golfer is only required to exercise ordinary care for the safety of persons reasonably within the range of danger of being struck by the ball. Although a golfer about to hit a ball must, in the exercise of ordinary care, give an adequate and timely warning to those who are unaware of his intention to play and who may be endangered by the play, this duty does not extend to those persons who are not in the line of play, if danger to them is not reasonably to be anticipated. Additionally, where a person is in a place where he should be reasonably safe from the danger of being struck by a golfer's shot, and he is aware of the golfer's intention to play, there is no duty to warn since an oral or audible warning would be superfluous. Recovery for injuries by a person struck by a golf ball may also be barred because the person assumed the risk of injury ordinarily incident to the game of golf, which was obvious or foreseeable. However, one does not assume the risk of being struck by a golf ball as a result of the negligence of another, although recovery may be precluded because of the injured person's contributory negligence."

Die bespreking wat volg moet binne konteks van dié algemene agtergrond gelees word.

3 2 1 Besering aan 'n lid van dieselfde speelgroep

In *Cook v Johnston*[43] wat in finale instansie voor 'n appèlhof van Arizona gedien het, was die feite soos volg: C, die eiser, was lid van 'n viergroep-gholfspel ("golfing foursome"). J, die verweerder, was ook lid daarvan. Laasgenoemde was bekend daarvoor dat hy die geneigdheid gehad het om hakskeenhoue – in Engels "shanking" – te slaan, dit wil sê die bal word getref terwyl die gesig van die stok oop is, met die gevolg dat die bal ver regs van die beoogde slaanlyn trek.[44] Toe J die bal by die negende putjie geslaan het, was C blykbaar onbewus daarvan. J het toe hy sien dat die bal skeef trek, "fore" geskree. C het vervolgens sy kop in die rigting van J gedraai. Hy is in sy oog getref en het 'n ernstige en permanente besering opgedoen. C eis vervolgens kompensasie van J.

---

7 Cronjé ea *Werkboek vir die erfreg* (1996) 110. 'n Beter formulering om die oogmerke van die testateur duideliker uiteen te sit, is moontlik die volgende: "Ek bemaak my plaas aan my seun, X, met dien verstande dat dit alleen sy eiendom sal word wanneer hy homself, binne 'n tydperk van drie jaar ná my dood, daar gaan vestig. As hy dit nie erf nie, erf my broer, Y, dit." Sien Jamneck 1992 *De Jure* 470 vir die redes waarom hierdie bewoording te verkies is. Sien ook *Levy v Schwartz* 1948 4 SA 930 (W) vir 'n voorbeeld van 'n opskortende voorwaarde. In dié geval is bevind dat die voorwaarde *contra bonos mores* was omdat die testateur beoog het om 'n bestaande huwelik te vernietig.

8 *Botha v Botha* 1979 3 SA 792 (T); Cronjé ea 110. Sien ook Jamneck 1992 *De Jure* 469 oor die praktiese implikasies van so 'n bepaling.

9 Van der Merwe en Rowland 275.

10 Jamneck 1992 *De Jure* 470.

11 Sien *Steffensen v Estate Atkinson* 1914 CPD 471; *Ex parte Harvey* 1942 OPD 249; *Kinloch v Kinloch* 1982 1 SA 679 (A); Joubert "Direkte substitusie of fideikommissêre substitusie?"

vervolg op volgende bladsy

In geval van 'n ontbindende voorwaarde moet die testateur ook bepaal wat met die voordeel moet gebeur indien die begunstigde sy regte verloor. In so 'n geval word die substituut by wyse van fideikommissêre substitusie aangewys aangesien daar 'n opeenvolging van begunstigdes plaasvind.[12] 'n Bepaling wat nie bepaal wat met die voordeel moet gebeur indien die voorwaarde nie vervul word nie, is 'n *nudum praeceptum* en nietig.[13]

2 2 Onderskeidende maatstaf

Die onderskeid tussen 'n opskortende en 'n ontbindende voorwaarde is dus geleë in die tydstip van vestiging van die begunstigde se regte. By die ontbindende voorwaarde vestig die regte by die testateur se dood in die bevoordeelde en verloor hy sy regte indien 'n onsekere, toekomstige gebeurtenis plaasvind. By die opskortende voorwaarde, daarenteen, word die vestiging van die bevoordeelde se regte uitgestel tot die plaasvind van 'n onsekere toekomstige gebeurtenis. Soos ons weldra sal sien, is dit ook hierdie maatstaf wat voorwaardes van die *modus* onderskei.

3 *MODUS*

3 1 Omskrywing

'n Mens het met 'n *modus* te doen waar 'n testateur 'n begunstigde verplig om 'n bemaakte voordeel of die opbrengs daarvan vir 'n bepaalde doel aan te wend.[14] Indien 'n begunstigde 'n bemaking onderworpe aan 'n *modus* aanvaar, ontstaan daar (in sommige gevalle) 'n verbintenis ingevolge waarvan hy verplig is om die las (*modus*) na te kom.[15]

Die oogmerk van die *modus* kan wees:

(a) In belang van die begunstigde self. Die erflater kan byvoorbeeld bepaal dat die begunstigde die bemaking moet gebruik om vir sy studies te betaal of om 'n

---

1953 *THRHR* 243; Corbett ea *The law of succession in South Africa* (1980) 213; Van der Merwe en Rowland 287; Erasmus en De Waal par 124 oor die werking van direkte substitusie. Sien ook a 2C(1) en (2) van die Wet op Testamente 7 van 1953 vir direkte substitusie *ex lege*.

12 Sien *Greenberg v Estate Greenberg* 1955 3 SA 361 (A); *Barnhoorn v Duvenhage* 1964 2 SA 486 (A); *Eksteen v Pienaar* 1969 1 SA 17 (O); *Wasserman v Sackstein* 1980 2 SA 536 (O); *Du Plessis v Strauss* 1988 2 SA 105 (A); Joubert "Die ontwikkeling van die *fideicommissum* in Suid-Afrika" 1960 *Acta Juridica* 56; Laurens "Fideikommis oor onroerende goed: aard van die *fideicommissarius* se reg" 1983 *THRHR* 14; Cronjé en Roos *Erfreg vonnisbundel* (1997) 285 291; Van der Merwe en Rowland 320 ev oor die *fideicommissum* in die algemeen. Sien ook die bespreking hieronder.

13 *Jewish Colonial Trust v Estate Nathan* 1940 AD 163 176; *Ruskin v Sapire* 1966 2 SA 306 (W). Sien ook *Ex parte Estate Wienand* 1965 1 SA 576 (K); *Ex parte Roads* 1978 4 SA 649 (O); *Vorster v Steyn* 1981 2 SA 831 (O); *Ex parte McClung* 1983 3 SA 446 (O); *Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Douglas v Loots* 1990 3 SA 451 (NK); Jamneck 1991 *THRHR* 322; Van der Merwe en Rowland 314 oor die *nudum praeceptum* in die algemeen.

14 *Jewish Colonial Trust v Estate Nathan* 1940 AD 163 176; *Ex parte Mouton* 1955 4 SA 460 (A); *Wessels v DA Wessels en Seuns (Edms) Bpk* 1987 3 SA 530 (T); *Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Douglas v Loots* 1990 3 SA 451 (NK); Van der Merwe en Rowland 281; Corbett ea 347.

15 *Wessels v DA Wessels en Seuns (Edms) Bpk* 1987 3 SA 530 (T); Jamneck 1991 *THRHR* 320.

bepaalde eiendom aan te koop.[16] In hierdie geval ontstaan geen verbintenis om die *modus* uit te voer nie en dus is die beswaarde erfgenaam nie verplig om uitvoering daaraan te gee nie.[17] Die rede hiervoor is dat daar niemand is wat kan toesien dat die morele verpligting wat op die beswaarde erfgenaam rus nagekom word nie. Beinart[18] betoog dat so 'n *modus* wel deur die hof of die eksekuteur afgedwing kan word. Hy baseer hierdie standpunt op Voet 35 1 15 wat gevolg is in *Ex parte Mouton*.[19] Nóg Beinart nóg die hof in *Ex parte Mouton* verduidelik egter hoe die hof of die eksekuteur te werk moet gaan om sodanige afdwinging te bewerkstellig en dit is dus nie duidelik op welke praktiese gronde hierdie stelling gefundeer is nie. Beinart[20] sê bloot dat so 'n bepaling alleen onafdwingbaar is waar die *modus uitsluitlik* tot die begunstigde se voordeel strek en die testateur in elk geval die bemaking aan hom sou gemaak het *ongeag* of hy die *modus* uitvoer al dan nie.

(b) In belang van 'n onpersoonlike doel. Die testateur kan byvoorbeeld bepaal dat die bemaking aangewend moet word om 'n kerk te bou of 'n monument op te rig. Ook hier bestaan die probleem dat daar niemand is om toe te sien dat die *modus* uitgevoer word nie. In die Romeinse reg was daar wel 'n moontlikheid dat dit deur middel van kerklike gesag of deur die hof afgedwing kon word,[21] maar dit het nog nooit in die Suid-Afrikaanse reg plaasgevind nie. Die Romeins-regtelike *actio popularis* wat gebruik kon word om aksies in die openbare belang in te stel en wat moontlik in hierdie gevalle van nut kon wees, het ook in onbruik verval.[22]

(c) In belang van 'n derde. Vir ons doeleindes is die *modus* in belang van 'n derde, die belangrikste verskyningsvorm van die *modus*. In hierdie geval bepaal die testateur byvoorbeeld dat die begunstigde 'n bepaalde voordeel ontvang en dat hy verplig is om 'n bedrag kontant aan 'n derde te betaal of om 'n bepaalde eiendom aan 'n derde te verhuur.[23] In so 'n geval kan die verpligting afgedwing word deur die eksekuteur, die meester of die derde in wie se guns die *modus* gemaak is.[24] Die derde is ook bevoeg om sekerheidstelling vir die uitvoering van die *modus* van die beswaarde erfgenaam te eis.[25] Die derde in wie se guns die *modus* gemaak is, beskik dus slegs oor 'n persoonlike reg teenoor die beswaarde erfgenaam en is by uitstek die persoon wat bevoeg is om die *modus* af te

16 Beinart "*Fideicommissum* and *modus*" 1968 *Acta Juridica* 186.
17 *Ex parte Gardner* 1940 EDL 175 178.
18 1968 *Acta Juridica* 187 vn 198.
19 1955 4 SA 461 (A).
20 1968 *Acta Juridica* 187 vn 198.
21 *D* 5 3 50 1; *D* 40 4 17 1; Beinart 1968 *Acta Juridica* 187 vn 200.
22 In *Ex parte Strümpfer* 1945 OPD 268 274 word die *actio popularis* beskryf as "judicially certified as dead". Daar kan moontlik geargumenteer word dat 'n soort *actio popularis* dmv a 38 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 herleef, maar aangesien dit 'n volledige bespreking op sy eie sou verg, word dit vir die oomblik daar gelaat.
23 Soos in *Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Douglas v Loots* 1990 3 SA 451 (NK). Sien ook Jamneck 1991 *THRHR* 321.
24 *Ex parte The Dutch Reformed Church of Dewetsdorp* 1938 OPD 136 139; *Ex parte Wessels* 1946 OPD 123 132. Honoré en Cameron *The South African law of trusts* par 26 vn 97 vra tereg of die bevoegdheid om die *modus* af te dwing al ooit in moderne tye deur die meester gebruik is.
25 *Ex parte Gitelson* 1949 2 SA 881 (O); *Benoni Town Council v Minister of Agricultural Credit and Land Tenure* 1978 1 SA 978 (T).

dwing.[26] Indien die derde 'n aksie instel om die *modus* af te dwing, is dit 'n persoonlike aksie teen die beswaarde erfgenaam en word die erfgenaam se saaklike regte geensins beïnvloed nie.[27]

3 2 Onderskeid tussen *modus* en voorwaardes

Die toevoeging van 'n *modus* tot 'n bemaking stel nie die vestiging van die beswaarde erfgenaam se regte uit nie.[28] Die *modus* verskil dus van die opskortende voorwaarde deurdat die vestiging van die begunstigde se regte nie uitgestel word nie, maar onmiddellik plaasvind.[29] Die instelling van 'n *modus* affekteer ook nie die begunstigde se regte indien hy nie die *modus* nakom nie. In teenstelling met die posisie in geval van 'n ontbindende voorwaarde, sal die begunstigde nie sy regte verloor indien hy nie die *modus* nakom nie. Die begunstigde stel homself bloot aan 'n persoonlike aksie in geval van 'n *modus* ten behoewe van 'n derde, maar sy regte ten opsigte van die bemaakte voordeel word nie beïnvloed deur sy versuim om die *modus* na te kom nie.[30] Volgens Voet[31] kan die legataris wat nie die *modus* uitvoer nie, verplig word om die bemaakte voordeel terug te gee, veral indien die testateur dit beveel het. Honoré en Cameron[32] vra egter tereg of hierdie bevoegdheid al ooit in moderne tye uitgeoefen is. Die begunstigde se saaklike regte op die bemaakte voordeel sal waarskynlik alleenlik beïnvloed word indien dit nodig sou wees om beslag op die goedere te lê ten einde die persoonlike reg van die derde af te dwing.[33]

4 *FIDEICOMMISSUM*

4 1 Omskrywing

'n Mens het met fideikommissêre substitusie te doen wanneer die erflater beveel dat 'n reeks erfopvolgers dieselfde eiendom agtereenvolgens moet ontvang.[34]

---

26 Die *modus* ten gunste van 'n derde behels dus slegs 'n persoonlike verpligting wat op die beswaarde erfgenaam rus en nie 'n saaklike reg nie (*Wessels v DA Wessels & Seuns (Edms) Bpk* 1987 3 SA 530 (T) 538). Streng gesproke behoort registrasie van die *modus* dus nie teen die titelakte van grond plaas te vind nie, maar in die praktyk vind registrasie blykbaar wel in sommige akteskantore plaas (*Nel v CIR* 1960 1 SA 227 (A); *Ex parte Esterhuyse* 1971 4 SA 261 (O); Van der Merwe en Rowland 283 vn 6). Honoré en Cameron (par 26) wys ook daarop dat registrasie wel plaasvind ten einde te verseker dat die eiendom nie in stryd met die *modus* vervreem word nie.

27 *Ex parte Strümpfer* 1945 OPD 268; *Ex parte Esterhuyse* 1971 4 SA 261 (O).

28 *British South Africa Company v Bulawayo Municipality* 1919 AD 84; Ex *parte Mouton* 1955 4 SA 464 (A); Wessels *v DA Wessels & Seuns (Edms) Bpk* 1987 3 SA 530 (T) 538; Beinart 1968 *Acta Juridica* 186; Van der Merwe en Rowland 282; Corbett ea 348.

29 Hierdie verskil het die hof nie in *Holley v CIR* 1947 3 SA 119 (A) nie raakgesien nie. Sien die bespreking hieronder.

30 *Ex parte The Dutch Reformed Church of Dewetsdorp* 1938 OPD 136; *Ex parte Strümpfer* 1945 OPD 268; *Ex parte Esterhuyse* 1971 4 SA 261 (O); *Wessels v DA Wessels & Seuns (Edms) Bpk* 1987 3 SA 530 (T) 538); Jamneck 1991 *THRHR* 321.

31 35 1 12.

32 Par 26 vn 97.

33 Sien ook *Benoni Town Council v Minister of Agricultural Credit and Land Tenure* 1978 1 SA 978 (T) waaruit dit duidelik blyk dat as 'n *modus inter vivos* deur middel van 'n kontrak tot stand kom en die betrokke party nie die *modus* uitvoer nie, kontrakbreuk plaasvind wat aan die ander party die gewone remedies vir kontrakbreuk verleen.

34 Van der Merwe en Rowland 293; Erasmus en De Waal par 142; Joubert 1953 *THRHR* 244; Jamneck 1991 *THRHR* 317.

Die erflater bepaal dus dat die bevoordeling eers na een persoon (die *fiduciarius*) moet gaan en by die vervulling van 'n voorwaarde of by die aanbreek van 'n bepaalde tydstip, na 'n ander persoon (die *fideicommissarius*). Die *fiduciarius* word dus reghebbende van die fideikommissêre vermoë ten behoewe van homself, maar sy eiendomsreg word, wat inhoud en duur betref, deur die reg van die *fideicommissarius* beperk.[35]

Ten einde 'n geldige *fideicommissum* in te stel, moet die testateur se bedoeling so bewoord word dat die bepaling "an effective 'gift over'"[36] daarstel. Daar moet dus 'n effektiewe oorgang van die testamentêre voordeel vanaf die *fiduciarius* na die *fideicommissarius* bewerkstellig word.[37]

Die eiendomsreg in die bemaakte voordeel wat met die *fideicommissum* beswaar is, vestig onmiddellik by die testateur se dood in die *fiduciarius*.[38] Die *fiduciarius* word dus by lewering of oordrag van die eiendom aan hom, eienaar daarvan,[39] hoewel sy eiendomsreg beperk is.[40] Hoewel die *fiduciarius* se regte dus met betrekking tot sowel die gewone inhoudsbevoegdhede van eiendomsreg as in duur[41] beperk is, bly hy steeds reghebbende ten behoewe van homself en nie ten behoewe van iemand anders nie. Hierdie aspek onderskei die *fideicommissum* van die trust en sal hieronder van naderby beskou word.

4 2 *Fideicommissum*, voorwaardes en *modus*

'n Testateur kan 'n *fideicommissum* aan 'n voorwaarde of 'n *modus*[42] koppel. Die algemeenste verskyningsvorm van 'n *fideicommissum* is inderdaad die voorwaardelike *fideicommissum*.[43] Vir die *fideicommissum* om geldig te wees, is dit noodsaaklik dat die fideikommissêre voorwaarde geldig moet wees. Die voorwaarde moet dus nie so vaag en onseker wees dat dit nie moontlik is om 'n

35 Vir die argumente rondom die vraag of 'n *fideicommissarius* 'n *spes* of 'n reg het, sien Van der Merwe en Rowland 332 ev; Beinart 1968 *Acta Juridica* 157; Laurens 1983 *THRHR* 14; *Barnhoorn v Duvenhage* 1964 2 SA 486 (A); *Van der Merwe v Registrateur van Aktes* 1975 4 SA 636 (A); *Wasserman v Sackstein* 1980 2 SA 536 (O).

36 Corbett ea 270.

37 Indien 'n effektiewe oorgang nie bewerkstellig word nie, staan die bepaling bekend as 'n *nudum praeceptum* en word dit as *pro non scripto* beskou. Sien *Drew v Executor of Drew* 1876 Buch 203; *Jewish Colonial Trust v Estate Nathan* 1940 AD 163; *Van Soelen v Van Soelen* 1964 4 SA 24 (O); *Morley v Standard Bank Trustees Department* 1970 4 SA 299 (W); *Ex parte Roads* 1978 4 SA 649 (O); Cronjé en Roos 305; Corbett ea 271.

38 *Estate Kemp v McDonald's Trustee* 1915 AD 491; *Breytenbach v De Villiers* 1961 2 SA 542 (T); *Van den Berg v Registrateur van Aktes, Transvaal* 1974 4 SA 619 (T).

39 *Greenberg v Estate Greenberg* 1955 3 SA 361 (A); Van der Merwe en Rowland 319; Corbett ea 301.

40 As algemene reël kan die *fiduciarius* nie die eiendom vry van die fideikommissêre beperking vervreem nie. Hy kan egter wel sy beperkte reg vervreem. Sien *Ex parte Wessels* 1949 2 SA 99 (O); *Crookes v Watson* 1956 1 SA 277 (A); Van der Merwe en Rowland 320.

41 *Greenberg v Estate Greenberg* 1955 3 SA 361 (A); *Eksteen v Pienaar* 1969 1 SA 17 (O).

42 Sien bv *Hobson v Hobson's Estate* 1918 CPD 52 waar die testateur sy boedel aan sy kleinseun bemaak het onderworpe aan 'n *fideicommissum* ten gunste van sy neefs en ook die kleinseun verplig het om 'n annuïteit aan sy weduwee te betaal. Laasgenoemde was 'n *modus* ten gunste van 'n derde (die weduwee). Sien ook *Barclays Bank DC & O v Anderson* 1959 2 SA 478 (T).

43 Sien Corbett ea 259.

redelike interpretasie daaraan te heg nie,[44] of onmoontlik wees om uit te voer nie,[45] of in stryd wees met die reg, goeie sedes of die openbare belang nie.[46]

'n *Modus* en 'n voorwaarde kan dus ook van 'n *fideicommissum* onderskei word aangesien dié regsfigure aan 'n *fideicommissum* gekoppel kan word. Op sy beurt moet die *fideicommissum* weer van die trust onderskei word.

5 TRUSTS

5 1 Omskrywing

Artikel 1 van die Wet op die Beheer oor Trustgoed 57 van 1988 omskryf 'n "trust" as

> "die reëling waardeur een persoon se goed uit hoofde van 'n trustdokument –
>
> (a) aan iemand anders, die trustee, in die geheel of gedeeltelik in eiendom oorgemaak of nagelaat word om ooreenkomstig die voorskrifte van die trustdokument geadministreer te word of oor beskik te word tot voordeel van die persoon of klas van persone in die trustdokument aangewys of ter bereiking van die doel in die trustdokument omskryf; of
>
> (b) aan die bevoordeeldes in die trustdokument oorgemaak of nagelaat word, welke goed ingevolge die trustdokument onder die beheer gestel word van iemand anders, die trustee, om ooreenkomstig die voorskrifte van die trustdokument geadministreer te word of oor beskik te word tot voordeel van die persoon of klas van persone in die trustdokument aangewys of ter bereiking van die doel in die trustdokument omskryf, maar nie ook die geval waar iemand die goed van 'n ander moet administreer as eksekuteur, voog of kurator ingevolge die bepalings van die Boedelwet, 1965 (Wet 66 van 1965), nie".

Uit die woordomskrywing blyk duidelik dat ons met 'n trust te doen het ongeag of die trustee of die begunstigde (die sogenaamde "bewindtrust") eienaar van die trustbates is. Voorts is dit ook duidelik dat die trustee reghebbende van die trustbates is ten behoewe van iemand anders (die begunstigdes) en nie ten behoewe van homself nie.[47] In *Kemp v McDonald's Trustees*[48] word dit soos volg verduidelik:

> "The underlying conception in these and other cases is that while the legal *dominium* of property is vested in the trustees, they have no beneficial interest in it but are bound to hold and apply it for the benefit of some person or persons or for the accomplishment of some purpose."

Die feit dat die trustee nie reghebbende ten behoewe van homself is nie, maar ten behoewe van iemand anders, is dan ook die faktor wat die trust van die *fideicommissum* onderskei.

---

44 *Ex parte Mouton* 1955 4 SA 460 (A); *Loock v Steyn* 1968 1 SA 602 (A); *Barnett v Estate Schereschewske* 1957 3 SA 679 (K).

45 *Ex parte Mouton* 1955 4 SA 460 (A); Corbett ea 282.

46 *Ex parte Swanevelder* 1949 1 SA 733 (O); *Barclays Bank DC & O v Anderson* 1959 2 SA 478 (T); *De Wayer v SPCA, Johannesburg* 1963 1 SA 71 (T); *Ex parte Higgs: In re Estate Rangasami* 1969 1 SA 56 (D); Cronjé en Roos 227.

47 *Estate Kemp v McDonald's Trustee* 1915 AD 491; Van der Merwe en Rowland 344.

48 1915 AD 491 508.

5 2 Trusts onderskei van *fideicommissa*

Ons het reeds hierbo gesien dat die *fiduciarius* ten behoewe van homself reghebbende is ten opsigte van die bates wat onderworpe is aan die *fideicommissum*, al beskik hy slegs oor beperkte regte. Die trustee daarenteen is reghebbende ten behoewe van iemand anders. Hierdie onderskeidende faktor is egter in die vroeëre Suid-Afrikaanse reg misgekyk en die howe het gepoog om die trust aan die *fideicommissum* gelyk te stel. In die *Kemp*-saak[49] het die hof selfs so ver gegaan om te beslis dat die trust vreemd is aan ons regstelsel omdat dit uit die Engelse reg afkomstig is en ons howe dit nie aanvaar het nie. Die hof het egter aan die bepalings in die betrokke testament gevolg gegee deur dit aan die *fideicommissum* gelyk te stel. Die neiging van die howe om 'n bepaalde regsfiguur te vergelyk met iets anders wat aan die hof bekend is in plaas daarvan om aan die testateur se bedoeling gevolg te gee, het dus reeds op hierdie vroeë stadium kop uitgesteek. Gelukkig het die hof in *Braun v Blann and Botha*[50] ten opsigte van die trust *mortis causa* beslis dat die trust 'n eiesoortige regsfiguur is en dus die trust *mortis causa* op die pad na selfstandige ontwikkeling geplaas.[51] Ongelukkig het dieselfde nog nie met die trust *inter vivos* gebeur nie. Hoewel die hof in *Crookes v Watson*[52] weggebreek het van die gelykstelling van die trust aan die *fideicommissum*, het die hof dit aan 'n ander regsfiguur, naamlik die *stipulatio alteri* gelykgestel.[53] Ongelukkig het die hof in *Hofer v Kevitt*[54] 'n gulde geleentheid laat verbygaan om ook die trust *inter vivos* as 'n *sui generis* regsfiguur te beskou en beslis dat daar geen rede bestaan om af te wyk van die beslissing in *Crookes v Watson*[55] nie.

Die trust kan dus van die *fideicommissum* onderskei word ten spyte van die feit dat daar ook van 'n "gift over" sprake is. By die trust word die eiendomsreg van die bates ook aan iemand oorgegee om dit in trust te hou en om dit later, wanneer die trust ontbind, op sy beurt aan die uiteindelike begunstigdes oor te gee. In geval van die trust word die trustee egter reghebbende ten behoewe van iemand anders, terwyl die *fiduciarius* ten behoewe van homself reghebbende word.

6 VERWARRENDE UITSPRAKE

6 1 Inleiding

Die bespreking van die onderskeid tussen die onderskeie regsfigure hierbo, bring ons nou by die hoofdoel van hierdie bydrae, naamlik 'n bespreking van *Holley v*

---

49 1915 AD 491; Van der Merwe en Rowland 344; Corbett ea 405.

50 1984 2 SA 850 (A).

51 Sien ook *Mariola v Kay-Eddie* 1995 2 SA 728 (W); Sher "Recent cases on trusts" 1998 *JBL* 81; Cronjé en Roos 324.

52 1956 1 SA 277 (A).

53 Die hof se konstruksie is deur sommige skrywers onderskryf (sien Swanepoel "Oor stigting, trust, fideicommissum, modus en beding ten behoewe van 'n derde" 1957 *THRHR* 113) terwyl ander dit gekritiseer het (sien Pollak "Donations and trusts" 1956 *Annual Survey* 180; Murray "The nature of a trust in South African law" 1958 *Acta Juridica* 64). Vir kritiek teen Murray se standpunt, sien Van der Merwe en Rowland 375 en Cronjé en Roos 338.

54 1998 1 SA 382 (HHA); Sher 1998 *JBL* 81.

55 1956 1 SA 277 (A). Daar is ongelukkig nie verwys na die bespreking en beslissing in *Braun v Blann and Botha* 1984 2 SA 850 (A) nie. Indien so 'n vergelyking plaasgevind het, kon die hof moontlik ook wat betref die trust *inter vivos* tot die gevolgtrekking gekom het dat die regsfiguur *sui generis* is en op sy eie behoort te ontwikkel.

Commissioner for Inland Revenue[56] en veral van *Kommissaris van Binnelandse Inkomste v Van Blommestein*.[57] Daar sal aangetoon word dat die howe se geneigdheid om 'n testateur se wense as 'n bepaalde regsfiguur te identifiseer en dit dan daarvolgens te interpreteer, in beide gevalle gelei het tot verkeerde stellings in verband met sekere regsfigure asook tot 'n verkeerde beslissing. Daar sal ook aangetoon word dat die benadering van die minderheidsuitspraak in die *Van Blommestein*-beslissing te verkies is aangesien dit konsentreer op die bedoeling van die testateur sonder om 'n bepaalde regsfiguur te identifiseer.

6 2 *Van Blommestein* en *Holley*

6 2 1 Die feite in Van Blommestein

Die tersaaklike feite in *Kommissaris van Binnelandse Inkomste v Van Blommestein*[58] was kortliks die volgende: Die testateur het 'n aantal bates besit wat hy aan verskillende erfgename bemaak het. Die belangrikste bepalings waarop die geskil betrekking gehad het, was dat die testateur twee plase en sekere aandele in 'n maatskappy wat die huurder van die plase was, aan sy seun bemaak het. Verder het die testateur bepaal dat sy seun 'n verband van R100 000 oor die eiendomme moet registreer ten gunste van die administrateur van die boedel. Die rente op dié bedrag moes die seun aan die administrateur betaal wat dit op sy beurt onmiddellik aan die testateur se weduwee moes oorbetaal. Die tersaaklike beding lui soos volg:

> "[S]odra my administrateur die rente ontvang moet hy dit, . . . [o]nmiddellik aan my gesegde eggenote oorbetaal totdat sy te sterwe kom. Hierdie verband mag nie opgeroep word solank die rente gereeld op die vervaldatum betaal word nie. Indien die verband opgeroep word moet my administrateur voormelde bedrag belê en administreer op dieselfde wyse hierintevore . . . bepaal. Hierdie trust sal op datum van afsterwe van my gesegde eggenote ten einde loop . . ."

Die seun het gepoog om die rente wat hy ingevolge die testament moes betaal as "aftrekbare onkoste" (ingevolge a 11 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962) van belasting af te trek maar die Kommissaris van Binnelandse Inkomste wou nie die aftrekking toelaat nie. Die Inkomstebelasting Spesiale Hof het die Kommissaris gelyk gegee waarop die seun geappelleer het. Die volbank van die Kaapse Provinsiale Afdeling het die seun (in 'n mate) gelyk gegee en gevolglik volg hierdie appèl deur die Kommissaris na die Hoogste Hof van Appèl.

6 2 2 Meerderheidsuitspraak

Appèlregter Hoexter wat die meerderheidsuitspraak[59] lewer, gaan redelik vreemd te werk om 'n beslissing te bereik. Hy begin deur die vraag te bespreek of ons hier met 'n *modus* of 'n *fideicommissum* te make het[60] met verwysing na *Holley v Commissioner for Inland Revenue*.[61]

---

56 1947 3 SA 119 (A).
57 1999 2 SA 367 (HHA).
58 *Supra*.
59 Plewman AR, Melunsky Wn AR en Ngoepe Wn AR het saamgestem.
60 Die respondent se advokaat het sowel in die Spesiale Hof as in die hof *a quo* betoog dat die bedrae ter sprake deur die belastingpligtige bloot as *fiduciarius* ontvang is en dat dit hom nie persoonlik toegeval het nie. Die probleme het dus reeds by die aanvanklike regsadvies wat die respondent ontvang het en die betoë wat in die hof gelewer is, ontstaan. Die hof moes dus dié regsfigure bespreek omdat dit deur die respondent betoog is.
61 1947 3 SA 119 (A).

In die *Holley*-saak het die testateur sy onverdeelde aandeel in eiendomme asook sy aandeel in 'n vennootskapsboerdery aan die appellant bemaak. Die appellant was die seun van die testateur se broer en medevennoot. Die bemaking het bepaal dat die appellant sekere bedrae jaarliks aan die testateur se weduwee moes betaal. Die twispunt was of dié bedrae vir belastingdoeleindes deur die appellant in sy persoonlike hoedanigheid "ontvang" is. Die appèlhof beslis dat die bemaking aan 'n *fideicommissum* ten gunste van die weduwee onderworpe was en dat die geld dus nie in die erfgenaam se hande belasbaar was nie. Die tersaaklike bewoording in die testament lui soos volg:

> "[a]s well as the whole of my interest in the partnership business of Holley Brothers, *both bequests being made subject to the following conditions*:[62] (b) He, my said nephew James Hunt Holley, shall pay to his aunt, my wife, Francis Annie Holley, during the term of her natural life, a sum of seven hundred pounds (£700) per annum."

Daar is namens die Kommissaris betoog dat dié bepaling nie 'n *fideicommissum* daarstel nie, welke betoog deur Davis Wn AR met die volgende woorde verwerp is:[63]

> "How it can be suggested that this is not apt language to impose a *fideicommissum* is somewhat difficult to appreciate. I can see no difference between a bequest to A of £1, 000 with a direction that he shall hand over £500 to B and a bequest of £1, 000 to A on condition that he shall hand over £500 to B."

Soos reeds hierbo aangetoon, is dié stelling ver verwyder van die waarheid aangesien 'n voorwaarde die vestiging van regte affekteer terwyl dit nie die geval is by die *modus* nie. In hulle kritiek op die stelling, verduidelik Van der Merwe en Rowland[64] soos volg:

> "Van die opskortende voorwaarde verskil die *modus* daarin dat die *modus* nie 'n vertraging van die *dies cedit* tot gevolg het nie. By die *modus* word die begunstigde na die dood van die erflater onverwyld reghebbende tov die nagelate voordeel en is dan onderhewig aan die verpligting om aan die *modus* uitvoering te gee. By die opskortende voorwaarde word die bevoordeelde nie voor vervulling van die voorwaarde reghebbende nie en rus daar ook geen verpligting op hom om, waar moontlik tot vervulling van die voorwaarde mee te werk nie."

By hierdie uiteensetting kan ook gevoeg word dat die hof in die *Holley*-saak nie raakgesien het dat die bepaling 'n *nudum praeceptum*[65] sou wees indien dit inderdaad 'n voorwaarde is, soos wat die testateur dit beskryf het nie.[66]

Die redes waarom die hof waarskynlik besluit het dat hier van 'n *fideicommissum* sprake is, is die volgende: Die testateur verklaar in die testament dat sy testamentêre bepalings "[a]rise from our earnest desire that the existence and continuity of the 'Broadmoor' Estate should be preserved".[67] Hy bepaal daarna

---

62 So gekursiveer deur Davis Wn AR op 128 van die verslag.

63 1947 3 SA 119 (A) 128.

64 282.

65 Sien die bespreking hierbo.

66 Dit is alombekend dat testateurs dikwels terme gebruik wat iets anders beteken as dit wat hulle in gedagte het. Die goue reël by die uitleg van testamente is gevolglik "[t]o ascertain the wishes of the testator from the language used and, when these wishes are ascertained, the court is bound to give effect to them, unless we are prevented by some rule of law from doing so" (*Robertson v Robertson's Executors* 1914 AD 503 507). Sien ook *Cuming v Cuming* 1945 AD 201; *Coetzee v Die Meester* 1982 1 SA 295 (O); *Cohen v Roets* 1992 1 SA 629 (A).

67 1947 3 SA 119 (A) 125.

dat, indien James die eiendomme binne drie jaar na sy dood sou vervreem, die totale opbrengs daarvan in trust gehou moet word en die inkomste daaruit aan die testateur se weduwee moet gaan en by haar dood onder sy broer se drie kinders verdeel moet word. Laasgenoemde bepaling skep dus 'n geldige ontbindende voorwaarde omdat bepaal word wat met die bevoordeling (of, soos in hierdie geval, die opbrengs daarvan) moet gebeur indien die begunstigde strydig met die voorwaarde optree. Die bepaling herinner aan 'n vervreemdingsverbod wat normaalweg by 'n *fideicommissum* aangetref word, maar dit stel nie 'n geldige *fideicommissum* daar nie. Slegs waar 'n begunstigde aangedui is ten gunste van wie die vervreemdingsverbod ingestel is, ontstaan 'n geldige *fideicommissum*.[68] Die vervreemdingsverbod kan ook ten gunste van 'n klas persone gemaak word, byvoorbeeld waar die erflater bepaal dat die bevoordeling nie "uit die familie" mag gaan nie. In so 'n geval is 'n *fideicommissum* ten gunste van die erfgenaam se afstammelinge ingestel.[69] In die onderhawige geval maak die testateur dit egter nie duidelik dat die vervreemdingsverbod ten gunste van iemand ingestel word nie – hy bepaal nêrens dat die eiendomme in "die familie" moet bly of aan iemand anders moet gaan indien dit vervreem word nie. Inteendeel, hy bepaal dat die erfgenaam welkom is om dit te vervreem, maar dan moet die opbrengs in *trust* gehou word. Selfs al sou 'n mens uit die testament kon aflei dat die testateur bedoel het dat die eiendomme in die familie moet bly (en dus dat 'n *fideicommissum* wel geskep is), sou dit steeds nie betrekking hê op die bedrae waaroor die geskil gehandel het nie. Dit is duidelik dat die bepaling ten opsigte van die bedrae wat aan die weduwee betaal moes word, 'n *modus* was waaraan die erfgenaam uitvoering moes gee.

Om nou terug te keer na die uitspraak in die *Van Blommestein*-saak: Appèlregter Hoexter[70] haal die gewraakte stelling in die *Holley*-saak (soos hierbo aangehaal) aan en verwys na die kritiek van verskeie skrywers op dié stelling.[71] Hy gaan ook voort met 'n bespreking van die *modus* deur na verskeie ou skrywers[72] asook na een moderne skrywer, hoewel in baie ou artikels,[73] te verwys. Dan laat die hof egter 'n gulde geleentheid om die stelling in *Holley* finaal die nekslag te bied, asook om die onderskeie regsfigure duidelik te onderskei, deur die vingers glip deur te bevind dat "dit vir doeleindes van die onderhawige saak egter onnodig [is] om enige regstreekse bevinding oor die korrektheid van die *Holley*-saak te maak".[74]

---

68 Sien Voet 36 1 27; De Groot 2 20 20; *Pritchard's Trustee v Estate Pritchard* 1912 CPD 87; *Kock v Administator Estate Kock* 1946 CPD 27; *Ex parte Van Schalkwyk* 1968 4 SA 441 (O).

69 Voet 36 1 27; *Lind v Calitz* 9 SC 268; *Ryklief's Heirs v Ryklief's Estate* 13 SC 64; *Anderson v Estate Anderson* 1946 CPD 611.

70 1999 2 SA 367 (HHA) 381.

71 Hoexter AR verwys ook na Van der Merwe en Rowland 282 soos hierbo aangehaal en na Corbett ea 349 vn 167.

72 Op 382 verwys hy na Goudsmit *Pandecten-Systeem* (De Tracy Gould vert) 172–173; Voet 25 1 12 (Gane vert) en Sohm *Institutes of Roman law* (Ledlie vert) 215.

73 Beinart 1958 *Acta Juridica* 94 vn 19 en 97 vn 43; Beinart 1968 *Acta Juridica* 185 vn 194.

74 1999 2 SA 367 (HHA) 383. Die hof maak ook die stelling (383) dat die *Holley*-saak nie by beregting van die onderhawige saak "nuttig aangewend" kan word nie. Dit is inderdaad waar maar die hof kon die geleentheid gebruik het om die verkeerde stellings in die saak omver te werp en om die beginsels vir moderne gebruik duidelik te stel. Daar kan ook nie met die minderheidsuitspraak (387) saamgestem word dat die *Holley*-saak nie uit beleidsoorwegings omver gewerp behoort te word nie aangesien die uiteindelike beslissing wel

vervolg op volgende bladsy

Die hof onderskei die twee gevalle op die feite deur gebruik te maak van die testateur se bedoeling. In beide gevalle is eiendomme aan 'n begunstigde bemaak met 'n bepaling daarby dat 'n bedrag jaarliks aan die weduwee betaal moet word. Volgens die hof is daar egter 'n onderskeid in die testateurs se bedoeling omdat die testateur in die *Holley*-saak geweet het dat die begunstigde geen bates het waaruit hy vir die jaarlikse bedrae aan die weduwee voorsiening sou kon maak nie. In die *Van Blommestein*-saak het die testateur egter geweet dat die begunstigde wel oor fondse beskik waaruit hy die bedrae kon betaal. Wat egter vreemd is, is dat die hof na die likwidasie- en distribusierekening van die boedel gaan kyk om te sê dat die testateur geweet het dat sy seun wel oor fondse beskik en ook byvoeg dat die seun een van die plase verkoop het en dus wel oor fondse beskik. 'n Mens kan hier met twee vrae volstaan, naamlik:

(1) Hoe sou die testateur geweet het dat sy seun een van die plase sou verkoop en sodoende fondse sou bekom?[75] En meer tersaaklik,

(2) hoe het die hof hierdie afleiding uit die testament gemaak sonder die gebruik van ekstrinsieke getuienis?[76]

Daar moet gevolglik met die minderheidsuitspraak van appèlregter Smalberger saamgestem word dat die feite van die twee sake nie onderskei kan word nie omdat dit in beide gevalle gaan oor die beoordeling van die vraag "of dit die testateur se bedoeling was dat die bron van die jaargelde die inkomste (of bates) van sy boedel moes wees".[77] In beide gevalle is dit duidelik dat dit juis die testateur se bedoeling was om seker te maak dat die jaargelde uit sy boedel betaal kon word.

Ten spyte van appèlregter Hoexter se verklaring dat die *Holley*-saak nie hier van nut kan wees nie, beslis hy dat hier nie van 'n *fideicommissum* sprake is nie omdat die "[e]rflater se testament nie na die instelling van 'n *fideicommissum* [verwys] nie; en geen fonds aangewys [word] as bron van die bedrae aan die weduwee betaal nie". Hoewel saamgestem moet word dat hier nie 'n *fideicommissum* bestaan nie, is dit nie om die redes wat die hof hier noem nie. Soos reeds

---

korrek was (die begunstigde het nie die bedrae in persoonlike hoedanigheid "ontvang" nie). Die gronde waarop dit bevind is, nl dat hier met 'n *fideicommissum* gewerk word, is egter verkeerd.

75 Die testateur se bedoeling dat die erfgenaam beide eiendomme moet behou, blyk duidelik uit die testament. Hy maak verskeie bepalings ten opsigte van die beswaring van die eiendomme met verbande asook ten opsigte van betalings wat sy seun uit sy eie boedel moet doen ten einde enige tekort aan te vul. Die testateur het dus nie die moontlikheid voorsien dat sy seun een van die eiendomme sou verkoop nie. Selfs al sou die gebruik van ekstrinsieke getuienis hier toelaatbaar gewees het (sien vn 76), kan die verkoop van die een eiendom nie as argument aangevoer word om te sê dat die testateur geweet het dat sy seun oor fondse sal beskik nie.

76 Dit is 'n algemene beginsel van die bewysreg dat ekstrinsieke getuienis nie gebruik mag word om die inhoud van 'n testament te weerspreek of aan te vul nie. Waar die testateur se bedoeling duidelik uit die testament blyk, is geen getuienis buite die testament toelaatbaar om aan te toon wat die testateur se bedoeling was nie (*Campbell v Daly* 1988 4 SA 714 (T); *Will v The Master* 1991 1 SA 206 (K)). In beide die *Holley*- en *Van Blommestein*-saak was die testateur se bedoeling duidelik, naamlik om vir sy weduwee voorsiening te maak, sonder inagneming van die begunstigde se finansiële posisie. *In casu* oortree die hof dus die reël teen die gebruik van ekstrinsieke getuienis om 'n bepaalde bedoeling wat nie uit die testament blyk nie aan die testateur toe te sê.

77 1999 2 SA 367 (HHA) 387.

gesê,[78] gebruik testateurs dikwels nie die korrekte terminologie nie – dus sal 'n testateur nie noodwendig 'n bepaling as 'n *fideicommissum* beskryf nie. Dit is ook nie duidelik wat die hof bedoel met die verwysing na 'n "fonds" nie, maar dié beskrywing voldoen duidelik ook nie aan die vereistes van 'n *fideicommissum* nie.[79] Dit is moontlik dat die hof hier probeer aandui het dat daar ook nie met 'n trust gewerk word nie, ten spyte daarvan dat die testateur dit self 'n "trust" noem.[80] Hoe dit ook al sy, die hof vervolg dan deur te sê dat die betrokke bepaling 'n *modus* is; daarom het die weduwee nie die geld van die erflater se boedel nie, maar regstreeks van die respondent ontvang en daarom kan die respondent dit nie van belasting aftrek nie. Hoewel daar weer eens saamgestem moet word dat hier 'n *modus* is, kan daar nie saamgestem word dat die jaarlikse bedrae van die respondent kom nie. Die bedoeling is baie duidelik dat die erfgenaam en die administrateur slegs geleibuise is vir die geld om by die weduwee uit te kom. Die erflater se bedoeling dat die geld uit sy eie (die erflater se) boedel moet kom kan nie betwyfel word nie aangesien hy juis bepaal het dat 'n verband oor een van die bemaakte eiendomme geregistreer moet word ten einde dié bedrae te betaal sodat sy seun nooit nodig sou hê om dit uit sy eie sak te betaal nie.[81]

Die hof beslis in die laaste instansie dat die hof *a quo* gefouteer het met sy bevinding dat die bedrae aan die weduwee betaal deur die respondent ontvang is in sy hoedanigheid as *fiduciarius* en dat die bedrae by die respondent se bruto inkomste ingesluit moet word. Soos reeds aangetoon, is dit moeilik om in te sien hoe die bedrae as deel van die respondent se inkomste beskou kan word aangesien hy bloot as geleibuis moes dien ten einde die bedrae aan die weduwee oor te dra. Die eenvoudiger benadering van die minderheid van die hof sou tot 'n korrekte en baie billiker oplossing gelei het.

6 2 3 Die minderheidsuitspraak

Appèlregter Smalberger wat die minderheidsuitspraak lewer, sien die werklike bedoeling van die erflater raak en verklaar:[82]

> "[N]a my mening, het die erflater wel bedoel dat die bedrae aan sy weduwee betaal noodwendig uit die inkomste wat die respondent sou verdien deur middel van die geërfde bates, soos in die *Holley* geval. Dat die erflater die bemaakte jaargeld wou koppel aan sy plaaseiendomme, blyk ook uit die bepalings van klousule 10.5 *(a)* van die testament – die registrasie van 'n verband; die oproep van die verband sou betalings nie gereeld gemaak word nie; indien opgeroep, die belegging van die kapitale bedrag van die verband in trust; en na afsterwe van sy weduwee 'moet die trustgoed aan sy seun oorgemaak word as sy uitsluitlike eiendom'."

Volgens die minderheidsuitspraak is daar nie 'n verskil in die feite van die onderhawige saak en die *Holley*-saak nie, maar ook appèlregter Smalberger is huiwerig om 'n bevinding oor die korrektheid van dié beslissing te maak.

---

78 Sien vn 66.

79 Sien die beskrywing hierbo.

80 Dit wil tog voorkom asof die testateur wel die skepping van 'n trust in gedagte gehad het maar eers in 'n later stadium, naamlik wanneer die verband wat sy seun ten gunste van die administrateur moes registreer (sien die aangehaalde bepaling bo), opgeroep word. Die administrateur moet dan die aanvanklike bedrag van R100 000 in trust hou en steeds die rente aan die weduwee betaal.

81 Sien die mening van Smalberger AR in 6 2 3.

82 1999 2 SA 367 (HHA) 387.

'n Verklaring vir die meerderheid se omseiling van die *Holley*-saak kan moontlik ook gevind word in appèlregter Smalberger se huiwering:

> "Uit 'n beleidsoorweging sou ek ook huiwer om na verloop van meer as 50 jaar dit omver te werp gesien die feit dat die moontlikheid bestaan dat menige testateurs bemakings kon gedoen het in navolging van die beslissing in *Holley* se saak."

Ook appèlregter Smalberger vind dit onnodig om oor die korrektheid van die *Holley*-saak 'n bevinding te maak, maar volg 'n baie eenvoudiger benadering wat tot 'n billike resultaat sou gelei het indien dit die meerderheidsbeslissing was. Volgens hom is die

> "[k]ernvraag of die jaargelde wat die respondent aan die erflater se weduwee moes betaal in die belastingjare onder bespreking, deel gevorm het van sy bruto inkomste soos omskryf in artikel 1 van die Wet – met ander woorde, verteenwoordig dit bedrae 'ontvang deur of toegeval aan of ten gunste van die respondent'."[83]

Dit maak dus geen verskil of die bedrae kragtens 'n *fideicommissum* of kragtens 'n *modus* oorbetaal moes word nie – daar moet slegs gekyk word of die bedrae die respondent "toegeval" het en dit is patent duidelik dat die bedrae nie die respondent nie maar wel sy moeder "toegeval" het.

7 GEVOLGTREKKING

Uit die *Van Blommestein*-saak blyk dit dat daar steeds nie duidelik onderskei word tussen die regsfigure *modus*, *fideicommissum*, voorwaardes en trust nie. Indien die howe dit nodig vind om van hierdie regsfigure gebruik te maak wanneer testamente uitgelê word, moet die verskillende beginsels onderskei word aangesien elkeen die vestiging van regte op verskillende maniere beïnvloed. Die identifisering van hierdie regsfigure is egter dikwels onnodig omdat die vasstelling van die testateur se werklike bedoeling meesal die probleem kan oplos.

> *A greater immediate problem is the bureaucratic revolution that has engulfed us all. We have now reached a point at which bureaucracies are not simply instruments of service to other elements in the society but have become self-generating. They generate their own tasks. They create their own crises, which they are then called upon to solve.*
>
> *Daniel Elazar* Exploring federalism 264.

83 1999 2 SA 367 (HHA) 388.

Polisie-optrede tydens arrestasie

J le Roux
BIur LLB LLD
Medeprofessor in Strafreg aan die Universiteit van Pretoria

LADT Moolman
BProc LLB
Kandidaat-prokureur, Pretoria

SUMMARY

Police conduct during arrest

This article addresses police conduct during arrest, and the possible difficulties resulting from such arrest, from a juridical perspective. It endeavours to demonstrate the precise nature of the rights and duties which must be adhered to by a police official when making an arrest.

The statutory rights which empower the police official to make a successful arrest are also evaluated. The origin and extent of these rights are focused upon. There is recognition of the fact that armed resistance by criminals against lawful arrest is an unfortunate but common phenomenon and that many police officials have already lost their lives while attempting to execute an arrest. This situation necessitates a re-evaluation of the rights of the police official *vis-à-vis* those of the arrested person. The fact that the person to be arrested also enjoys particular rights, and that various requirements have to be met by the police official in order to make a lawful arrest, is evidence of the formidable challenge which faces South Africa's police officials today.

1 INLEIDING

Suid-Afrika beleef 'n misdaadontploffing. Daagliks dra die media berigte oor skokkende misdaadsyfers op sowel nasionale as provinsiale vlak. Nie net is seksuele misdade (veral teen vroue en kinders) aan die toeneem nie, maar die voorkoms van geweldsmisdade soos moord en roof is onrusbarend hoog. Dikwels is hierdie misdade polities gemotiveerd. Behoorlike wetstoepassing ter vergelding van gepleegde misdade én voorkoming en afskrikking van beplande misdade, het dringend noodsaaklik geword. In hierdie verband speel die polisiebeampte 'n sleutelrol, aangesien wetstoepassing en die bestrawwing van regskending daarvan afhanklik is dat die oortreder behoorlik gearresteer en voor 'n geregshof gebring word.

Die uitvoering van arrestasies is dikwels vir die polisiebeampte problematies. Gedurende 1996 het 517 polisiebeamptes in die (gepoogde) uitvoering van hul pligte gesterf. Van hierdie 517 polisiebeamptes is 223 blatant vermoor terwyl hulle aan diens was. Teen Mei 1999 het 323 polisiebeamptes reeds gesterf, waarvan 74 sterftes aan moord te wyte was. In Gauteng alleen is 21 konstabels gedurende die eerste vyf maande van 1999 vermoor.[1]

1 *The Pretoria News* 1999-05-03.

In die lig hiervan word die regte en verpligtinge van sowel die polisiebeampte as die persoon wat gearresteer staan te word, onder die soeklig geplaas.

2 GEARRESTEERDES, AANGEHOUDENES EN BESKULDIGDES IN DIE SUID-AFRIKAANSE REG

Die regte van gearresteerde, aangehoude en beskuldigde persone word in artikel 35(1)–(3) van die Grondwet uiteengesit.[2] By nadere ondersoek verskil hierdie regte van mekaar. Dit is dus belangrik om tussen "arrestasie" en "aanhouding" te onderskei, asook om te bepaal wanneer 'n persoon die status van "beskuldigde" verwerf. Artikel 35(1) van die Grondwet bepaal dat slegs 'n persoon wat 'n beweerde misdryf gepleeg het, gearresteer kan word. 'n Persoon wat weens 'n ander rede aangehou word, geniet daarom nie dieselfde regte as 'n gearresteerde persoon nie. Weens die feit dat die term "arresteer" nie in die Grondwet omskryf word nie, kan dit wees dat dié term nie dieselfde betekenis dra as wat ingevolge artikel 39 van die Strafproseswet[3] daaraan geheg word nie.

Weens konstitusionele redes kan geargumenteer word dat indien 'n verdagte ondervra, gevange geneem of andersins aangehou word, hy die status van 'n "gearresteerde persoon" verkry. Regter Satchwell het hierdie probleem in *S v Sebejan* aangespreek.[4] Hy beslis dat die kern van die onderskeid tussen 'n gearresteerde en 'n verdagte daarin geleë is dat laasgenoemde nie bewus is dat hy onderhewig is aan die risiko om van 'n misdaad aangekla te word nie. Omdat die verdagte van hierdie risiko onbewus is, kan hy die gevaar loop om ondeurdag op te tree deur byvoorbeeld selfinkriminerende uitlatings te maak wat later as getuienis teen hom gebruik mag word. Regter Satchwell laat haar soos volg hieroor uit:

> "If the suspect is deprived of the rights which have been afforded to an arrested person then a fair trial is denied a person who was operating within a quicksand of deception while making a statement. The pre-trial procedure is a determinant of trial fairness and is implicit in the Constitution and in our common law. How can a suspect have a fair trial where pre-trial unfairness has been visited upon her by way of deception . .? The temptation should not exist that accused persons, who must *a fortiori* have once been suspects are not advised of rights to silence and to legal representation and never receive meaningful warnings prior to making statements which are subsequently tendered against them in their trials, because it is easier to obtain such statements from them while they are still suspects who do not enjoy constitutional protection."[5]

Regter Satchwell kom tot die gevolgtrekking dat verdagtes op dieselfde verhoorprosedures as gearresteerdes geregtig is. Daar kan geargumenteer word dat die beskerming van artikel 35(1) so ontwerp en dus van toepassing is op "gearresteerde" persone soos omskryf in die Strafproseswet. Sekere van die gearresteerde se regte, soos om binne 48 uur na arrestasie in 'n hof te verskyn,[6] maak duidelik geen sin wanneer dit toegepas word op nie-gearresteerde persone soos verdagtes nie. Selfs die swygreg,[7] asook die reg om ingelig te word oor die rede vir

2 Wet 108 van 1996.
3 Wet 51 van 1977.
4 1997 1 SACR 626 (W).
5 *S v Sebejan* 1997 1 SACR 626 (W) 634F–G.
6 A 35(1)(d) van die Grondwet.
7 A 35(1)(a).

arrestasie,[8] behoort streng gesproke slegs tot die situasie waar die verdagte opgesluit en onder beheer van die staat is.[9]

Aanhouding verwys na gedwonge fisiese inperking van 'n persoon se vryheid. Kanadese howe het beslis dat aanhouding voorkom waar 'n agent van die staat "assumes control over the movement of a person by demand or direction which may have significant legal consequences and which prevents or impedes access to counsel".[10] Die Kanadese hooggeregshof het beslis dat wanneer 'n persoon se asem vir alkohol getoets word, dit geag word dat hy in aanhouding is.[11] Dit is onwaarskynlik dat Suid-Afrikaanse howe hierdie benadering sal volg. Om aanhouding te bewerkstellig, is 'n baie ernstiger inperking van bewegingsvryheid nodig. 'n Persoon moet vir 'n wesenlike tydperk fisies ingeperk word.[12]

Die beskuldigde is 'n persoon wat formeel aangekla is. In *Sanderson v Attorney-General, Eastern Cape* 1998 2 SA 38 (CC) par 18 wys regter Kriegler egter daarop dat die woord a*angekla*

> "can be interpreted very narrowly, so as to refer to the formal arraignment or something tantamount thereto, or broadly and imprecisely to signify no more than some or other intimation to the accused of the crime(s) alleged to have been committed".

In die meeste gevalle volg aanhouding na arrestasie, wat dan uitloop op 'n formele aanklag. 'n Persoon word met ander woorde eers 'n "arrestant", dan 'n "aangehoudene" en laastens 'n "beskuldigde". Snyckers in Chaskalson *et al Constitutional law of South Africa* (1996) hoofstuk 27 gaan hiermee akkoord. Arrestasie lê die regsbasis vir die aanhouding van 'n persoon met die doel om sy teenwoordigheid in die hof te verseker. Waar aanhouding op arrestasie volg, is dit logies dat die regte deur artikel 35(2) van die Grondwet verleen gelyktydig met dié van artikel 35(1) geld. Dit is nie seker of 'n gearresteerde altyd op die regte van 'n aangehoudene kan steun nie. Arrestasie kan net op fisieke beheer oor die arrestant slaan terwyl aanhouding verwys na voortgesette inperking van vryheid deur middel van gevangenisskap. Die regte soos deur artikel 35(2) verleen, sal dus net tot 'n aangehoudene se beskikking wees terwyl hy in aanhouding is. Waar 'n persoon gearresteer, aangehou en dan weer vrygelaat word, verval die regte soos in artikel 35(2) uiteengesit. Die regte deur artikel 35(1) verleen, bly egter van krag. Daar kan geredeneer word dat arrestasie aanhouding is vir doeleindes van strafregtelike vervolging en dat arrestasie ook aanhouding veronderstel. Omgekeerd, beteken arrestasie egter nie altyd regmatige aanhouding nie. 'n Gevangene wat tronkstraf uitdien, is byvoorbeeld 'n aangehoudene maar nie 'n gearresteerde nie. 'n Aangehoudene sal derhalwe nie altyd op die regte van 'n gearresteerde kan aanspraak maak nie. Net beskuldigdes het die reg op 'n billike verhoor.[13] Hierdie reg van die beskuldigde word geskend waar dit blyk dat daar inbreuk gemaak is op sy regte tydens sy vroeëre arrestasie of aanhouding. Dit sou byvoorbeeld die geval wees waar die staat sou poog om getuienis teen die beskuldigde te gebruik wat bekom is deur handelinge waardeur die beskuldigde se regte tydens sy arrestasie of aanhouding geskend is.

---

8 A 35(1)(b).

9 Hierdie situasie sal hom voordoen wanneer die verdagte gearresteer is.

10 *R v Therens* 1985 13 CRR 193 214. In *R v Hawkins* 1993 14 CRR 243 (SCC) is egter beslis dat ondervraging wat vóór arrestasie geskied nie aanhouding daarstel nie.

11 *R v Therens* 217.

12 Dit is telkens 'n feitevraag wat 'n fisiese inperking en 'n wesenlike tydperk sal wees. Sien De Waal, Currie en Erasmus *The Bill of Rights handbook* (1998) 424.

13 A 35(3) van die Grondwet.

3 VEREISTES VIR 'N REGMATIGE ARRESTASIE

'n Belangrike beginsel is deur die appèlhof neergelê in *Tsose v Minister of Justice* 1951 3 SA 10 (A). Die hof het naamlik beslis dat indien die oogmerk van 'n arrestasie is om die verdagte se lewe te vergal en hom die skrik op die lyf te jaag, sodanige arrestasie wederregtelik sal wees. Die rede hiervoor is dat die uitsluitlike doel van 'n arrestasie is om die beskuldigde voor die hof te kry. Die feite van bovermelde beslissing toon dat die polisie onwettige plakkers op 'n plaas herhaaldelik gearresteer het ten einde hulle op dié wyse te verplig om pad te gee. Hierdie optrede het die uitsluitlike oogmerk van bestrawwing gehad en is om hierdie rede deur die hof as 'n wederregtelike arrestasie bestempel. Arrestasie verteenwoordig 'n drastiese inbreukmaking op die individu se reg op vryheid van beweging. Die Grondwet verhef die reg van vryheid van beweging tot 'n fundamentele reg.[14] In die lig hiervan is dit van uiterste belang dat arrestasies regmatig uitgevoer word.

Regmatige arrestasie en regmatige voortgesette aanhouding wat daarop volg, vereis die volgende:

- Eerstens word vereis dat die arrestasie, hetsy met of sonder 'n lasbrief, behoorlik gemagtig moet wees. Daar moet dus 'n statutêre bepaling wees wat arrestasie magtig.
- Die polisiebeampte moet tweedens fisieke beheer uitoefen oor die persoon wat hy arresteer. Hierdeur moet die verdagte of arrestant se bewegingsvryheid aan bande gelê word. Indien die verdagte hom aan bewaring onderwerp, word arrestasie bewerkstellig deurdat die polisieman sy liggaam werklik aanraak of, indien omstandighede dit van hom vereis, deur sy liggaam met geweld in bedwang te bring.[15]
- Die derde vereiste is dat die gearresteerde ingelig moet word oor die rede vir sy arrestasie. Artikel 39(2) van die Strafproseswet is gebiedend in die opsig dat die polisieman ten tyde van die arrestasie of onmiddellik daarna die gearresteerde moet meedeel wat die rede vir sy inhegtenisneming is. In die geval van arrestasie met 'n lasbrief moet die arresteerder op versoek van die arrestant 'n afskrif van die lasbrief aan hom oorhandig. Aanhouding of bewaring sal onregmatig wees indien hierdie vereiste nie nagekom word nie.[16] Die omstandighede van elke geval sal bepaal of die arrestant genoegsaam ingelig is aangaande die rede vir sy inhegtenisneming. Die presiese bewoording van die klag wat later aan hom gestel sal word, hoef nie ten tyde van die arrestasie *verbatim* aan die gearresteerde bekend gemaak te word nie.[17] Indien die rede vir 'n persoon se arrestasie later aan hom gegee word, word die onregmatigheid van die arrestasie gekondoneer. Die arrestasie van 'n papdronke wat normaalweg onregmatig sou wees waar die rede vir sy arrestasie eers later, wanneer hy nugter is, aan hom meegedeel word, word op hierdie wyse bewerkstellig. Inligting wat 'n persoon self behoort te besit, hoef nie in besonderhede aan hom verstrek te word nie, veral waar hy *in flagrante delicto* betrap word.[18]

---

14 A 12(1).
15 A 39(1) van die Strafproseswet.
16 *S v Ngidi* 1972 1 SA 733 (N).
17 Sien in hierdie verband *Minister of Law & Order v Kader* 1991 1 SA 42 (A) en *Brand v Minister of Justice* 1959 1 SA 712 (A).
18 Die beslissing van die hof in *Macu v Du Toit* 1982 1 SA 272 (K) en *Minister of Law & Order v Parker* 1989 2 SA 633 (A) dien as gesag.

- 'n Laaste vereiste vir 'n regmatige arrestasie is dat die arrestant so gou redelik moontlik na die voorgeskrewe gesag geneem word. Artikel 50(1) van die Strafproseswet bepaal dat die arrestant so gou moontlik na 'n polisiekantoor, of in geval van arrestasie met 'n lasbrief, na die plek in die lasbrief genoem, geneem moet word. In *Ezekiel v Kynoch* (1923-04-13 (N)) is iemand 20 uur lank op 'n plek vyf kilometer vanaf 'n polisiestasie aangehou hangende 'n ondersoek na diefstal. Die hof beslis dat die aanhouding onregmatig was en staan skadevergoeding toe.

4 DIE PLIG OM TE ARRESTEER

In *Minister van Polisie v Ewels* het die respondent skadevergoeding van die appellant geëis. Die respondent het aangevoer dat lede van die Suid-Afrikaanse Polisie (soos dit toe bekend gestaan het) nalatig opgetree het deurdat hulle versuim het om hulle (statutêre) plig om die aanrander te arresteer na te kom. Die respondent is in die teenwoordigheid van polisiebeamptes aangerand en het as gevolg hiervan beserings opgedoen. Die respondent het aangevoer dat hierdie versuim van die polisiebeamptes om (positief) op te tree en die aanranding te voorkom, neerkom op die nie-nakoming van 'n statutêre plig. Die hof *a quo* het die respondent gelykgegee. Die appèl teen die beslissing van die hof *a quo* word verwerp. Hoofregter Rumpff het ter bekragtiging van die bevinding van die hof *a quo* dit nodig geag om kommentaar te lewer oor die effek van artikel 5 van die Polisiewet.[19] Artikel 5 lui soos volg:

> "Die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Polisie is, onder meer –
> (a) die bewaring van die binnelandse veiligheid aan die Republiek; (*sic*)
> (b) die handhawing van wet en orde;
> (c) die ondersoek van enige misdryf of beweerde misdryf;
> (d) die voorkoming van misdaad."

Hoofregter Rumpff het na die ontleding van artikel 5 tot die bevinding gekom dat, indien die wetgewersbedoeling soos dit uit die wet blyk in aanmerking geneem word, dit syns insiens nie gesê kan word dat nie-nakoming van die bepalings van artikel 5 deur 'n polisiebeampte noodwendig statutêre aanspreeklikheid daarstel nie. Die doel van artikel 5 is om in breë trekke die aard en werksaamhede van die polisie aan te dui en dit blyk nêrens uit die wet dat dit ooit die bedoeling van die wetgewer kon wees dat blote nie-nakoming deur 'n polisiebeampte van die plig om 'n bepaalde misdaad te voorkom of te ondersoek, statutêre (deliktuele) aanspreeklikheid skep nie. Die teendeel blyk egter uit artikel 32 van dieselfde wet, wat lui dat "enige siviele geding teen die staat of 'n persoon ten opsigte van enigiets uit hoofde van hierdie Wet gedoen ingestel word binne 6 maande nadat die eisoorsaak ontstaan het".

As uitgangspunt word aanvaar dat daar in die algemeen geen regsplig op 'n persoon rus om te verhinder dat iemand anders skade ly nie, al sou eersgenoemde maklik kon verhinder dat die skade gely word en al sou op *suiwer morele gronde* van so 'n persoon verwag kon word dat hy daadwerklik moet optree om die skade te verhinder. Tog kan die *boni mores* onder sekere omstandighede vereis dat 'n persoon moet verhinder dat 'n ander skade ly. Sou hy versuim om onder hierdie besondere omstandighede op te tree en gevolglik

19 Wet 7 van 1958.

nalaat om sy regsplig uit te voer, ontstaan daar 'n onregmatige late wat aanleiding kan gee tot 'n eis om skadevergoeding. Hoofregter Rumpff verklaar soos volg met verwysing na besondere gevalle van versuim (late) om positief op te tree ten einde nadeel te voorkom:

> "Dit skyn of dié stadium van (regs)ontwikkeling bereik is waarin 'n late as onregmatige gedrag beskou word ook wanneer die omstandighede van die geval van so 'n aard is dat die late nie alleen morele verontwaardiging ontlok nie, maar ook dat die regsoortuiging van die gemeenskap verlang dat die late as onregmatig beskou behoort te word en dat die gelede skade vergoed behoort te word deur die persoon wat nagelaat het om daadwerklik op te tree."[20]

In die onderhawige saak het 'n aantal polisiebeamptes hul in 'n polisiekantoor bevind. Dit is 'n gebou wat deur die polisie beheer word en wat vir lede van die publiek toeganklik is ten einde 'n klag te kan lê, synde een van die funksies wat 'n polisiekantoor vervul. Volgens artikel 5 van die Polisiewet[21] is een van die polisie se werksaamhede die voorkoming van misdaad. Dit is dus logies dat daar tussen 'n lid van die publiek en 'n polisiebeampte aan diens, 'n ander verhouding sal bestaan as tussen 'n lid van die publiek en 'n belangelose vreemdeling. Die polisiebeampte moet nie net misdaad afskrik of opspoor nie, maar moet ook mense beskerm. Die respondent is in die teenwoordigheid van 'n aantal polisiebeamptes, in die polisiekantoor, aangerand. Dit sou vir die polisiebeamptes redelik moontlik en selfs maklik gewees het om die aanval op die respondent te verhoed of beëindig.

Hoofregter Rumpff kom tot die slotsom dat die polisiebeamptes 'n regsplig gehad het om die respondent te hulp te kom. Hulle is derhalwe teenoor die respondent aanspreeklik. Die belang van die beslissing lê in die klem wat die hof plaas op die regsoortuiging van die gemeenskap as toets om te bepaal of daar in 'n gegewe geval 'n regsplig op 'n polisiebeampte rus om positief op te tree.

5 VERSET TEEN ARRESTASIE

Artikel 49 van die Strafproseswet 51 van 1977 lui soos volg:

> "(1) Indien iemand wat ingevolge hierdie Wet gemagtig is om 'n ander in hegtenis te neem of om met sy inhegtenisneming behulpsaam te wees, poog om so 'n persoon in hegtenis te neem en so 'n persoon –
>
> (a) hom teen die poging verset en nie sonder die aanwending van geweld in hegtenis geneem kan word nie; of
>
> (b) vlug wanneer dit duidelik is dat 'n poging gedoen word om hom in hegtenis te neem, of hom teen die poging verset of vlug,
>
> kan die aldus gemagtigde persoon ten einde die inhegtenisneming uit te voer, die geweld aanwend wat in die omstandighede redelikerwys nodig is om die verset te bowe te kom of om die betrokke persoon te verhinder om te vlug.
>
> (2) Waar die betrokke persoon in hegtenis geneem staan te word weens 'n in Bylae 1 bedoelde misdryf of in hegtenis geneem staan te word op grond daarvan dat hy redelikerwys verdink word so 'n misdryf te gepleeg het, en die persoon wat ingevolge hierdie Wet gemagtig is om hom in hegtenis te neem of met sy inhegtenisneming behulpsaam te wees, hom nie op 'n ander wyse in hegtenis kan neem of kan verhinder om te vlug as deur hom te dood nie, word die doding geag straffelose doodslag te wees."

---

20 *Minister van Polisie v Ewels supra* 597A–B.
21 *Ibid.*

Die filosofie onderliggend aan artikel 49 is die handhawing van wet en orde en die bevordering van behoorlike regspleging. Verdagtes word verhinder om deur middel van weerstand (wat die vorm van geweld kan aanneem) of ontvlugting arrestasie, en die daaropvolgende regsproses in die wiele te ry. Behoorlike bevoegdhede en magtiging om teen voortvlugtenes en ander verdagtes op te tree wat weerstand bied, is dus 'n *conditio sine qua non* vir suksesvolle arrestasie en behoorlike regspleging.

Artikel 49 dui nie as sodanig aan wat die moontlike gevolge sou wees indien 'n polisiebeampte buite die bevoegdhede wat deur die artikel verleen word, optree nie. Trouens, daar is nêrens in die Strafproseswet[22] 'n bepaling wat lig op hierdie vraag werp nie. Die bedoeling van die wetgewer met hierdie artikel is om sekere noodsaaklike bevoegdhede by arrestasie te verleen en nie om wederregtelike optrede te omskryf nie. Die algemene beginsels van strafregtelike aanspreeklikheid bly dus onveranderd. Wanneer die polisiebeampte wat na bewering sy/haar bevoegdhede ingevolge artikel 49 oorskry het, van 'n misdaad aangekla word, moet die staat as algemene reël al die gewone elemente van die betrokke misdaad bo redelike twyfel bewys. Hierdie aspek is deur die appèlhof beklemtoon in *S v Barnard*[23] en *S v Swanepoel*.[24] Die pleeg van 'n misdaad (bv moord) behels dus meer as bloot nie-nakoming van artikel 49. Die artikel moet gevolglik teen die agtergrond van die gemeenregtelike vereistes vir strafregtelike aanspreeklikheid gesien word.

Artikel 39(1) van die Strafproseswet verwys eweneens na die toepassing van geweld. Hierdie artikel bepaal die volgende:

> "Inhegtenisneming word met of sonder 'n lasbrief uitgevoer en, tensy die persoon wat in hegtenis geneem staan te word hom aan bewaring onderwerp deur sy liggaam werklik aan te raak of indien die omstandighede dit vereis deur sy liggaam met geweld in bedwang te bring."

In sy minderheidsuitspraak in *Macu v Du Toit*[25] het appèlregter Botha interessante opmerkings gemaak oor die verhouding tussen artikel 39(1) en 49 van die Strafproseswet. Volgens die regter het artikel 39(1) betrekking op die voorgeskrewe metode van arrestasie waarby die aanwending van geweld, indien dit nodig sou wees, inbegrepe is, terwyl artikel 49(2) die toelaatbare *quantum* van geweld omskryf wat geoorloof is wanneer 'n poging tot inhegtenisneming lei tot verset of ontvlugting deur die persoon wat gearresteer staan te word. Die twee artikels vind dus aansluiting: artikel 39(1) magtig geweld, terwyl artikel 49 vereistes en grense vir geweld daarstel. Hierdie twee artikels moet duidelikheidsonthalwe altyd saamgelees word ter bepaling van die korrekte wetgewersbedoeling.

Volgens die appèlhof moet artikel 49 streng uitgelê word aangesien hierdie artikel moontlik verreikende beskerming aan 'n beskuldigde kan bied. Regter Coetzee verwys in *S v Barnard* na artikel 49 as "'n verskoningsgrond wat baie streng vertolk moet word". Die vraag kan gestel word of hy nie te ver gaan met sy streng uitleg van artikel 49 nie, sodat hy uiteindelik die beskuldigde wat buite artikel 49 opgetree het aan moord skuldig bevind en wederregtelikheidsbewussyn vind waar die beskuldigde die situasie objektief verkeerd beoordeel het. Die

---

22 *Ibid.*
23 1986 3 SA 1 (A).
24 1985 1 SA 576 (A).
25 *Ibid.*

gebruiklike waarskuwing om artikel 49 streng uit te lê, kan ook misbruik word, nie net deur die betrokke artikel verkeerd toe te pas nie, maar ook deur die strafreg dekades terug te plaas deur die invoering van 'n tipe "opsetlose moord". Sonder ingrypende bevoegdhede aan die kant van die arresteerder sal behoorlike regspleging nie moontlik wees nie. Daar kan aanvaar word dat selfs die blote bestaan van artikel 49 verdagtes kan afskrik van weerstandbieding teen arrestasie. In sake soos *Macu v Du Toit*[26] wil dit tog lyk asof die howe in hulle streng uitleg van artikel 49 poog om die privaat persoon, eerder as die polisiebeampte, beduidend te beperk. Die korrektheid van sodanige benadering word betwyfel. Logieserwys kan daar omstandighede bestaan waar die privaat persoon juis meer ervaring van arrestasie het as die polisiebeampte. Gestel 'n werknemer van 'n buurtwagmaatskappy het tien jaar ondervinding van arrestasie en hy arresteer 'n inbreker. Gestel verder dat hy tydens 'n aanrandingsaak teen hom artikel 49 as verweer opwerp. Sal dit dan in hierdie omstandighede reg en billik wees om hierdie artikel strenger teen die privaat persoon uit te lê as teen 'n polisiebeampte wat minder ervaring het? Onses insiens is die antwoord ontkennend. Verder is daar in die bewoording van artikel 49 geen aanduiding dat dit die bedoeling van die wetgewer kon wees om tussen polisiebeamptes en privaat persone te onderskei nie.

6 EFFEK VAN ARRESTASIE

Die effek van arrestasie is dat die arrestant daarna in wettige bewaring is en dat hy in bewaring aangehou mag word totdat hy wettig uit bewaring ontslaan of vrygelaat word. Selfs waar arrestasie of aanhouding onregmatig is, sal dit geen invloed hê op die beskuldigde se aanspreeklikheid ten opsigte van die ten laste gelegde misdaad nie. Teoreties kan 'n aangehoudene wat onregmatig aangehou word by die hof aansoek doen om vrylating. In die praktyk sal dit egter toelaatbaar wees vir belanghebbendes soos familie, vriende, vennote of medelede van 'n vereniging of politieke party om dit ten behoewe van die aangehoudene te doen.

Die *interdictum de libero exhibendo* is 'n belangrike remedie wat aangewend kan word om regterlike hersiening van polisie-optrede te verkry en gevolglik die onderdaan teen arbitrêre vryheidsberowing te beskerm. Die hof word genader om 'n bevel dat die respondent (wat die Minister van Vryheid en Sekuriteit, die bevelvoerende offisier, die sipier, ens, kan wees), die (liggaam van die) aangehoudene op 'n sekere datum en tyd voor die hof moet bring. Hierdie bevel word gekoppel aan 'n bevel *nisi* en die respondent moet redes aanvoer waarom die aangehoudene nie vrygelaat moet word nie.

Tot onlangs was daar onsekerheid of Engelsregtelike of gemeenregtelike beginsels tydens hierdie aansoek toegepas moet word. Die Engelsregtelike remedie is die sogenaamde *habeas corpus*, en die gemeenregtelike remedie die *interdictum de libero homine exhibendo*. In die Engelse reg het daar tot onlangs geen reg op appèl bestaan vir 'n party teen wie 'n *habeas corpus*-bevel gegee is nie. In *Kabinet van die Tussentydse Regering vir Suidwes-Afrika v Katofa*[27] het die appèlhof beslis dat die *habeas corpus*-beginsel nie in ons reg opgeneem is nie en dat die beginsels van die *interdictum de libero homine exhibendo* in Suid-Afrika geld. Die hof beslis verder ook dat 'n reg van appèl teen die toestaan of weiering van 'n bevel tot vrylating vir alle partye bestaan.

---

26 *Ibid.*
27 1987 1 SA 695 (A) 727E.

Die pligte en bevoegdhede van persone wat deur 'n lasbrief gemagtig is om iemand in hegtenis te neem, stem grotendeels ooreen met dié van persone wat sonder 'n lasbrief arrestasie uitvoer. Hierdie pligte en bevoegdhede behels die plasing van voorwerpe wat aan die gearresteerde gevind word in veilige bewaring, die algemene bevoegdheid wat nodig is vir die uitvoering van 'n arrestasie en die bevoegdheid om te eis dat derde partye tydens die arrestasie daarmee behulpsaam moet wees.

7 DIE REGTE VAN GEARRESTEERDES IN DIE LIG VAN DIE GRONDWET

7 1 Die reg om te swyg

Die beskuldigde se swygreg spruit voort uit die vermoede van onskuld en ontstaan sodra arrestasie plaasvind. 'n Beskuldigde is nie verplig om die vervolging by te staan in sy taak nie en daar mag nie later teen die beskuldigde in die hof gediskrimineer word omdat hy sy swygreg uitgeoefen het nie. Verdagtes en persone wat nie gearresteer is nie, beskik egter nie oor 'n swygreg nie.

Voorts sal die swygreg nie die polisie verhoed om individue voor te keer en te ondervra nie. 'n Verdagte mag nie swyg wanneer die polisie sy naam of adres van hom vra nie. Sodanige optrede deur 'n verdagte sou moontlik die misdaad poging tot regsverydeling of regsbelemmering daarstel.

7 2 Die reg om onverwyld van die reg om te swyg verwittig te word

Die arrestant moet so gou doenlik oor sy swygreg ingelig word[28] asook van die gevolge indien hy nie hierdie reg uitoefen nie.[29] Die belang van hierdie reg is daarin geleë dat dit vir die arrestant moontlik moet wees om 'n ingeligte besluit te kan neem. Hy kan dus uit vrye wil oorweeg (soos bv in die geval van 'n formele erkenning) of hy inligting aan die staat gaan verstrek of nie. Indien die arrestant steeds verkies om inligting te verstrek, kan dit as getuienis teen hom in 'n hof gebruik word.[30] Indien die inligting verskaf word sonder dat hy van hierdie reg bewus was, kan die inligting van die hofverrigtinge uitgesluit word.

In beginsel moet die arrestant skriftelik of mondeling oor sy regte ingelig word. Dit kan ook stilswyend geskied waar die arrestant nie kan lees nie en boonop doof is. Die taal waarin die arrestant ingelig word, moet 'n taal wees wat hy kan verstaan (onder sekere omstandighede behoort gebaretaal voldoende te wees). Die taal wat gebesig word, hoef nie noodwendig die arrestant se moedertaal te wees nie. Die hof het in *S v Agnew*[31] beslis dat waar die arrestant reeds gewaarsku is om te swyg, die swygreg steeds ondermyn kan word deur opvolgende handelinge deur die staat. In hierdie saak[32] het die polisie versuim om te wag vir die arrestant se prokureur wat teenwoordig moes wees. Die arrestant het voortgegaan en 'n verklaring aan 'n landdros gemaak. Die prokureur sou sy kliënt geadviseer het om nie die verklaring onder die omstandighede te maak nie. Die verklaring was derhalwe ontoelaatbaar in die hof. Die hof het bevestig dat die teenwoordigheid van 'n prokureur wat sy kliënt bystaan, inlig en adviseer die swygreg versterk.

---

28 A 35(1)(b)(i).
29 A 35(1)(b)(ii).
30 'n Bekentenis deur die arrestant sou op hierdie wyse as getuienis aangewend kon word.
31 1996 2 SACR 535 (C) 541D.
32 *Ibid*.

7 3 Die reg om nie verplig te kan word om 'n bekentenis of erkenning te maak wat as getuienis teen daardie persoon gebruik sou kon word nie

'n Formele erkenning word binne die hof gemaak. Indien die hof dit aanvaar, is dit dieselfde as 'n pleit van skuldig. 'n Bekentenis kan binne of buite die hof gemaak word. Die effek daarvan is egter om 'n ongunstige feit buite geskil te plaas. Tradisioneel is daar onderskei tussen 'n bekentenis en 'n erkenning. Waar die erkenning nie ekwivalent was aan 'n pleit van skuldig nie, is daar nie in dieselfde mate daarteen gewaak as in die geval van bekentenisse nie. Die Grondwet[33] erken nie meer hierdie onderskeid nie. In *S v Mbolombo*[34] is geargumenteer dat die betaling van 'n baie hoë bedrag borggeld gelykstaande was aan erkenning van skuld deur die beskuldigde. Die hof beslis dat die landdros ten tyde van die vasstelling van die borgbedrag daarop geregtig was om aan te neem dat die beskuldigde skuldig was aan die roof van 'n groot bedrag geld en dat hy steeds in besit daarvan was.

Die belangrikste toepassing van hierdie reg word gevind in *S v Zuma*,[35] waar die Konstitusionele Hof artikel 217(1)(b)(ii) van die Strafproseswet ongeldig verklaar het. Hierdie subartikel het 'n bewyslas op die beskuldigde geplaas om onder andere te bewys dat 'n bekentenis voor 'n landdros nie vrywillig gemaak is nie. Die hof het beslis dat die gemeneregsreël dat die staat bo redelike twyfel moet bewys dat 'n bekentenis vrywillig gemaak is, 'n integrerende deel van die regte soos verskans in artikel 25(1)(c) van die interim Grondwet 200 van 1993 was.

7 4 Die reg om so gou as wat redelikerwys moontlik is voor 'n hof gebring te word

Artikel 50(1) van die Strafproseswet plaas 'n plig op die staat om die arrestant binne 48 uur voor 'n laer hof te bring. Hierdie artikel word deur die Grondwet gesteun.[36] Daar moet op gelet word dat die konstitusionele reg vereis dat 'n arrestant so gou as wat redelikerwys moontlik is en nie langer as 48 uur na inhegtenisneming nie voor 'n hof moet verskyn. Die 48-uur tydperk stel dus die limiet. Die reg van die individu kan beperk word deur oorskryding van die tydperk mits die regskending regverdigbaar is binne die konteks van artikel 36 van die Grondwet.[37]

8 KONKLUSIE

Suid-Afrika word tans deur 'n vlaag van misdaad geteister. Die vergelding van misdaad deur strafoplegging is afhanklik van die teenwoordigheid van die misdadiger in 'n geregshof. Deur die suksesvolle uitvoering van arrestasies, synde een metode om die teenwoordigheid van die beskuldigde in die hof te verseker, speel die polisiebeampte derhalwe 'n kardinale rol in strafregspleging.

Statistieke toon dat verset teen arrestasie 'n toenemende verskynsel van die moderne samelewing is. Daar word gevolglik daagliks hoër eise aan die polisiebeampte gestel wat die taak om geharde (en dikwels gewapende) misdadigers te arresteer, opgelê word. Die polisiebeampte word statutêr vir hierdie taak bemagtig. Tog beskik die arrestant eweneens oor bepaalde regte wat deurgaans deur die polisiebeampte eerbiedig moet word. Slegs dán kan die doeltreffendheid en integriteit van Suid-Afrika se strafregstelsel verseker word.

---

33 *Ibid.*
34 1995 5 BCLR 541 (C).
35 1995 4 BCLR 401 (CC).
36 *Ibid.*
37 *Ibid.*

The open society

Donrich W Jordaan
BLC LLB
Unit for Policy Studies, Centre for International Policy Studies, University of Pretoria

OPSOMMING

Die oop gemeenskap

Die relatiewe nuutheid van en onvertroudheid in regskringe met die konsep *oop gemeenskap* het aanleiding gegee tot die gerieflike hantering van die konsep as bloot 'n deel van die frase oop *en demokratiese gemeenskap*, met die klem op die meer bekende konsep *demokrasie*, wat die relevansie van die konsep oop gemeenskap in die praktyk drasties verminder. Die doel van hierdie artikel is om by te dra tot regspraktisyns se begrip van hierdie belangrike konsep en hul gewilligheid om dit in die praktyk te gebruik. Eerstens word die oorsprong van die oop gemeenskap in die werk van Bergson bespreek. Hierna skuif die fokus na Popper, onge-twyfeld die invloedrykste skrywer oor die onderwerp. Popper se invloedryke status word bevestig deur die feit dat hy deur die Konstitusionele Hof as gesag aangehaal word. Drie beginsels van 'n oop gemeenskap word uit Popper se definisie afgelei en ondersoek, naamlik vryheid, menslikheid en rasionaliteit. Wat verder duidelik blyk uit Popper se definisie, is dat 'n gemeenskap se oopheid nie net gemeet kan word aan die gemeenskap se formele navolging van die drie beginsels nie, maar baie spesifiek aan die gemeenskap se substantiewe – voetsoolvlak – navolging daarvan. Vervolgens word 'n *oop gemeenskap* onderskei van 'n vry gemeenskap en Popper se siening van individualisme word krities geëvalueer. Hierna val die kalklig op die merkwaardige bydrae wat deur regter Sachs gemaak is deurdat hy die oop gemeenskap onlosmaaklik aan diversiteit verbind het. Ten slotte word 'n geïntegreerde definisie voorgestel om die kern van die verskillende bydraes saam te vat.

1 INTRODUCTION

Since the dawning of our country's constitutional era the phrase *open and democratic society*[1] has become well known. While the concept *democracy* is used by other notable constitutions,[2] our young Constitution is the only one to refer to the concept *open society*, thereby introducing a political scientific concept into South African jurisprudence. But how well are legal practitioners acquainted with the *meaning* of this concept? The relative novelty and unfamiliarity in legal circles of the concept *open society* present the risk that the concept will conveniently be treated as just a part of the larger phrase with the emphasis on the far better known concept *democracy* – thus rendering the concept *open society* meaningless and of no particular relevance in itself. This untenable situation is clearly demonstrated by comparing the frequency with which these different concepts have been used in constitutional judgments. In the Butterworths Constitutional Law Reports the phrase

1 Ss 36(1) and 39(1) of The Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 of 1996 (1996 Constitution).

2 See the Basic Law for the Federal Republic of Germany, art 18; and the Canadian Charter of Rights and Freedoms s 1.

"open and democratic society" is used 431 times, and the phrase "democratic society" 748 times. The phrase "open society", however, is used on a mere twenty occasions!

In this article I intend to shed some light on this central and unique part of our Constitution. I shall first discuss the origin of the concept and then its analysis by Popper, whose name has since become synonymous with the concept. After this the focus will shift to recent judgments that have contributed to our understanding of the content of the concept.

2 BIRTH OF THE CONCEPT: HENRY BERGSON

During the early thirties Bergson introduced the concept of the open society[3] in his book *Two sources of morality and religion*.[4] For Bergson the open society is a stage in the development of humanity, in essence entailing a global state, inclusive of the whole of humanity. This global state is based on religious notions such as love and the intrinsic dignity of all people.[5] A closed community, on the other hand – although it can be immensely large – includes only a segment of humanity and *excludes* another at any given point.[6] The difference between the open and the closed society is thus one of kind and not simply one of degree.[7] In spite of the universality of the open society Bergson views it as focused on the individual,[8] in contrast with the closed society which tends to be of a more organic[9] and therefore more impersonal[10] in nature.

The holistic character of Bergson's concept of the open society needs to be accentuated. By definition there can be only one all-inclusive open society, since there is only one humanity – hence the use of the definite article with the concept.[11] The question whether a nation state can be an open society immediately comes to mind. It is my contention that the Bergsonian open society can never be realised within the confines of the nation-state system, a political structure that by definition divides humanity. The question arises whether the framers of our Constitution were aware of this incompatibility. Since the 1996 Constitution expressly declares South Africa a sovereign (nation) state,[12] the only answer can be that the concept open society in our Constitution was not intended to have (and therefore cannot have) a Bergsonian content.

3 THE OPEN SOCIETY'S COMING OF AGE: KARL POPPER

During World War II, when it seemed that Nazism and Fascism might triumph, Popper wrote his famous book, *The open society and its enemies*, first published in 1946. Since then *The open society and its enemies* has come to be considered a landmark in the development of political theory and was also often utilised as a weapon on the academic battlefields of the Cold War.

---

3 See Germino and Von Beyme *The open society in theory and practice* (1974) 1.
4 Originally published in French as *Les deux sources de la morale et de la religion* (1932) trans Andra and Brereton (1935).
5 *Idem* 25.
6 *Idem* 22.
7 *Idem* 24.
8 *Idem* 42.
9 *Idem* 29.
10 *Idem* 26.
11 *Idem* 256. "The open society is the society which is deemed in principle to embrace all humanity."
12 S 1.

Popper defines an open society as a society which

> "rejects the absolute authority of the merely established and the merely traditional while trying to preserve, to develop, and to establish traditions, old or new, that measure up to [the] standards of freedom, of humaneness, and of rational criticism".[13]

3 1 Distinguishing between Popper and Bergson

Popper was well aware that Bergson also used the concepts open and closed society, and specifically distinguishes his analysis of the concept from that of Bergson:

> "My term indicates a *rationalist* distinction; the closed society is characterised by the belief in magical taboos, while the open society is one in which men have learned to be to some extent critical of taboos, and to base decisions on the authority of their own intelligence (after discussion). Bergson, on the other hand, has a *religious distinction* in mind."[14]

A further interesting difference between Popper and Bergson pertains to the advancement of the open society: Popper supports *liberal* imperialism,[15] while Bergson rejects all kinds of imperialism and holds that the open society must advance through cultural permeation rather than through power.[16] A more important difference, however, is that the object of the society's openness according to Bergson is humanity – other people – something concrete, while Popper sees it as abstract, namely value systems and ideas. This difference results in Bergson's insistence on a holistic open society, including all of humanity, contrary to the possibility – and indeed prevalence – of multiple (non-inclusive) open societies in Popper's paradigm.

3 2 The principles of an open society

In his definition Popper emphasises the concepts freedom, humaneness, and rationality. It is suggested that, since these three concepts are used as the basis for measuring openness, they can most suitably be described as *principles* of an open society.

3 2 1 Freedom

Although Popper does not provide us with an exact definition of freedom, he does make certain very instructive comments on the subject. The fundamental purpose of the state, according to Popper, is to protect that freedom which does not *harm* other citizens.[17] Furthermore:

> "[T]he state must limit the freedom of the citizens as equally as possible, and not beyond what is necessary for achieving an equal limitation of freedom."[18]

A recent contribution to our understanding of freedom in the context of an open society comes from Judge Ackermann's minority judgment in *Ferreira v Levin NO*

---

13 Popper *The open society and its enemies* Vol I (1950) Pref ix.
14 *Idem* Notes 202.
15 *Idem* 176.
16 Germino and Von Beyme (fn 3) 15.
17 Popper Vol I (fn 13) 110. Note Popper's use of the classical harm principle, introduced by John Stuart Mill in *On liberty*: Mill defined freedom as follows: "The only freedom that deserves the name, is that of pursuing our own good in our own way, so long as we do not attempt to deprive others of theirs, or impede their efforts to obtain it." (*On liberty and the subjection of women* (1996) 16.)
18 Popper Vol I (fn 13) 110.

and *Vryehoek v Powell NO*.[19] He contends that the right to freedom and security of the person[20] is a residual freedom right, in the sense that it encompasses all the aspects of freedom which have not specifically been named in the rest of Chapter 3 of the interim Constitution. He consequently gives a broad and generous construction to this right, differing from the majority of his colleagues on the bench. The fact that the interim Constitution's limitation clause demanded that any limitation on the right to freedom and security of the person be not only reasonable, but also necessary, influenced the majority's judgment to a considerable degree. Since the necessity requirement is not included in the 1996 Constitution, Judge Ackermann's interpretation of the right to freedom and security of the person can very likely be followed in future constitutional cases. In the process of examining personal freedom, the judge focuses specifically on the concept of an open society, thereby illuminating the concept for the first time in our country's history of case law and providing the legal profession with valuable insight well worth quoting:

> "[An open society] is a society in which persons are free to develop their personalities and skills, to seek out their own ultimate fulfilment, to fulfil their own humanness and to question all received wisdom without limitations placed on them by the State. The 'open society' suggests that individuals are free, individually and in association with others, to pursue broadly their own personal development and fulfilment and their own conception of the 'good life'."[21]

Directly at the end of the above quoted paragraph a footnote is inserted in which Popper is quoted, showing clearly the basis of Judge Ackermann's analysis.

3 2 2 Humaneness

Humaneness, or humanitarianism as Popper also often refers to it, plays a fundamental part in his view on justice in an open society. Humanitarian ethics, he states, demands an *equalitarian* and *individualistic* interpretation of justice.[22] This is contrasted with the unequal and collectivist interpretation of justice in a closed society, which can, for instance, accommodate rigid caste systems and has as its sole criterion of morality the interest of the state. Morality in a closed society is therefore nothing more than political hygiene.[23] The primary function of the state from the humanitarian perspective is to *protect* its citizens – protection against harm and protection of each citizen's equal freedom.[24]

Humaneness is also used interchangeably with the concept of the *brotherhood of all men*,[25] emphasising the community of feeling between all human beings[26] and immediately calling the universality principle of human rights to mind. It is suggested that there is a clear analogy between humaneness and the constitutional value of human dignity, since both concepts revolve around consideration towards other individuals and avoidance of harm to them, based on the sole virtue of their being human.

---

19 1996 1 BCLR 1 (CC).
20 S 11(1) of the Constitution of the Republic of South Africa, Act 200 of 1993 (interim Constitution).
21 *Ferreira* (fn 19) par 50.
22 Popper Vol I (fn 13) 106.
23 *Idem* 107.
24 *Idem* 110.
25 *Idem* 184 "faith in reason, freedom, and the brotherhood of all men . . . the only possible faith of the open society".
26 *Reader's Digest illustrated Oxford dictionary* (1998) 109.

3 2 3 Rationality

Rationality is based on reason (Popper uses the terms *reason* and *rationality* interchangeably), which is the intellectual faculty by which conclusions are drawn from premisses.[27] The crucial question therefore is: What can serve as premisses for reasoning – as the basis of norms – in an open society? Popper makes it clear that norms cannot be derived from facts:

> "Neither nature nor history can tell us what we ought to do. Facts, whether those of nature or those of history, cannot make the decision for us, they cannot determine the ends we are going to choose. It is we who introduce purpose and meaning into nature and into history. Men are not equal; but we can decide to fight for equal rights. Human institutions such as the state are not rational, but we can decide to fight to make them more rational."[28]

Note that the fact that a certain norm is widely accepted by a society – perhaps even by all societies! – does not make that norm a fact:

> "That most people agree with the norm 'Thou shalt not steal' is a sociological fact. But the norm 'Thou shalt not steal' is not a fact, and can never be inferred from sentences describing facts."[29]

It has thusfar been established that norms are derived from certain premisses which are decided on by man. From this follows an important part of Popper's philosophy, namely that because norms are in essence man-made, man also carries the responsibility for them:

> "[N]orms and normative laws can be made and changed by man, more especially by a decision or convention to observe them or to alter them, and that it is therefore man who is morally responsible for them; not perhaps for the norms which he finds to exist in society when he first begins to reflect upon them, but for the norms which he is prepared to tolerate once he has found out that he can do something to alter them. Norms are man-made in the sense that we must blame nobody but ourselves for them; neither nature nor God. It is our business to improve them as much as we can, if we find that they are objectionable . . . We can compare the existing normative laws (or social institutions) with some standard norms which we have decided are worthy of being realized. But even these standards are of our making in the sense that our decision in favour of them is our own decision, and that we alone carry the responsibility for adopting them."[30]

It has already been established what *cannot* serve as premisses in the rational processes which are essential in an open society. What is it that *can* serve as premisses, as standard norms which we have decided are worthy of being realised, in Popper's words? It is suggested that, in an open society, the answer to this question points clearly to the (other two) principles of an open society, namely freedom and humaneness.

3 3 The spheres of application of the principles: formal and substantive openness

In his definition Popper sketches the open society as a society which rejects the absolute authority of the merely *traditional*, while preserving and developing *traditions*, old or new, that measure up to the three principles. The dictionary

---

27 *Idem* 681 684.
28 Popper *The open society and its enemies* Vol II (1963) 278.
29 Popper Vol I (fn 13) 64.
30 *Idem* 61.

definition of tradition, namely a custom, opinion, or belief that is handed down to posterity especially orally or by practice,[31] is undoubtedly too narrow for the context in which Popper employed the term. It will be more contextually sensible to give traditions a broader interpretation that encompasses all of society's social arrangements. Tradition therefore does not only incorporate a society's law, but also a society's social morals or mores. The immense impact of mores on the individual has very eloquently been stated by Mill:

> "Society . . . practises a social tyranny more formidable than many kinds of political oppression, since, though not usually upheld by such extreme penalties it leaves fewer means of escape, penetrating much deeper into the details of life, and enslaving the soul itself."[32]

Without underestimating the power of law to influence mores, jurists must be acutely conscious of the fact that mere conformity of the legal system to the three principles (ie formal openness) does not suffice. The mores must also comply with the three principles (ie substantive openness), and in order to achieve this goal it is my contention that the law needs *proactively* to advance the three principles in the community.[33] Mere conformity of the legal system may be a first step towards the attainment of an open society, and set an example to the community, but legally sanctioned affirmative action aimed at the renewing of mores is essential to ensure the full attainment of an open society. In the absence of proactive legal intervention in a society's mores, the interaction between law and mores can take generations to produce the desired mores, if at all, or the mores can even stay stagnant and eventually cause retrogression in the law!

3 4 Distinguishing between an open society and a free society

What is then the difference between openness and liberty, between an open and a free society?[34] Are the two concepts not synonymous? Since the two concepts have so much in common, it can be a seductive simplification to reduce them to synonyms. A reference to the three principles of an open society will easily explain the difference between the two concepts: An open society encompasses a free society, but it also encompasses more than that, namely the principles of reason and humaneness.

But is reason not implied by freedom, as the very basis of the latter? And is freedom not inherently humane? What is the importance of mentioning reason and humaneness separately? On the basis of the discussions above, it must be clear that both reason and humaneness have specific meanings and purposes independent of freedom. If they are seen only as values implied by freedom, their possible applications in society would also be limited to the context of freedom. In an open society, however, reason, humaneness and freedom are separate principles, mutually complementing and interacting with one another. When legal practitioners encounter the concept of an open society, they can therefore fruitfully employ all three the principles.

---

31 *Reader's Digest illustrated Oxford dictionary* (fn 26) 881.

32 Mill (fn 17) 8.

33 On the premiss, of course, that the mores of the particular society in question do not adhere to the three principles.

34 The Canadian Constitution refers to a "free and democratic society" and the German Constitution to "the free democratic basic order" (fn 2).

3 5 Atomistic versus communitarian individualism

A few prominent characteristics of Popper's open society deserve attention. In contrast to the collectivistic, organic character of the closed society, an open society is atomistic and its members are confronted by personal decisions. In an open society there is competition between its members to rise socially, while institutions and castes are sacrosanct in the closed society. Popper concedes that many people can experience the open society as impersonal and can be left in a condition of anonymity and isolation, and consequently of unhappiness. This is seen as the necessary price of incalculable gains: "Personal relationships of a new kind can arise when they can be freely entered into, instead of being determined by the accidents of birth; and with this, a new individualism arises."[35]

On this point I must observe the following: Popper is of the opinion that when the three principles are applied, this necessarily implies an atomistic (as the absolute opposite of organic) society, causing the isolation of some of its members. It is exactly this untested supposition which gave rise to the communitarian movement in recent decades. Communitarianism has gained in prominence during the past decade or two, largely as a line of thought within the broad liberal movement.[36] Many see it as a reality check on modern liberalism, which tends to view the individual artificially, if not incoherently, divorced from his or her social surroundings. Communitarians insist upon the interaction of the social context and individuals' self-conceptions.

In the light of communitarianism, it is my contention that the implementation of freedom, humaneness and rationality in a society need not necessarily cause the isolation of some of the society's members. Quite the contrary can be true: Freedom, humaneness and rationality are completely reconcilable with social responsibility and the maintenance – and indeed strengthening – of social support structures, on the condition, however, that these social support structures are supportive of and not contrary to the three principles of freedom, humaneness and rationality. In the words of Judge Ackermann:

> "The fact that the right to freedom must, in my view, be given a broad and generous interpretation at the first stage of the enquiry, must therefore not be thought to be premised on a concept of the individual as being in heroic and atomistic isolation from the rest of humanity, or the environment, for that matter."[37]

4 CELEBRATING DIVERSITY IN AN OPEN SOCIETY: JUDGE SACHS

Judge Sachs's interpretation and application of the concept of an open society in two Constitutional Court judgments, inseparably links the open society to diversity. In *S v Lawrence*; *S v Negal*; *S v Solberg*[38] he clearly isolates the concept of an open society from the larger phrase of an open and democratic society and reflects on its importance: "The concept of an open society must indeed be regarded as one of the central features of the bill of rights . . ."[39]

---

35 The information in this paragraph is based on Popper Vol I (fn 13) 174–75.

36 The information in this paragraph is taken from McLean *Concise dictionary of politics* (1996) 91; Bell *Communitarianism and its critics* (1993).

37 Ferreira (fn 19) par 52.

38 1997 4 SA 1176 (CC).

39 Par 146.

Judge Sachs typifies the open society as pluralistic – one in which there is no official orthodoxy or faith.[40] In an open society people have "the right to be different in belief and behaviour, without sacrificing any of the entitlements of the right to be the same in terms of common citizenship".[41] In *National Coalition of Gay and Lesbian Equality v Minister of Justice*[42] he builds further on the relationship between the open society and diversity:

> "What becomes normal in an open society, then, is not an imposed and standardised form of behaviour that refuses to acknowledge difference, but the acceptance of the principle of difference itself, which accepts the variability of human behaviour."[43]

Judge Sachs finally observes that the acceptance of the principle of difference does not imply an absence of a point of view or an absence of morality. Quite the contrary is true: The principle of difference, as an integral part of the open society, is part of the Bill of Rights – a document founded on deep political morality. The state does enforce morality, the dictates and limits of which are to be found in the text and spirit of the Constitution itself.[44]

5 CONCLUSION

This dichotomy reflects and draws legitimacy from the pervasive distinction between the public and private spheres of life. It constructs the family as the realm of warmth and intimacy where actions are motivated by altruism towards family members. The state should not impose "public" norms of exchange in this area, but should rather encourage altruistic norms within the family. On the other hand, rational economic actors, guided by individualistic pursuit of self-interest inhabit the public sphere. Acts of altruism are not required and will not be rewarded, unless they have been translated into the language of contractual obligation.[155] This model postulates a radical opposition of the two spheres and does not allow for seepage of norms between them.

Ignoring what happens in the "private" sphere renders inequalities between people legally irrelevant, and thus condones them. The link between private exploitation and public inequality is denied, as is that between public inequality and vulnerability to private exploitation.[156]

> "The ideologies of both the free market and the family tried to legitimate actual inequality by emphasising the equality of all with respect to the state. Inequality was said to result from the private relations among people and was thus a natural attribute of civil society rather than the responsibility of the state."[157]

The powerful discourses of "nature" and biology are harnessed to mask the tension between an ideology of equal partnership in marriage and the reality that women do most of the unremunerated housework and child-care. What is unequal becomes "natural" and the results of social practices become "biological", and therefore immutable.[158] I suggest dissolving the dissonance by re-integrating legal thinking about property division and custody.

---

155 Olsen "The family and the market: A study of ideology and legal reform" 1983 *Harvard LR* 1497 1505; Horsburgh (1992) 485–497.

156 Olsen (fn 155) 1504.

157 *Idem* 1528.

158 Stolcke (fn 14) 38–39.

8 2 Re-integrations

The best interests of children, so central to issues of custody and access, are rarely encountered in maintenance cases and even less frequently in cases involving the division of property or spousal maintenance. For instance, the need for stability in the lives of children, which is important in custody, seems not to apply in monetary matters. Courts agree that family homes be sold, though that would disrupt the lives of children severely.[159] Any reduction in the wife's standard of living as a result of the divorce also affects her children. Her living arrangements are necessarily shared by them, her anxiety affects the level of care she can provide and the fact that she has to engage in wage labour for the first time, or increase overtime work, influences the lives of children[160] who may, moreover, be aware of problems with maintenance payments and differences between the lifestyles of their fathers' and mothers' households.[161] I would argue that courts should integrate the interests of children with the division of property on divorce, and construct paradigms of property division which take their interests into account.

Secondly, systems of property division and spousal maintenance should be re-integrated with women's child-care labour during and after marriage. They should compensate women for the work they have done during marriage and the work inherent in exercising custody as well as the loss of earnings which this brings about.

Thirdly, I would argue for a re-integration between the needs of children and the responsibilities of society to provide:

> "Such a strategy would emphasize: (1) increased societal support for day care, parental leave, education, nutrition, medical care and other subsidies that directly benefit children and their primary caretakers; (2) allocation of property and post-divorce income for the children's benefit before the spouse's individual claims are considered; and (3) recognition of the parent's continuing responsibility for, and benefit from, children as a primary basis for divorce adjustments."[162]

Since women's childcare labour benefits society as a whole, and given the widespread poverty among many, especially black, South Africans, collective responsibility for child-care should be considered. Burdening individual women with the social costs of child-raising contributes to the feminisation of poverty.[163] One suggestion for reform of maintenance is that standards for child support should be adopted to guide the amount of maintenance. Where parents cannot afford these standards, state welfare should supply the rest. This could be coupled with a collection system which shifts the burden of claiming maintenance from custodian parents to the state. The state could, for instance, advance maintenance payments and reclaim them from the maintenance debtor in the from of taxes.[164]

The current state support system is, to say the least, unsatisfactory, involving pitifully small amounts being distributed inefficiently. On the other hand, the reality

---

159 See however, *Grasso*: "Plaintiff did not work prior to the dissolution of the marriage and it is manifestly in the best interests of the parties' two school-going children that they remain and are brought up in the same milieu as had existed for the past few years . . ." 58H–I.

160 Weitzman (fn 1) 319, 352–356.

161 Wallerstein and Corbin (fn 101) 115 117.

162 Carbone and Brinig (fn 20) 1007–1008.

163 Hunter (fn 95) 19. See also Delphy and Leonard (fn 8) 23.

164 Hunter (fn 95) 24–26.

of poverty in South Africa makes it unlikely that the state will be able to afford large increases in welfare.[165]

Fisk contends:

> "Employers have been able to use human resources in the existing form (ie eight or more consecutive hours a day, five or more days a week) only because the family structure provided the services necessary to make the labor available. The real cost of employing a worker who has children includes the cost of hiring someone to care for the children so that the parent-worker is free to devote his or her services elsewhere. Child care is a cost of producing that employers have avoided paying until recently."[166]

She argues that employers are constitutionally bound to advance gender equality by providing child-care facilities for their workers.[167] Phillips maintains that the nature of paid labour should be restructured to enable both men and women to parent by allowing parents special working hours and other privileges.[168]

8 3 A consistent basis for the division of assets

Fineman makes a useful distinction between property allocations based on principles of fault, need and contribution. She traces a movement from need-based to contribution-based allocations, running parallel to the shift from perceptions of marriage as a status to marriage as a contract. Status-based factors, like need, operate on the principle of paternalism, while contract-based decisions operate in terms of equality.[169]

If one applies this analysis to South African law, one finds that the older legal regime was based on a mixture of need and fault. The situation where women generally obtained custody after divorce and could be sure of obtaining maintenance had the merit of theoretical consistency. The gendered division of labour which persisted explicitly in post-divorce custody rules, was also reflected in the division of property where men continued to maintain spouses and children.

The current system, which merges elements of fault with the principle of contribution, lacks consistency. Courts are furthermore willing to recognise needs-based factors in cases involving older women who had never engaged in wage labour and the wives of rich men. However, since the resurrection of the old order is neither possible, nor in the interests of women, I would suggest that a modified contribution model be adopted. This model should be applied equally to the division of assets at divorce, spousal maintenance after divorce and maintenance of children. In addition, different forms of property distribution should be integrated so that courts making maintenance orders should also take account of the division of assets and *vice versa*.

The current application of the principle of contribution is inadequate because it is based primarily on women's economic contributions whilst other contributions to men's career assets, creating and maintaining relationships with children, husbands,

---

165 Simkins and Dlamini "The problem of supporting poor children in South Africa" in Burman and Preston-Whyte (eds) *Questionable issue: Illegitimacy in South Africa* (1992) 64 64–75; Clark (1996) 82–86.

166 "Employer-provided childcare under Title VII: Toward an employer's duty to accommodate child care responsibilities of employees" 1986 *Berkeley Women's LJ* 89 95–96.

167 104–105.

168 (fn 18) 64–65. See also Slaughter (fn 7) 97.

169 "Societal factors affecting the creation of legal rules for distribution of property at divorce" in Fineman and Thomadsen (eds) *At the boundaries of law: Feminism and legal theory* (1991) 265 269–271.

families and communities are excluded. Also excluded are contributions which women make by child-care after divorce. This latter omission justifies the application of the clean break principle. At the same time, assets are defined conservatively as those resources which can, at the time of divorce, be measured in monetary terms. The economic and social contexts within which women contribute and the wider effects of their contributions on their economic welfare are disregarded. Men and women are perceived as detached economic actors, disconnected from their relationships with children and each other, meaning that the effects on post-divorce settlement agreements of women's childcare responsibilities and relationships become legally invisible.

These definitional features of current contribution models are premised upon and accept as the standard the kinds of contribution which men generally make, while women's contributions are regarded as purely altruistic and thus devalued. A wider, more contextual notion of contribution which takes account of these criticisms will cater more adequately for the needs of women and children after divorce.

Fineman argues that contribution models are inadequate to meet the economic dependencies which women develop as a result of their childrearing and nurturing roles. These cannot be cured by awards of half the property at divorce.[170] Contribution models further reward only those women who conform to stereotypically male roles and behaviours.[171] Her argument, however, conflates contribution and "formal" equality. I would argue that while contribution models can be recast to take account of those things which women value, their contributions and the social contexts in which they make them, this does not necessarily have to be the case. I offer some examples of extended contribution models which deal adequately with the needs of women and children.

Property division could be based on an extended model of partnership, the fruits of which continue to be allocated after the dissolution of the marriage.[172] A different version of the same argument is that women, when they undertake the major responsibility for child-care, rely on their marriage enduring and their receiving continued economic support from their husbands in return. When the marriage breaks down, their "reliance interest"[173] should be fulfilled by granting them and their children a share in the ex-husbands' post-divorce income. Where both parents earn, the children should receive a share of their parent's income.[174]

A further possibility is the idea of income equalisation, based on the notion that during marriage parties and their children shared equally in the income generated by the union. Since one party should not bear more than half of the share of the economic costs of the divorce, the aim of maintenance and property division should be to equalise the incomes and living standards of spouses after divorce, taking into account their child-care responsibilities.[175]

A contribution model has several further advantages. First, articulating women's demands as linked to their contributions moves them from the positions of

---

170 *The illusion of equality: The rhetoric and reality of divorce law reform* (1991) 41–51.

171 "Societal factors" (fn 169) 274–278.

172 Starnes (fn 52) 130–138.

173 *Idem* 109–119.

174 Hunter (fn 95) 10; Brackney "Battling inconsistency and inadequacy: Child support guidelines in the States" 1988 *Harvard Women's LJ* 197 201.

175 Brackney (fn 174) 201.

supplicants, appealing to paternalistic care. Instead of alimony drones they become subjects of moral and legal rights. Paternalism is a dangerous sentiment for women to appeal to, linked to discourses with resonances of helplessness and positioning as legal objects rather than subjects.[176]

Practically, concentrating on women's needs means that women bear the burden of showing their neediness and inability to maintain themselves.[177] Where women engage in wage work, their lesser needs could mean smaller proprietary awards than they would be entitled to under an extended contribution model. Highly detrimental policies, like the refusal to award arrears maintenance except where women have contracted debts to maintain themselves, are based on the principle of need. Contribution as basis for entitlement is preferable because it provides a stronger foundation for women's claims.

> *[E]ach legal system, intertwined with a particular legal tradition, is predicated on a number of integrated elements, and to look at each piece-meal through a magnifying glass cannot provide an accurate picture of the whole nor can such an exercise take into account differences between the systems . . . Fundamental justice may take different forms in different societies, given their own legal traditions.*
>
> *L'Heureux-Dube J in* Thomson Newspapers Ltd v Director of Investigation and Research (1990) 67 DLR (4th) 161 279f–g, *quoted by Ackermann J in* Ferreira v Levin NO and Vryenhoek v Powell NO 1996 1 BCLR 1(CC) *par* 101.

176 O'Donovan *Family law matters* (1993) 90–100.

177 However, this is not an onus in the evidentiary sense of the word. See *Mgumane v Setemane* 251B–C.

Die herlewing van vergelding as regverdiging vir straf*

CR Snyman
BA LLD
Professor in Straf- en Prosesreg, Universiteit van Suid-Afrika

SUMMARY

The revival of retribution as justification for punishment

Until around 1975 retribution as justification for punishment was frowned upon in Anglo-American law. Instead, the emphasis was placed on deterrence and especially rehabilitation. Because of the consistent increase in crime, retribution has experienced a revival since approximately that time. According to the new construction of retribution, the concept has nothing to do with vengeance, but with the restoration of the juridical balance which has been disturbed by the commission of the crime. The emphasis is on an equal distribution of the advantages and protection flowing from the legal order, on the one hand, and the duties of citizens to respect the law, on the other. Retribution thus construed is sometimes referred to as "protective" or "restorative retribution". This construction of retribution is closely linked not only to the requirement of culpability (*mens rea*) in criminal law, but also to respect for human dignity. The same cannot necessarily be said of the utilitarian theories of punishment. The views about the purposes of punishment held by the South African courts still seem to reflect the earlier, outdated views of Anglo-American law. It is argued that the time has come for South African courts to reassess the true meaning of retribution and to apply it in practice.

1 INLEIDING

Die toepassing van die strafreg lei tot pynlike ervarings vir die misdadiger, omdat strafoplegging 'n ingrypende inbreukmaking op sy regte, soos sy reg op bewegingsvryheid, waardigheid of besittings tot gevolg het. Hierdie ingrypende inbreukmaking op 'n ander se regte vereis 'n regverdiging. Die verskillende argumente wat deur die loop van die eeue as regverdiging vir straf ontwikkel en aangevoer is, staan bekend as "strafteorieë". Hierdie teorieë is belangrik, nie slegs om te dien as regverdiging vir strafoplegging in die algemeen nie, maar ook om wetgewers en howe te help om die belangrike vrae te beantwoord oor watter soort gedrag strafbaar behoort te wees en wat die aard en omvang van die straf behoort te wees. Die vloedgolf van misdaad waaronder Suid-Afrika die afgelope tyd gebukkend gaan, noop strafregjuriste en kriminoloë om weer met nuwe oë na hierdie strafteorieë te kyk.

* Die navorsing wat die skryf van hierdie artikel moontlik gemaak het, is onderneem met geldelike bystand van die Navorsings- en Beursekomitee van die Universiteit van Suid-Afrika. Die navorsing is gedoen aan die Universiteit van Amsterdam, Nederland. Die skrywer betuig hiermee sy dank aan die Universiteit van Suid-Afrika vir die geldelike ondersteuning wat hierdie navorsing moontlik gemaak het. Menings in hierdie artikel uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van skrywer en moet nie beskou word as dié van die Universiteit van Suid-Afrika nie.

2 DIE VERSKILLENDE STRAFTEORIEË

Die strafteorieë kan, aan die hand van die argumente wat hulle onderlê, in drie onderafdelings verdeel word, te wete die absolute teorie, die relatiewe (ook genoem utilitaristiese) teorieë en die gekombineerde teorie. Aangesien laasgenoemde teorie niks anders as 'n kombinasie van die eerste twee teorieë is nie, sou dit nie verkeerd wees nie om te sê dat die strafteorieë in slegs twee onderafdelings verdeel word, naamlik die absolute en die relatiewe teorieë.

Daar is net een absolute teorie, en dit is die vergeldingsteorie. Volgens hierdie teorie is straf geregverdig omdat dit die oortreder se verdiende loon is. Die oortreder word gestraf sonder inagneming van die een of ander toekomstige doel, soos afskrikking of hervorming, wat deur die strafuitdiening bereik kan word. Anders as by die relatiewe teorieë is die fokus by vergelding nie op die toekoms nie, maar op die verlede, dit wil sê op die misdaad wat gepleeg is of die regsbepaling wat verbreek is. Terwyl die relatiewe teorieë gekenmerk word deur 'n hedonistiese en rasionele instelling tot menslike gedrag, val die klem by die vergeldingsteorie op die wilsvryheid van die mens en, voortspruitend daaruit, die verwyt wat die oortreder toegeslinger kan word dat hy die samelewing se norme oortree het.

Onderliggend aan die vergeldingsteorie is die sogenaamde deontologiese redenasie, wat die aandag vestig op 'n handeling as 'n doel op sigself, en waarvolgens handelinge reg of verkeerd is ongeag die gevolge wat dit op ander mense mag hê.[1]

Die relatiewe teorieë staan ook bekend as die "utilitaristiese teorieë", "doelteorieë", "teleologiese teorieë", of "gevolgsteorieë". Verskillende teorieë kan hieronder tuisgebring word, soos die afskrikkings- en hervormingsteorie. Wat al hierdie teorieë in gemeen het, is die klem wat by strafoplegging op die gevolge van menslike handelinge geplaas word. Anders as wat die voorstanders van die vergeldingsteorie met hulle deontologiese argument glo, glo die voorstanders van die relatiewe teorieë dat 'n handeling slegs as goed of sleg beskryf kan word deur na die uitwerking of gevolg van die handeling te kyk. Slegs handelinge wat wenslike gevolge het, kan volgens hierdie teorieë as moreel korrek beskryf word.

Volgens die klassieke utilitarisme, soos verkondig deur Jeremy Bentham,[2] behoort dit die doel van alle wette en regsreëls te wees om die grootste moontlike geluk aan die grootste aantal mense te bewerkstellig. Die reg behoort sover moontlik gebruik te word om alle pynlike of onaangename ervarings uit te skakel. Vir 'n utilitaris is sowel misdaad as straf iets onaangenaams en derhalwe onwenslik. In 'n perfekte wêreld sal albei ontbreek. Ons leef egter nie in 'n perfekte wêreld nie, en derhalwe betoog die utilitariste dat die oplegging van straf slegs geregverdig is indien dit na alle waarskynlikheid aanleiding sal gee tot 'n vermindering van die pyn wat met misdaadpleging verband hou.[3]

---

1 Dressler *Understanding criminal law* (1995) (hierna Dressler *Criminal law*) 8; Moore "The moral worth of retribution" in Schoeman (red) *Responsibility, character, and the emotions* (1987) (hierna Moore *Moral worth*) 179 182; Murphy *Retribution, justice and therapy. Essays in the philopophy of law* (1979) 223; Aranella "Convicting the morally blameless: reassessing the relationship between legal and moral accountability" 1992 *Univ of California LR* 1511 1529 1534.

2 Bentham *An introduction to the principles of morals and legislation* (1843). Nog 'n groot grondlegger van die utilitarisme was John Stuart Mill. Sien Mill *Utilitarianism* (1863).

3 Dressler *Criminal law* (vn 1) 9, Murphy (vn 1) 226; Aranella (vn 1); Ashworth *Sentencing and criminal justice* (1992) 59–60.

Volgens die klassieke utilitarisme kan die dreigement van strafoplegging misdaadpleging verminder, omdat die ervarings van pyn en plesier die belangrikste motiverings van menslike gedrag is. Dit kom daarop neer dat die mens van nature 'n hedonis is, omdat hy of sy altyd strewe na plesier en geluk, oftewel die vermyding van die pynlike of onaangename. Die mens is ook rasioneel, want hy oorweeg die voor- en nadele van sy voorgenome handeling voordat dit verrig word en besluit dan op optrede wat volgens hom sal bydra tot sy geluk. Hy sal misdaadpleging vermy as hy van mening is dat die moontlikheid van pyn (straf) swaarder weeg as die moontlike plesier of voordeel wat hy uit die handeling kan put.

Binne die utilitarisme kan verskillende strafteorieë onderskei word.

Eerstens is daar die algemene afskrikkingsteorie, waarvolgens die doel van straf die afskrikking van die gemeenskap as geheel van misdaadpleging is. Tweedens is daar die individuele afskrikkingsteorie, waarvolgens die doel van straf die afskrikking van die individuele beskuldigde (in teenstelling tot die gemeenskap as geheel) van verdere misdaadpleging is. Derdens is daar die rehabilitasie- oftewel hervormingsteorie, waarvolgens die doel van straf die verbetering of opvoeding van die misdadiger is sodat hy weer 'n verantwoordelike lid van die gemeenskap kan wees. Vierdens is daar die voorkomingsteorie, waarvolgens die doel van straf die voorkoming van misdaadpleging is. Hierdie teorie oorvleuel sowel die algemene as die individuele afskrikkingsteorieë, vir sover afskrikking tegelykertyd ook 'n manier is om misdaadpleging te voorkom. Vyfdens word daar in die jongste tyd, veral in die Anglo-Amerikaanse regstelsels, dikwels gepraat van "buitestaatstelling" (*incapacitation*) as strafoogmerk. Hiervolgens is die doel van straf om dit vir die misdadiger onmoontlik te maak om weer te oortree. Nadere ontleding van hierdie begrip bring aan die lig dat die gedagte van buitestaatstelling wesenlik maar dieselfde is as die oorwegings wat die voorkomings- of selfs individuele afskrikkingsteorieë ten grondslag lê.

'n Sesde teorie wat ook as 'n verskyningsvorm van die utilitaristiese teorieë beskou kan word, is die sogenaamde "veroordelingsteorie". Die bekende Engelse term wat gebruik word as beskrywing van hierdie teorie is "*denouncement*". Soms word na hierdie teorie verwys as die "expressive theory of punishment".[4] Hiervolgens het straf ten doel die openbare uitdrukking van die gemeenskap se afkeur in die misdaadpleging. Sodoende word die gemeenskap in 'n sekere sin ook opgevoed, deurdat dit aan die gemeenskap duidelik gemaak word watter soort gedrag nie geduld sal word nie. Deur klem te lê op hierdie aspek van straf, word die gemeenskap se gramskap gekanaliseer weg van moontlike eierigting (persoonlike wraakuitoefening) deur die verontregte party.[5] Die gedagte van uitdruklike openbare veroordeling kan egter ook as 'n verskyningsvorm van vergelding beskou word, omdat die straf hiervolgens die misdadiger as persoon stigmatiseer as iemand wat verdien om gestraf te word.

Die doel van hierdie artikel is om aan te toon dat die bedenkinge wat daar (veral nog in Suid-Afrika) teen vergelding bestaan, grootliks ongeregverdig is; dat vergelding die enigste strafteorie is wat straf regstreeks koppel aan die waardigheid

---

4 Moore *Placing blame* (1997) (hierna Moore *Placing blame*) 84; Walker en Padfield *Sentencing: Theory, law and practice* (1996) 117; Feinberg "The expressive theory of punishment" in Duff en Garland (reds) *A reader on punishment* (1994) 71.

5 Moore *Moral worth* (vn 1)181; Moore *Placing blame* (vn 4) 84; Dressler *Criminal law* (vn 1) 13–14.

van die mens, die erkenning van die mens as 'n vrye outonome wese en die skuldvereiste in die strafreg, en dat die groot klem wat tans nog in Suid-Afrika op die relatiewe teorieë geplaas word, in beginsel gegrond is op 'n uitgediende positivistiese, kousaal-meganistiese siening van die mens.

3 DIE HERLEWING VAN VERGELDING AS REGVERDIGING VIR STRAF

Gedurende omstreeks die vyftiger- en sestigerjare was vergelding amper 'n vloekwoord in die Anglo-Amerikaanse reg. Die utilitaristiese teorieë, soos afskrikking en hervorming, het die septer geswaai as regverdiging vir straf.[6] Die groei in misdaadpleging het egter tot ontnugtering in die bestaande opvattings omtrent straf gelei. Vanaf omstreeks die sewentigerjare het die pendule in die VSA weg van die utilitaristiese teorieë na die vergeldingsteorie geswaai. Skrywers, howe en wetgewers het al hoe meer skepties geraak oor die aansprake van veral die hervormingsteorie, en die vroeëre afwysende houding teenoor die vergeldingsteorie het geleidelik plek gemaak vir 'n aanvaarding van baie van die waarhede vervat in hierdie teorie.[7] Miskien is die duidelikste aanduiding van die terugkeer van vergelding in die Verenigde State in die invloedryke *Minnesota Sentencing Guidelines* van 1982. Hierdie stel reëls lê 'n hof se wye diskresie by strafoplegging aan bande en lê voorgeskrewe strawwe neer, waarvan slegs in uitsonderlike omstandighede afgewyk mag word. Die komitee wat dit opgestel het, het uitdruklik verklaar dat vergelding "the primary sentencing goal" is.[8]

Omdat die woord "vergelding" verkeerdelik deur party mense bloot as wraakuitoefening gesien word, word die woord "verdienste" of "verdiende loon" ("just deserts") in die jongste tyd al meer as plaasvervangende term vir "vergelding" gebruik.[9]

Op die Europese vasteland is die klassieke strafreg, met sy klem op die mens se wilsvryheid en vergelding ('n stroming wat terugherlei kan word tot die denke van Kant en in 'n mindere mate ook Hegel), as gevolg van die opkoms van die

---

6 In *Williams v New York* (1949) 337 US 241 248 het die Amerikaanse Hooggeregshof nog verklaar: "Retribution is no longer the dominant objective of the criminal law. Reformation and rehabilitation of offenders have become important goals of criminal jurisprudence."

7 Hampton "Correcting harms versus righting wrongs: the goal of retribution" 1992 *Univ of California LR* 1659 1659; Bainbridge "The return of retribution" 1985 *Am Bar Assoc J* 1985 (May) 61: "Retribution has returned to criminal justice. Rehabilitation is being passed over like a dish that didn't digest well . . . Liberals as well as conservatives appear to be learning that rehabilitation as we know it does not work." Sien ook Allen "The decline of the rehabilitative ideal" in Von Hirsch en Ashworth *Principled sentencing* (1992) 23–30; Ashworth (vn 3) 66; Moore *Placing blame* (vn 4) 83; Van der Merwe *Sentencing* (1991) 3–23.

8 Bainbridge (vn 7) 63; Sien ook die uitspraak van Davis R in *S v Jansen* 1999 2 SASV 368 (K) 375, waarin die geskiedenis van die *Minnesota Sentencing Guidelines* binne die konteks van 'n vertolking van a 51 van die Strafregwysigingswet 105 van 1997 bespreek word. Tereg verklaar die hof 375*b*: "The sentencing commission . . . decided upon a primary rationale for sentencing, namely desert". "Desert" ("verdiende loon") is maar slegs 'n eufemisme vir vergelding. Terloops moet genoem word dat daar nie met Cloete R saamgestem kan word nie wanneer hy in *S v Homareda* 1999 2 SASV 19 (W) 323*g* verklaar dat "the very reason for the enactment of a prescribed minimum sentence [in die bogemelde artikel 51 van die Strafregwysigingswet] is to act as a deterrent". Dat afskrikking een van meer redes kan wees vir die uitvaardiging van minimumstrawwe word nie ontken nie; wat ontken word is die houding dat vergelding geen oorweging by die invoering van minimumstrawwe in die gemelde a 51 was nie. Die *Minnesota Sentencing Guidelines* verskyn as *Annexure* 2 in Van der Merwe (vn 7).

9 Ashworth (vn 3) 66; Walker en Padfield (vn 4) 110.

natuurwetenskappe, veral die biologiese wetenskap, en die positivisme wat daaruit ontstaan het, in die loop van die negentiende eeu verdring deur 'n instrumentalistiese, meganistiese siening van die mens se plek in die samelewing. Hiervolgens is die mens beskou as iemand wie se lewe gedetermineer is deur erflike, biologiese aanleg en omgewingsfaktore. In plaas van die skuld en vergelding, is die klem geplaas op beveiliging van die samelewing. Die Belg Prins, die Nederlander Van Hamel en veral die Duitser von Liszt was invloedryke figure in hierdie beweging.[10] In die loop van die negentiende eeu het die positivisme egter sy houvas op Europa verloor. Die Nederlander Leo Polak, byvoorbeeld, het reeds aan die begin van die twintigste eeu die hervestiging van die vergeldingsgedagte as regverdiging vir straf bepleit.[11]

Ruimte ontbreek om binne die bestek van hierdie artikel die Suid-Afrikaanse regspraak omtrent die regverdiging vir straf, en die (enigsins afwysende) houding teenoor vergelding deur die Suid-Afrikaanse howe in enige besonderhede te bespreek.[12] Ook die netelige vraag of 'n moontlike herlewing van vergelding daartoe behoort te lei dat die doodstraf heringestel behoort te word, kan, weens die omvang van hierdie vraag, nie in hierdie artikel bespreek word nie.

4 DIE VERSKILLENDE GEDAANTES VAN VERGELDING

Vergelding het deur die eeue en in verskillende kultuurgemeenskappe nie altyd dieselfde vir alle mense beteken nie. Dit is een van die redes waarom daar dikwels misverstand is oor wat die begrip behels, en kritiek teen die vergeldingsteorie soms misplaas is omdat dit op 'n wanbegrip van die inhoud van die teorie berus. Die verskillende betekenisse van vergelding wat hieronder geïdentifiseer sal word, kan nie in waterdigte kompartemente ingedeel word nie; daar is gevolglik 'n onvermydelike mate van oorvleueling tussen hulle. Daar sal nietemin, in belang van 'n wetenskaplike ontleding van die begrip, gepoog word om die verskillende betekenisse sover moontlik uit mekaar te hou.

4 1 Vergelding as wraakuitoefening

Daar is eerstens die siening van vergelding as niks anders as wraakuitoefening nie. Dit is seker die oudste betekenis wat die begrip "vergelding" dra. Hierdie betekenis kan teruggevoer word tot die Ou Testamentiese gedagte van 'n oog vir 'n oog en 'n

---

10 Remmelink "De wetenschappelijke betekenis van Leo Polak voor het strafrecht 1968 *Tijdschrift voor Strafrecht* (hierna Remmelink *Polak*) 115 116–117; Maurach en Zipf *Strafrecht Allgemeiner Teil Teilband I. Grundlehren des Strafrechts un Aufbau der Straftat* (1983) 70–79; Jescheck en Weigend *Lehrbuch des Strafrechts. Allgemeiner Teil* (1996) 72–75.

11 Polak *De zin der vergelding* (1947) *passim*. Vir 'n bespreking van Polak se standpunt, sien Van Bemmelen en Van Veen *Het materiële strafrecht: Algemeen deel* (1994) 18–19; Remmelink (vn 10) *passim*, maar veral 121–123; Remmelink *Hazewinkel-Suringa's Inleiding tot de studie van het Nederlandsche strafrecht* (1995) (hierna Remmelink *Strafrecht*) 891–892.

12 Sien oor die algemeen die besprekings, met verwysings na die regspraak, in Terblanche *The guide to sentencing in South Africa* (1999) (hierna Terblanche *Sentencing*) hfst 6, veral 190–197, 198–200; Van der Merwe (vn 7) 3–17; en Rabie, Strauss en Maré *Punishment. An introduction to principles* (1994) hfst 5 en 6. Sien verder Terblanche: "Die oogmerk van vergelding uit die oogpunt van die Konstitusionele Hof" (hierna Terblanche *Vergelding*) 1996 *THRHR* 267, waarin op 268–269 geregverdigde kritiek uitgespreek word teen Didcott R se stelling in *S v Makwanyane* 1995 2 SASV 1 (KH) 72*i* "that retribution smacks too much of vengeance to be accepted . . . as a worthy purpose of punishment in the enlightened society to which we South Africans have now committed ourselves . . ." Soos hieronder onder punt 4.1 aangetoon sal word, word vandag allerweë aanvaar dat vergelding iets anders as wraakuitoefening is.

tand vir 'n tand, ook bekend as die *lex talionis*.[13] Hier val die klem op straf as uiterlike gedrag wat 'n spieëlbeeld van die werklik gepleegde misdaad moet wees. Soms word na hierdie gedagte verwys as "assaultive retribution", "public vengeance" of "societal retaliation".[14] Sir James Stephen het byvoorbeeld verklaar dat gestraf moet word

> "for the sake of gratifying the feeling of hatred – call it revenge, resentment, or what you will – which the contemplation of such [criminal] conduct excites in healthy constituted minds", en dat "the feeling of hatred and the desire of vengeance . . . are important elements of human nature which ought . . . to be satisfied in a regular public and legal manner".[15]

Hierdie betekenis van die begrip moet verwerp word.[16] Straf kan geregverdig word selfs indien die slagoffer glad nie eens omgee of die oortreder gestraf word of nie, of indien die slagoffer selfs teen strafoplegging gekant is. Die houding van die slagoffer is dus nie noodwendig relevant nie, en daarom kan vergelding nie beperk word tot wraak nie. Dit is onmoontlik om die rykdom van betekenis wat in die begrip vergelding opgesluit lê, tot wraakuitoefening te beperk.

4 2 Vergelding as boetedoening

Tweedens is daar die opvatting dat vergelding neerkom op boetedoening of goedmaking ("expiation" of "atonement") van die gepleegde wandaad. Volgens hierdie betekenis van vergelding, wat veral deur Hegel voorgestaan is, is vergelding 'n manier waarop die onreg wat deur misdaadpleging geskied het, reggestel of uitgewis word. Misdaad is volgens Hegel 'n negering of loëning van die reg, maar straf is op sy beurt weer die negering van hierdie negering. Straf is dus die regstelling van 'n wandaad. Straf kanselleer die onreg en herstel die oppergesag van reg en geregtigheid.[17]

Foucault beweer dat hierdie siening van straf daarop neerkom dat die misdaadpleging weer op die een of ander manier uitgevoer of "heropgevoer" word op die oortreder se liggaam ten einde die kwaad wat die oortreder aangerig het, uit te wis.[18] Dit is 'n ekstreme opvatting wat slegs op 'n baie abstrakte, simboliese vlak gehandhaaf kan word, omdat die meeste misdade van so 'n aard is dat dit tog nie op die oortreder se liggaam heruitgevoer kan word nie.[19]

---

13 Genesis 9:6; Eksodus 21: 23–25: "As sy blywend beseer is, is die straf: 'n lewe vir 'n lewe,'n oog vir 'n oog,'n tand vir 'n tand, 'n hand vir 'n hand, 'n voet vir 'n voet, 'n brandwond vir 'n brandwond, 'n wond vir 'n wond en 'n kneusplek vir 'n kneusplek."

14 Dressler *Criminal law* (vn 1) 12.

15 Stephen *Liberty, equality, fraternity* (1967) 152, soos aangehaal in Moore *Moral worth* (vn 1) 180–181.

16 Terblanche *Vergelding* (vn 12) 269–270; Terblanche *Sentencing* (vn 12); Van der Merwe (vn 7) 3–7–3–18; Moore *Moral worth* (vn 1) 180; Moore *Placing blame* (vn 4) 88; Rabie, Strauss en Maré (vn 12) 23.

17 Hegel *Grundlinien der Philosophie des Rechts* (vol 7 van *Werke in zwanzig Bänd*en) (1970) par 99: "Die Verletzung dieses als eines daseienden Willens also ist das Aufheben des Verbrechens, das sonst gelten würde, und ist die Wiederherstellung des Rechts." Sien ook par 101. Vir 'n bespreking van Hegel se standpunt, sien Jakobs *Strafrecht: Allgemeiner Teil* (1993) 17–19; Roxin *Strafrecht: Allgemeiner Teil* (1994) 141. Walker en Padfield (vn 4) 113 verklaar dat hierdie soort regverdiging vir straf bloot simbolies van aard is.

18 Foucault *Discipline and punish: the birth of the prison* (1977) 3–16.

19 In 'n samelewing soos dié in Suid-Afrika waar die doodstraf en lyfstraf nie meer bevoegde strawwe is nie, kan die opvatting slegs tov die misdade menseroof en diefstal van geld letterlik as korrek aanvaar word.

Die volgende siening kan beskou word as 'n afgewaterde weergawe van hierdie opvatting van vergelding: deur 'n misdaad te pleeg, verkry of wys die oortreder dat hy die slagoffer se meerdere is en hom domineer. Straf trek die oortreder weer "af na ondertoe" en kanselleer sodoende die oortreder se dominasie van die slagoffer.[20] Straf is dus 'n uitdrukking van solidariteit met die slagoffer. Deur misdaadpleging stuur die misdadiger 'n boodskap aan die slagoffer dat hy die slagoffer se meerdere is en hom minag. Deur te straf word hierdie vernederende boodskap uitgewis en die misdadiger en slagoffer weer op 'n gelyke voet met mekaar geplaas. Die boodskap wat die straf uitstuur is: jy (die misdadiger) is nie die slagoffer se meerdere nie.[21]

Soms word daar in hierdie verband geargumenteer dat as die regsorde nie optree en die oortreder straf nie, die verontregte party of sy vriende of familie die reg in eie hande sal neem en self wraak sal neem. Hierdie argument is egter 'n utilitaristiese argument, gerig op die bereiking van 'n doel in die toekoms, en dus nie suiwer 'n uitvloeisel van die vergeldingsgedagte nie.[22]

4 3 Vergelding as handhawing van geregtigheid

Derdens is daar die opvatting dat vergelding neerkom op die handhawing van geregtigheid, omdat straf die oortreder se morele verdienste is. Hierdie opvatting van vergelding bring 'n mens veel nader aan wat na my mening die aanvaarbaarste siening van vergelding is.

Hierdie siening van vergelding beklemtoon die feit dat straf noodsaaklik is ten einde geregtigheid te handhaaf. Word die oortreder bewustelik nie gestraf nie, is die res van die samelewing en veral die beamptes wat belas is met die handhawing van die reg, aandadig in die onreg wat gepleeg is. Wat nou hiermee saamhang, is die belangrike begrip van "morele verdienste", wat deur menige voorstaander van vergelding sterk op die voorgrond geplaas word.

Om onskuldiges te straf is 'n onreg. Dit is nie eers nodig om to soek na utilitaristiese argumente om hierdie vanselfsprekende waarheid te onderskraag nie. Dog om oortreders ongestraf te laat is net so 'n groot onreg as om onskuldiges te straf. Hoekom, vra Moore[23] moet nog na utilitaristiese argumente gesoek word om hierdie vanselfsprekende waarheid te verklaar?[24] Om misdaad ongestraf te laat, is om dit te kondoneer, of minstens te duld. Vergelding is, eenvoudig soos wat dit mag klink, eenvoudig 'n erkenning van die beginsel dat misdaadpleging sonder strafoplegging 'n ontkenning van die hele bestaansgrond van die strafreg is.

---

20 Fletcher *Basic concepts of criminal law* (1998) (hierna Fletcher *Basic concepts*) 38.

21 Fletcher "What is punishment imposed for?" 1994 *J of Contemporary Legal Issues* 101 (hierna Fletcher *Punishment*) 110: "Punishment expresses solidarity with the victim and seeks to restore the relationship of equality that antedated the crime . . . The failure of the state to come to the aid of victims, as expressed in a refusal to invoke the institutions of prosecution and punishment, generates moral complicity in the aftermath of the crime. The failure to punish implies continuity in the criminal's dominance over the victim. Not only the criminal can trigger a relationship of dominance and subservience. The state can effect the same relationship by failing to invoke the customary institutions of arrest, prosecution and punishment." Sien ook Dressler "Hating criminals: how can something that feels so good be wrong?" 1990 *Michigan LR* 1448 (hierna Dressler *Hating criminals*) 1455.

22 Moore *Moral worth* (vn 1) 181; Lensing *Amerikaans strafrecht: Een vergelijkende inleiding* (1996) 37.

23 *Moral worth* (vn 1) 185.

24 Fletcher *Punishment* (vn 21) 110: "[P]unishment is imposed in order to avoid the evil of not punishing." Nieboer *Schets materieel strafrecht* (1991) 9–10: "Het opleggen van een straf betekent hier alleen maar het waar maken van die bedreiging."

4 4 Vergelding as herstel van geskonde juridiese ewewig

In die vierde en laaste plek is daar die opvatting dat vergelding die herstel van 'n geskonde juridiese ewewig is. Daar word aan die hand gedoen dat hierdie opvatting die aanneemlikste beskrywing van die wese van vergelding is. Dit word deur 'n hele aantal moderne skrywers, veral in die VSA gehuldig, alhoewel daar wel sekere klemverskille tussen skrywers is. Onder die hoof wat volg, word hierdie opvatting in meer besonderhede beskryf.

5 VERGELDING AS HERSTEL VAN GESKONDE JURIDIESE EWEWIG IN MEER BESONDERHEDE

Een van die invloedrykste Amerikaanse apologete van vergelding is Herbert Morris.[25] Sy siening van vergelding, wat al beskryf is as "beskermende vergelding" ("protective retribution"),[26] behels die volgende: Die regsorde verleen aan elkeen in die samelewing sekere voordele, terwyl dit tegelykertyd elkeen ook met sekere verpligtinge belas. Die menslike samelewing is 'n sisteem waarin daar 'n wederkerige verhouding tussen voor- en nadele is. Die voordele wat 'n individu geniet, is dat ander mense sy reg op sekere waardes, soos lewe, liggaamlike integriteit en eiendom, respekteer en hulle daarvan weerhou om daarop inbreuk te maak. Die bestaan van hierdie voordele is egter slegs moontlik indien die reg tegelykertyd elkeen in die samelewing ook belas met die verpligting om hulle daarvan te weerhou om op die waardes wat vir ander kosbaar is, inbreuk te maak. Die voordele wat iemand uit die regsisteem kry, het dus 'n prys, en dit is die opofferings wat elke lid van die gemeenskap bereid moet wees om te bring. Elkeen moet selfbeheersing aan die dag lê en hom van die gemelde skadelike gedrag weerhou. As almal selfbeheersing aan die dag lê en niemand anders skade berokken nie, is daar ewewig in die samelewing, want elkeen word in 'n gelyke mate bevoordeel en belas. Die twee bakke in die skaal van geregtigheid weeg dan ewe veel.[27]

As iemand egter vrywillig nalaat om selfbeheersing aan die dag te lê, terwyl hy in staat is om dit te doen, doen hy afstand van sy verpligting en verkry sodoende 'n onregverdige voorsprong bo diegene wat hulle wel dissiplineer. Hy doen afstand van 'n las wat ander vrywilliglik op hulle neem, en kry sodoende 'n voordeel wat ander mense, wat die las respekteer, nie het nie. Hy word dan 'n "gratis passasier" ("free rider"). Sodoende versteur hy die ewewig in die skaal. Hy geniet dan die voordele van die sisteem sonder om ook sy verpligtinge na te kom.[28]

Die reg duld nie dat iemand 'n voordeel verkry uit die pleging van 'n onreg nie. By implikasie stuur die oortreder 'n boodskap aan die slagoffer en die gemeenskap dat sy regte en begeertes meer waardevol is as dié van ander. Hy het nou 'n skuld of rekening wat hy aan die samelewing moet betaal. Deur sy rekening te betaal word die versteurde ewewig in die skaal van geregtigheid weer herstel. Die "telling word weer gelykop gemaak".[29] Implisiet in hierdie redenasie is die idee van "uitdelende

---

25 Morris *On guilt and innocence* (1976) 31–50. Sien ook die opsommende uiteensetting van Morris se beskouings in Falls "Retribution, reciprocity, and respect for persons" 1987 *Law and Philosophy* 25 27–30; Lensing (vn 22) 30; Dolinko "Three mistakes of retributivism" 1992 *Univ of California LR* 1623 1644 en Dressler *Hating criminals* (vn 21) 1452.

26 Dressler *Hating criminals* (vn 21) 1452.

27 Morris (vn 25) 32–33.

28 *Idem* 33–34.

29 Murphy (vn 1) 100.

geregtigheid" (*iustitia distributiva* of "distributive justice"),[30] wat reeds deur Aristoteles[31] en Thomas Aquinas[32] uiteengesit is. Dit behels dat voordele en verpligtinge gelyk verdeel word.

Jean Hampton se opvattings kan beskou word as 'n verdere verfyning van dié van Morris. Volgens haar behoort die werking van vergelding beperk te word tot situasies waarin daar as gevolg van die misdaadpleging "morele skade" is, dit wil sê waar die slagoffer se menswaardigheid geskend word. Vergelding is volgens haar die herstel van die erkenning van die slagoffer se menswaardigheid ("re-establishment of the acknowledgement of the victim's worth").[33] Die straf handhaaf ("vindicates") die slagoffer se menswaardigheid, wat deur die oortreder geskend is. Deur die pleging van die misdaad stuur die oortreder 'n boodskap uit dat hy die slagoffer se meerdere is. Deur straf te ondergaan, word 'n gebeurtenis gekonstrueer wat hierdie boodskap repudieer en sodoende die oortreder en slagoffer se menswaardighede weer gelykstel. Die oortreder kan weer met 'n "skoon bladsy" sy lewe voortsit. Hy kan sy medemens weer in die oë kyk omdat hy sy skuld betaal het en weer gelyk is met sy medemens.

Sendor[34] bou voort op die opvattings van Morris en Hampton en ontwerp 'n siening van vergelding wat hy noem "herstellende vergelding" ("restorative retribution"). Volgens hom is die wese van vergelding die herstel van geskonde sosiale verhoudings, en meer bepaald die herstel van die beteueling wat 'n kenmerk van geslaagde sosiale verhoudings is ("the restoration of relations of restraint"). In normale, ideale sosiale verhoudings beteuel of dissiplineer 'n mens sy optrede teenoor ander lede van die gemeenskap. Misdaadpleging is 'n skending van hierdie beteueling of in-toom-houding van die sosiale ewewig, en wel in die volgende drie opsigte: Eerstens matig die oortreder hom beheer aan oor 'n ander se regte, of gee voor om dit te doen. Tweedens stuur hy 'n boodskap uit dat ander se regte nie belangrik genoeg is in verhouding tot die misdadiger se eie regte of belange nie en sodoende verlaag misdaadpleging die waarde van hierdie regte relatief tot die misdadiger se eie belange of regte. Derdens veroorsaak die misdaadpleging onveiligheid of 'n gevoel van onveiligheid aan die kant van sowel die slagoffer as die gemeenskap, omdat hulle voel dat die beskerming van hulle regte in gevaar verkeer. (Hierdie siening behoort goed bekend te wees by die meeste Suid-Afrikaners, omdat hulle die afgelope tyd in 'n gemeenskap leef wat swaar gebukkend gaan onder misdaadpleging.)

Deur vergelding tree die gemeenskap volgens Sendor dus eerstens op om die aanmatiging deur die oortreder van beheer oor die misdadiger se regte te verydel. Tweedens bevestig die gemeenskap deur strafoplegging die verwerping en mislukking van die misdadiger se boodskap wat hy by implikasie deur die misdaadpleging uitstuur (naamlik dat die slagoffer se regte of belange nie belangrik genoeg is om gerespekteer te word nie). Derdens word deur strafoplegging daarna gestreef

---

30 Lensing (vn 22) 31; Aranella (vn 1) 1534.

31 Aristoteles *Ethica Nicomachea* (vertaal in Engels deur Ross) 1966 (vol IX van *The works of Aristotle translated into English*) V 1131b ev: "The just, then, is a species of the proportionate . . . This, then, is what the just is – the proportional; the unjust is what violates the proportion."

32 *Summa Theologiae* ii–ii Q 61, 68. Sien die uiteensetting van Aquinas se beskouings in hierdie verband deur Middleton *Judicial considerations concerning the imposition of criminal punishment*, ongepubliseerde LLD-proefskrif, UNISA (1983) 145–147.

33 Hampton (vn 7) 1686.

34 "Restorative retribution" 1994 *J of Contemporary Legal Issues* 323 337–343 350–357.

om die gevoel van onveiligheid by sowel die slagoffer as die gemeenskap uit te skakel of minstens teen te werk.[35]

Vir Sendor is vergelding nie, soos Morris aanvoer, die herstel van ewewig tussen voordele en opofferings nie, maar eerder die herstel van die "relationship of restraint". Die sosiale skade is geleë in die feit dat die oortreder hom beheer oor ander mense se belange aanmatig en sodoende die waarde van die gemelde belange van ander in verhouding tot sy eie belange verlaag, wat daartoe lei dat daar gevaar vir sowel die slagoffer as die gemeenskap se veiligheid ontstaan.[36]

Daar word aan die hand gedoen dat hierdie drie skrywers se opvattings oor vergelding daarin slaag om tot die kern van die begrip deur te dring. Vir sover hulle van mekaar verskil is die verskille bloot klem- of terminologiese verskille. "Herstellende vergelding" is 'n uitdrukking wat die ware werking van vergelding goed tipeer.

6 DIE INVLOED VAN KANT

Wat onmiddellik opval indien 'n mens die kommentare oor vergelding (en veral dié besprekings waarin die idee van herstellende vergelding gepropageer word) in die VSA bestudeer, is die sterk invloed wat die denke van die agtiende-eeuse Duitse filosoof van die Verligting, Immanuel Kant, op die denke omtrent strafregteorieë in die VSA uitgeoefen het.

Volgens Kant kan daar net een regverdiging vir straf wees, en dit is vergelding. Hy verklaar dit soos volg: Die enigste oorspronklike reg waarmee elke mens beklee is uit hoofde van sy menslikheid, is die reg op vryheid, mits hy hierdie reg op so 'n manier uitoefen dat hy nie inbreuk maak op ander mense se reg op hulle vryheid nie. 'n Mens behoort slegs op te tree ooreenkomstig 'n beginsel wat hy tegelykertyd kan begeer om 'n universele beginsel te wees, dit wil sê 'n beginsel wat op almal in die samelewing van toepassing is. Dit is 'n universele wet.[37] Omgekeerd is 'n handeling verkeerd indien die handeling 'n ander mens of ander mense se vrye keuse-uitoefening aan bande lê, omdat dit dan onversoenbaar is met die universele wet. Indien iemand verkeerd optree soos pas beskryf, het die persoon teen wie die verkeerde optrede gerig is, 'n reg om hom te verset teen sodanige wederregtelike handeling, soos wanneer 'n aangevallene in noodweer teen 'n aggressor optree.[38]

Dat elke mens 'n reg op vryheid het en op die manier so pas beskryf uitgeoefen moet word, is vir Kant 'n universele wet, of, om Kant se eie beroemde uitdrukking te gebruik, 'n "kategoriese imperatief". 'n Handeling is reg indien die dader se vrye keuse-uitoefening versoenbaar is met hierdie universele wet. Die straf wat die staat oplê en uitvoer, is volgens Kant selfverdediging in die naam van die burgerlike gemeenskap, ten einde te verseker dat elke mens se reg op vryheid staande bly.[39]

---

35 Sendor (vn 34) 341–342, 350.

36 *Idem* 354.

37 Kant *Die Metaphysik der Sitten, Werkausgabe*, vol 8 (1977) 339: "Eine jede Handlung ist recht, die oder nach deren Maxime die Freiheit der Willkür eines jeden mit jedermanns Freiheit nach einem allgemeinen Gesetze zusammen bestehen kann." Sien ook 338: "Also ist das allgemeine Rechtsgesetz: handle äusserlich so, dass der freie gebrauch deiner Wilkür mit der Freiheit von jedermann nach einem allgemeinen Gesetze zusammen bestehen könne, zwar ein Gesetz, welches mir eine Verbindlichkeit auferlegt, aber ganz und gar nicht erwartet, noch weniger fordert."

38 *Idem* 343.

39 Byrd "Kant's theory of punishment: Deterrence in its threat, retribution in its execution" 1989 *Law and Philosophy* 152 169–170 186.

Vergelding is niks anders as 'n aspek van geregtigheid nie. Dit is die middel waardeur die kategoriese imperatief en die universele wet gehandhaaf word. Utilitarisme word deur Kant verwerp omdat dit in stryd is met die grondbeginsel van menslike waardigheid, wat vereis dat 'n ander nooit as 'n middel tot 'n verdere doel gebruik mag word nie, maar slegs as 'n doel op sigself.[40]

7 VERGELDING EN WILLEKEURIGE GEDRAG

Ontleed 'n mens beskouings oor vergelding van skrywers soos Morris, Hampton en Sendor, is daar enkele belangrike implikasies wat die vergeldingsgedagte inhou waarop die aandag gevestig moet word.

Die eerste implikasie is dat daar 'n verband bestaan tussen die vergeldingsteorie, enersyds en die vereiste van willekeurige gedrag wat vir strafregtelike aanspreeklikheid gestel word, dit wil sê die vereiste dat die oortreder in staat moes gewees het om sy liggaamlike bewegings deur sy verstand of wil te beheer, andersyds.[41] Volg 'n mens die relatiewe teorieë, is dit denkbaar dat iemand 'n straf opgelê kan word al was sy gedrag nie willekeurig nie. Dit is veral die geval indien die hervormingsteorie toegepas word. As iemand in die loop van byvoorbeeld 'n slaapwandeling of 'n epileptiese aanval 'n ander se liggaamlike integriteit skend, kan hy volgens die hervormingsteorie kwalifiseer vir terapeutiese behandeling in 'n poging om hom van sy kwaal te genees, ten spyte van die feit dat hy die skending van iemand anders se liggaamlike integriteit nie kon verhoed het nie.[42]

8 VERGELDING VERONDERSTEL DIE SKULDVEREISTE IN DIE STRAFREG

'n Belangrike implikasie van die aanvaarding van die vergeldingsbegrip, en veral van vergelding in die betekenis van "herstellende vergelding" soos hierbo uiteengesit, is dat niemand aan 'n misdaad skuldig bevind mag word nie tensy hy persoonlik verwytbaar vir sy wederregtelike gedrag is.

Dit beteken dat die persoon wat die juridiese balans in die samelewing versteur het, *vrywillig* moes besluit het om dit te doen en *in staat* moes gewees het om hom van die misdadige gedrag te weerhou. Die regsorde moes redelikerwys van hom *kon verwag* het om hom van die inbreukmaking te weerhou. Ontoerekeningsvatbares, soos jong kinders of geestesversteurdes, sal derhalwe nie tot verantwoording geroep kan word nie. Dieselfde geld vir mense wat die inbreukmakende handeling verrig het terwyl hulle byvoorbeeld nie geweet het dat 'n omstandigheid wat 'n wesenlike voorvereiste vir aanspreeklikheid vir 'n bepaalde misdaad is, bestaan het nie, of indien hulle weens byvoorbeeld dwanguitoefening nie vrylik kon kies tussen die pleeg van die skadeveroorsakende handeling en weerhouding daarvan nie.[43] Die hele

---

40 Vir 'n bespreking van Kant se opvattings, sien oor die algemeen Byrd (vn 39) *passim*; Hampton (vn 7) 1667–1670; Murphy (vn 1) 82–92 229 232; Jescheck en Weigend (vn 10) 70; Maurach en Zipf (vn 10) 71–72; Jakobs (vn 17) 16–17.

41 Sien omtrent die vereiste van willekeurige gedrag in die strafreg Snyman *Strafreg* (1999) 55–57; Burchell en Hunt *South African criminal law and procedure, vol I, general principles of criminal law* (1997) 41–43.

42 Morris (vn 25) 40–41 43.

43 Falls (vn 25) 39.

vergeldingsbegrip is onlosmaaklik gekoppel aan die skuldvereiste in die strafreg. Die een kan nie sonder die ander bestaan nie.[44]

Hierdie onlosmaaklike koppeling word duidelik indien in gedagte gehou word dat volgens die vergeldingsbegrip straf die oortreder se *verdiende loon* is.[45] Dit is nie vergesog nie om te beweer dat die oortreder "self die straf op hom gebring het".[46] Terwyl die idee van "verdiende loon" een van die hoekstene van vergelding is, is daar binne die relatiewe strafteorieë geen ruimte vir hierdie begrip nie.[47] Utilitaristiese beskouings oor die regverdiging van straf is gegrond op 'n deterministiese uigangspunt omtrent die plek van die mens in die samelewing. Die mens word by strafoplegging bloot gebruik as 'n instrument ter bereiking van 'n verdere doel, naamlik die ordening van die samelewing. Hy word nie gesien as 'n outonome morele wese wat 'n keusevryheid het wat hy aan die hand van sekere norme uitoefen nie. Binne die utilitaristiese paradigma is daar geen of min ruimte vir 'n skuldgevoel, of 'n vereiste van morele blaamwaardigheid as algemene voorvereiste vir strafregtelike aanspreeklikheid.

Verwerp 'n mens die idee van die mens as 'n vrye outonome wese wat verantwoordelik gehou kan word vir sy keuses, en aanvaar 'n mens die utilitaristiese alternatief, val die klem op afskrikking en hervorming. Deur afskrikking gebruik jy jou medemens as 'n middel tot 'n doel, en deur hervorming dwing jy hom in 'n terapeutiese of mediese model: die oortreder word beskou as 'n "siek" mens wat deur terapie (behandeling) weer "gesond" gemaak moet word. Dit lei tot 'n depersonalisering van die mens. Die mens word 'n objek vir gedragsmodifikasie, en word 'n pion in die hande van die sosiale wetenskappe.[48] Die owerheid se houding teenoor die onderdaan is paternalisties.[49]

Hierdie aspek van die vergeldingsbegrip is belangrik. Volg 'n mens die relatiewe teorieë, is dit denkbaar dat straf geregverdig kan word selfs in gevalle waar die wederregtelike handeling nie met skuld gepaard gegaan het nie. 'n Hof kan 'n individu of die samelewing as geheel van misdaadpleging *afskrik* selfs deur skuldlose daders te straf, soos mense wat nie self die verbode misdadige handeling verrig het nie, maar wat familie of naasbestaandes van die werklike daders is.[50] Insgelyks kan 'n hof wat hom blindstaar teen die hervormingsteorie of die individuele afskrikkingsteorie, besluit om selfs 'n skuldlose dader te straf, ten einde hom "op

---

44 Remmelink *Polak* (vn 10) benadruk dat indien 'n mens die hervormingsteorie volg, dit nie meer nodig is om 'n verskil tussen misdadigers en geestesiekes te maak nie; Rabie, Strauss en Maré (vn 12) 50; Taylor "Retribution, responsibility and freedom: the fallacy of modern criminal law from a Biblical-Christian perspective" 1981 *Law and Contemporary Problems* 50 57–65; Dolinko (vn 25) 1626. In *Tison v Arizona* 481 US 139 (1987), 95 L Ed 127 139 het die hof verklaar: "The heart of the retribution rationale is that a criminal sentence must be directly related to the personal culpability of the criminal offender."

45 Moore *Placing blame* (vn 4) 83; Falls (vn 25) 39 45; Murphy (vn 1) 229 Moore *Placing blame* (vn 4) 83; Falls (vn 25) 39 45; Murphy (vn 1) 229.

46 Murphy (vn 1) 100–102; Aranella (vn 1) 1534: "Deontological retributivists tend to view the criminal law as a system of authoritative norms that bind together a community of rational moral agents who must be treated with dignity and respect. Criminal liability requires a demonstration of the actor's moral desert because the purpose of criminal punishment is to give criminals their 'just desert'."

47 Aranella (vn 1) 1611; Taylor (vn 44) 60–63.

48 Taylor (vn 44) 75 praat van "slaves of the therapeutic state".

49 Dolinko (vn 25) 1642; Taylor (vn 44) 57 62.

50 Taylor (vn 44) 57; Ashworth (vn 3) 61.

te voed" deur hom te leer waar hy gedwaal het (dws 'n verkeerde voorstelling van omstandighede gehad het).[51]

Indien 'n dader per ongeluk iets verkeerd gedoen het, of indien hy iemand is wat 'n geneigdheid openbaar om sekere verkeerde dade te doen, is dit denkbaar dat 'n toepassing van die hervormingsteorie daartoe kan lei dat hy beveel word om terapeutiese behandeling te ondergaan in 'n poging om sy geneigdheid om ongelukke te maak, uit te skakel. Indien hy dus wel toerekeningsvatbaar is maar kleptomaniese of psigopatiese neigings openbaar, is dit denkbaar dat hy ingevolge die hervormingsmodel vir terapeutiese behandeling na 'n inrigting verwys word selfs al is daar nie bewys dat hy hom werklik aan 'n misdaad skuldig gemaak het nie. Die vergeldingsteorie is en bly gevolglik die enigste teorie wat straf regstreeks in verband bring met 'n reeds gepleegde misdaad.

9 VERGELDING AS ERKENNING VAN MENSLIKE WAARDIGHEID

Daar is 'n onlosmaakbare verband tussen die vergeldingsteorie en die erkenning van die waardigheid van die mens. Dieselfde kan nie van die relatiewe teorieë gesê word nie.[52] Die vergeldingsteorie, anders as die relatiewe teorieë, behandel die oortreder nie as 'n instrument ter bereiking van die een of ander doel in die toekoms (soos afskrikking of voorkoming) nie, maar eerbiedig die Kantiaanse oproep dat 'n medemens behandel moet word as 'n doel op sigself. Kant se mensbeskouing, wat 'n groot invloed uitgeoefen het op die konstruksie van 'n humanistiese vergeldingsbegrip, behels dat dit nie 'n individu se fisieke krag, intelligensie, aanleg of vaardigheid is waaraan sy waarde gekoppel is nie, maar dat sy waarde spruit bloot uit sy menslikheid, *iets wat alle mense in gelyke mate besit*.[53]

Veral die hervormingsteorie kan gekritiseer word op grond daarvan dat dit die oortreder nie as 'n vrye, outonome mens behandel nie, maar as iemand wat sonder 'n bewuste wilskeuse "siek" is en soos enige ander siek mens deur ander mense "behandel" moet word totdat hy weer gesond is. As iemand ingevolge hierdie terapeutiese model 'n ander behandel vir 'n kwaal, is die persoon wat behandel word normaalweg nie verantwoordelik vir sy kwaal nie. Die besluit om iemand te "behandel", impliseer nie noodwendig dat die persoon wat behandel word enigsins verwytbaar is vir sy verkeerde daad nie. Van verwyt en skuld kan daar immers slegs sprake wees as iemand die geestesvermoëns gehad het om te kan kies tussen reg en verkeerd en ooreenkomstig so 'n insig kon opgetree het, en toe besluit het om die verkeerde in plaas van die regmatige handeling te verrig. Verwytbaarheid veronderstel met ander woorde menslike wilsvryheid.

Die terapeutiese model funksioneer anders as die vergeldingsmodel. In plaas van verwyt, het 'n mens eerder medelye met die persoon wat "behandel" word, net soos ons medelye het met 'n dier wat vir 'n besering behandeling moet ondergaan. Die kwaal hoef geensins te spruit uit 'n vrye keuse van die persoon wat behandel word nie. Die samelewing het hom nie toegelaat om self te besluit wat met hom moet gebeur nie. Die terapeutiese model impliseer dus nie respek vir die morele status van 'n individu nie. Die beskuldigde is bloot 'n objek of 'n lewelose voorwerp wat (soos 'n mens met 'n dier maak) gemanipuleer of gekondisioneer moet word. Dit is nie die

---

51 Sien hieroor veral Hart *Punishment and responsibility* (1968) 1–27.
52 Hampton (vn 7) 1692.
53 Sien die bespreking van Kant se standpunt deur Hampton (vn 7) 1692.

oortreder se vrye wilsuitoefening waaraan erkenning gegee word nie, maar die wil van 'n ander, naamlik die owerheidsinstansies wat die straf oplê en uitvoer. Hierdie degradering van die mens tot 'n blote rat in 'n masjien is die gevolg van die invloed van die natuurwetenskappe op die geesteswetenskappe, waaronder ook die regswetenskap. Daar word geglo dat gedragsmodifikasie deur gedragsterapeute van die oortreder 'n ander mens sal maak.[54] Treffend verklaar Morris[55] in hierdie verband:

> "[I]n the therapy world nothing is earned and what we receive comes to us through compassion, or through a desire to control us. Resentment is out of place. We can take credit for nothing but must always regard ourselves . . . as fortunate recipients of benefits or unfortunate carriers of disease who must be controlled. We know that within our own world human beings who have been so regarded and who come to accept this view of themselves come to look upon themselves as worthless."

Selfs buite die terapeutiese model (dws die hervormingsteorie) funksioneer die voorkomings- en algemene afskrikkingsteorie binne 'n deterministiese wêrelsbeskouing waarin daar vir menslike wilsvryheid en derhalwe waardigheid nie plek is nie: Die oortreder word gemanipuleer deurdat hy as 'n gedepersonaliseerde instrument gebruik word om ander af te skrik van misdaadpleging en om sodoende misdaadpleging te probeer voorkom.

Die utilitarisme impliseer dat vir sover 'n mens 'n waarde het, dit gekoppel is aan sy nuttigheid of die funksie wat hy in die samelewing vervul. Deur, soos die voorstaanders van vergelding redeneer, die klem te plaas op verdiende loon, word die mens erken as iemand wat 'n waarde het wat heeltemal onafhanklik is van sy nuttigheid.[56]

Hierdie verband tussen vergelding en menslike waardigheid lei daartoe dat Morris self so ver gaan as om te verklaar dat die vergeldingsteorie impliseer dat 'n oortreder *'n reg het om gestraf te word*, want deurdat hy gestraf word, word sy menswaardigheid erken.[57] Die misdadiger baat deur gestraf te word en sy straf uit te dien, want sodoende vereffen hy sy rekening teenoor die samelewing en kan hy weer daarnatoe terugkeer en sy medemens in die oë kyk omdat hy nou weer sy gelyke is. Om hom nie te straf nie, beteken dat hy die geleentheid ontsê word om weer op 'n gelyke voet met sy medeburgers te kom.[58] In dieselfde trant verklaar Moore:[59]

> "We are justified in punishing because and only because offenders deserve it. Moral responsibility ('desert') in such a view is not only necessary for justified punishment, it is also sufficient. Such sufficiency of justification gives society more than merely a *right* to punish culpable offenders. It does this, making it not unfair to punish them, but retributivism justifies more than this. For a retributivist, the moral responsibility of an offender also gives society the *duty* to punish."

---

54 Morris (vn 25) 41–43; Taylor (vn 44) 60 65 en Lensing (vn 22) 39.

55 Morris (vn 25) 42.

56 Falls (vn 25) 35 39 49; Murphy (vn 1) 230; Dressler *Hating criminals* (vn 21) 1452; Lensing (vn 22) 39; Nieboer (vn 24) 10; Dolinko (vn 25) 1642–1643; Taylor (vn 44) 60–61. Moore *Placing blame* (vn 4) 86–87 verklaar: "Punishment of the guilty is thus for the retributivist an *intrinsic* good, not the merely *instrumental* good that it may be to the utilitarian or rebabilitative theorist." Vgl ook Hegel (vn 17) par 100: " . . . dass die Strafe darin als sein eigenes Recht enthaltend angesehen wird, darin wird der Verbrecher als Vernünftiges geehrt".

57 Morris (vn 25) 41.

58 Dressler *Hating criminals* (vn 21) 1452.

59 *Placing blame* (vn 4) 91.

10 DIE WEDERKERIGHEIDSBEGINSEL BY VERGELDING

Die idee van herstellende vergelding berus op die beginsel dat geregtigheid altyd 'n element van wederkerigheid ("reciprocity") bevat. In Herbert Morris se uiteensetting van die werking van vergelding, byvoorbeeld, is daar 'n wederkerigheid tussen die voordele en die verpligtinge wat die regsorde vir elke individu inhou.

Herstellende vergelding sluit aan by die Sosiale Kontraksteorie van Rousseau.[60] Hoewel die sosiale kontrak nie as 'n historiese feit aanvaar hoef te word nie, is dit tog aanneemlik as 'n model van 'n rasionele besluit wat die mens sou geneem het. Die uitgangspunt is dat die mens 'n rasionele wese is wat, indien hy 'n keuse sou gehad het, sou gekies het om die beskerming van die reg te aanvaar en as prys die aanvaarding van verpligtinge te betaal. 'n Rasionele mens sou nooit ingestem het tot 'n bedeling waarin 'n ander 'n voordeel ten koste van homself sou kon verkry nie.[61] Die bedeling wat deur die sosiale kontrak in werking gestel is, werk immers tot sy voordeel.

Die wederkerigheidsbeginsel wat ingebou is in vergelding benadruk die noodsaak van 'n eweredige verhouding tussen die strafmaat en die graad van regskending of skade wat die oortreder gepleeg het. Is die strafmaat te hoog, pleeg die regsorde 'n onreg teenoor die oortreder. Is dit te laag, word 'n onreg nog steeds gepleeg omdat die strafoplegger in werklikheid die persepsie bekragtig dat die oortreder die slagoffer se meerdere is.[62]

11 VERGELDING AS HANDHAWING VAN GELYKHEID

Vergelding is onlosmaaklik gekoppel aan die gelykheidsbeginsel, wat 'n kernelement van geregtigheid is. Daar moet 'n eweredige verhouding tussen die omvang van die straf, aan die een kant, en die skade of graad van regskrenking wees.[63] Daar moet ook 'n eweredige verhouding tussen die omvang van die straf en die graad van skuld (opset of nalatigheid) wees.[64] Die reg op gelykheid is trouens vervat in die Suid-Afrikaanse Menseregtehandves.[65]

Hoe geringer die skade, hoe geringer behoort die straf te wees, want die "rekening" of "skuld" wat die oortreder moet betaal, is dan geringer. Dit word onder meer bewys deur die feit dat poging om 'n misdaad te pleeg in die reël ligter bestraf word as die voltooide misdaad, en dat nalatige bestuur wat die dood van iemand anders veroorsaak, swaarder bestraf word as nalatige bestuur wat (gelukkig vir die bestuurder) nie op enige besering vir ander mense of skade aan eiendom uitloop nie.

Hierdie eweredigheid tussen skade en straf wat 'n uitvloeisel van die vergeldingsteorie is, speel 'n baie belangrike rol by strafoplegging. Gooi 'n mens die vergeldingsteorie heeltemal oorboord, en werk jy net met die relatiewe teorieë, sou dit beteken dat strawwe wat buite verhouding tot die misdaad is, opgelê kan word. Val die klem net op voorkoming, sou dit die beste wees om elke dief wat selfs maar die

60 Kelk *Studieboek materieel strafrecht* (1998) 20; Murphy (vn 1) 101–102.
61 Murphy (vn 1) 101–102.
62 Hampton (vn 7) 1690–1691.
63 Nieboer (vn 24) 9; Murphy (vn 1) 232 235; Ashworth (vn 3) 66; Falls (vn 25) 29–30.;Walker en Padfield (vn 4) 111–112; Von Hirsch "Censure and proportionality" in Duff en Garland *A reader on punishment* (1994) 125–130.
64 Lensing (vn 22) 40.
65 A 9(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 bepaal dat elkeen gelyk voor die reg is en die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg het.

geringste sakie steel, gevangenisstraf vir 'n baie lang tyd op te lê. So 'n buitengewoon hardvogtige straf sou tegelykertyd ook die beste afskrikmiddel wees, terwyl die hervormingsteorie alleenstaande ook daartoe kan lei dat 'n oortreder van 'n geringe misdaad vir 'n lang periode opleiding sal moet ondergaan om hom van sy kwaal te genees. 'n Mens kan nie in 'n kort tydperk hervorm word nie.

Om die vergeldingsteorie oorboord te gooi ten gunste van die relatiewe teorieë sou impliseer dat daar inbreuk gemaak word op die reg op gelykheid, deurdat die oortreder 'n straf opgelê word wat byvoorbeeld swaarder is as wat die eweredigheidsbeginsel vereis. Slegs die vergeldingsteorie, en nie die utilitaristiese teorieë nie, kan hierdie belangrike beginsel bevredigend verklaar.

In die sewentigerjare het daar in die VSA verset gekom teen die groot diskresie wat die howe by straftoemeting gehad het. Die groot diskresie het gelei tot willekeur en ongelykheid in strafmaat, en die kritiek dat die howe hulle verantwoordelikheid afgeskuif het op paroolrade, wat moes besluit het of die oortreder klaar gerehabiliteer is.[66] Die wye diskresie wat die howe gehad het, is moeilik versoenbaar met die Amerikaanse Grondwet, wat so uitgelê word dat gelykheid ook in die verhouding tussen die omvang van die straf en die graad van skade of regskrenking vereis word. Daar is opnuut betoog, en in toenemende mate ook aanvaar, dat vergelding lei tot beskerming van die individuele oortreder teen regterlike willekeur. Dit was die rede vir die ontstaan van die "determinate sentencing movement".[67]

12 GEVOLGTREKKING

Vergelding is nie wraakuitoefening nie en dit is gevolglik verkeerd om die begrip te beperk tot die Ou Testamentiese *ius talionis*. Die korrekte betekenis van vergelding is die herstel van die juridiese ewewig wat deur die pleging van die misdaad geskend of "skeefgetrek" is. Dit impliseer 'n wederkerigheid tussen die voordele of beskerming wat die regsorde die individu bied, aan die een kant, en die verpligting wat die regsorde 'n mens oplê om ander mense se regte te respekteer, aan die ander kant. Hierdie herstel van die ewewig is noodsaaklik om 'n gelyke verdeling van maatskaplike regte en pligte te waarborg.

Anders as die utilitaristiese teorieë, is die vergeldingsbegrip onlosmaaklik gekoppel aan die persoonlike verwytbaarheid (skuld) van die oortreder, en voortspruitend hieruit, aan 'n erkenning van die individu se menswaardigheid. 'n Toepassing van vergelding verhoed dat die oortreder gedegradeer word tot bloot 'n rat in 'n groot onpersoonlike masjien, of bloot beskou word as 'n siek pasiënt wat op paternalistiese wyse deur die staat of gemeenskap aan terapeutiese behandeling onderwerp moet word om hom van 'n kwaal te genees en in die proses van hom 'n ander mens te maak. Anders as die utilitaristiese teorieë, respekteer vergelding die oortreder se vrye keuse-uitoefening en lei dit daartoe dat die oortreder, deur sy straf uit te dien, weer op 'n gelyke voet met sy medeburgers geplaas word, omdat hy sy straf, sy verdiende loon, uitgedien het. Vergelding is ook onlosmaaklik gekoppel aan die gelykheidsbeginsel in die begrip geregtigheid, omdat dit vereis dat daar 'n eweredige verhouding tussen die strafmaat en die erns van die misdaad moet wees. Dieselfde kan nie van die utilitaristiese teorieë gesê word nie.

---

66 Lensing (vn 22) 39.
67 *Ibid.*

Die ondersteuning van vergelding as regverdiging vir straf hierbo moet nie beskou word as 'n onderskrywing van die gedagte dat vergelding die *enigste* aanvaarbare regverdiging vir straf is en dat al die ander utilitaristiese teorieë derhalwe as verkeerd en waardeloos afgemaak moet word nie. Nêrens in die beskaafde wêreld word slegs een strafteorie ter uitsluiting van alle andere toegepas nie. Al wat bepleit word, is dat die gedagte van vergelding herstel word as die onmisbare ruggraat van strafoplegging. Die relatiewe teorieë moet dien as korrektief wat verhoed dat in sekere situasies 'n straf opgelê word wat in die besondere omstandighede onvanpas sal wees. 'n Praktiese voorbeeld van 'n geval waar die vergeldingsbegrip alleenstaande nie tot 'n bevredigende straf lei nie, is by die bestrawwing van residiviste. 'n Oortreder wat reeds (sê) twee vorige veroordelings vir dieselfde soort misdaad op sy kerfstok het, moet, in belang van die beskerming van die gemeenskap, 'n straf ontvang wat swaarder is as 'n straf wat, ingevolge 'n toepassing van die vergeldingsteorie alleenstaande, bloot proporsioneel tot die misdaad is waaraan hy so pas skuldig bevind is.

Uit bogenoemde volg dat dit verkeerd is om, soos dikwels in Suid-Afrika gebeur, vergelding te beskryf as slegs maar 'n *doel* van straf.[68] Vergelding is veel eerder 'n uitdrukking van die onveranderlike struktuur van straf.[69]

Paradoksaal soos wat dit mag klink, is vergelding 'n uitvloeisel van billikheid, wilsvryheid en menslike waardigheid – presies die waardes wat moderne Westerse denke respekteer en wil bevorder. Vergelding beteken dat as mense keuses maak oor wat hulle doen, hulle verantwoordelik gehou word vir die gevolge van daardie keuses, en dat hulle die skuld vir die gevolge van hulle daad nie op iemand anders of "op die samelewing" kan afstoot nie.

Indien die bogemelde gevolgtrekkings op Suid-Afrika toegepas word, word aan die hand gedoen dat dit hoog tyd geword het dat die Suid-Afrikaanse howe die nou reeds holruggeryde drietal oorwegings (die sogenaamde "trits in *Zinn*"),[70] te wete die misdaad, die misdadiger en die belange van die gemeenskap, aanpas om by die nuwe veranderde omstandighede in die land (naamlik die ongekende toename in misdaadpleging) aan te pas. Die bogemelde *Zinn*-maatstaf lei tot groot regterlike diskresie en gevolglik merkbare verskille in strafmaat, veral weens die rol wat die beskuldigde se persoonlike omstandighede en oorwegings in verband met rehabilitasie op die keuse van die strafmaat speel. Dit het tyd geword om, aansluitend by die res van die Westerse wêreld, weg te beweeg van die groot diskresie by vonnisoplegging en, in aansluiting by die vergeldingsgedagte, meer te beweeg in die rigting van 'n vaste strafmaat by vonnisoplegging.

Die regering verdien in hierdie verband na my mening krediet vir die uitvaardiging van artikel 51 van die Strafregswysigingswet 105 van 1997, wat voorsiening

---

68 Vir soortgelyke kritiek, sien Terblanche *Vergelding* (vn 12) 272; Terblanche *Sentencing* (vn 12) 190.

69 Rabie, Strauss en Maré (vn 12) 24–25: "The essence of punishment . . . can only be explained from a retributive basis . . ."; Maurach en Zipf (vn 10) 66: "Die sog. *absoluten* Theorien sind zwar Straf-, aber keine Strafzwecktheorien. Sie leugnen die Möglichkeit einer Verbindung des Wesens der Strafe mit konkreten verbrechensprophylaktischen Zwecken. Das Wesen der Strafe ist für sie Ausgleich, sei es als Wiedergutmachung, sei es als Vergeltung und in diesen Funktionen erschöpt sich die Strafe."

70 Die uitdrukking verwys na die drietal grondoorwegings wat volgens die Appèlafdeling se beslissing in *S v Zinn* 1969 2 SA 537 (A) 540 by strafoplegging in aanmerking geneem moet word.

maak vir die oplegging van minimumstrawwe by van die belangrikste misdade. Ten spyte van sekere punte van kritiek in die regspraak teen hierdie bepalings[71] getuig die bepalings van 'n besef aan die kant van die wetgewer van die noodsaaklikheid om weg te beweeg van 'n te vrye diskresie by strafoplegging ten gunste van 'n meer vasgestelde strafmaat. Dit is in lyn met die filosofie wat die vergeldingsbegrip onderlê.

Verder is dit ook verblydend om te sien dat die Suid-Afrikaanse Regskommissie in een van sy onlangse besprekingsdokumente[72] 'n nuwe strafopleggingsraamwerk voorstel waarin daar eweneens wegbeweeg word van 'n te vrye diskresie by straf-oplegging en voorkeur gegee word aan 'n strafopleggingsfilosofie wat deur 'n vaster strafmaat gekenmerk word. Alhoewel die woord "vergelding" in die studiestuk vermy word, is die klem wat geplaas word op wat "restorative justice"[73] genoem word tog in lyn met die vergeldingsbegrip.

In the Middle Ages, when it was very difficult to reach offenders, the judges inflicted frightful sentences on the few who were arrested: but this did not diminish the number of crimes. It has since been discovered that when justice is more certain and more mild, it is more efficacious.

Alexis de Tocqueville: Democracy in America (1835) *vol* 1 *ch* 6 *Everyman's Library* (1994) 104.

71 *S v Mofokeng* 1999 1 SASV 502 (W) 525*h*–526*i*; *S v Homareda* 1999 2 SASV 319 (W) 323–325; *S v Jansen* 1999 2 SASV 368 (K) 373*f*–*g*; *S v Budaza* 1999 2 SASV 491 (OK) 503–506; *S v Khanjwayo*1999 2 SASV 651 (O) 659*g*–*i*.

72 SA Law Commission, discussion paper 91, project 82.

73 *Idem* 8.

A few plain rules? A comparative perspective on exclusionary rules of expert evidence in South Africa

Lirieka Meintjies-Van der Walt
BJur LLB LLM
Senior Lecturer in Law, Rhodes University
Advocate of the High Court of South Africa and Associate Member of the Grahamstown Bar

A few strong instincts and a few plain rules
Wordsworth

OPSOMMING

'n Regsvergelykende perspektief op die reëls van deskundige getuienis in Suid-Afrika

Die onderhawige artikel handel oor die vraag of bepaalde bewysregtelike reëls ten opsigte van deskundige getuienis in Suid-Afrika identifiseer kan word. Die vraagstuk word uit 'n regsvergelykende oogpunt beskou. Nederland synde verteenwoordigend van 'n inkwisitoriese systeem en England en Wallis van 'n akkusatoriese sisteem, word gebruik om 'n regsvergelykende perspektief op die basies Anglo-Amerikaanse reëls wat in Suid-Afrika van toepassing is, te verkry.

Die analise toon aan dat relevansie en betroubaarheid van bewysmateriaal die vernaamste oorweging is by sowel die reëls wat geld ten opsigte van argumentasie en geregtelike besluitneming in Nederland as by die toelaatbaarheidsreëls van toepassing in Engeland/ Wallis. Hoewel bewysmateriaal wat van 'n deskundige getuie afkomstig is onteenseglik nougeset beoordeel behoort te word, word aangevoer dat dit nie raadsaam is om *relevante* deskundige bewysmateriaal op grond van bepaalde "common law" bewysreëls uit te sluit nie. Streng toelaatbaarheidsreëls mag weliswaar nodig wees om 'n jurie teen potensieel misleidende getuienis te beskerm, maar in Suid-Afrika waar professionele regters (soos in Nederland) die finale beoordelaars van die feite is, is streng toelaatbaarheidsreëls oorbodig. Ten slotte word 'n argument ten gunste van 'n vryer bewysstelsel aangevoer.

1 INTRODUCTION

Trial proceedings in South Africa, the Netherlands, and in England and Wales are subject to certain rules which govern the nature of the trial in terms of both the order of events and (to a greater or lesser extent – depending on jurisdiction) questions of admissibility, presentation and justification of expert evidence.

English law of evidence is characterised by exclusionary rules of evidence, which prevent certain evidence from being brought before the trier of fact.[1] The origin of

1 *Phipson on evidence* (1928) par 1.02; Twining *Theories of evidence: Bentham and Wigmore* (1989).

these rules has traditionally been associated with jury trials.[2] Even though trial by jury has been abolished in South Africa, the exclusionary rules of evidence have been retained. This fact supports the view of some commentators which suggests that a second factor responsible for the origin and continuance of the exclusionary rules is the adversarial procedure itself.[3]

The Dutch criminal justice system, by contrast, is not characterised by an intricate system of admissibility rules. The difference in approach between the common law and continental law is succinctly stated by Mannheim:[4]

> "English law of evidence is mainly concerned with the question of *admissibility*, continental law more with the question of *value*. English law eliminates a great deal of evidence at the very beginning, because it may mislead the jury. Continental law comparatively seldom prohibits the admission of evidence. That was originally a consequence of trial without jury"[5] (my emphasis).

This does not mean that rules of evidence are not present in continental law. In civil law jurisdictions, as Nijboer explains, these rules are modelled as decision and argumentation rules.[6] They determine the bases on which courts may decide whether or not to hear experts and other witnesses presented by the prosecution or defence, as well as the grounds for determining the means of proof which a court may use in coming to a decision.[7] Although the Dutch system is inherently a system of free proof, those rules of evidence that do exist, have as their purpose the same objectives as the exclusionary rules of evidence in common-law jurisdictions.[8] Those objectives are to vouchsafe that evidence used by the trier of fact is not only relevant, but also reliable.[9]

Given that relevance and reliability are the respective aims of the rules of evidence and procedure, this article investigates the development of certain rules of evidence pertaining specifically to the realm of expert evidence. Section 2, by way of introduction, looks briefly at the concepts of relevance and reliability. The extent to which it may be said that these rules exist in all three comparator countries, either in the guise of admissibility rules or as decision and argumentation rules, is also

---

2 Love "The applicability of rules of evidence in non-jury trials" 1951–1952 *Rocky M LR* 480: "It is no secret that the Anglo-American system of evidence is a product of the jury system. The theory of the rules is bottomed on a deep-rooted distrust of the lay mind, based in turn on the supposition that a jury is unable to hear doubtful evidence without giving to it the same weight as the direct evidence of a truthful witness. Even today the jurymen are considered children who cannot be trusted. The system has been likened to a sieve and is premised on the principle of exclusion, consisting as it does of a body of rules of admissibility. As such, the system is distinctly a thing apart from an approach to the problem of discovering truth by reference to a pure science of logical proof."

3 Tapper and Cross *Evidence* (1985) 1. A third factor is said to be the importance attached to the oath.

4 Mannheim "Trial by jury in modern continental criminal law" 1937 *LQR* 388.

5 *Idem* 388–389.

6 Nijboer "Common law tradition in evidence scholarship observed from a continental perspective" 1993 *Am J Comp L* 299 314.

7 According to a 338 *Sv* of the Dutch Criminal Code only the following categories of evidence may serve as a "legal means of proof": (i) the judge's own observations; (ii) statements made by the accused; (iii) statements made by a witness; (iv) statements made by an expert; and (v) written documents.

8 Nijboer *supra* 318–319.

9 *Ibid.* See also the United States FRE Rule 702, which requires admissible expert evidence to be reliable and relevant.

dealt with. The primary focus is on the rules which in common-law jurisdictions can be described as "admissibility rules of expert evidence". The extent to which the objectives of reliability and relevance are realised within the comparator jurisdictions is therefore investigated under the convenience headings of "The field of expertise rule", "The common knowledge rule", "The ultimate issue rule" and "The basis rule".[10]

This article also sets out to analyse and to evaluate critically the *rationes* for the different rules of evidence pertaining to the evidence of expert witnesses in South Africa, the Netherlands and England and Wales. Finally, the question whether these so-called rules of expert evidence should, continue to function as rules of admissibility in the South African context, is considered.

2 RELEVANCE AND RELIABILITY

No matter how qualified an expert is or how incontrovertible the proofs of the field of expertise to which he attests, such evidence is meaningless to the criminal justice process, unless the evidence is relevant to the issues concerned.[11]

Experts testifying to their opinions are customarily regarded as an exception to the opinion rule in English and South African law.[12] The general rule of evidence is that evidence of opinion is excluded, and that witnesses may only testify about what they themselves have perceived with one of their five senses. The opinion of an expert is, however, admissible if it is relevant. It is relevant if the expert, by reason of his special knowledge or skill, is better qualified to draw an inference than the trier of fact.[13] An expert witness is therefore not deemed to be of assistance to the court where the area of his testimony falls within the common knowledge of the trier of fact. This test for relevance contains within it two of the rules of evidence customarily applied to expert evidence, namely the so-called "field of expertise rule" and the "common knowledge rule". In *Holtzhauzen v Roodt*[14] the admissibility of the opinion evidence of two witnesses whom the defendant in a defamation action proposed to call, was challenged. The one witness, a psychologist, social worker and counsellor, would testify that women who have been raped often would not report the incident to third parties immediately after it has occurred and that it was common for such victims to exhibit radical changes in behaviour. The evidence of this witness was received because it was helpful and of assistance to the court, since the witness was better qualified than the judicial officer to draw the inferences in question.

The other witness, a clinical psychologist, would testify that the defendant had consulted him on a number of occasions and had told him that she had been raped by the plaintiff, that she had said so twice whilst under hypnosis during therapy sessions, and that it was his opinion that she was telling the truth. This challenge

---

10 Freckelton *The trial of the expert* (1987).

11 *S v Shivute* 1991 1 SACR 656 (Nm) 662*e*; *S v Loubscher* 1979 3 SA 47 (A) 57F–G 60B–C.

12 Zeffertt "Opinion evidence" 1976 *SALJ* 275. It should be noted that the opinion rule assumes that there is a clear distinction between fact and opinion which does not accord with reality, as observed by Thayer *A preliminary treatise on the law of evidence* (1898): "In a sense all testimony as to matters of fact is opinion evidence: ie it is a conclusion from phenomena and mental impressions."

13 Hoffmann and Zeffertt *The South African law of evidence* (1988) 97.

14 1997 4 SA 766 (W).

was, however, successful, the court holding that evidence of that kind was irrelevant, since it would lead to the balancing of opinion between witnesses which would "tend to shift responsibility from the Bench to the witness-box" and to a procedure which would resemble a "gladiatorial pit between witnesses rather than a cool and hopefully calm assessment of the evidence in its entirety as received from all witnesses, not just experts".[15] This successful challenge to the expert opinion of the clinical psychologist in *Holtzhauzen v Roodt* can be seen as the court's application of what has become to be known as the "ultimate issue rule". Historically, the courts have always striven to prevent any witness from expressing his opinion on an issue which the court has to decide.

As has been indicated above, the primary requirement which any piece of evidence tendered in common law courts must satisfy, is that it must be relevant.[16] Relevance usually relates to the probative potential of an item of information to support or negate the existence of a fact of consequence (*factum probandum*). Any item of evidence must therefore have the potential rationally to affect the decision.[17]

However, as Damaska[18] indicates, "relevance" is not an issue that determines admissibility in the Continental legal tradition. On the Continent, the probative potential of an item of evidence is seldom considered apart from the reliability of its source. Where this is done, it would be to determine whether an item is "material". "Materiality" in turn deals with the issue whether an item of information is capable of establishing a fact that would make a difference in terms of the case's legal theory.[19]

Although logically relevant, evidence may be excluded at common law, if its probative value is substantially outweighed by the danger of unfair prejudice, confusion of the issues or by considerations of undue delay.[20] The reliability of the

---

15 774 I–J.

16 See s 210 of the Criminal Procedure Act: "*Irrelevant evidence inadmissible*. No evidence as to any fact, matter or thing shall be admissible which is irrelevant or immaterial and which cannot conduce to prove or disprove any point or fact at issue in criminal proceedings." The following definition of "relevant" by Stephen *Digest of the law of evidence* (1930) a 1 was approved by Watermeyer CJ in *R v Katz* 1946 AD 781: "The word relevant means that any two facts to which it is applied are so related to each other that according to the common course of events one, either taken by itself, or in connection with other facts, proves or renders probable the past, present or future existence or non-existence of the other."

17 Thayer *Preliminary treatise on evidence at common law* (1969) 265 states: "The law furnishes no test of relevancy. For this, it tacitly refers to logic and experience." See also Thayer "Law and logic" 1900 *Harvard LR* 139.

18 Damaska *Evidence law adrift* (1997) 55.

19 *Ibid.*

20 *Makin v AG for New South Wales* [1894] AC 57; *R v Katz* 1946 AD 71; *Gosschalk v Rossouw* 1966 2 SA 485 (A). The weighing up of the prejudicial effect against the probative value of the evidence as exclusionary standard, is clearly distinguished by Sopinka J in the Canadian case of *R v Mohad* 1994 114 DLR (4th 419 (SCC) from the relevance enquiry: "Although *prima facie* admissible if so related to a fact in issue that it tends to establish it, that does not end the inquiry. This merely determines the logical relevance of the evidence. Other considerations enter into the decision as to admissibility. This further inquiry may be described as a cost benefit analysis . . . Cost in this context is not used in its traditional economic sense but rather in terms of its impact on the trial process. Evidence that is otherwise logically relevant may be excluded on this basis, if its probative value is overborne by its prejudicial effect, if it involves an inordinate amount of time which is not commensurate with its value or if it is misleading in the sense that its effect on the trier of fact, particularly a jury, is out of proportion to its reliability. While frequently considered as an aspect of legal relevance, the exclusion of logically relevant evidence on these grounds is more properly regarded as a general exclusionary rule" (427–428).

evidence could therefore influence its juridical relevance and hence its admissibility. This is illustrated in *R v Trupedo*[21] where evidence of the behaviour of a police dog in identifying an intruder was rejected on the grounds of irrelevance.[22] Chief Justice Innes stated: "We have no scientific or accurate knowledge as to the faculty by which dogs of certain breeds are said to be able to follow the scent of one human being, rejecting the scent of all others." It was further held that even if the evidence is not regarded as hearsay "there is too much uncertainty as to the constancy of [the dog's] behaviour and as to the extent of the factor of error involved to justify us in drawing legal inferences therefrom".[23] He concluded that the evidence was not relevant, but that relevance is a question of fact.[24] In *S v Shabalala*[25] it was shown that expert testimony of tracking by dogs, if shown to be reliable, may very well be admissible. One way in which an expert can convince the court of the reliability of his evidence, could be by clearly showing the bases for his opinions. This requirement has developed into what has become known as the "basis rule".

The following sections deal with the significance of evidential rules for expert evidence under different headings.

3 THE FIELD OF EXPERTISE RULE

Although expert witnesses have been permitted to give evidence on an indefinite number of subjects, it has always been based on the principle that they should be properly designated experts. In South Africa, England and Wales the testimony of experts who do not possess the required expertise is inadmissible.

In English and South African law, the requirement of expertise does not mean that the witness needs to be professionally trained in the particular area, neither does it mean that the fact that the witness is a professional, necessarily qualifies him as an expert.[26] The latter was concisely stated by Addleson J in *Menday v Protea Assurance Co (Pty) Ltd*: [27]

---

21 1920 AD 58 62.

22 *Idem* 63.

23 *Ibid.*

24 *Trupedo*'s case, for instance, is not authority for the broad proposition that evidence of tracking by dogs is in all circumstances or in any situation irrelevant, but merely that the evidence on the facts of that particular case was irrelevant. See Hoffmann 1974 *SALJ* 237 238. As Nestadt AJA pointed out in *S v Shabalala* 1986 4 SA 734 (A) 742, *Trupedo*'s case did not decide that evidence of tracking by dogs may never be relevant in any situation, but rather that it was irrelevant given (a) the proven body of scientific knowledge and (b) the system of trial by jury. Of these two variables, only the first was treated in *Shabalala*'s case as being significant. If, eg, acceptable expert testimony had been adduced in that case which established the reliability of tracking by dogs, the court would be free to consider whether a proper foundation had been laid for the reception of the evidence.

25 1986 4 SA 734 (A).

26 See *Wigmore on Evidence* (1988) vol 2 750: "The object is to be sure that the question to the witness will be answered by a person who is fitted to answer it. His fitness, then, is a fitness to answer on that point. He may be fitted to answer about countless other matters, but that does not justify accepting his views on the matter in hand. Since experiential capacity is always relative to the matter in hand, the witness may, from question to question, enter or leave the class of persons fitted to answer, and the distinction depends on the kind of subject primarily, not on the kind of person." In *Mohamed v Shaik* 1978 4 SA 523 (N) the court held that a general medical practitioner, even though he held the degrees MB ChB and had four years' experience, was not qualified to speak authoritively on the significance of findings in a pathologist's report concerning the fertility of semen.

27 1976 1 SA 565 (E).

> "However eminent an expert may be in a general field, he does not constitute an expert in a particular sphere unless by special study or experience he is qualified to express an opinion on that topic. The dangers of holding otherwise – of being overawed by a recital of degrees and diplomas – are obvious; the Court has then no way of being satisfied that it is not being blinded by pure "theory" untested by knowledge or practice. The expert must either himself have knowledge or experience in the special field on which he testifies (whatever general knowledge he may also have in pure theory) or he must rely on knowledge or experience of experts other than themselves who are shown to be acceptable experts in that field."

The Dutch Code of Criminal Procedure does not set out any specific criteria for expertise, and Article 299, which deals with the involvement of the expert in the criminal process, merely states that a person submitting a written report should be an expert and should furnish reasons. The issue of what constitutes expertise in terms of article 343[28] of the Dutch Criminal Code was decided by the Hoge Raad in 1928.[29] The term "wetenschap" (knowledge) in that provision was said to include

> "all special knowledge one possesses or is assumed to possess, even though such knowledge does not qualify as 'science' in the more limited sense of the word, corresponding to the fact that since long, experts have been heard in criminal processes whose special knowledge did not make them practitioners of science".[30]

How Dutch courts consider whether experts are sufficiently qualified to act as such is often not apparent from decisions of the courts. Therefore, as in South Africa and in England and Wales, experts need not be professionals or academically qualified, as long as they have relevant experience and knowledge in the particular field.[31]

In practice, experts are seldom called to testify in open court and judges therefore limit themselves to documented expert evidence contained in the *dossier*. In the absence of *viva voce* evidence, the court in consequence seldom has the opportunity to elicit information from expert witnesses regarding their expertise. Van Kampen[32] offers a further reason why Dutch courts do not query the expertise of expert witnesses, namely that the majority of Dutch expert reports are compiled by permanent forensic experts or specially trained police officers, who are under permanent oath[33] and are deemed to testify only within the bounds of their professional expertise. Potential problems can arise in the case of documented expert evidence emanating from other experts, who do not fall within these categories and who therefore do not possess the same credentials. This has led to a growing concern among academics in the Netherlands who suggest that the Dutch courts and prosecutors should scrutinise the qualifications of persons reporting to them more closely.[34] Extreme care and scrutiny are therefore required, particularly in the areas of new and sometimes ill-defined areas of so-called expertise.

---

Daar is aangevoer dat B genoegdoening verskuldig is, aangesien (1) daar 'n regsplig op hom rus om aan eiser aandag, liefde en koestering te gee en belangstelling aan hom verskuldig is; in die alternatief (2) dat hy volgens die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 verplig is om sodanige aandag, liefde, koestering en belangstelling, wat normaalweg tussen 'n vader en sy natuurlike kind bestaan, verskuldig is; en in die alternatief dat (3) hy as natuurlike vader 'n plig het om eiser te beskerm, wat die plig insluit om na sy welsyn om te sien, met die gevolg dat B verplig is om op te tree soos onder (1) en (2) hierbo uiteengesit.

In die onderhawige bydrae word die aard en inhoud van die omgangsreg tussen buite-egtelike kind en ongehude vader eerstens geïdentifiseer. Daarna word die vraag aan die orde gestel of deliktuele aanspreeklikheid weens skending van die persoonlikheidsreg van die kind deur die vader se optrede in dié verband fundeerbaar is of behoort te wees. Hierdie bydrae moet voorts gelees word as 'n glos op voorafgaande publikasies van die outeurs waarna hier verwys word. Onnodige duplikasie van verwysings en analise word in die onderhawige kommentaar doelbewus vermy.

2 Die omgangsreg as interaksiereg

Die reg van die ongehude vader (hierna: vader) om "kontak" met sy buite-egtelike kind (hierna: kind) te hê, word in die huidige Suid-Afrikaanse reg beskryf as 'n toegangsreg. Laasgenoemde begrip is misleidend en gee nie dit waarom dit werklik gaan na behore weer nie. In die lig hiervan word, soos in die Nederlandse en Duitse regstelsels, die begrip "omgangsreg" gebruik (sien verder hieroor Labuschagne "Persoonlikheidsgoedere van 'n ander as regsobjek: opmerkinge oor die ongehude vader se persoonlikheids- en waardevormende reg ten aansien van sy buite-egtelike kind" 1993 *THRHR* 416 428–429; "Aanvaarding van verantwoordelikheid as ontstaansbron van 'n omgangsreg vir 'n ongetroude vader met sy buite-egtelike kind" 1995 *TSAR* 162; "Vaderlike omgangsreg en die toepassing van die vermoede *pater est quem nuptiae demonstrant* op 'n konkubinaat" 1994 *Obiter* 266; "Vaderlike omgangsreg, die buite-egtelike kind en die werklikheidsonderbou van geregtigheid" 1996 *THRHR* 181 182; Van der Linde "Begrensing van die omgangsreg van die biologiese vader met sy natuurlike kind: Blote biologiese vaderskap onvoldoende" 1999 *De Jure* 181).

Artikel 1: 377a(1) van die Nederlandse Burgerlike Wetboek (*NBW*) bepaal dat die "kind en de niet met gezag belaste ouder hebben recht op omgang met elkaar". Ouer verwys in dié verband na 'n juridiese ouer, dit wil sê dit sluit, in ooreenstemming met die Nederlandse reg, 'n ongehude vader wat sy kind erken het, in (sien vir verdere inligting hieroor Jacobs "Het omgangsrecht in België en Nederland" 1996 *Tijdschrift voor Privaatrecht* (*TP*) 827 840ev; Wortmann "Ouderlike gezag en omgang" 1995 *FJR* 210; Van der Burght en Rood-de Boer *Personen en familierecht* (1998) 561ev; Van Wamelen "Omgang, informatie en consultatie" 1993 *FJR* 158).

In artikel 8 van die Europese Verdrag vir die Regte van die Mens (*EVRM*) word die eerbiediging van die gesinslewe (*vie familiale*; *family life*) as fundamentele reg gevestig (sien ook Hoge Raad (*HR*) 22 Februarie 1985, NJ 1986 3). Blykens die Europese Hof vir die Regte van die Mens (*EHRM*) is beide ouerlike gesag en die samesyn van ouer en kind bestanddele van die begrip "gesinslewe" (*Nielsen v Denmark* (1988) 11 EHRM 175; *Olsson v Sweden* (1988) 11 EHRM 259 283). Sou die samewoning van ouer en kind beëindig of onmoontlik word, kom die gesinslewe, soos bedoel in artikel 8 *EVRM*, nie noodwendig ten einde nie (sien Mosselmans "Een evolutie op het terrein van het ouderlijk gezag, het omgangsrecht, het hoorrecht van minderjarigen en het recht op informatie van ouders en hul minderjarige kinderen" 1997 *TP* 543 581; Vanlerberghe "Omgangsrecht in het licht van artikel 8 EVRM" 1990 *Jura Falconis* 149 151; *HR* 26 November 1999, NJ 2000, 85). In 1982, in *Hendriks v Nederland* (nr 8427/78, NJ 1983 191), het die Europese Menseregtekommissie te doen gekry met 'n geval waar 'n geskeide vader in Nederland reeds vir tien jaar probeer het om 'n omgangsreëling met sy seun te verkry. Sy versoek is telkens afgewys op grond van besware geopper deur die moeder en stiefvader. Vir onderhawige doeleindes is van belang dat uit die verslag van die Kommissie blyk dat 'n omgangsreg tussen ouer en kind voortvloei uit die reg op eerbiediging van die gesinslewe, soos beliggaam in artikel 8 *EVRM* (sien Siemer "Omgaan met omgang: omgang anders dan na echtscheiding" 1993 *FJR* 11). Teen dié agtergrond, asook in die lig van die moderne Nederlandse reg, wys Doek en Vlaardingerbroek daarop dat "het kind en zijn niet met het gezag belaste ouder recht op omgang met elkaar hebben" (*Jeugdrecht en jeugdhulpverleningsrecht* (1998) 150). Hierdie omgangsreg is by geleentheid, en tereg ook, as 'n *onvervreembare reg* beskryf (Broekhuizen – Molenaar "Spermadonor en omgang" 1990 *FJR* 30 35).

Uit artikel 14 *EVRM*, die verbod-op-diskriminasie artikel, blyk duidelik dat die reg op eerbiediging van die gesinslewe ook minderjariges toekom. In die lig hiervan wys Vanlerberghe daarop dat indien 'n ouer geen omgang met sy kind wil hê nie dit outomaties op 'n aantasting van die kind se reg, en omgekeerd, neerkom. Aangesien diskriminasie deur artikel 14 *EVRM* verbied word, het ouer en kind eweveel reg op die eerbiediging van die gesinslewe. Die omgang sou dan "afgedwongen kunnen worden door een dwangsom" (156).

Dit blyk ook uit artikel 1626(3) en 1684(1) van die Duitse Burgerlike Wetboek (*Bürgerliches Gesetzbuch*; *BGB*) dat 'n kind 'n omgangsreg met beide ouers het en dat elke ouer tot omgang met die kind verplig en geregtig is (sien Rummel "Die Kindschaftsrechtsreform – ein einführender Überblick" 1998 *Recht der Jungend und der Bildung* 156 158 en Schwab "Elterliche Sorge bei Trennung und Scheidung der Eltern" 1998 *FamRZ* 458 soos aangehaal deur Robinson "Moderne ontwikkelinge in die Duitse reg aangaande die regsposisie van buite-egtelike kinders: Enkele lesse vir Suid-Afrika" 1999 *De Jure* 259 276). Die motivering vir dié reg van die kind is gebaseer op die uitgangspunt dat omgang met beide ouers *in die reël* sy/haar belang dien (sien die nuut-ingevoegde art 1626(3) *BGB* en Rauscher "Das Umgangsrecht im Kindschaftsrechtsreform gesetz" 1995 *FamRZ* 329 336–337; Niepmann "Die Reform des Kindschaftsrechts" 1998 *MDR* 565 567). Die sogenaamde *ouerlike toegangsreg* tot 'n kind in die huidige Suid-Afrikaanse reg is anachronisties en onversoenbaar met 'n moderne menseregtekultuur (sien verder hieroor Labuschagne "Die vermoede *pater est quem nuptiae demonstrant*, sosio-morele transformasie en die reg op nakomskennis" 1996 *Obiter* 30 35ev; "Vaderlike omgangsreg, die buite-egtelike kind en regsantropologiese onveranderlikes" 1997 *THRHR* 553; "Publiekregtelike effek van die ongehude vader se omgangsreg met sy buite-egtelike kind" 1997 *Stellenbosch LR* 99). Die ouerlike omgangsreg van die kind kan slegs sinvol

uit 'n reg op afkomskennis voortvloei (sien hieroor Koens "Het recht op informatie" 1991 *FJR* 210 212; Leenen "Het recht van het kind op informatie over ouders, broers en zussen" 1999 *FJR* 58 61; HR 17 Des 1993, NJ 1994, 360; Labuschagne "Die reg op afkomskennis as mensereg" 1996 *Stellenbosch LR* 307 en "Die reg op afkomskennis en die buite-egtelike kind se reg op die familienaam van haar natuurlike vader" 1998 *TSAR* 790; BverfG, Beschl v 6/5/1997, FamRZ 1997, 869 870–871 Rauscher 338–339). Soos elders aangetoon, en dit blyk ook uit die regsposisie in Nederland en Duitsland, is die omgangsreg tussen ouer en kind wesenlik 'n interaksiereg (Labuschagne "'n Reg as teenkant van 'n reg: Opmerkinge oor die opkoms van interaksieregte" 1998 *THRHR* 137).

3 Deliktuele konsekwensies van die ouer se ignorering van die kind se omgangsbehoeftes

Nederlandse skrywers verskil oor die vraag of die kind se ouerlike omgangsreg 'n omgangsplig vir die ouer meebring. Jacobs, byvoorbeeld, is van mening dat sodanige plig outomaties geïmpliseer word (872). Vanlerberghe, daarenteen, staan op die standpunt dat artikel 8 *EVRM* "stelt duidelijk een recht op eerbieding van het gezinsleven vast en heeft het geenzins over het bestaan van een dergelijke plicht" en dat sodanige plig "zou onmiddellijk botsen met de rechten en vrijheden van die anderen, in casu het privé- en gezinsleven van de ouder die geen omgang wenst" (156). In 'n saak wat op 22 Desember 1995 (NJ 1996, 419) voor die *HR* gedien het, het die volgende feitestel na vore getree: J is op 21 Junie 1985 gebore uit 'n seksuele verhouding wat sy moeder tussen Julie en Oktober 1984 met sy vader gehad het. Hulle het egter nooit saamgewoon nie en toe sy vader van die swangerskap bewus geword het, het hy die verhouding verbreek. J, wat ten tyde van die saak in graad 6 was, wou graag met sy vader (V) kontak maak. V is intussen getroud en het vanaf J se geboorte geen kontak met hom gehad nie. V het hom nie bereid verklaar om in enige vorm met J omgang te hê nie, aangesien hy gevrees het dat hy dit nie emosioneel sou kon verwerk nie en sy huwelik onder druk geplaas sou word. Sy vrou het in Mei 1995 'n baba verwag. V het aangevoer dat hy nie tot omgang verplig kan word nie aangesien daar nie ingevolge artikel 8 *EVRM* sprake van 'n gesinslewe tussen hom en J is nie. Hy beroep hom daarop dat blote biologiese vaderskap onvoldoende is om 'n omgangsreg te vestig. Bykomende omstandighede moet bestaan waaruit afgelei kan word dat die verhouding waarin V met die moeder gestaan het met 'n huweliksverhouding gelykgestel kan word of uit feitelike kontak met J na sy geboorte (sien Labuschagne 1996 *Obiter* 35–36 en 1995 *TSAR* 162). Die hof *a quo* te Amsterdam is egter van mening dat indien die kind hom op artikel 8 *EVRM* beroep om sodoende 'n omgangsreg met sy vader te vestig daar ander voorwaardes gestel moet word. Die hof is van oordeel dat J "heeft de bovenbedoelde bijkomende omstandigheden in het geheel niet in die hand gehad", dat die bedoelde feitelike gesinslewe van J "verdient eerder en meer bescherming dan dat van de man" en dat V "draagt immers mede verantwoordelijkheid voor het bestaan van het kind". Die hof is vervolgens van oordeel dat, indien dit vir J se ontwikkeling wenslik is dat hy kontak, al sou dit beperk wees, met sy vader moet hê, dit vir V, ooreenkomstig sosiale maatstawwe van betaamlikheid, "niet vrij staat zich aan deze verantwoordelijkheid te onttrekken". Die feit dat V nie die swangerskap gewil het nie en self geen begeerte tot kontak met J het nie, maak hieraan geen verskil nie. Vir hierdie siening vind die hof ondersteuning in artikel 7 van die Verdrag oor die Regte van die Kind wat voorsiening maak vir die reg van 'n kind om sy ouers te ken en dit hou meer in as om bloot hulle name te ken. Hierdie interpretasie van die Amsterdamse hof het die effek dat J in 'n gesinslewe met V staan, maar dat V nie in 'n

gesinslewe met J hoef te staan nie. Von Brucken Fock ("Het recht van het kind om met zijn biologische vader contact te hebben" 1995 *FJR* 117 121) stel, ten einde dié paradoksale konsekwensie te vermy, 'n alternatiewe grondslag in dié verband voor. Volgens hom vloei hierdie reg van die kind uiteraard uit artikel 8 *EVRM* voort, maar hou eerder verband met die beskerming van die privaatheidslewe ("private life"), wat naas die gesinslewe, daarin gewaarborg word. Die kind het naamlik, soos hierbo genoem, 'n reg op afkomskennis wat meer omvat as die blote verneming van die vader se naam. Die beeld wat die kind van sy vader vorm, kan belangrik wees vir sy/haar identiteitsontwikkeling en 'n ewewigtige persoonlikheidsontplooiing. Die kind se reg op afkomskennis en ouerlike identifikasie moet deur die hof met die ouer se reg op privaatheid gekontrasteer word (Jacobs 874; Vanlerberghe 156). Volgens Von Brucken Fock moet ook in aanmerking geneem word dat die vader vir die kind se bestaan verantwoordelik is en dat die kind se belange gevolglik voorrang moet geniet (121).

By appèl stem die *HR* met die hof te Amsterdam saam dat "niet dezelfde voorwaarden behoeven gesteld als wanneer de biologische vader op enige vorm van contact met een door hem verwekt maar niet erkend kind aanspraak maakt" (22 Des 1995, NJ 1996 419). Die *HR* wys egter daarop dat ook vanuit die oogpunt van die kind 'n blote biologiese band nie voldoende is om 'n gesinslewe daar te stel nie. Die aard en bestendigheid van die verhouding tussen die moeder en die verwekker behoort ook verdiskonteer te word, aangesien dit aanduidend daarvan kan wees dat die verhouding nie van 'n geheel verbygaande aard was nie. Faktore soos gemeenskaplike huisvesting, gesamentlike huishouding en wedersydse versorging is in dié verband van belang. Die *HR* is van mening dat 'n seksuele verhouding van drie maande nie voldoende is om 'n gesinslewe daar te stel nie. Wat die verwysing na artikel 7 van die Internasionale Verdrag oor die Regte van die Kind (*IVRK*) betref, merk die *HR* op dat die hof *a quo* dit verkeerdelik op die feitestel van die onderhawige saak toegepas het en dat dit "(n)iet aannemelijk is dat de verdragsluitende staten een zo vergaand recht op het oog hebben gehad". Dit is te betwyfel of die bedoelingsteorie, wat die *HR* by die uitleg van 'n konvensie of verdrag klaarblyklik aanwend, die hedendaagse benadering in die internasionale reg korrek reflekteer (sien bv art 33 van die Weense Konvensie oor die Reg rakende Verdrae en Labuschagne "Interpretation of multilingual treaties" 1999 *SAYIL* 323 328–329). Volgens wat (i) betref, moes daar deur toepassing van artikel 8(2) bepaal word of die fiksheidsklub deur die Handves van Regte gebonde is. Artikel 9(4) wat private diskriminasie verbied, gaan net oor die gronde van diskriminasie wat in artikel 9(3) genoem word en is dus nie hier van toepassing nie. Von Brucken Fock ("De Hoge Raad laat Jeroen in de kou staat" 1996 *FJR* 62 63) val dit op dat die *HR* nie die bedoeling van die moeder en vader as faktor, by bepaling van die vraag of 'n gesinslewe tot stand gekom het, in aanmerking geneem het nie. In die lig van die beslissing van die *EHRM* in *Keegan v Ireland* (26 Mei 1994, NJ 1995 247) waar die feit dat die swangerskap beplan was as bepalend vir totstandkoming van 'n gesinsverhouding beskou is, lyk die *HR* se beslissing aanvegbaar. Von Brucken Fock verklaar in dié verband soos volg:

> "Van een vader die bewust heeft meegewerkt aan de totstandkoming van een zwangerschap mag niet alleen moreel doch ook rechtens meer inspanningen word gevergd dan wanneer dat niet het geval is ... Ik zou hier zelfs de vraag willen opwerpen of de intentie zelf niet reeds, wanneer deze in rechte is komen vast te staan, als een voldoende bijkomende omstandigheid dient te worden beschouwd om familieleven tussen de biologische vader en het kind aan te nemen" (63).

By vasstelling van hierdie bedoeling moet ook ag geslaan word op die maatreëls wat getref is om swangerskap te voorkom en die mate waarin die vader met moontlike

swangerskap rekening moes gehou het. Von Brucken Fock beweer vervolgens dat die *HR* fouteer het deur nie artikel 7 *IVRM* ekstensief uit te lê nie. Die natuurlikste wyse waarop 'n kind sy ouers kan leer ken, is immers by wyse van persoonlike kontak. Vir sover die vader hom beroep op artikel 8 *EVRM* (dws inbreukmaking op sy reg op privaatheid) behoort aan die welsyn van die kind, gelees met artikel 7 *IVRK*, voorrang gegee te word en behoort hy die reg te hê om sy vader te ken en vir dié doel (beperkte) kontak met hom te hê. Volgens Von Brucken Fock dra die *HR* se beslissing nouliks by tot die ontwikkeling van die regte van die kind (64). Die vraag is of 'n omgangsreg afgedwing kan word en, indien wel, wat die waarde van so 'n afgedwonge reg sou wees. Vanuit 'n suiwer etiese oogpunt gesien, sou geargumenteer kon word dat 'n persoon wat 'n kind verwek verantwoordelikhede teenoor sodanige kind het en, indien dit in belang van die kind is, kontak met hom/haar moet hou. Jacobs is van mening dat die afdwinging van so 'n reg in stryd is met dit wat juridies moontlik is. 'n Onderhoudsplig is wel afdwingbaar "omdat dit een minder vergaande en emotioneel belastende maatregel is en niet hetzelfde persoonlijke engagement vereist van de vader, zoals omgang impliceert" (870). Aansluitend hierby wys Vanlerberghe daarop dat om 'n ouer tot omgang met 'n kind te dwing beswaarlik in belang van die kind sou kon wees. Daar bestaan naamlik 'n groot kans dat 'n "omgangsplichtige ouder zijn misnoegen op het kind zal afreageren" (156).

In Duitsland het 'n kind tans 'n reg op omgang met beide ouers. Omgekeerd is 'n ouer, insluitende 'n ongehude vader, verplig en geregtig tot omgang met 'n kind (art 1684(1) *BGB* n F; Diederichsen "Die Reform des Kindschafts- und Beistandschaftsrecht" 1998 *NJW* 1983 1986–1987). Slegs indien die welsyn van die kind dit vereis, kan dié omgangsreg begrens of opgehef word. Hierdie wye formulering van die omgangsreg het die onrealistiese effek dat 'n "omgangsonwillige" ouer tot omgang met die kind verplig sou kon word. Skrywers verwys in dié verband na 'n plig-reg wat die ouers in belang van die kind sou hê (vgl Rauscher 331; Niepmann 567; Diederichsen 1986 vn 115). Of dit as algemene reël in belang van die kind sou wees, is twyfelagtig (sien ook Robinson 277). Uit die aanwending van die begrip "pligreg" blyk duidelik dat Duitse juriste bewus daarvan is dat die tradisionele konstruksie dat elke reg 'n plig as teenkant het, nie in onderhawige verband diensbaar aan geregtigheid kan wees nie. Dit is te betwyfel of die idee dat 'n persoon gelyktydig 'n reg en 'n plig in een en dieselfde verhouding kan hê, hoegenaamd rasioneel fundeerbaar is.

In *Jooste v Botha* wys regter Van Dijkhorst daarop dat eiser se eis slegs op die Grondwet fundeerbaar kan wees, aangesien daar gemeenregtelik geen grondslag vir sodanige eis bestaan het nie. Internasionale instrumente, soos die Verenigde Nasies se Verdrag oor die Regte van die Kind (1989), wat in 1995 deur Suid-Afrika geratifiseer is, het wesenlik slegs vertikale toepassing, asook die bepalings, en in besonder artikel 30(1)(b), van die tussentydse Grondwet 200 van 1993 (*Du Plessis v De Klerk* 1996 3 SA 850 (KH)). Artikel 28(1)(b) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 (hierna: die Grondwet) bepaal dat elke kind 'n reg op ouerlike sorg het. B is eiser se ouer. Blykens artikel 8(3) moet die hof die gemenereg ontwikkel om aan dié reg gevolg te gee. Artikel 9 verbied diskriminasie op grond van geboorte. Die argument lui dat die hof 'n remedie moet ontwerp, aangesien 'n reg nie sonder 'n remedie bestaanbaar is nie (*ubi ius ibi remedium*). Volgens regter Van Dijkhorst is 'n *mandamus* onvanpas, met die gevolg dat 'n deliktuele eis oorweeg moet word (203). Artikel 28(1)(b) van die Grondwet bepaal tans dat elke kind 'n reg op gesinsorg of ouerlike sorg of alternatiewe sorg in geval van verwydering uit die gesinsomgewing het. Regter Van Dijkhorst wys, teen die agtergrond van *Ex parte Chairperson of the Constitutional Assembly*: *In re Certification of the*

Cosntitution of the Republic of Southern Africa, 1996 1996 4 SA 744 (KH) par 54–56), daarop dat die vertikale aanwending van die Handves van Menseregte nie meganies of ongekwalifiseerd plaasvind nie, maar dat dit met groot omsigtigheid moet geskied (205). Na analise van voorafgaande regspraak, wetgewing en regsliteratuur, en die trek van analogieë met die posisie van die binne-egtelike kind, konkludeer regter Van Dijkhorst soos volg:

> "Despite recent statutory developments which have materially improved the rights of a natural father in respect of his illegitimate child, neither our common law nor our statutes recognise the right of a child to be loved, cherished, comforted or attended to by a non-custodian parent as creating a legal obligation. A bond of love is not a legal bond. Insofar as the plaintiff's claim is based on the common law it must fail" (207. Sien ook Labuschagne "Deïnjuriëring van owerspel" 1986 *THRHR* 336 en "Deïnjuriëring van verlowingsbreuk: Opmerkinge oor die morele dimensie van deliktuele aanspreeklikheid" 1993 *De Jure* 126 136–139).

Regter Van Dijkhorst verwys vervolgens na die verskeidenheid betekenisse wat die begrip "reg" ("right") kan aanneem – sien ook die uitstekende analise van Van Zyl "Die subjektiewe reg" in Van Zyl en Van der Vyver *Inleiding tot die regswetenskap* (1982) 412ev – en konkludeer:

> "It is clear that children have a legitimate interest in general physical, intellectual and emotional care within the confines of the capabilities of their care givers. Yet it is significant that the Constitution does not state that parents are obliged to love and cherish their children or give them their attention and interest. The Constitution is silent on the most important aspect of the alleged legal right" (207).

Wat vir die onderhawige doeleindes van wesenlike belang is, is die verwysing deur regter Van Dijkhorst na die stelreël *lex non cogit ad impossibilium* (sien verder tav die strafreg Van Oosten "Die aard en rol van die stelreël *lex non cogit ad impossibilium* en die strafreg" 1986 *THRHR* 375). Ten aansien hiervan vat hy saam:

> "The law will not enforce the impossible. It cannot create love and affection where there are none. Not between legitimate children and their parents and even less between illegitimate children and their fathers. That fact compellingly leads to the conclusion that the drafters of the Constitution could not have intended that result" (209).

Die voorgestelde reg, wat vierkantig binne die konteks van intieme menslike verhoudings val, kan volgens die regter nie tot regsverpligtinge aanbieding gee nie: "[a]ffection cannot be quantified and attention is relative" (209).

Binne konteks van die bestaande positiewe reg, regsfigure en regsdenke is hierdie konklusie stellig korrek. Die feitestel in *Jooste v Botha,* asook denkrigtings in sekere lande soos Nederland en Duitsland, bevestig egter 'n standpunt wat vroeër ingeneem is, naamlik dat 'n reg nie noodwendig 'n plig as teenkant moet hê nie, asook dat deliktuele aanspreeklikheid nie tot die skending van 'n subjektiewe reg, met 'n plig as teenkant, sinvol beperk kan wees nie (Labuschagne "'n Reg as teenkant van 'n reg: Opmerkinge oor die opkoms van interaksieregte" 1998 *THRHR* 137). Die opkoms van interaksieregte binne moderne regstaatlike konteks, wat die resultaat is van die groeiende proses van geregtigheidsmatige gelykbehandeling en -stelling van regsubjekte binne intieme menslike verhoudings en wat gegenereer word deur regsantropologies-universele evolusieprosesse, verg 'n nuwe en/of aangepaste benadering tot die bestaande grondslag van deliktuele aanspreeklikheid (sien Labuschagne "Evolusielyne in die regsantropologie" 1996 *SA Tydskrif vir Etnologie* 40). Hoewel dit ongetwyfeld korrek is dat 'n gedwonge omgangsreg wesenlik teenproduktief en sinneloos is, kan nie ontken word nie dat 'n ontkennende en verwerpende houding van 'n vader emosionele probleme en uiteindelik selfs psigiatriese letsel by 'n kind kan veroorsaak. Sou sodanige kind ondersteuning of

behandeling daarvoor kry, sou die finansiële onkoste daardeur veroorsaak by die onderhoudsbedrag in berekening gebring kon word. Daar bestaan verder geen rede waarom kompensasie vir ongerief en lyding van die kind deur die vader se optrede veroorsaak, nie ook betaalbaar moet wees nie. Elementêre geregtigheid verg dit!

4 Konklusie

Die bestaande regsposisie van 'n omgangsonwillige ouer, soos weerspieël in die beslissing van regter Van Dijkhorst in *Jooste v Botha* is nie versoenbaar met die moderne en steeds veranderende geregtigheidsbegrip nie. Binne die konteks van 'n interaksiereg behoort deliktuele aanspreeklikheid in gepaste omstandighede ook te vestig waar die konstruering van 'n regsplig teenproduktief, uitsigloos, oneffektief en selfs onsinnig is. Nuwewêreldse geregtigheid verg dit!

A VAN DER LINDE
JMT LABUSCHAGNE
Universiteit van Pretoria

The provisions of the Constitution are not time worn adages or hollow shibboleths. They are vital, living principles that authorise and limit government powers in our nation.

Earl Warren CJ in Trop v Dulles 356 US 86.

VONNISSE

VERJARING VAN BORGVERPLIGTINGE REDUX

Rand Bank Ltd v De Jager 1982 3 SA 418 (K)

In 'n poging om verjaring op 'n gesonde grondslag te plaas en aangesien die 1943 Verjaringswet 'n steen des aanstoots vir hom was, het professor JC de Wet 'n nuwe wet voorgestel en die Verjaringswet 68 van 1969 opgestel. Soos die statistieke van die HHA egter aandui, was sy poging nie juis uitermate suksesvol nie. Gedurende die September 2000-termyn van daardie hof was daar byvoorbeeld vier verjaringsake – en dit na dertig jaar van die wet. Ongelukkig verjaar wette nie. Maar De Wet het ook 'n hand in 'n uitspraak oor verjaring gehad, naamlik die gemelde *Rand Bank*-saak, waarin hy die rol van moderator van regter Baker (met wie Lategan R saamgestem het) se uitspraak vervul het (sien die addendum: 1982 3 SA 1091; Curious – volgens mededeling adv Maisels QC – 1983 *SALJ* 327). Toevallig was De Wet se Boswell, advokaat JJ Gauntlett, die suksesvolle advokaat. Ten spyte van al die deskundige bystand het die *Rand Bank*-uitspraak regsonsekerheid geskep en loop sy spook nog steeds. Tot dusver het die HHA nóg die spook begrawe nóg lewe daarin geblaas.

Vir party dien hierdie uitspraak as gesag daarvoor dat 'n borgkontrak sy eie verjaringstermyn het, dat verjaring teen die borg begin loop sodra die hoofskuld opeisbaar word en dat dit aanhou loop ongeag die lotgeval van die hoofskuld (*Bank of the Orange Free State v Cloete* 1985 2 SA 859 (OK)). In *Absa Bank Bpk v De Villiers* 1998 3 SA 920 (O) het regter Van Coppenhagen byvoorbeeld in 'n enkele sinsnede (924D–E) die uitspraak se juistheid onderskryf. Daarenteen het regter Mthiyane in heelwat meer woorde geweier om die uitspraak te volg (*Nedcor Bank Ltd v Sutherland* 1998 4 SA 32 (N)). Hoewel die HHA by meerdere geleenthede 'n beslegting van die probleem vermy het, is dit goed argumenteerbaar dat die uitslag van sowel *Kilroe-Daley v Barclays National Bank Ltd* 1984 4 SA 617 (A) 623 as *Leipsig v Bankorp Ltd* 1994 2 SA 128 (A) nie met *Rand Bank* versoenbaar is nie. Wat ietwat verstommend van regter Van Coppenhagen se lakoniese navolging is, is die feit dat daar heelwat oor die (on)juistheid van die uitspraak geskryf is (bv 26 *LAWSA* par 217; Kritzinger "Prescription of suretyship for a judgment debt" 1983 *SALJ* 35; Forsyth "Suretyship and prescription: a new direction" 1984 *SALJ* 237) en dat dit nie altyd gevolg is nie (*Jordan and Co Ltd v Bulsara* 1992 4 SA 457 (OK)). Veral Mostert "Verjaring by 'n borgskuld" 1981 *TSAR* 163 het 'n sinvolle bydrae gelewer. Terloops, die appèl teen *Absa Bank* is deur die HHA afgewys maar op 'n ander grondslag (2000 1 SA 481(HHA)).

Die feite in *Rand Bank* was heel eenvoudig. D het homself as borg en mede-hoofskuldenaar vir L, die hoofskuldenaar, teenoor die bank verbind. Die bank het vonnis teen L verkry maar eers vier jaar later aksie teen D ingestel. L beroep hom op verjaring van sy aanspreeklikheid as borg na die verloop van drie jaar vanaf die datum waarop die hoofskuld opeisbaar geword het – iewers voor uitreiking van dagvaarding. Daarenteen is die bank se saak dat die hoofskuld, vanweë die vonnis, eers na 30 jaar verjaar en dat D dus nie bevry kon word voor daardie datum nie. Soos regter Baker (420H–421A) opgemerk het,

> "[t]he question for determination here is this: If there is a judgment against the principal debtor but not against the surety, and the latter is sued only after three years have elapsed since judgment was given against the principal debtor, has the claim against the surety become prescribed by that time or not?"

Eintlik is die antwoord op die vraag afhanklik van 'n uitleg van elke besondere borgonderneming (*Bulsara v Jordan and Co Ltd (Conshu Ltd)* 1996 1 SA 805 (A) 811A–E), maar die bepalings van die borgakte kom nie in die uitspraak voor nie, vermoedelik omdat die saak aan die hand van sogenaamde algemene beginsels besleg is. Normaalweg – gewoonlik uitdruklik – duur die onderneming om die hoofskuld te betaal "so long as that debt exists in law and has in fact not been paid by the debtor". (*Cronin v Meerholz* 1930 TPD 403 406–407; vgl *Kilroe Daley loc cit.*)

Regter Baker het anders geoordeel, ten eerste (421E–F) omdat

> "it rather goes against the grain (mine, anyway) to have a rule of law which says that a surety who originally agreed to be liable for a friend's debt for three years from the day on which that debt fell due should, without any warning at all, suddenly find himself liable for 30 years"

en tweedens (424A–B) met 'n beroep op *Neon and Cold Cathode Illuminations (Pty) Ltd v Ephron* 1978 1 SA 463 (A) omdat

> "although the surety binds himself as co-principal debtor, that does not render him liable to the creditor in any capacity other than that of a surety who has renounced the benefits ordinarily available to a surety against the creditor. He does not become a party to the contract between the creditor and the principal debtor (from this one might argue that he therefore does not become bound by a novation, by order of Court, of the debt between the main parties)".

Die eerste punt kom later in hierdie bydrae ter sprake. Op die tweede het regter Baker uitgebrei toe hy *Cronin* in detail gekritiseer het. Meer besonderlik was hy (op 447H) beswaard oor die uitgangspunt in *Cronin* dat "a contract of suretyship was not an independent contract but one accessory to the principal agreement". Hierdie kritiek is op 'n misverstand gebaseer en verloor uit die oog dat twee beginsels ter sprake is. Die eerste is dat die borgkontrak 'n aparte onderneming daarstel met die gevolg dat die borg nie 'n party by die hoofskuld word nie. Soos die feite in *Neon* illustreer, kan die skuldeiser nie die borg (wat ook 'n mede-hoofskuldenaar is) vir die hoofskuld aanspreeklik hou nie. Die borgverpligting hoef ook nie met die hoofverpligting ooreen te stem nie, kan (afhangende van die terme) voor die hoofverpligting verval en kan altyd minder, nooit meer, as die hoofskuld behels nie.

Die tweede beginsel is dat die borgkontrak aksessoor tot die hoofskuld is (*Bulsara v Jordan and Co Ltd (Conshu Ltd)* 810A–D). Dit beteken dat die borgkontrak nie 'n onafhanklike bestaan kan voer nie en daarom is sy noodlot afhanklik van die noodlot van die hoofskuld.

Ongelukkig het regter Baker verder verstrik geraak in probleme van stuiting en uitstel van verjaring terwyl slegs artikel 15 van die Verjaringswet enigsins ter sake kon wees. Dit bepaal dat verjaring gestuit word deur die betekening van 'n prosesstuk

op 'n skuldenaar. As sodanig was dit egter nie van toepassing nie omdat daar nie 'n prosesstuk aan die besondere skuldenaar (die borg) beteken is wat verjaring kon stuit nie.

Die gevolge van die *Rand Bank*-beginsels dat die borgkontrak sy eie verjaringstermyn het en dat verjaring teen die borg begin loop sodra die hoofskuld opeisbaar word en aanhou loop ongeag die lot van die hoofskuld, is nie deur De Wet of regter Baker behoorlik onder die loep geneem nie. Dit is dus gepas om na die anomalieë te verwys en om te bepaal of regter Baker se aangehaalde motivering, gebaseer op billikheid, enigsins steek hou.

Regter Baker het bevind dat 'n borg wat nie van die voordeel van uitskudding afstand gedoen het nie in 'n besondere nadelige posisie is omdat sy skuld eers opeisbaar word nadat die hoofskuldenaar uitgeskud is (449H–450B; vgl De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en handelsreg* (5e uitg) 399). In die gegewe geval sou die borg dus verlief moes neem met die feit dat die skuldeiser dertig jaar tyd gehad het om sy vonnis uit te win want eers daarna begin verjaring teen hom te loop. Daarenteen, as die borg afstand van die voordeel van uitskudding gedoen het, sou sy skuld verjaar het op 'n tydstip wat uit die aard van die saak nie later as drie jaar na datum van die vonnis kan wees nie. Uit 'n verjaringsoogpunt bewys 'n skuldeiser aan homself dus geen guns nie as hy verg dat die borg van die voordeel van uitskudding afstand doen. Of die vermoë van die skuldeiser om oor die begin van die loop van verjaring te beskik enige rol in hierdie omstandighede te spele het, is 'n ander vraag (vgl *Santam Ltd v Ethwar* 1999 2 SA 244 (HHA)). Wat beide regter Baker en De Wet egter uit die oog verloor het, is die beginsel dat 'n assessore kontrak gelyktydig met die hoofskuld uitgewis word. As uitwinning eers na aan die einde van die verjaringstermyn sou geskied, sou dit beteken dat die borgverpligting bly voortbestaan ten spyte daarvan dat die hoofskuld uitgewis is.

Dit is onder hierdie stelsel dan ook nie moontlik om iemand sinvol as borg en mede-hoofskuldenaar te verbind vir 'n skuld wat 'n verjaringstermyn van langer as drie jaar het nie. Die borg van 'n verbandskuld sal van sy borgverpligting bevry word na drie jaar nadat die verbandskuld opeisbaar geword het terwyl die verbandgewer se skuld eers 27 jaar later verjaar. Dieselfde sinneloosheid geld in die geval van wisselborge en die ander gevalle gedek deur artikel 11 (a), (b) en (c).

Om hierdie resultaat te bereik, moes regter Baker vir Voet 46 1 36 verkeerd bewys. Wat Voet gesê het, is volgens Gane se vertaling:

> "If however a demand has indeed been made upon the principal debtor, but on the surety never, not even in a whole thirty years, the surety would nevertheless not be able to defend himself with prescription. This is because it has been held that, when the obligation has been made permanent as against the debtor himself by a demand made upon the debtor, it is likewise made permanent also as against sureties and remaining accessories; and that, if the defendant makes default, the surety is also held liable.
>
> If in sooth the making of a demand on one of two joint debtors interrupts prescription in respect of the other also, when each of them was bound as a principal debtor, far more must we say that an obligation against a surety is prolonged by a demand which was made on the principal debtor. It is more in accord with nature for an accessory to go with its principal, than for one principal thing to be assessed on another."

Dit het regter Baker bereik na 'n ywerige gedelf in die gemene reg tot die bewondering van vele (oa Forsyth "Suretyship" in Zimmermann en Visser (reds) *Southern Cross* (1996) 428 ev), min wat die moed aan die dag sal lê om die juistheid daarvan na te gaan. Dis egter nie nodig om tot die debat toe te tree nie. Waarop die argument kortliks neerkom, is dat Keiser Justinianus in *Codex* 8 0 5 'n ondeurdagte stukkie

wetgewing daargestel het (421F–G 427A–B 447A–F) en dat Voet 46 1 36 die Romeinse reg misverstaan het (444C ev) en tot Romeins-Hollandse reg verhef het. Al word veronderstel dat sowel Justinianus as Voet flaters begaan het, is dit in die hedendaagse konteks irrelevant. Die Suid-Afrikaanse reg is nie wat die Romeinse of Romeins-Hollandse reg moes gewees het nie, maar wat laasgenoemde was en, indien geresipieer, in daardie mate. Per slot van sake, soos Voet ten besluite gesê het, is die beginsel soos deur hom geformuleer in pas met die aksessore aard van borgskap, iets wat regter Baker bevraagteken het.

Uit die oogpunt van die openbare belang kan die vraag gestel word of dit in die belang van borge in die algemeen is om gedagvaar te moet word alvorens dit nodig is om die hoofskuldenaar aan te spreek. Mens sou dink dat borge liefs sou wou dat die skuldeiser – selfs al is afstand gedoen van die voorreg van uitskudding – eers die hoofskuldenaar uitskud. Enige ander benadering verswaar die borg se posisie wesenlik. Die feite in *Absa* en *Leipsig* illustreer die punt. Die hoofskuldenaar word gesekwestreer of sterf. Die skuldeiser moet binne drie jaar nadat die hoofskuld opeisbaar geword het, teen die borg stappe doen (klaarblyklik vir die volle borgskuld) en mag nie wag vir die afhandeling van die boedel sodat hy die borg net vir daardie gedeelte wat nie deur die dividend gedek word, aanspreek nie. Dit is ook interessant om te let op van die ander gevalle van uitstel van verjaring teen die hoofskuldenaar wat deur artikel 13 geskep is. So is daar die geval waar die skuldeiser en skuldenaar met mekaar getroud is. Wat die *Rand Bank*-benadering verg, is dat die borg binne drie jaar vandat die skuld opeisbaar geword het, gedagvaar moet word – wat weer aanleiding daartoe sal gee dat die borg die eis sal verhaal van die skuldenaar-eggenoot. Sodoende word nie alleen die vrede tussen egliede versteur nie maar die hele oogmerk van die bepaling ongedaan gemaak. Dieselfde geld vir die gevalle gedek deur artikel 13(1)(c) en (d). Of neem die geval van uitstel omdat die skuld die onderwerp van 'n arbitrasie-geskil is: die borg moet gedagvaar word in verrigtinge wat, afhangende van die uitslag van die arbitrasie, abortief kan wees. 'n Mens kan net wonder hoekom De Wet nie met hierdie gevalle gehandel het toe hy sy benadering wou regverdig nie. Hy het slegs verwys na die geval waar die skuldenaar in die buiteland is en die borg nie (De Wet en Van Wyk 138 vn 48).

Dit is gevaarlik om die rol van borgstelling in ons ekonomie te negeer. Sedert die erkenning en uitbreiding van regspersone met beperkte aanspreeklikheid, het die noodsaak vir borgstelling dramaties toegeneem. Selde is die borg 'n vriend (soos deur Baker R veronderstel) of 'n weduwee sonder olie in haar kruik wat vir die skulde van vreemdelinge borg staan. Normaalweg is dit die alleen-belanghebbendes in die regspersoon met beperkte aanspreeklikheid. Dit is altyd noodsaaklik vir kredietverlening. Sonder 'n sinvolle stelsel van persoonlike sekerheidstelling sal kredietverlening soos dit tans bekend is, wesenlik ingekort word.

Ten besluite is die vraag of die antwoord nie te vinde is in die feit dat die 1969-wet nie artikel 6(2) van die Verjaringswet 18 van 1943 in die een of ander vorm herverorden het nie. Dit het naamlik bepaal dat stuiting teen die hoofskuldenaar geag word stuiting te wees ook teen die borg. Stuiting is, soos aangedui, slegs een aspek van die probleem. Miskien belangriker in die regsverkeer is uitstel van verjaring. Hoe dit ook al sy, regter Baker het bevind dat die weglating van 'n soortgelyke bepaling slegs beteken dat die gemenereg geld (442B–443H). Adjunk-regterpresident Flemming het in *Commissioner of Customs and Excise v Standard General Insurance Company Ltd* (WPA saak 95/14533) anders geoordeel. In appèl het die punt in die HHA weer eens nie ter sprake gekom nie. (Die uitspraak is nog nie gerapporteer nie.)

Die *Rand Bank*-uitspraak illustreer weer die ou beginsel van "hard cases make bad law" en bevestig dat regters versigtig moet wees om algemene reëls te formuleer wat op billikheid van die besondere geval eerder as op algemene billikheid gebaseer is. Miskien illustreer dit ook die rede vir die beginsel dat mens die wetsopsteller se bedoeling in die wet moet soek en nie in die los praatjies van wetsopstellers nie. Ten besluite toon dit dat regsbehoeftes verskil indien gesien in die skaduwee van 'n eikeboom in teenstelling met die skerp lig op die mark.

Klaarblyklik het die stof om *Rand Bank* nog nie gaan lê nie en is die laaste woord nog nie daaroor uitgespreek nie. Die tyd het aangebreek dat iemand die hand aan die ploeg moet slaan en sonder om te veel agtertoe te kyk, probeer om 'n sinvolle verjaringswet op te stel.

STYRIAN

ISSUES ARISING FROM A CHALLENGE TO THE CONSTITUTIONALITY OF THE CUSTOMARY LAW OF INTESTATE SUCCESSION

Mthembu v Letsela [2000] 3 All SA 21 (A); 2000 3 SA 867 (SCA)

1 Introduction

Now that cases on customary law are being brought before the High Court and the Supreme Court of Appeal with greater frequency than before, and will presumably also be brought before the Constitutional Court, it is appropriate to discuss the way in which such cases are being dealt with. Remembering that, for the most part, customary law cases were previously dealt with in different courts, one can sympathise with counsel and courts faced with problems arising in a system of law with which they are much less familiar than they are with South African common law. It may well be that drawing attention to the need for deeper study will assist the courts in the handling of cases on customary law in future.

2 *Mthembu v Letsela*

The decision of the Supreme Court of Appeal in *Mthembu v Letsela* [2000] 3 All SA 21 (A); 2000 3 SA 867 (SCA) is of great importance on a number of issues. It merits close attention, *inter alia*, not only on the constitutionality of the customary law of intestate succession, but also on the essential requirements of a customary law marriage because the appellant (applicant in the court *a quo* before which the case came twice: 1997 2 SA 936 (T) and 1998 2 SA 675 (T)), based her case on the proposition "that she was married to the deceased under customary law" (1997 2 SA 939 (T) 939B–C). If she was, and if the customary law rules of intestate succession applied to the devolution of the deceased's estate, her daughter Tembi (the deceased's only child: 1998 2 SA 675 (T) 678H–I) was not heir to the deceased's estate because in customary law an estate devolves on a male heir. The appellant accordingly applied in the court *a quo* for an order declaring, *inter alia* (1997 2 SA 936 (T) 939F–H):

> "1.1 that the rule of African customary law which generally excludes African women from intestate succession ('the customary law rule') is inconsistent with the Constitution and consequently invalid;
>
> 1.2 that s 23 of the Black Administration Act 38 of 1927 ('the Act') and s 2 of the Regulations for the Administration and Distribution of the Estates of Deceased Blacks made under s 23(10) of the Act by Government Notice R200 of 6 February 1987 ('the regulations') are invalid insofar as they demand the application of the customary law rule;
>
> 1.3 that the administration and distribution of the estate of the late Tebalo Watson Letsela ('the deceased') is governed by the common law of intestate succession; and
>
> 1.4 that Tembi Mthembu is the deceased's only intestate heir".

The court in the first case (1997 2 SA 936 (T)) postponed the application *sine die* and referred the matter for hearing of oral evidence on the questions whether there had been a customary law marriage (a customary union in the older terminology) or a putative marriage (947D–E). (On the case in the court *a quo* see my note "Inheritance in customary law under the Interim Constitution and under the present Constitution" 1998 *SALJ* 262; Maithufi "The constitutionality of the rule of primogeniture in customary law of intestate succession" 1998 *THRHR* 142; Van Heerden "Die intestate erfopvolgingsreg van 'n swart vrou in 'n gebruiklike huwelik" 1988 *THRHR* 522; Bohler "Equality courts: introducing the possibility of listening to different voices in South Africa?" 2000 *THRHR* 288; Els "Customary law and equality: *Mthembu v Letsela and Another* 1998 2 SA 675 (T)" 1998 *Responsa Meridiana* 88.)

In view of the importance in the case of the existence or non-existence of the customary law marriage between the appellant and the deceased, which in turn was decisive for the legitimacy or illegitimacy of their daughter Tembi, the crucial nature of the circumstances, and the length of time during which the two lived together as man and wife (see below), it is remarkable that the opportunity to lead further evidence (see below) was not taken. As it is, there is no certainty about the period during which the appellant and the deceased lived together. In one paragraph it is said that they had lived together in the house at 822 Ditopi Street Vosloorus Boksburg (the main asset in the deceased's estate: 1997 2 SA 936 (T) 938) "since 1990" (938A); in the next paragraph one is given the impression that it was since 7 April 1988 when Tembi was born (938B–C) and it can be inferred to have been at least since the couple decided to raise a family, which dates back to 1987. It is recorded that 99-year leasehold tenure of the house was granted in 1989 (938C–D) but that does not necessarily indicate the date when the couple took up residence there, since 99-year leasehold was commonly given about that time to those who had occupied houses on the previous less secure tenure.

The deceased was murdered on 13 August 1993 (938A–B). During the time the couple lived together, a *lobola* contract was entered into. The date of the contract is not given, but will have been on or before 14 June 1992 (1998 2 SA 675 (T) 678G). (On the point that, strictly speaking, the word "*lobola*" refers to the contract rather than to the cattle transferred, though it is often used of the latter, see Clark (ed) *Family law service* par G81.) (References to legal literature, whether books, articles or notes are to be read as references also to the authorities cited therein.) An amount of R2 000 was agreed upon and R900 was paid as a first instalment, the balance to be paid in October 1993: (1997 2 SA 936 (T) 939A–B and note that in the Supreme Court of Appeal in par [18] Mpati AJA said that "part of the bride wealth was paid"). Before that date the deceased was murdered and the balance was not paid (1998 2 SA 675 (T) 678H). According to the applicant's answering affidavit

the deceased's family and her brother signed a document evidencing the *lobola* contract (1997 2 SA 936 (T) 938I–J–939A–B). This does not seem to have been contested by the respondents.

It is to be noted that nowhere in the reports of any of the three cases is it said that no evidence at all was led. The Supreme Court of Appeal judgment (par [2]) and the judgment in the first case (937J–938G) clearly imply that the facts there stated were either given in evidence or must be accepted because they were uncontested.

Both parties claimed that further evidence was available. In an affidavit the applicant claimed to have detailed evidence and a number of witnesses concerning the entry into the customary law marriage (938J). The first respondent, contesting this, claimed to have other evidence (940D–E). Le Roux J said (946E):

> "It is . . . essential to establish first what the marital state was between applicant and the deceased, *inter alia*, by reason of the provision found in reg 2(d) of the regulations [for the administration and distribution of the estates of deceased Blacks in *GN* R 200 of 6 February 1987] which provides as follows:
>
> 'When any deceased black is survived by any partner
>
> (i) with whom he had contracted a marriage which, in terms of ss (6) of s 22 of the Act, had not produced the legal consequences of a marriage in community of property; or
>
> (ii) with whom he had entered into a customary union; or
>
> (iii) who was at the time of his death living with him as his putative spouse; or by any issue of himself and any such partners, and the circumstances are such as in the opinion of the Minister to render the application of black law and custom to the devolution of the whole, or some part, of his property inequitable or inappropriate, the Minister may direct that the said property or the said part thereof, as the case may be, shall devolve as if the said black and the said partner had been lawfully married out of community of property, whether or not such was in fact the case, and as if the said black had been a European.'"

Later on the same page the learned judge continued:

> "This would in my view be an appropriate case to be placed before the Minister where she can show that her position and that of her child as urban dwellers is adversely affected by this rule of succession under customary law, for example because the heir fails to maintain her, or because the leasehold property does not fall within the scope of s 23 (2) and she is threatened with ejectment from her erstwhile common marital home by the application of the rule. *In order*, however, *to bring herself within the ambit of this* rule it is essential to establish the jurisdictional requirement, viz that she was married by customary law or at least was living with him as his putative spouse (which is also denied by first respondent) (946I–947A emphasis added)."

Accordingly the learned judge made the following order (947 E):

> "The matter is referred for the hearing of oral evidence on the following preliminary questions: (a) whether the applicant had entered into a valid customary union with the deceased during the latter's lifetime; or (b) whether a putative marriage under customary law existed between the applicant and the deceased."

Le Roux J clearly considered, with respect correctly, that, *at the stage of the enquiry at the time*, if application was to be made to the Minister further enquiry into the available facts should be made. The word "essential" should be read with this in mind. The learned judge does not appear to have meant that it was not possible to come to a decision on the facts before the court *if they were the only facts*. Hence, again with respect, Mynhardt J in the second case does not appear to have been correct when he said (1998 2 SA 675 (T) 679F–G):

> "Le Roux J could not determine on the papers as they stood, whether or not the applicant and the deceased had entered into a customary union and whether or not a putative marriage under customary law had existed between the applicant and the deceased."

(10) he would co-operate fully with the Department of Social Services of South Carolina and any other professionals who conducted an assessment to determine custody, access and care arrangements in Z's best interests;

(11) he would take all steps necessary to make this order an order of the York County Family Court.

The respondent, in turn, was required to undertake:

(1) that she would not, pending the return date contained in the order, remove the child from Cape Town and would keep the applicant's attorneys advised of her whereabouts;

(2) that she would return with the child, on the return tickets provided, to York County South Carolina and immediately upon arrival there, to hand to the applicant's legal representative all passports, travel documents and birth certificates.

The court also found that justice would be served by making no order for costs (715G).

4 The court order

The court ordered the respondent to return to York County, South Carolina, subject to the filing of affidavits giving the required undertakings and proof that the South African order had been made an order of the York County Family Court and that steps had been taken to ensure that it was enforceable in the United States.

The Sheriff was ordered to release to the applicant's attorneys all travel and other documents being held by him to be handed to the respondent immediately before her departure. These documents were then to be handed by respondent to applicant's

legal representatives immediately upon arrival in the United States. The parties were required to bear their own costs.

5 Conclusion

One of the vexing questions relating to the implementation of the Hague Convention's objectives has been how to achieve these objectives in non-convention cases. *K v K* is such a case. In the judgment under discussion the court clearly set out guidelines as regards the weight to be accorded to Convention principles in the determination of non-Convention cases. The court espoused the view that the Convention was drafted on the basis that it is generally in the best interests of a child who has been abducted to be returned to his or her place of habitual residence immediately before the abduction. In taking this stance the court thus viewed the best interests of children in general as the test to be applied in relation to the Convention. The Convention is concerned with protecting children in general and not any specific individual. This is an important development in the law regarding international parental abduction.

By adopting the view that the application of the Convention principles is generally in the best interests of children, the court in *K v* K effectively reconciled the Convention's requirement for the summary return of abducted children with the requirements of the Constitution of the Republic of South Africa as regards the paramountcy of the best interests principle in cases dealing with children.

CMA NICHOLSON
University of Pretoria

RASSISME AS FAKTOR BY STRAFOPLEGGING

S v Salzwedel 2000 1 SA 786 (HHA)

1 Inleiding

S en drie medebeskuldigdes is in die verhoorhof daaraan skuldig bevind dat hulle in Maart 1994 ene Mcoseleli Christia Benta (die oorledene) vermoor het asook dat hulle ten tyde van dieselfde gebeurtenis die motor van ene Tommy Orie onregmatig en kwaadwillig beskadig het. Regter Jones het die beskuldigde op die moordklagte tot tien jaar gevangenisstraf elk gevonnis, maar die hele vonnis is vir vyf jaar op sekere voorwaardes opgeskort, wat ingesluit het dat hulle hulle aan drie jaar korrektiewe toesig onderwerp. Die korrektiewe toesig is self onderworpe gestel aan voorwaardes: Eerstens is hulle vir drie jaar in huisarres geplaas, behalwe vir doeleindes van gesondheid en indiensneming asook vir doeleindes van sosiale, kulturele, ontspannings- en opvoedingsaktiwiteite soos deur die Kommissaris van Korrektiewe Dienste bepaal. Tweedens is hulle opdrag gegee om by sekere gespesifiseerde instellings gemeenskapsdiens vir 'n tydperk van 16 uur per maand gedurende die volle tydperk van drie jaar te verrig. Die beskuldigdes is daarbenewens, in ooreenstemming

met artikel 297(1)(b) gelees met artikel (1)(a)(i)(aa) van die Strafproseswet 51 van 1977, beveel om elkeen 'n bedrag van R3 000, in maandelikse paaiemente van R50, in 'n voogdyfonds tot voordeel van die oorledene se kinders in te betaal. Die beskuldigdes is op die klagte van saakbeskadiging elk gevonnis tot 12 maande gevangenisstraf opgeskort vir vyf jaar op voorwaarde dat hulle nie gedurende daardie tydperk aan saakbeskadiging skuldig bevind word en tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis word nie. Die beskuldigdes is ook beveel om elkeen R150 aan Tommy Orie te betaal. Die feite wat hiertoe aanleiding gegee het, was soos volg: Oorledene en drie ander persone, almal swart mans, was onderweg in 'n Cortina motor, wat in die regmatige besit van Tommy Orie was, in die hoofsaaklik wit woongebied Cambridge in Oos-Londen toe die battery daarvan onklaar geraak en die ligte afgegaan het. Orie, die bestuurder, het van die hoofpad afgetrek. Een van die insittendes het besluit om huis toe te loop maar die ander, omdat hulle vandalisme gevrees het, het besluit om agter te bly. Die beskuldigdes, asook ander wit jeugdiges, was lede van die AWB en het bewapen, asook gemasker, sekere wit woonbuurte gepatrolleer en swart persone sonder meer aangeval. Hoewel hulle opleiding in die hantering van vuurwapens en knuppels ondergaan het, het hulle nie opdrag van die AWB ontvang om swartes aan te rand nie. Hulle het toe hulle op die Cortina afgekom het en uit die nommerplaat afgelei het dat dit heel waarskynlik aan 'n swart persoon behoort het, begin om die motor te beskadig. Toe hulle later terugkeer, het hulle opgemerk dat die Cortina nog daar staan en vir die eerste keer opgemerk dat daar swart insittendes was. Laasgenoemde het hulle uit die voete probeer maak. Twee van hulle het weggekom maar die oorledene, wat klein van liggaamsbou was, kon nie. Hy was 'n baie tingerige persoon met 'n boggelrug, slegs 1,5 meter lank en het swak ontwikkelde longe gehad. Hy het gestruikel, geval en terwyl hy weerloos op die grond gelê het, is hy op 'n brutale wyse doodgeslaan. Die verhoorhof het beslis dat al die beskuldigdes met 'n gemeenskaplike doel opgetree het en hulle op grond van *dolus eventualis* aan moord skuldig bevind. Die Hoogste Hof van Appèl (vervolgens: appèlhof) is uiteindelik gekonfronteer met die vraag of die straf wat opgelê is, van pas is. Die beslissing van die appèlhof in dié verband word vervolgens onder die loep geneem.

2 Wanneer kan die Appèlhof die diskresie van die verhoorhof by strafoplegging ter syde stel?

Die beskuldigdes het aangevoer dat nie met die diskresie-uitoefening van die verhoorhof ingemeng mag word bloot omdat die appèlhof die diskresie anders sou uitgeoefen het nie. Hoofregter Mahomed, wat die eenparige uitspraak van 'n paneel van vyf regters lewer, stem hiermee saam, maar wys daarop dat dit nie 'n onaantasbare reël daarstel nie (790). Hy wys in dié verband op die beslissing van die Appèlhof in *S v Anderson* 1964 3 SA 494 (A) 495 waar die volgende kwalifikasie gestel is:

> "The Court of appeal, after careful consideration of all the relevant circumstances as to the nature of the offence committed and the person of the accused, will determine what it thinks the proper sentence ought to be, and if the difference between that sentence and the sentence actually imposed is so great that the inference can be made that the trial court acted unreasonably, and therefore improperly, the Court of appeal will alter the sentence."

Volgens hoofregter Mahomed kan 'n hof van appèl met 'n vonnis inmeng indien dit verontrustend onvanpas buite verhouding tot die erns van die misdaad is, of onderlê is deur wanopvattings wat daarop dui dat die verhoorhof nie sy diskresie redelik uitgeoefen het nie (790 met beroep op *S v Pillay* 1977 4 SA 531 (A) 535; *S v Mothibe* 1977 3 SA 823 (A) 830; en *S v Narker* 1975 1 SA 583 (A) 588). In *S v*

Zinn 1969 2 SA 537 (A) 540 het die appèlhof beslis dat 'n oorbeklemtoning van die misdaadeffek en 'n onderwaardering van die persoon van die beskuldigde 'n wanopvatting daarstel wat opheffing van die opgelegde straf tot gevolg kan hê. Teen dié agtergrond merk hoofregter Mahomed op dat "[t]his must be equally true when there is an over-emphasis of the personal circumstances of the accused and an underestimation of the gravity of the offence" (790). In die onderhawige saak blyk volgens die regter 'n opvallende dispariteit tussen die straf wat die verhoorhof opgelê het en die straf wat die appèlhof, sittende as verhoorhof, sou opgelê het:

> "My main difficulty with the approach of the trial Judge is that he over-emphasised the personal circumstances of the respondents without balancing these considerations properly against the very serious nature of the crime committed, the many very aggravating circumstances which accompanied its commission, its actual and potentially serious consequences for others, and the interests and legitimate expectations of the South African community at a very crucial time in its transition from a manifestly and sadly racist past to a constitutional democracy premised on a committment to a constitutionally protected and expressly articulated culture of human rights" (790–791).

3 Rasgemotiveerde misdade en bepaling van die strafmaat

Volgens hoofregter Mahomed is die verhoorhof grootliks beïnvloed deur 'n verslag van 'n forensiese kriminoloog, doktor Irma Labuschagne. Sy het in die lig van die persoonlike omstandighede van die beskuldigdes aanbeveel dat hulle uit die gevangenis gehou behoort te word. Met verwysing na *S v Lister* 1993 2 SACR 228 (A) 232 wys hoofregter Mahomed daarop dat "[t]o focus on the well-being of the accused at the expense of the other aims of sentencing, such as the interests of the community, is to distort the process and to produce, in all likelihood, a warped sentence". Doktor Labuschagne het aangevoer dat die beskuldigdes deur 'n bykans onweerstaanbare kultuur van rassisme in hulle ouerhuise beïnvloed is. Hierdie siening bring 'n belangrike beginsel by strafoplegging na vore "in a country such as South Africa with its tragic history of racial intolerance and fear, which . . . the . . . Constitution repudiate[s] with eloquence and vigour" (791. Sien a 7–10, 15 en 19 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996). Met verwysing na voorafgaande regspraak (*S v Van Wyk* 1992 1 SACR 147 (NmS); *S v Acheson* 1991 2 SA 805 (NmHC) 813; *Ngcoob v Salimba CC* 1999 2 SA 1057 (HHA) 1068) merk hoofregter Mahomed op dat

> "[t]he commission of serious offences perpetrated under the influence of racism subverts the fundamental premises of an ethos of human rights which must now 'permeate the process of judicial interpretation and judicial discretion' including the sentencing policy in the punishment of criminal offences" (792).

Hierdie siensw yse is nie nuut nie. Artikel 211(1) van die Duitse Strafwetboek stel moord met lewenslange gevangenisstraf strafbaar. In artikel 211(2) word moord omskryf as die doding van 'n ander uit moordlus, ter geslagsbevrediging, uit hebsug of 'n ander lae beweegrede, op 'n boosaardige of grusame wyse of met algemeen gevaarlike middele of om 'n ander misdaad te verdoesel (sien tav die sistematisering van dodingsmisdade in Duitsland Labuschagne "Dodingsmisdade, sosio-morele stigmatisering en die menseregtelike grense van misdaadsistematisering" 1995 *Obiter* 34 38–42). Die Duitse hooggeregshof (*Bundesgerichtshof*; *BGH*) het beslis dat die doding van 'n ander om suiwer rassistiese oorwegings 'n lae beweegrede daarstel wat (opsetlike) doodslag, dit wil sê skending van artikel 212 van hulle Strafwetboek, tot die ernstiger misdaad "moord" omskep (BGH, Urt v 7/9/1993, NStZ 1994, 124; Labuschagne "Rassisme, die konstitusionele gelykheidsbeginsel en straftoemeting" 1994 *Obiter* 147).

In sy uitspraak in die onderhawige saak wys hoofregter Mahomed daarop dat sowel die verhoorhof as doktor Labuschagne te veel beïnvloed is deur die relatiewe jeugdigheid van die beskuldigdes asook die rassistiese omgewing waaraan hulle blootgestel is. Die beskuldigdes het die gebied gepatrolleer om misdaadpleging te voorkom, maar het sonder meer van die standpunt uitgegaan dat dié misdade deur swart persone gepleeg word. Volgens hulle wete het nóg die oorledenes nóg sy maats enigiets verkeerds gedoen. Hulle was bloot die slagoffers van 'n onklaar motor:

> "The deceased met his death simply because he was black. The attack by the respondents manifested a disgraceful exhibition of an extremely brutal kind of racism. Not the slightest degree of mercy was shown. A pathetically frail hunchback was chased and bludgeoned to death by three powerful blows with a baton. It constituted a menacing combination of pitiless cruelty and force. Even as he lay prostrate and helpless he was terrorised and kicked in a shameless exhibition of brutality and sadism" (793).

Hoewel dié spesifieke moord nie beplan is nie, is die eskapades om swart mense te terroriseer, te intimideer en aan te rand wel beplan. Die beskuldigdes het hulle vir dié doel bewapen met 'n vuurwapen, 'n panga, 'n swaar metaalpyp, 'n swaar knuppel, 'n mes en 'n bylsteel. Hulle moes ook daarvan bewus gewees het dat hulle hulle aan swaar strawwe onderworpe sou stel indien hulle gevang sou word. Daarom het hulle hulle probeer vermom met balaklawamusse en het vals nommerplate aangebring aan die motor waarmee hulle gery het. Die dood van die oorledene was gevolglik nie toevallig nie, maar die gevolg van 'n roekelose en gevaarlike plan (793). Die beskuldigdes het eers teen die einde van die verhoor berou getoon, toe hulle bewus geword het van die ernstige rigting waarin die saak beweeg het. Trouens, toe hulle in 'n koerant oor die insident gelees het, was hulle reaksie bloot om te lag oor onakkuraathede daarin opgeneem en het hulle vals alibis uitgewerk (794).

Hoofregter Mahomed spreek vervolgens die opmerking van doktor Labuschagne aan dat direkte gevangenisstraf geen ander doel as vergelding sou dien nie. Hy wys eerstens daarop dat nie net die belange van die beskuldigdes nie maar ook dié van die gemeenskap by strafoplegging verdiskonteer moet word en vervolg:

> "It cannot properly be said that a substantial term of imprisonment, in the circumstances of this case, 'would serve no purpose other than retribution'. It would also give expression to the legitimate feelings of outrage which must have been experienced by reasonable men and women in the community when the circumstances of the offence were disclosed and appreciated. A lengthy term of imprisonment sanctioned by the Court would also serve another important purpose. It would be a strong message to the country that the courts will not tolerate the commission of serious crimes in this country perpetrated in consequence of racist and intolerant values inconsistent with the ethos to which our Constitution commits our nation and that courts will deal severely with offenders guilty of such conduct. As the highest Court of the country in such matters, the Supreme Court of Appeal must project this message clearly and vigorously" (794).

In sy klassieke werk *The nature of prejudice* (1954) 230 wys Allport daarop dat rassevooroordeel dikwels in vyf fases ontwikkel, naamlik antilokusie, vermyding, diskriminasie, fisieke aanval en uitwissing. Wat duidelik behoort te blyk, is dat rassisme uiteindelik geweldstoevoeging tot gevolg kan hê. Wat hier gesê word, geld vir alle vorme van pluriegerigte diskriminasie (sien verder hieroor, ook wat terminologie betref, Labuschagne "Menseregtelike en strafregtelike bekamping van groepsidentiteitmatige krenking en geweld" 1996 *De Jure* 23 35ev; "Misdaadkonkurrensie van grafskending en pluriekrenking" 1998 *THRHR* 684). Dat rasgemotiveerde misdade in 'n ernstige lig beskou moet word, staan bo twyfel. Die straf

wat dié appèlhof oplê, is die volgende: (1) Die beskuldigdes word gevonnis tot 12 jaar gevangenisstraf elk; (2) twee jaar van dié gevangenisstraf word opgeskort op voorwaarde dat elke beskuldigde R3 000 in maandelikse paaiemente van R50 tot voordeel van die minderjarige kinders van die oorledene in 'n fonds inbetaal; en (3) elke beskuldigde moet 'n bedrag van R150 aan Tommy Orie betaal.

'n Vraag wat by die deurlees van dié beslissing by 'n mens opkom, is: Is dit reg om kinders op 'n sekere wyse deur die ouers en ander opvoeders en selfs die staat te indoktrineer en hulle dan vir gevolge wat daaruit voortvloei te straf? (Sien Labuschagne "Strafregtelike aanspreeklikheid vir 'n handeling verrig op 'n menseregstrydige bevel: Kan ons iets van die Duitse Bundesgerichtshof leer?" 1994 *SALJ* 428.) Aangesien misdade dikwels teen die agtergrond van 'n sekere (geïndoktrineerde) waardesisteem gepleeg word, sou hierdie vraag nie beantwoord kon word sonder om die problematiek rondom die bestaansreg van die strafreg aan te spreek nie (sien hieroor Labuschagne "Die voorrasionele evolusiebasis van die strafreg" 1992 *TRW* 27 en "Evolusielyne in die regsantropologie" 1996 *SA Tydskrif vir Etnologie* 40). Daarom word dit daar gelaat. Nieteenstaande die feit dat vergelding 'n primitiewe konsep is, moet aanvaar word dat dit hedendaags nog wêreldwyd 'n substansiële rol by straftoemeting speel. Die verhoorhof het heel waarskynlik te min gewig daaraan toegeken, maar die appèlhof het myns insiens weer te veel gewig daaraan toegeken. Ongelukkig bevat die hofverslag te min relevante inligting, soos byvoorbeeld: hoe oud was die beskuldigdes ten tyde van misdaadpleging en het hulle drank of verdowingsmiddels gebruik?

4 Konklusie

Rassisme, en misdade wat daaruit voortvloei, is 'n euwel wat uitgeroei moet word. Dat dit ook by straftoemeting 'n rol behoort te speel, is duidelik. Dit mag egter nooit rasionele grense oorsteek nie. Rassisme kan ook bestaan ten aansien van lede van jou eie ras (sien Labuschagne "Ras en rassisme: strafregtelike manifestasies" 1982 *THRHR* 41 43; Labuschagne en Kruger "Egoseksuele en egorateistering in arbeidsverband: 'n Rigtinggewende beslissing van die hoogste Amerikaanse hof" 2000 *De Jure* 110). Die vraagstuk van rassisme, spesifiek in regsverband, is meer gekompliseerd as wat dikwels voorgehou word, veral aangesien dit nie deurgaans op die rasionele vlak manifesteer nie (sien bv Lawrence "The id, the ego, and equal protection: reckoning with unconscious racism" 1987 *Stanford LR* 317; Labuschagne "Die doodstraf: 'n penologiese evaluasie" 1989 *SAS* 164 178). Vir onbevooroordeelde en rasionele regspraak sou dit groot probleme in 'n plurale en verdeelde gemeenskap kon skep. Gesien die (huidige) tradisie en status van ons regsprekende gesag behoort die Suid-Afrikaanse regspleging hierdie probleme te kan hanteer. Dat dit egter moeilik sal gaan, is seker.

JMT LABUSCHAGNE
Universiteit van Pretoria

DON'T PROCRASTINATE: ADJUDICATE, LEGISLATE OR DEBATE

S v Manamela 2000 1 SACR 414 (CC)

1 Facts and judgment

The Constitution of 1996 changed the position regarding the role of Parliament, as the democratically elected organ of state whose function is to create legislation, *vis-à-vis* the role of the courts. In the past, courts did not "read in" words into

legislation. This discussion focuses on the judgment of the Constitutional Court in *S v Manamela* and its consequences for South African jurisprudence.

This case dealt with section 37(1) of the General Law Amendment Act 62 of 1955 which creates the statutory offence of being found in possession of stolen goods :

> "Any person who in any manner, otherwise than at a public sale, acquires or receives into his possession from any other person stolen goods . . . without having reasonable cause, proof of which shall be on such first-mentioned person, for believing at the time of such acquisition or receipt that such goods are the property of the person from whom he receives them or that such person has been duly authorised by the owner thereof to deal with or dispose of them, shall be guilty of an offence and liable on conviction of receiving stolen property knowing it to have been stolen except in so far as the imposition of any such penalty may be compulsory."

The facts of the case were the following: The two accused were arrested while carrying boxes of hair products and a sports bag in the streets of Johannesburg, which property had been stolen from a parked vehicle. The evidence adduced at the trial was not such that it established, beyond a reasonable doubt, that the accuseds' belief in the status of S (the person from whom they had obtained the goods) as the owner was unreasonable; on the other hand, the accused had not established on a balance of probability that the belief was reasonable. In the trial court the accused were acquitted of theft, but found guilty of contravening section 37(1).

On appeal the high court set aside the convictions and sentences on two grounds: first of all, on a procedural exception and a finding that the appellants had not enjoyed a "just and fair trial". The appellants had not been represented in the regional court and had not been duly warned by the magistrate of the operation of section 37(1). Secondly, it was held that the reverse *onus* provision was inconsistent with the Constitution, and as it was decisive in the finding by the magistrate, the conviction could not be sustained. The court held that although it is empowered to make an order concerning the constitutional validity of an Act of Parliament, *it does not have the power to rewrite legislation.* The court declared the reverse *onus* provision in section 37 to be inconsistent with the Constitution, and accordingly invalid. In terms of section 8(1)(a) of the Constitutional Court Complementary Act 13 of 1995, read with rule 15(1) of the rules of the Constitutional Court, the court's order was referred direct to the Constitutional Court for confirmation.

The Constitutional Court unanimously found that section 37(1) infringed both the constitutional right to silence and the presumption of innocence, and also unanimously found that the limitation on the right to silence was justified. The court was divided over the question whether the limitation on the presumption of innocence could also be justified. The majority of justices, however, concurred with the judgment written jointly by justices Madala, Sachs and Yacoob, who held that the provision was too sweeping and extended its net to a wide range of people, many of whom are poor, unskilled and illiterate.

In a series of cases decided under the interim Constitution (the Constitution of the Republic of South Africa Act 200 of 1993), the Constitutional Court had held that reverse onus provisions were inconsistent with that Constitution, *that they could not ordinarily be read down* to be evidential presumptions, and that they had accordingly to be declared invalid and of no force and effect (see *S v Zuma* 1995 2 SA 642 (CC); *S v Bhulwana*; *S v Gwadiso* 1996 1 SA 388 (CC), 1995 BCLR 1579 (CC); *S v Mbatha* 1996 2 SA 464 (CC); *S v Julies* 1996 4 SA 313 (CC); 1996 BCLR 899 (CC); *Scagell v Attorney-General, Western Cape* 1997 2 SA 368 (CC), 1996 BCLR 1446 (CC); *S v Ntsele* 1997 2 SACR 740 (CC), 1997 BCLR 1543 (CC); *S v Mello* 1998 3 SA 712 (CC), 1998 BCLR 908 (CC).

Contrary to the above, it was held in *National Coalition for Gay and Lesbian Equality v Minister of Home Affairs* 2000 BCLR 39 (CC) that *courts do have the power to read words into a statute* to remedy the unconstitutionality of a provision under the 1996 Constitution. For the first time in South African legal history, the court exercised this power in *S v Manamela*. The court found that the striking down of the reverse onus in section 37, without more, would leave a vacuum in the present legislative structure. The majority declared the phrase "proof of which shall be on such first-mentioned person" to be inconsistent with the Constitution and thus invalid and introduced the following requirement:

> "2. Section 37(1) should be read so as to have as a last sentence: 'In the absence of evidence to the contrary which raises a reasonable doubt, proof of such possession shall be sufficient evidence of the absence of reasonable cause.'"

2 Discussion

The courts in South Africa have constantly to evaluate their role in our new constitutional democracy. (See *Du Plessis v De Klerk* 1996 BCLR 658 (CC) per Sachs J par 178 and *Mthembu v Letsela* 1998 2 SA 675 (T).) Previously, courts could only modify the meaning of a text if it did not give effect to the aim and purpose of legislation. In *Manamela* (par 54) the court for the first time took the authority from the 1996 Constitution, in particular section 172(1), to change the wording of legislation. In this case, the court "dealt" with the difficulty of the legislation by reading in certain words. The court acknowledged that

> "Parliament could remedy the situation, but that takes time, and in the interim the gap would remain. To read in the words necessary to establish an evidential presumption is less invasive of the legislative purpose of section 37 than simply striking down the presumption, and goes as far as is permissible in the context of section 37 to account for their possession" (par 58).

This approach is different from that followed in previous cases such as *Fraser v Children's Court, Pretoria North* 1997 2 SA 261 (CC), where the court was not willing to change the wording of an Act and referred the matter to Parliament to remedy the defect. The court failed to open up dialogue with Parliament and possibly risked failing to perform its main function in a democracy, which is the protection of citizens' rights. In *Manamela*, the court recognised this responsibility and stated that "continuing uncertainty . . . may well prejudice the general administration of justice as well as the interests of the accused persons affected" (par 12).

In *Manamela*, the court noted the principles applicable to "reading in" as a remedy for unconstitutionality, as set out in the *Gay and Lesbian Equality* judgment where Ackermann J held that "the court's obligation to provide appropriate relief must be read together with section 172(1)(b) which requires the Court to make an order which is *just and equitable*". He went on to hold that

> "depending on the circumstances, reading in could be an appropriate form of relief and that 'the real question is whether, in the circumstances of the present matter, reading in would be just and equitable and an appropriate remedy'. . . [T]he court [also] need[s] to ensure that the provision which results from severance or reading words into a statue is *consistent with the Constitution and its fundamental values*, and that the result achieved would *interfere with the laws adopted by the legislature as little as possible* . . . It should also be borne in mind that whether the remedy a court grants is one striking down, wholly or in part; or reading into or extending the text, *its choice is not final*. Legislatures are able, within constitutional limits, to amend the remedy, whether by re-enacting equal benefits, further extending benefits, reducing them, amending them, 'fine-tuning' them or abolishing them. Thus they can exercise final control over the nature and extent of the benefits" (pars 55–56).

The court added that

> "reading down, reading in, severance and notional severance are all tools that can be used either by themselves or in conjunction with striking out words in a statute for the purpose of bringing an unconstitutional provision in conformity with the Constitution, and doing so *carefully*, *sensitively* and in a manner that interferes with the legislative scheme as little as possible and only to the extent that it is *essential*. There is no single formula" (par 57).

The ambit and scope of the power of judicial review is the subject of considerable controversy and to an extent this debate turns upon competing concepts of democracy. For some the Constitution was intended to protect certain freedoms against majoritarian intervention, while others view the Constitution as protecting the freedom of individuals only when the majority so wills (Van *Wyk et al Rights and constitutionalism – The new South African legal order* (1994) 5 6). Thus democracy is often seen as either the courts deferring to the legislature or the courts usurping the function of the legislature. We suggest that this choice is not the only understanding of the interaction between the courts and the legislature available to us. (See the discussion by Sachs J in *Du Plessis v De Klerk* 1996 BCLR 658 (CC) par 190.) Where a judicial decision is open to legislative reversal, modification, or avoidance, then it is meaningful to regard the relationship between the courts and the competent legislative body as dialogue (Hogg and Bushell "The Charter dialogue between courts and legislatures" 1997 *Osgoode Hall LJ* 79).

The concept of the dialogue between the courts and Parliament rests on the notion that as a constitutional democracy South Africa does not simply operate in accordance with the will of the majority represented by Parliament. If this were the position, we would simply be resorting to parliamentary democracy once again. We suggest that true democracy is constituted by access to both political entitlement (representation in Parliament) and to legal entitlement (via the courts). Much of what is valuable to a vibrant democracy is the dialogue between the courts and Parliament in the open democratic community. ("Democracy understood by the narrative communitarian is not narrowly defined in terms of periodic elections or any other restricted trope of political liberalism but is enshrined in the reality of our shared public lives as conversationalists in a political community." See Ward "Literature and the legal imagination" 1998 *N Ireland LQ* 167 176.) That is not to say that the courts must have the last word. As Hogg points out, true dialogue between the courts and the judiciary can be realised only if a judicial decision is open to change by the ordinary legislative process (Hogg and Bushell 80).

Such a dialogue has many potential advantages. Among the most important of these is that the voices of the marginalised may be heard. An examination of the different versions of law may also expose varying jural postulates that underlie the law. Furthermore, the dialogue will provide a source of different views and wisdoms on which the Constitutional Court or Parliament can draw when considering any such matter. (See Govender "Horizontality revisited in the light of *Du Plessis v De Klerk* and clause 8 of the Republic of South Africa Constitution Bill 1996" 1996 *HRCLJ* 20 23.)

In *S v Mhlungu* 1995 BCLR 793 (CC) par 129 the court stated that the balancing of

> "competing provisions will always take the form of a principled judicial dialogue, in the first place between members of this Court, then between our Court and other courts, the legal profession, law schools, parliament, and, indirectly, with the public at large".

S v Manamela is therefore of the utmost importance to South African jurisprudence. In this groundbreaking judgment the court exercised the powers granted by the 1996 Constitution, as confirmed in *National Coalition for Gay and Lesbian Equality v Minister of Home Affairs*. The first step was taken towards open dialogue between the court and Parliament, and thus towards the true meaning of a "democracy".

Manamela has taken the next step forward by indicating what the attitude of the courts should be when reviewing legislation, how the courts see themselves in the new South African constitutional democracy, and how the courts view their function in relation to Parliament in general. The court was willing to enter the debate, not only by adjudicating, but also by reading into legislation. One thing the court was not prepared to do, was to procrastinate. It is hoped that in the future the courts will follow the lead taken in *Manamela*.

DAVID TAYLOR
HERMI WILDENBOER
University of South Africa

Die prys vir die beste Afrikaanse bydrae is toegeken aan professor JMT Labuschagne vir sy artikel "Die spanningsveld tussen regsekerheid en geregtigheidsekerheid: 'n Regsantropologiese evaluasie van die evolusie van die stare decisis-reël".

BRIEWE

As a law librarian, I was most interested to read Mervyn Dendy's editorial comment entitled "How to find the law?" in the 2000 *THRHR* recently (534). I was astounded at the glaring absence of mention of the role the law librarian plays in finding law. Librarians share the frustrations that he outlines; indeed, it is because of this situation that librarians are a unique and necessary tool in research. I agree with Dendy when he writes, "practitioners cannot possibly hope to read and absorb this vast body of material". One of our *raisons d'être* is to provide practitioners with selected material necessary for their work. Law librarians are expected to acquire, scan and research material for that which is pertinent to their principals thus relinquishing them from time-consuming work. It should be considered whether it is possibly irresponsible to expect clients to pay for the costs of a lawyer to do work that could/should otherwise be done by a professional librarian.

Like you, we struggle with inaccurate indexing or omissions in legal texts (both electronic and hard copy). In the past, members of the Organisation of South African Law Libraries (OSALL) have lobbied the publishers concerned on inaccuracies and errors found in their texts. We are more than happy to take on this task on behalf of our principals and to collaborate with the legal fraternity to ensure that the quality of legal publications is improved.

I noticed that Dendy mentioned electronic information *en passant*. Without access to electronic resources, one is severely restricted both in the management of one's time and the array of necessary information. Electronic access to information is often cheaper and more readily available, and, in some cases, material is only available in this format. Many electronic monitoring services exist which assist in keeping one up to date on a regular basis. There is, however, the danger of information overload. Librarians are equipped to evaluate these services and how they work. We are the key to the sifting and dissemination of information, and are well placed to assist in the pursuit of accuracy in legal publishing.

LUCY GRAHAM
(alias the invisible law librarian)
OSALL

REDAKSIONELE KOMMENTAAR

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 word allerweë voorgehou as 'n toonbeeld van 'n grondwet vir 'n nuwe eeu – 'n grondwet waarin nie net besorgdheid oor die weerloses en die haweloses in die staat uitgespreek word nie – maar waardeur ook daadwerklike erkenning aan die regte van diesulkes wat hulleself op die marge van die samelewing bevind, verleen word via 'n erkenning van sosio-ekonomiese regte. Maar die erkenning van sodanige regte is één storie; 'n geheel ander storie is die realisering en implementering daarvan.

Blaai 'n mens byvoorbeeld deur die hofverslae van die afgelope paar jaar (sinds 1994) is dit opvallend dat hofgedinge rondom hierdie regte skaars is en dít ongeag die uitdruklike erkenning van sosio-ekonomiese regte in die Handves van Regte. En dit nieteenstaande die feit dat vir die oorgrote meerderheid van Suid-Afrikaners die sosio-ekonomiese regte van die uiterste belang is. Hierdie regte sluit onder meer in: die reg op geskikte (lees "basiese") behuising/huisvesting/skuiling (a 26), gesondheidsorg, genoegsame voedsel en water, maatskaplike sekerheid en bystand (a 27) en selfs 'n skoon omgewing (a 24). Kortom, dit is die ware bestaansregte wat onontbeerlik is vir oorlewing.

Om hierdie rede staan die beslissing van die Konstitusionele Hof in *Government of the Republic of South Africa v Grootboom* 2000 11 BCLR 1169 (KH) uit as een van die bakens van hoop vir die gemarginaliseerdes van die Suid-Afrikaanse samelewing. *Grootboom* verteenwoordig verder die verwerkliking van een van die kardinale eise wat die Grondwet aan die regbank stel: om juis as die beskermer van die Grondwet 'n meer aktivistiese rol te speel as wat ooit toelaatbaar was in die ou bedeling gekenmerk deur die oppermagtigheid van die parlement. Dié eis word wel deeglik onderstreep deur die opdrag aan die regbank om die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gegrond op menslike waardigheid, gelykheid en vryheid ten grondslag lê, te bevorder (a 39(1)). Sosio-ekonomiese regte – juis omdat hulle so "basies" gerig is op menslike behoeftes – is die regte wat by uitnemendheid spreek tot die verantwoordelikheidsin (en gewete) van die regbank.

In *Grootboom* is die Konstitusionele Hof gekonfronteer met die harde werklikheid vir duisende Suid-Afrikaners, uiterste armoede wat onder meer manifesteer in haglike woontoestande. (Om van "haglike woontoestande" in 'n plakkerskamp te praat is in elk geval heel misplaas – daar is gewoonlik nie eens sprake van 'n "woning" nie.) Die hof het by monde van Regter Yacoob Irene Grootboom en haar gemeenskap van haweloses se verknorsing pittig saamgevat:

> "The group of people with whom we are concerned in these proceedings lived in appalling conditions, decided to move out and illegally occupied someone else's land. They were evicted and left homeless. The root cause of their problems is the intolerable conditions under which they were living while waiting in the queue for their turn to be allocated low-cost housing. They are the people whose constitutional rights have to be determined in this case" (1175I/J–1176A, [par 3]).

In 'n eenparige uitspraak het die hof die groep gelyk gegee dat hulle inderdaad geregtig is op basiese huisvesting. Die hof beslis dus dat die staat moes optree om die verpligting wat deur artikel 26 opgelê is, na te kom. Maar dit is juis in die opdrag tot optrede aan die staat waardeur die problematiek rondom sosio-ekonomiese regte blootgelê word. Die realisering van sosio-ekonomiese regte,

waarvan die reg op toegang tot geskikte behuising een is, verg naamlik aktiewe optrede deur die staat. Daar word met ander woorde 'n positiewe verpligting op die staat geplaas om op te tree. Dit is hierdie verpligting tot optrede wat vir die bekladders van sosio-ekonomiese regte 'n steen des aanstoots is. Die beswaar word dan geopper dat 'n onverkose "elite" aan 'n demokraties verkose regering voorskryf hoe sy beleid daar moet uitsien, hoe die staatsbestel moet funksioneer en hoe (skaars) publieke hulpbronne aangewend moet word. Inderdaad, so word argumenteer, verteenwoordig hierdie optrede inbreuk op die skeiding van magteleerstuk. Wat egter geriefshalwe vergeet word, is dat die Suid-Afrikaanse samelewing steeds deur ongelykhede gekenmerk word en dat wat basiese behoeftes betref staatsingryping noodsaaklik is. Wat ook vergeet word, is dat staatsingryping uitdruklik gekwalifiseer word deurdat die staat slegs verplig word om "redelike wetgewende en ander maatreëls te tref om binne sy beskikbare middele hierdie reg[te] in toenemende mate te verwesenlik" (a 26(2)). En dit is in elk geval ook die weg wat deur die Konstitusionele Hof ingeslaan is in *Grootboom*. Daar was geen sprake daarvan dat die hof ewe skielik sy eie behuisingsbeleid aan die staat opgelê het nie. Die kern van die uitspraak was dat in enige behuisingsbeleid geïmplementeer deur die staat die behoeftes van diegene wat hoegenaamd geen skuiling het nie, óók in berekening gebring moet word.

'n Kwarteeu gelede, in 1976, skryf Mahbub ul Haq (ul Haq (1934–1998) sal onthou word as die ontwerper van die *Human Development Index* (*HDI*), die maatstaf gebaseer op indikators van lewensverwagting, opvoeding en *per capita*-inkomste waardeur die stand van menslike ontwikkeling in 'n bepaalde staat bepaal word) dat die onvergeeflikste sonde wat enige ontwikkelingsbeplanner kan begaan is om begogel te word deur hoë groeisyfers van die bruto nasionale produk en om dan die ware doelstelling van ontwikkeling te vergeet. En, vervolg hy, dikwels behels ekonomiese groei min sosiale geregtigheid en is die teendeel eintlik waar – groei word begelei deur stygende werkloosheid, verslegtende maatskaplike dienste en toenemende absolute en relatiewe armoede (*The poverty curtain: choices for the third world* 25). Die beslissing in *Grootboom* besweer hierdie sonde wat ul Haq aan beplanners toedig. Méér nog, met *Grootboom* word die staat daaraan herinner watter soort burgerlike samelewing deur die Grondwet in die vooruitsig gestel word – 'n samelewing gebed in menslike waardigheid. Maar *Grootboom* dien ook as 'n tydige waarskuwing vir almal – in die verydeling van verwagtings lê die potensiaal vir die kelder van die Grondwet en die demokrasie waarvoor só baie só intens gestry het. Die President van die Konstitusionele Hof, regter Arthur Chaskalson, verwoord die gevaarligte soos volg en waarsku "the people" van Suid-Afrika:

> "The constitution offers a vision of the future. A society in which there will be social justice and respect for human rights, in which the basic needs of all our people will be met, in which we will live together in harmony, showing respect and concern for one another. We are capable of realising this vision but in danger of not doing so . . . Millions of people are still without houses, education and jobs and there can be little dignity in living under such conditions . . . Dignity, equality and freedom will be achieved only when the socio-economic conditions are transformed to make this possible . . . What is lacking is the energy, the commitment and the sense of community that were harnessed in the struggle for freedom." (Bram Fischergedenklesing aangebied by die Johannesburgse stadskouburg, 2000-5-18: sien *The Sunday Independent* 2000-5-21 1–2 en *Business Day* 2000-5-23 14.)

MARGARET BEUKES

Are the Canadian Charter and Charter jurisprudence suitable sources of reference for human rights and particularly criminal procedure and evidence rights in South Africa? (part 1)*

Wium de Villiers
BIuris LLB LLD
Senior Lecturer in Mercantile Law, University of Pretoria

OPSOMMING

Is die Kanadese "Charter" asook "Charter"-regsleer gepaste verwysingsbronne vir menseregte en spesifiek die strafproses- asook bewysreg in Suid-Afrika?

My ondersoek bevestig dat die Kanadese "Charter" asook "Charter"-regsleer wel gepaste verwysingsbronne vir hierdie doeleindes is. Hierdie gevolgtrekking word gerugsteun deur my bespreking van die historiese konteks van menseregte in Kanada asook die beginsels van regsvergelyking. Anders as in die Suid-Afrikaanse reg was daar 'n inkrementele wegbeweging van parlementêre soewereiniteit, wat van die Britse ryk geërf is. Hierdie geleidelike proses het oor meer as 'n eeu plaasgevind eerder as oornag. Onder Kanadese reg is tentatiewe beskerming eers aan sekere regte toegestaan en uiteindelik het formeel beskermde regte die lig gesien. Van besondere belang is die verklarende rol wat die Kanadese howe vervul het na die aanname van die "Charter".

1 INTRODUCTION

This series of articles examines the question whether it was wise to have borrowed from Canadian law when the South African Bill of Rights was drafted, and whether Charter jurisprudence can be relied on with confidence. An historical overview is given of the development of Canadian society up to the present constitutional dispensation. In particular the factors, influences and process that resulted in the recognition of protected fundamental rights are highlighted. My investigations confirm that, in one's quest to assess human rights and especially criminal procedure and evidence rights under South African law, it is of great practical and theoretical value to have regard to the equivalent rights under the Canadian Charter of Rights and Freedoms.[1] This view is substantiated by my discussion on the historical context of human rights in Canada and the principles of comparative law.

---

* This article is based on the author's doctoral thesis *Problematic aspects of the right to bail under South African law: A comparison with Canadian law and proposals for reform* (UP 2000).

1 Part 1 of the Constitution Act 1982, being Schedule B to the Canada Act 1982 (UK) 1982, c 11, hereafter the "Canadian Charter" or "Charter".

In this article the development of Canadian society up to the adoption of the Canadian Bill of Rights is discussed. The second one deals with the period from 1960 up to the present. In coming to a conclusion the principles of comparative law are taken into account.

2 BACKGROUND

Soon after the advent of the fundamental rights era in South Africa, the Constitutional Court committed itself to a method of interpretation which is value-based.[2] Inherent in this approach is an understanding that an assessment of a constitution must not be made in a vacuum, but in the historical context of the developments in a country.[3]

In accordance with the approach followed by the Constitutional Court in interpreting the interim Constitution (the Constitution of the Republic of South Africa Act 200 of 1993), the final Constitution the Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 of 1996) requires that the Bill of Rights be interpreted to promote the values that underlie an open and democratic society based on human dignity, equality and freedom.[4] However, these values are not self-evident. In the interpretation of the Constitution, recourse may be had to foreign law.[5] Canada is an excellent example of a society in which the values that underlie that society are based on openness, democracy, human dignity, equality and freedom. Yet the use of foreign precedent requires "careful management" in the light of the differences in the criminal justice system and society that may present themselves.[6] One must be

---

2 See *S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (CC) para 262 per Mahomed DP concurring and para 303 per Mokgoro J concurring; *S v Zuma* 1995 2 SA 642 (CC) para 15 per Kentridge AJ. The Constitutional Court was quick to recognise the similarity between value-based and the "purposive" interpretation applied under Canadian law with the dictum by Dickson J in *R v Big M Drug Mart Ltd* (1985) 18 DLR (4th) 321 (SCC) 395–396 becoming a primary referent for purposive interpretation. However, other approaches to constitutional interpretation have been formulated by legal scholars. One approach seeks the meaning of the Constitution in the intention of its drafters. This approach seems to be fundamentally flawed. While the text remains important, the meaning of the Constitution cannot be found by simply decoding the written text. However, the written document remains the starting point for interpretation and to that extent exercises its limiting, containing and ultimately disciplinary function upon interpretation. It is submitted that value-based interpretation is the soundest in principle and practice and lends coherence in procedure. See Kentridge and Spitz "Interpretation" in Chaskalson *et al Constitutional law of South Africa* (1996).

3 See *City Council of Pretoria v Walker* 1998 3 BCLR 257 (CC) para 26 per Langa DP; *Shabalala v The Attorney-General of the Transvaal* 1996 1 SA 725 (CC) para 26 per Mahomed DP. Consideration of the political context of a constitutional provision is therefore essential for a court to make the value judgments required. When interpreting South Africa's Constitution proper weight must be given to the fact that it is not a foreign or international instrument that needs to be construed. The lack of local judicial precedents upholding human rights means that international and foreign law will at least for the time being provide important guidance. In addition s 39(1) of the Final Constitution (hereafter also referred to as FC) prescribes that international law must be considered and foreign law may be considered. This does not mean that constitutional rights should be pared down by reading restrictions into them to bring them in line with the common law. What is defensible from the past will be kept, but that which is not in line with a "democratic, universalistic, caring and aspirationally egalitarian ethos" must be rejected. See *S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (CC) para 262.

4 S 39 FC.

5 See s 39(1)(c) FC.

6 See *Sanderson v Attorney-General, Eastern Cape* 1997 12 BCLR 1675 (CC) para 26.

careful not to import doctrines associated with foreign constitutions into an inappropriate South African setting.[7] The two societies under discussion are very different and there are some differences in the respective criminal justice systems. One cannot therefore simply take over the principles of Canadian law outside these contexts. Any comparative legal study might therefore be inherently limited as one might not be able adequately to appreciate all these differences when the comparison is made.[8]

Nevertheless, the Canadian Charter was an important source of reference when the fundamental rights provisions in our Constitution were drafted.[9] The general limitation clause in the interim Constitution was based largely on the Canadian model.[10] This determined the structure of fundamental rights analysis and is therefore an important influence. Many attach so much importance to the role of the Canadian Charter in the drafting of our Bill of Rights that they consider the South African Bill of Rights to be largely based on the Canadian Charter.[11] In addition, legal practitioners, the courts and other legal scholars have, since the introduction of the fundamental rights provisions, treated Canadian Charter jurisprudence as perhaps the most authoritative guidance from abroad when dealing with fundamental rights issues.[12]

---

The challenge facing legal scholarship is to move beyond a legalism that collapses justification into power. At the same time, such a discourse of justification must avoid recourse to abstract reason. West sees the rise of the interdisciplinary movement in law schools as a response to this challenge: both the law and economics movement and the law and humanities movement "have their genesis, at least in part, in attempts to provide a basis for criticism of law that is itself freed of the influence of either traditional moral philosophy or professional legalistic norms".[58] For law and economics scholars, neither law nor philosophy can provide a baseline for the moral criticism of law; economics, that is the study of individual preferences, provides the only knowable baseline of normative criticism. The law and humanities movement also rejects the claims of traditional moral philosophy and legalism, and turns to a culture's interpretive community as the basis of criticism of

---

53 Unger 1983 *Harv LR* 571.

54 According to Singer 1984 *Yale LJ* 26 such background theories "are either so vague or ambiguous as to give us no real help, or they are internally contradictory, telling us to do opposite things". Much of the CLS critique has centred around the notion of a "fundamental contradiction" which lies at the heart of legalism. See eg Kennedy "The structure of Blackstone's Commentaries" 1979 *Buffalo LR* 205.

55 West "Discipines" 123–127.

56 Cf Schlag "Missing pieces: a cognitive approach to law" 1989 *Texas LR* 1195.

57 West "Disciplines" 126.

58 *Idem* 127.

law. However, both movements have failed to live up to their critical potential, and are generally known for their celebration of legal culture and acquiescence in professional legal norms.[59] According to West, the conservative bias of these movements springs from the fact that neither preferences nor canonical texts and interpretive productivity – the guiding principles of the law and economics and law and humanities movements respectively – "can survive the postmodern critical assault on reason". Both a community's canonical texts and interpretations, and individual preferences, are products of power, including legal power.[60] Therefore the attempt to escape from the hold of legal authoritarianism fails.

3 4 Evaluation

In summary, a wide variety of theoretical approaches to the questions of validity and justification can be identified. We have seen that some of these theories try to maintain a strict separation between the notions of validity and justification, whereas others treat the distinction as more fluid, and tend to collapse the one into the other. Moreover, while some of these theories seek to justify legal rules or decisions with reference to normative systems outside the law, others appeal to norms and values intrinsic to the legal system. These differences can be explained with reference to the contradiction between law's purported autonomy and its sociality: the law wishes to have a formal existence, and thus to be separate from morality (and other social forces); and yet the law, in order to be legitimate, must embody a more or less coherent moral order. While a rigid separation of the questions of validity and justification is not tenable, the conflation of these two issues also runs into problems. We have seen that an appeal to legal norms as the basis of moral justification and critique may be criticised on the ground that it seeks to justify power with reference to legal authority; that it is, therefore, authoritarian. However, the justification and criticism of law with reference to extra-legal norms (morality, social consensus, the satisfaction of needs or preferences, canonical texts and interpretation) may be subject to the same criticism: that it seeks to evaluate and criticise power with an appeal to norms and values that are themselves the products of power.

4 DIMENSIONS OF LEGITIMACY

In accordance with the distinction between normative and empirical conceptions of legitimacy, and between the notions of validity and justification, it is possible to distinguish three distinct[61] uses or meanings of legitimacy. Legitimacy may denote the formal validity, the factual acceptance or efficacy, or the moral acceptability of the exercise of power.[62]

Legitimacy as *formal validity* refers to the fact that the only powers a government can lawfully exercise are those granted by law. The idea that legitimacy derives from rules is, of course, a fundamental tenet of the rule of law or *Rechtsstaat* principle.

---

59 Cf Unger's view 1983 *Harv LR* 574 that both the law and economics school and the rights and principles school are best understood as "efforts to recover the objectivist and formalist position".

60 West "Disciplines" 150.

61 Which is not to say that every theory of legitimacy can be neatly categorised as belonging to one of the three types. In fact, almost every social and legal theory draws upon a variety of the dimensions of legitimacy; however, most theories end up favouring one aspect over the others.

62 The terms validity, efficacy and acceptability are those of Aarnio *The rational as reasonable* (1987) 33–46.

However, the reduction of legitimacy to formal validity fails to do justice to the normative content of the *Rechtsstaat* idea, and ignores the social context in which law is embedded. It legitimates the power of the tyrant, as long as that power is granted by law; and conflates legitimacy with legality (in the narrow sense of the word).[63]

Legitimacy can also be regarded as the *moral justifiability or acceptability* of power relations. Legitimacy, in this sense, falls within the domain of moral and political philosophers. Power is regarded as legitimate "where the rules governing it are justifiable according to rationally defensible normative principles".[64] This approach, very importantly, restores morality to its rightful place in the discourse on legitimacy; it accords a vital role to the *values* underpinning legal rules. At the same time, however, it tends to lose sight of law's social situatedness; its inquiry is about principles embodying universal claims, rather than about the principles that obtain in a given society.

Legitimacy can also be equated with efficacy or the *factual acceptance* of power relations. It is used in a purely descriptive sense: the inquiry is concerned with given social contexts. This view of legitimacy loses sight of the moral dimension: taken to its extreme, one could argue that the reason for the illegitimacy of a repressive regime is the inefficiency of its propaganda machinery, or its inability to "engender and maintain the belief that the existing political institutions are the most appropriate ones for the society".[65] The sociological approach could, however, act as an important corrective of the moral-normative approach; while legitimacy has to be grounded in moral values, the latter must be stripped of their transcendent (or metaphysical) grounding, and embedded within a particular social context.

In order to avoid the reduction of legitimacy to a single dimension, some writers have argued for a *multidimensional, nonreductionist approach* to legitimacy. Legitimacy, according to Beetham, presupposes the conformation of exercises of power to established rules; the justifiability of such rules by reference to widely shared beliefs; and evidence of consent by the subordinate.[66] This definition combines elements of formal validity, moral justifiability and social acceptance.

A multidimensional concept of legitimacy underlies some of the most influential theories of constitutional adjudication. It is often said that a constitution must be interpreted to give effect to a nation's values and aspirations. However, few constitutional lawyers would maintain that a court is free to step outside the bounds of the constitutional text, in order to give effect to what it sees as the nation's values and aspirations. In other words, even though constitutional adjudication is seen as a value-orientated enterprise, a legal document (the constitutional text) remains the ultimate point of reference; and the constitutional interpreter is bound both by the content of the document[67] and by the rules governing the interpretation of the text. Moreover, the values informing constitutional interpretation are often said to be

---

63 Cf eg the apartheid government's insistence that it derived its powers from law, and could therefore not be called illegitimate.

64 Beetham *Legitimation* 5.

65 Lipset "Social conflict" 88.

66 Beetham *Legitimation* 15–25.

67 In the double sense that the values expressed by a constitutional judgment must be related to (if not found in) the constitutional text; and that a value judgment may not negate an express constitutional provision.

grounded in a particular social context, not in abstract truth or transcendental value. Value-orientated adjudication takes note of contemporary standards of justice, without reducing constitutional provisions to the opinions of a majority. In short, value-orientated constitutional adjudication combines elements of legitimacy as formal validity, moral acceptability and social acceptance, without simply reducing the legitimacy of constitutional review to any one of these dimensions.

However, this approach is not without difficulties. It must avoid both a subjectivist approach, which regards moral consensus as authoritative just because it exists, and an objectivist approach, which sees legal rules as legitimate in so far as they accurately reflect a transcendental moral order. A middle course is therefore adopted: legal principles are said to be grounded in consensus, and at the same time to signal a "moral order resting mysteriously upon more than consensus".[68] Two competing foundations for legal theory, consensus and reason, are therefore combined to ground the legitimacy of legal principles in *rational consensus*. Joseph Singer writes that the idea of a rational consensus rests upon a mixed metaphor:

> "This procedure *combines* the metaphor of accurate representation and the metaphor of a decision procedure. We are trying to generate an accurate picture of the considered judgment of the community; at the same time, we are trying to figure out what the considered view of others *would be* if everyone thought in a sufficiently rational way."[69]

Singer demonstrates that rational consensus cannot provide an objective foundation to legal reasoning as "it founders on its internal contradictions". By itself, it cannot generate determinate answers, as it is never clear whether it refers to "what people actually believe or what they should believe if they thought about it rationally".[70]

A multidimensional approach must also avoid the too narrow view of legal justification as the elaboration of mere formal validity, without equating legal reasoning with moral justification. Legal decision-makers must take heed of social values, but they must do so in the law's own terms – even when making value judgments, lawyers are (supposedly) still constrained by legal texts and the juridical method. However, this strategy also runs into problems. In the absence of a coherent theory which tells us how to choose among conflicting legal rules and principles, we have no assurance that our choices are either determinate or legitimate.

5 TOWARDS A DISRUPTIVE CONCEPT OF LEGITIMACY

Allan Hutchinson notes that the dominant metaphor in mainstream legal theory is that of building. Despite the crumbling of the belief in some objective certainty, mainstream legal scholars still cling to foundational thinking, erecting "baroque towers" on the shaky foundations of legal formalism and objectivism. Drawing upon Foucault, he proposes an alternative metaphor, that of "working the seam". This metaphor may be located in the context of either mining or sewing. On Hutchinson's reading, Foucault's interpretive activities should be seen within the context of sewing:

> "My interpretation of Foucault emphasises and focusses on him as an un-sewer rather than as a sewer, what he unmakes rather than what he makes. He does not stitch together grand theoretical costumes, but works their seams. He advocates a continual questioning that searches out the intolerable and identifies possible strategies for

68 Unger 1983 *Harv LR* 575. Of course, if Bernstein's broader view of objectivism is adopted (see fn 13 above), this approach does not escape from objectivism.

69 Singer 1984 *Yale LJ* 36.

70 *Idem* 38.

> transformation. When nudge comes to push comes to shove, as WB Yeats puts it, *things fall apart; the centre cannot hold* . . . Foucault is not suggesting that we can stand naked and dispense with the rational clothes of the historical present. What we can do, however, is to recognize the historicity of these garments and work to create and recreate new epistemological and ideological wardrobes from the protean fabric of social experience."[71]

André van der Walt takes up the same metaphor, but this time within the context of mining. Critical theory should "keep burrowing through the sediment of existing theory, to subject each facet of it to constant critical probing, to place all its weak spots and fault lines under constant pressure". The point of such critical theoretical activity is not merely to undermine existing theory, but also to explore new layers of legal meaning; critical theory, like coal mining, "can be destructive and constructive all at once".

> "This story does not present the law as a more or less mechanical process by which hidden (but nevertheless existing) legal meaning is found or discovered, but rather as a process by which it is wrested (and thus created) from the very loci of conflict, strife and power-struggle which make it necessary."[72]

Legitimacy, in my view, should not be seen as a building block in the great tower of legal theory, grounding established legal principles in moral truth or social consensus. The task of the critical legal scholar is, rather, to stalk the concept from behind;[73] to ask not what it can contribute to a coherent theory of the state (and the proper relation between the state and society), but what it reveals about the assumptions and pre-understandings shaping our theoretical constructs; to focus not on the apparent cohesiveness of legal theory, but on the faultlines, "the flaws and the frayed edges" that remind us that our conceptual resources, like the rules and institutions they seek to describe and justify, are human artefacts, and therefore open to challenge. Above all, we should be conscious of the processes by which power relations are camouflaged and concealed behind assertions (or assumptions) of legitimacy. We should assume responsibility for the world around us, rather than acquiesce in the "order of things".[74]

Instead of trying to integrate the formal-juridical, moral-normative and social aspects of law in a coherent theory of legitimacy, I shall focus on the contradictions, the dissonances, and the discrepancies between law's different dimensions. Seen thus, legitimacy is not a reassuring reminder of the validity – and morality – of our institutions and arrangements, but a constant interrogation of the present. Law's sociality should not be seen as a firm foundation for legal doctrine (in the sense of

---

71 Hutchinson *Dwelling on the threshold* 267–268.

72 Van der Walt "Marginal notes on powerful(l) legends: critical perspectives on property theory" 1995 *THRHR* 396 418.

73 See Van der Walt "The fragmentation of land rights" 1992 *SAJHR* 431 431–432.

74 We should, perhaps, remind ourselves of the historical context in which legitimacy rose to prominence in the political vocabulary of modernity. Historically, the term legitimacy responded to a crisis within the political institutions and self-representations of the West. See the discussion in Botha "The legitimacy of legal orders (1)" para 4. What Laclau and Mouffe *Hegemony and socialist strategy* (1985) 7 say about the genealogy of the concept "hegemony", applies with equal force to "legitimacy": that it appeared in the context of "a fault (in the geological sense), of a fissure that had to be filled up, of a contingency that had to be overcome"; that it represents "not the majestic unfolding of an identity but the response to a crisis". Or, in the words of Lefort *Democracy* ch 1, the concept of legitimacy responds to the separation of the spheres of law, power and knowledge, and thus to the impossibility of finding any complete and final principle of legitimacy.

a *Grundnorm* or rule of recognition, conferring legitimacy on all legal rules in accordance with it) but as a dangerous supplement: not only does it provide law with its social basis, but it also threatens to undermine law's autonomy.

Such a disruptive understanding of legitimacy commits us to the development of a more adequate normative account of law and politics than the thin normative theory of liberalism. At the same time, it also commits us to a more sociological approach: instead of merely inferring the legitimacy of a legal order from the absence of "overt, widespread, and well-articulated opposition to it",[75] we should become more alert to the rumblings of dissent and discontent, and start taking civil disobedience and popular resistance seriously. Liberal theorists always seem to be caught by surprise by eruptions of conflict, dissensus and antagonism. There are several reasons for this inability to account for conflict and dissensus: the tendency to conflate legitimacy with other grounds of obedience, such as apathy and pragmatic considerations; the relegation of competing value systems to the private sphere, and the assumption that the public sphere is characterised by a broad social consensus over legal and political values;[76] an underestimation of the extent to which any given consensus is shaped by power relations and is therefore always open to challenge; a statist approach which treats state power as irresistible; and the inadequacy of an individualist framework for understanding the collective aspects of social life.

Whereas liberal theory typically views incidents of resistance and dissent as mere aberrations, or as temporary delays on the road towards a rational society, a disruptive theory of legitimacy regards conflict and antagonism as constitutive of social life. Schnably cautions us, in this regard, to view every attempt to bracket some normative issues and to apply a given consensus with the greatest suspicion. He argues that

> "there is *never* any true consensus to follow. If we examine any particular area of *consensus* closely, we will find deep disputes as well. Indeed, it is precisely with respect to those values that seem most obviously uncontroversial that we should be most skeptical".[77]

We should, therefore, explore the tensions underlying supposedly consensual values and the power relations lurking behind appeals to consensus. In order to do this, we must focus, *inter alia*, on actual instances of struggle and conflict. The struggles of the new social movements (eg the women's movement, the environmental movement, the gay movement, and a host of movements mobilising around issues of cultural identity) and of local communities should serve to remind us of the contested nature of our most valued ideals, and of the violence and exclusion which are inherent to social life.[78]

---

75 Connolly "Dilemma of legitimacy" 224.

76 See Young "Impartiality and the civic public: some implications of feminist critiques of moral and political theory" in Benhabib and Cornell (eds) *Feminism as critique* (1987) 56.

77 Schnably "Property and pragmatism: a critique of Radin's theory of property and personhood" 1993 *Stanford LR* 347 363.

78 See eg Habermas "Struggles for recognition in constitutional states" 1993 *European J of Philosophy* 128; Mouffe *The return of the political* (1993) 7.

Die werking van die geskilbeslegtingsmeganisme in die Wêreldhandelsorganisasie as 'n oplossing vir handelsdispute

Elizabeth Snyman*
BIuris LLB LLM LLM LLD
Sentrum vir Ondernemingsreg, Universiteit van die Vrystaat

SUMMARY

The working of the dispute settlement mechanism in the World Trade Organization as a solution to trade disputes

Although the fundamental objectives of the old GATT system remain unchanged, the new WTO dispute settlement procedures contained in the "*Understanding on Rules and Procedures Governing the Settlement of Disputes*" represent a more consolidated and firmer legal framework for international trade disputes. Members of the WTO are still encouraged to resolve their disputes amicably and through diplomacy rather than confrontation, but where this is not possible the dispute settlement mechanism in the WTO provides for a streamlined procedure, with time limits, appeals and binding rulings which can only be reversed by mutual consent. The system includes a compulsory arbitration with consultations as well as a Dispute Settlement Body (DSB) that has the power to form panels to examine the matter and make findings to the DSB. The system also makes provision for an Appellate Body to hear appeals from panel cases.

1 INLEIDING

Die Wêreldhandelsorganisasie[1] (World Trade Organization), wat die GATT-stelsel vervang,[2] het op 1 Januarie 1995 tot stand gekom deur die Marrakesh Verklaring van 15 April 1994 en die Marrakesh Agreement Establishing the World Trade Organization wat die gevolg was van die sewe jaar lange Uruguay ronde van multilaterale handelsonderhandelinge.[3] Hierdie ooreenkoms word beskou as die

* Die outeur bedank graag die *Institute of Advanced Legal Studies*, Universiteit van Londen vir die gebruik van die biblioteek en fasiliteite van die Instituut en die Navorsingskomitee van die Fakulteit Regsgeleerdheid, UOVS vir finansiële ondersteuning. Menings uitgespreek is egter dié van die outeur en nie van die *Institute of Advanced Legal Studies* nie.

1 Hierna "die WTO".

2 Besskó "Going bananas over EEC preferences? A look at the banana trade war and the WTO's Understanding on the Rules and Procedures governing the Settlement of Disputes" 1996 *Case Western Reserve J of Int L* 287.

3 Hainsworth "Towards the millennium round: the rules of international trade" 1999 *Int Trade L and Regulation* 137; Schoenbaum "WTO dispute settlement: praise and suggestions for reform" 1998 *Int and Comp LQ* 647; Besskó 287; Dillon "The World Trade Organization: a new legal

vervolg op die volgende bladsy

belangrikste wêreldwye ooreenkoms sedert die Handves van die VN.[4] Ongeveer 90 persent van die wêreld se handel in goedere ressorteer onder die WTO raamwerk, terwyl handel in dienste en handelsverwante aspekte van immaterieelgoedereregte[5] ook by die WTO ingesluit is.[6]

Dit is noodsaaklik dat internasionale ooreenkomste of verdrae met inbegrip van internasionale ekonomiese organisasies nagekom en afgedwing word[7] en geskilbeslegtingsmeganismes word daargestel om te verseker dat die onderhandelde reëls nagekom word.[8] In die geval van die WTO word die implementering van die ooreenkoms van optrede ("code of conduct") van die WTO op twee wyses verseker, naamlik deur die WTO geskilbeslegtingsmeganisme ("dispute settlement mechanism") en die WTO handelsbeleidhersieningsmeganisme ("trade policy review mechanism").[9] Laasgenoemde omsluit ondersoek, beheer en kontrole, terwyl eersgenoemde die oplossing van konflik binne 'n vasgestelde tydperk ten doel het.[10] Dit word van alle lidlande vereis dat hulle hul sal onderwerp aan die stelsel van geskilbeslegting van die WTO.[11]

---

order for world trade?" 1995 *Mich J of Int L* 349; Bello en Holmer "US Trade law and Policy series No 24: Dispute resolution in the new World Trade Organization: concerns and net benefits" 1994 *Int Law* 1095–2003; Castel "The Uruguay Round and the improvements to the GATT dispute settlement rules and procedures" 1989 *ICLQ* 834–849; Blakeney "The origins of the World Trade Organization" 1995 *Int Trade LR* 49.

4 Chua "Reasonable expectations and non-violation complaints in GATT/WTO jurisprudence" 1998 *J of World Trade* 27; Petersmann *The GATT/WTO dispute settlement system: international law, international organizations and dispute settlement* (1997) 45 (hierna Petersmann (1997)); Brewer en Young "WTO disputes and developing countries" 1999 *J of World Trade* 169.

5 Sien in hierdie verband veral Trachtman "The domain of WTO dispute resolution" 1999 *Harv Int LJ* 333–337.

6 Chua 27.

7 Sien oa Petersmann "The dispute settlement system of the World Trade Organization and the evolution of the GATT dispute settlement system since 1948" 1996 *Common Market LR* 1211–1215 (hierna Petersmann (1996)); Gaffney "Due process in the World Trade Organization: the need for procedural justice in the dispute settlement system" 1999 *Am Univ Int LR* 1182; Van der Borght "The review of the WTO Understanding of Dispute Settlement: some reflections on the current debate" 1999 *Am Univ Int LR* 1224; Wang "Are trade disputes fairly settled?" 1997 *J of World Trade* 59–72. Kufuor "From the GATT to the WTO: the developing countries and the reform of the procedures for the settlement of international trade disputes" 1997 *J of World Trade* 117: "However, economic objectives can be achieved only to the extent that the international obligations are known, respected and understood not only by governments but also by private traders, producers, investors and consumers and to the extent that the obligations are consistently construed and applied over time."

8 Marceau "Rules on ethics for the new World Trade Organization dispute settlement mechanism" 1998 *J of World Trade* 57; Jackson en Croley "WTO dispute procedures, standards of review, and deference to national governments" 1996 *Am J of Int L* aangehaal in Vermulst en Komuro "Anti-dumping disputes in the GATT/WTO; navigating dire straits" 1997 *J of World Trade* 5: "Over the last fifteen years, many countries have come to recognize the crucial role that dispute settlement plays for any treaty system. This is particularly the case for a treaty system designed to address the myriad of economic questions of international relations today and to facilitate the co-operation among nations that is essential to the peaceful and welfare-enhancing role of these relations. Dispute settlement procedures assist in making rules effective, thereby adding an essential measure of predictability and effectiveness for the operation of a rule-orientated system in the otherwise relatively weak realm of international norms."

9 Sien oa Petersmann (1996) 1211–1215; Gaffney 1182; Van der Borght 1224.

10 Qureshi 1999 *Int Economic L* 287 (hierna Qureshi (1999)); Van der Borght 1224.

11 Lichtenbaum "Procedural issues in WTO dispute resolution" 1998 *Mich J of Int L* 1196.

Die stelsel van geskilbeslegting dien ook om die veiligheid en konsekwentheid van die handelstelsel te verseker. Eerstens word die regte en verpligtinge van lidlande uiteengesit in die WTO kode beskerm deurdat uitdruklik bepaal word dat die aanbevelings en beslissings van die geskilbeslegtingsmeganisme nie regte of verpligtinge kan byvoeg, beperk of wegneem waarop die lidlande in die Kode ooreengekom het nie. Tweedens fasiliteer die geskilbeslegtingsmeganismes die verklaring en interpretasie van die bepalings van die kode deur die uitleg daarvan ooreenkomstig die reëls van die internasionale reg. Derdens voorkom die geskilbeslegtingstelsel dat state eensydige besluite neem en afwyk van die bepalings van die kode deurdat lidlande eers WTO goedkeuring moet verkry in die geval waar van die bepalings van die kode afgewyk gaan word.[12] Ook word verhoed dat van die lidlande eensydig nakoming van die kode of die reëls van die Understanding on Rules and Procedures Governing the Settlement of Disputes[13] probeer afdwing.[14] Laastens bied die geskilbeslegtingstelsel van die WTO die verdere voordeel dat lidlande een stelsel van geskilbeslegting moet volg wanneer 'n geskil ontstaan ten aansien van die ooreenkomste tussen die partye. Die prosedure en proses is duidelik en seker.[15]

Aanhangsel 2 van die Agreement Establishing the World Trade Organization met die opskrif "Understanding on Rules and Procedures Governing the Settlement of Disputes" bevat volledige reëls en prosedures vir die beslegting van geskille tussen lidlande van die WTO.[16] Hoewel die WTO geskilbeslegtingsmeganisme in 'n groot mate 'n reorganisasie van die GATT- (General Agreement on Trade and Tariffs) stelsel is,[17] is dit in so 'n mate innoverend dat dit van die GATT-meganisme onderskei kan word. Die GATT-meganisme is aan bande gelê deur oponthoude; nie-aanvaarding van besluite van die geskilbeslegtingspanele; en die afwesigheid van 'n stelsel van appèl. Hierdie probleme word in die WTO-geskilbeslegtingstelsel ondervang.[18]

---

12 Qureshi (1999) 289.

13 Hierna "UDS".

14 Zonnekeyn "The Bananas dispute in the World Trade Organization: The DSU conundrum" 1999 *Int Trade LR* 85; Puente "Section 301 and the new WTO dispute understanding?" 1995 *ILSA Int and Comp L* 222; Specht "The dispute settlement systems of WTO and NAFTA – analysis and comparison" 1998 *Georgia J of Int and Comp L* 78.

15 Specht 77; Thomas "The need for due process in the WTO proceedings" 1997 *J of World Trade* 45–49; Palmeter 51–57.

16 Warhead "The New WTO dispute resolution procedure" 1995 *Int Trade L and Regulation* 114; Besskó 288; Komuro "The WTO dispute settlement mechanism – coverage and procedures of the WTO understanding" 1995 *J of Int Arbit* 81–171 (hierna Komuro (1995)).

17 Sien in hierdie verband veral Lichtenbaum 1198; Petersmann (1997) 179; Gantz "Dispute settlement under the NAFTA and the WTO: choice of forum opportunities and risks for the NAFTA parties" 1999 *Am Univ Int LR* 1049; Castel 834–849; Demaret "The metamorphoses of GATT: from the Havana Charter to the World Trade Organization 1995 *Columbia J of Transn L* 125–133; Ahn "The long road ahead: dispute settlement in the GATT/WTO" 1999 *Mich J of Int L* 413–418; Zekos "An examination of GATT/WTO arbitration procedures" 1999 *Dispute Resolution J* 72–76.

18 Qureshi (1999) 288; sien ook Specht 72–77; Stiles "The WTO regime: the victory of pragmatism" 1995 *J of Int L and Practice* 3–41; Van Bael "The GATT dispute settlement procedure under the Wolrd Trade Organization – GATT 1994 and under Chapter 19 of the North American Free Trade Agreement" 1995 *Hamline LR* 343.

2 GESKILBESLEGTING IN DIE WTO

2 1 Inleiding

Die WTO-geskilbeslegtingsinstellings funksioneer in 'n groot mate soos 'n hof vir internasionale handel.[19] Die raamwerk waarbinne geskilbeslegting in die WTO plaasvind, word in die UDS uiteengesit.[20] Die UDS het dieselfde juridiese gesag as die WTO kode, hoewel die hele stelsel van geskilbeslegting in die struktuur van die WTO verweef is.[21]

Die UDS het ten doel om 'n volledige raamwerk daar te stel vir die oplossing van internasionale handelsgeskille onder die leiding en beheer van die WTO. Die UDS maak dus voorsiening vir 'n verskeidenheid meganismes om handelsgeskille, insluitend geskille oor handel in dienste en immaterieelgoedereregte, tussen state op te los.[22] Die algemeenste hiervan is die stelsel van paneelbeslegting en die moontlike daaropvolgende appèl. Ander meganismes sluit in prosedures soos konsultasie, konsiliasie, mediasie en arbitrasie.[23] Die hoeksteen van die UDS is konsultasie en die paneelstelsel.[24] Die klem ten aansien van al hierdie meganismes of stelsels is dat daar 'n vrywillige en konsensuele ooreenkoms tussen die partye verseker moet word eerder as 'n beslissing wat op die partye afgedwing moet word. Daar is egter 'n aantal bepalings in die UDS wat ten doel het om te verseker dat die beginsel van "rule of law" nie uit die oog verloor word nie.[25] Indien die beslissings nie deur 'n party nagekom word nie kan sanksies teen so 'n party volg.[26]

2 2 Samestelling en werking van die geskilbeslegtingsraad

'n Geskilbeslegtingsraad[27] ("dispute settlement body") is opgerig om die reëls en prosedures van die UDS te administreer. Die DSB het die bevoegdheid om geskilbeslegtingspanele saam te stel; paneel- en appèlbesluite te aanvaar; die gebruik van sanksies deur lidlande te magtig; en die implementering van beslissings en aanbevelings te moniteer.[28]

2 3 Proses van geskilbeslegting in die paneel en by appèl

Die proses van geskilbeslegting in die WTO bestaan uit vier fases, naamlik konsultasie, geskilbeslegting in paneel, appèl en afdwinging.[29] Die proses is duidelik en eenvoudig en maak voorsiening vir die nakoming van die reëls van natuurlike geregtigheid.[30]

---

19 Schoenbaum 648; Komuro (1995) 81–171.
20 Qureshi (1999) 289; Qureshi *The World Trade Organization. Implementing international trade norms* (1996) 97; Jackson *The World Trade Organization Constitution and Jurisprudence* (1999 herdruk) 72.
21 Specht 79.
22 Qureshi (1999) 289; Jackson 72.
23 Qureshi (1999) 296; Gantz 1050; Zekos 72–76.
24 Qureshi (1999) 300.
25 *Idem* 296; sien ook Footer "The role of consensus in GATT/WTO decision-making" 1996/1997 *Northwest J of Int L & Business* 653–680.
26 Schoenbaum 648.
27 Hierna "DSB".
28 Qureshi (1999) 290; Besskó 288; Specht 79; Hirsch "The WTO Bananas decision: cutting through the thicket" 1998 *Leiden J of Int L* 201.
29 Wareham "The new WTO Dispute resolution procedure" 1995 *Int Trade L and Regulation* 115; Schoenbaum 647; Komuro (1995) 81–171.
30 Thomas *J of World Trade* 45–49; Palmeter *idem* 51–57; Stiles 3–41.

Die stelsel van paneelgeskilbeslegting[31] het kenmerke van sowel die akkusatoriese as die inkwisatoriese stelsel. Die paneelsittings is nie oop vir die publiek nie en die deursigtigheid van die proses word derhalwe bevraagteken. Ten aansien hiervan moet die hoogs vertroulike aard van sommige inligting wat hanteer word, in ag geneem word.[32] Die funksie van die paneel is om 'n objektiewe bevinding te maak ten aansien van die feite en die toepaslikheid van die WTO kode en of die optredes van die partye in ooreenstemming daarmee is.[33]

Die daarstelling van die appèlraad ("appellate body") is een van die unieke kenmerke van die WTO se geskilbeslegtingsmeganisme aangesien dit sedert die instelling van 'n geskilbeslegtingsmeganisme in GATT voorsiening daarvoor maak dat 'n party teen 'n paneelbevinding kan appelleer.[34]

2 3 1 Konsultasie

In geval van handelsgeskille tussen lande word die onderskeie partye (lidlande) aangemoedig om in konsultasie met mekaar te tree en om simpatiek aandag aan die voorleggings van die ander party(e) te gee. Tydens konsultasie kry al die partye derhalwe die geleentheid om mekaar se posisie of standpunt beter te verstaan.[35] Gedurende die konsultasieproses versoek een lidland dus 'n konsultasie met 'n ander lidland of -lande.[36] Die versoek moet skriftelik[37] wees maar word vertroulik[38] hanteer. Die DSB moet van alle konsultasies in kennis gestel word. Die beslegting van die geskil tydens konsultasie moet steeds in ooreenstemming wees met die WTO Kode.[39] 'n Lidland wat 'n versoek om konsultasie ontvang, moet binne tien dae daarop reageer en binne 30 dae te goeder trou aan die konsultasie deelneem.

Indien die geskil nie binne 60 dae opgelos word nie, word 'n geskilbeslegtingspaneel saamgestel.[40] Ook in die geval waar 'n lidland weier om tot

---

31 Vir 'n bespreking van 'n geskil soos besleg deur 'n paneel, sien bv Komuro "*Kodak-Fuji Film* dispute and WTO Panel Ruling" 1998 *J of World Trade* 161–217; Goldman "Bad lawyering or ulterior motive? Why the United States lost the film case before the WTO dispute settlement panel" 1999 *L and Policy in Int Business* 417–437; Ahn "Environmental disputes in the GATT/WTO: before and after US-Shrimp case" 1999 *Mich J of Int L* 819–870; Durling en Lester "Original meanings and the Film dispute: the drafting history, textual evolution, and application of the non-violation nullification or impairment remedy" 1999 *George Washington J of Int L and Economics* 211–269; Gupta "Appellate body interpretation of the WTO agreement: a critique in light of Japan – Taxes on alcoholic beverages" 1997 *Pacific Rim L & Policy J* 683–716; World Trade Organization *Annual Report* (2000) 57–69.

32 Qureshi (1999) 303.

33 UDS a 11(1); Chua 27; sien ook Stewart en Burr "The WTO panel process: an evaluation of the first three years" 1998 *The Int Lawyer* 709–735; Croley en Jackson "WTO dispute procedures, standards of review and deference to national governments" 1996 *Am J of Int L* 193–213.

34 Joergens "True appellate procedure or only two-stage process? A comparative view of the Appellate Body under the WTO dispute settlement understanding" 1999 *Law and Policy in Int Business* 193; sien ook Horlick "The consultation phase of WTO dispute resolution: a private practitioner's view" 1998 *The Int Lawyer* 685–693.

35 Qureshi (1999) 300; Van der Borght 1232; Wareham 118.

36 Schoenbaum 648; Van der Borght 1232; sien egter ook Schleyer "Power to the people: allowing private parties to raise claims before the WTO dispute resolution system" 1997 *Fordham LR* 2275–2311.

37 A 4(4) UDS.

38 A 4(6) UDS.

39 A 3(5) UDS; Qureshi (1999) 300.

40 Schoenbaum 648.

konsultasie toe te tree waar 'n klagte teen die betrokke lidland ontvang is, kan die ander party vra dat die aangeleentheid voor 'n paneel gebring word.[41] Een van die partye by die konsultasie kan versoek dat 'n geskilbeslegtingspaneel saamgestel word sodat die aangeleentheid beoordeel kan word indien dit blyk dat die geskil nie deur konsultasie opgelos kan word nie.[42] Voordat die saak voorgelê word vir beslissing deur 'n paneel, moet die party eers seker maak dat dit vrugbaar ("fruitful")[43] sal wees,[44] met ander woorde dat die party die remedie of resultaat van die paneelproses sal oorweeg. Die paneelproses vereis dus positiewe reaksie van die partye by die geskil.[45] Die UDS vereis dat die konsultasie met erns bejeën sal word en nie as bloot 'n blote formaliteit wat nagekom moet word alvorens 'n paneel saamgestel kan word nie.[46]

2 3 2 Samestelling van paneel

Nadat 'n lidland die samestelling van 'n paneel versoek het, moet dit binne 60 dae saamgestel word en die geskil moet binne nege maande, en waar appèl aangeteken word, binne 12 maande afgehandel word, behalwe waar al die partye by die geskil instem dat die proses vertraag word.[47] 'n Paneel word saamgestel tydens die DSB vergadering wat volg op die vergadering waar die versoek voorgelê is.[48] Die sekretariaat van die WTO het 'n lys van paneellede waarvan bepaalde individue deur die sekretariaat aanbeveel word om in bepaalde sake op die geskilbeslegtingspaneel te dien.[49] Partye by die geskil mag alleenlik die aanstelling van 'n paneellid teenstaan indien ernstige redes daarvoor bestaan.[50] In die praktyk word die partye egter wel toegelaat om 'n voorgestelde paneellid te verwerp, aangesien die partye se goedkeuring nodig is vir die samestelling van die paneel.[51] Die lys van paneellede word saamgestel uit goed gekwalifiseerde staatsdiens en nie-staatsdiens individue wat in 'n verteenwoordigende hoedanigheid in die WTO sisteem of die WTO sekretariaat gedien het of individue wat onderrig gee of gepubliseer het op die vakgebied van die internasionale handel.[52] Die lede van die paneel hoef egter geen regsagtergrond te hê nie. Die paneellede is meestal gewese handelsamptenare.[53] Hulle dien in hul persoonlike hoedanigheid op die paneel en verteenwoordig nie hul land of organisasie nie.[54] Die paneellede se onpartydigheid word verseker deurdat van hulle verwag word om enige relevante inligting te openbaar en ook deur hul verklarings tydens hul aanstelling.[55] Tensy anders ooreengekom, mag 'n paneellid nie op 'n paneel dien ten aansien van 'n saak waarby sy eie regering betrokke is nie.[56]

---

41 Gantz 1050.
42 A 4(7) UDS; Qureshi (1999) 300; Van der Borght 1233.
43 A 3(7) UDS.
44 Qureshi (1999) 300; Van der Borght 1233.
45 Qureshi (1999) 300.
46 A 4(1) en (2) UDS); Specht 82.
47 Gantz 1051.
48 A 6 UDS; Specht 83; Besskó 290; Wareham 118.
49 A 8(4) en (6) UDS; Qureshi (1999) 301.
50 A 8(6) UDS; Qureshi (1999) 301; Specht 83.
51 Qureshi (1999) 302; Van der Borght 1238.
52 A 8 UDS; Qureshi (1999) 301; Gantz 1051; Van der Borght 1238.
53 Qureshi (1999) 301.
54 A 8(9) UDS; Qureshi (1999) 301.
55 Qureshi (1999) 301.
56 A 8(3) UDS; Qureshi (1999) 301; Gantz 1051.

2 3 3 Jurisdiksie ("terms of reference")

Die aangeleentheid wat deur die paneel hanteer word, word bepaal deur die versoek van 'n lidland dat 'n paneel saamgestel moet word om 'n beslissing ten aansien van 'n bepaalde probleem te lewer.[57] Artikel 7.1 van die UDS bepaal dat, in die afwesigheid van 'n ander ooreenkoms tussen die partye, 'n paneel se jurisdiksie is

> "to examine, in light of the relevant provisions in (name of covered agreement(s) cited by the parties to the dispute), the matter referred to the DSB by (name of party) in document . . . and to make such findings as will assist the DSB in making the recommendations or giving the rulings provided for in that/those agreement(s)".

Aangesien die paneel se jurisdiksie beperk word tot daardie aangeleenthede wat deur 'n lidland na die DSB verwys is, is dit moontlik dat sekere eise of geskille nie deur die paneel hanteer kan word nie, omdat dit nie spesifiek in die lidland se versoek vir die samestelling van 'n paneel genoem is nie.[58] Inteendeel, artikel 6.2 gaan selfs verder en vereis uitdruklik dat 'n versoek om die samestelling van 'n paneel die bepaalde probleem of geskil duidelik sal uiteensit deur spesifieke geskilpunte duidelik aan te dui en 'n kort uiteensetting van die regsgronde van die klagte of eis te gee.[59] Nakoming van hierdie vereiste vervul ook die funksie dat die ander party by die geskil, asook derde partye wat aan die paneelsitting wil deelneem, die presiese aard van die geskil kan vasstel.[60]

2 3 4 Paneelondersoek

In die ondersoek van die aangeleentheid, volg die paneel 'n vaste werksprosedure ("working procedure") wat in 'n bylaag tot die UDS vervat is.[61] Die paneel stel eerstens 'n tydsrooster op waarna die voorleggings van die partye ontvang word, argumente aangehoor word en, indien nodig, verdere inligting aangevra word.[62]

Die paneel moet 'n objektiewe beoordeling maak ten aansien van die saak voor hom[63] en te goeder trou optree in ooreenstemming met die reëls van natuurlike geregtigheid.[64] Dit sluit die verpligting in om die bewyse te oorweeg en om tot 'n gevolgtrekking(s) te kom op grond van die bewyse of getuienis voor die paneel.[65] Die paneel mag nie doelbewus weier om enige getuienis in oorweging te neem of dit ignoreer nie. Die paneel mag ook nie wetend getuienis uit verband ruk of wanvoorstel nie.[66]

Paneelbesprekings en ondersoeke is vertroulik en die opinies van die individuele paneellede moet anoniem bly.[67] Daar word van die paneellede verwag om op 'n gereelde basis met die partye by die geskil te konsulteer en om aan hulle genoegsame geleentheid te bied om by te dra tot die daarstelling van 'n wedersyds aanvaarbare oplossing.[68] Die paneel mag ook konsulteer met enige lid wat wesenlike

---

57 Lichtenbaum 1225.
58 *Ibid.*
59 *Ibid.*
60 *Ibid.*
61 Specht 84.
62 *Ibid.* .
63 A 11 UDS; Qureshi (1999) 302.
64 Qureshi (1999) 302.
65 *Ibid.*
66 *Ibid.*
67 A 14 UDS; Qureshi (1999) 302.
68 Qureshi (1999) 303.

belange by die geskil het,[69] asook met enige persoon of organisasie wat na die mening van die paneel nodig is.[70] Die paneelbespreking en die opstelling van die verslag vind egter nie in die aanwesigheid van iemand anders as paneellede plaas nie.[71]

2 3 5 Deskundige hersieningsgroep

Die paneel mag 'n raadgewende verslag aanvaar van 'n deskundige hersieningsgroep waar daar 'n feitelike aangeleentheid van 'n wetenskaplike of tegniese aard deur een van die partye tydens die geskil na vore gebring is.[72]

2 3 6 Voorlegging van verslag

Die geskilbeslegtingspaneel moet binne ses maande vanaf die aanstelling van die paneel 'n finale verslag indien.[73] In geval van dringende sake, soos byvoorbeeld in die geval van bederfbare goedere, moet die verslag binne drie maande voorgelê word. Die voorlegging van die verslag mag nooit later as binne nege maande geskied nie.[74]

2 3 7 Tussentydse verslag

Alvorens 'n tydelike verslag deur die paneel uitgereik word, stuur die paneel die feitelike en die argumentasie gedeeltes van die verslag aan die partye by die geskil vir kommentaar.[75] Daarna reik die paneel 'n tussentydse verslag uit vir oorweging en kommentaar deur die lidlande alvorens 'n finale verslag uitgereik word.[76] Die partye by die geskil mag kommentaar lewer op die verslag en ook die paneel versoek dat spesifieke aspekte van die tussentydse verslag hersien moet word.[77] Sodoende kry die partye 'n laaste geleentheid om die aangeleentheid voor die paneel te argumenteer.[78] Indien geen party 'n verdere (derde) vergadering met die paneel versoek nie word die finale verslag aan elke lid versprei.[79]

2 3 8 Aanvaarding van die finale verslag

Die finale verslag moet binne 60 dae aan die DSB voorgelê word vir aanvaarding. Die UDS maak voorsiening vir die noodwendige aanvaarding van die verslag,[80] maar die finale verslag sal nie aanvaar word nie indien een van die partye by die geskil die DSB in kennis stel van sy/haar voorneme om te appelleer of indien daar konsensus in die DSB bestaan dat die verslag nie aanvaar word nie.[81] Die DSB beskik nie oor die bevoegdheid om die verslag se inhoud op enige wyse te verander of te wysig nie. Die DSB kan slegs die verslag in geheel aanvaar of verwerp.[82]

---

69 A 10 UDS; Specht 85.
70 Gantz 1052.
71 Specht 84.
72 Gantz 1052; sien egter ook Herman "The WTO Dispute Settlement Review Commission: an unwise extension of extrajudicial roles" 1996 *Hastings LJ* 1635–1667.
73 Qureshi (1999) 301.
74 *Idem* 302.
75 Gantz 1053.
76 A 15 UDS; Qureshi (1999) 303; Specht 85; sien ook Schaefer "National review of WTO dispute settlement reports: in the name of sovereignty or enhanced WTO rule compliance?" 1996 *St John's J of Legal Commentary* 307–350; Croley en Jackson 193–213.
77 Qureshi (1999) 303; Specht 85; Gantz 1053.
78 Specht 85; Huntington "Symposium on the North American Free Trade Agreement: Settling disputes under the North American Free Trade Agreement" 1993 *Harv Int LJ* 422.
79 A 15(2) UDS; Specht 85.
80 A 16(4) UDS; Besskó 285 290; Specht 79 86; Gantz 1049 1054.
81 Qureshi (1999) 303; Specht 79 86; Gantz 1054; Besskó 290.
82 Specht 86.

In geval van 'n hersiening is die algemene GATT/WTO gebruik dat dit as 'n *de novo* saak beskou word, behalwe waar anders bepaal is.[83]

2 3 9 Appèl

'n Party mag ten aansien van die finale verslag na die appèlraad ("appellate body")[84] appelleer. Die reg op appèl is beperk tot 'n regsvraag ten aansien van die verslag en die juridiese interpretasie van die paneel.[85] Wat as 'n regsvraag beskou kan word, bly egter 'n ope vraag.[86] Slegs 'n party by die geskil mag appèl aanteken en 'n derde party lidland het nie sodanige reg nie.[87] Die appèlraad mag wel kennis neem van verklarings van derde partye.[88]

Daar geld ook streng maatreëls ten aansien van tydsverloop tydens die appèlproses. Die appèlproses vind plaas binne 60 dae, maar mag nie langer as 90 dae duur nie.[89]

Lede van die appèlraad mag 'n eie mening as 'n persoonlike opinie by die bevinding van die appèlraad voeg in die vorm van 'n minderheidsopinie. Hierdie persoonlike opinies word egter anoniem by die verslag van die appèlraad gevoeg.[90]

Wat die appèlraad se samestelling betref, word gepoog om dit so ver moontlik verteenwoordigend van die WTO ledesamestelling te maak. Die raad word saamgestel uit sewe persone wat as gesaghebbende kenners met bewese deskundigheid

---

83 Qureshi (1999) 302.

84 Vir 'n bespreking van die benadering en hantering van bepaalde sake deur die appèlraad sien bv Ala'I "Free trade or sustainable development? An analysis of the WTO Appellate Body's shift to a more balanced approach to trade liberalization" 1999 *Am Univ Int LR* 1129–1171; Cone "The appellate body and *Harrowsmith Country Life*" 1998 *J of World Trade* 103–17; Knight "The dual nature of cultural products: an analysis of the World Trade Organization's decisions regarding Canadian periodicals" 1999 *Univ Toronto Faculty of Law R* 165–191; Matheny "In the wake of the flood: 'Like products' and cultural products after the World Trade Organization's decision in Canadian Certain Measures Concerning Periodicals" 1998 *Univ Penn LR* 245–278; Scow "The Sports Illustrated Canada controversy: Canada 'strikes out' in its bid to protect its periodical industry from US split-run periodicals" 1998 *Minn J of Global Trade* 245–285; Johnson "Canada's magazine and cultural policies: the World Trade Organization decision in Canada – Certain measures corncerning periodicals" 1998 *Canadian Int Lawyer* 21–27; Pyatt "The WTO sea turtle decision" 1999 *Ecology LQ* 815–838; Berger "Unilateral trade measures to conserve the world's living resources: an environmental breakthrough for the GATT in the WTO sea turtle case" 1999 *Columbia J of Env L* 355–411; Simmons "In search of balance: an analysis of the WTO Shrimp/Turtle Appellate Body Report" 1999 *Columbia J of Env L* 413–453; "Extraterritorial shrimps, NGOs and the WTO Appellate Body" 1999 *The Int & Comp LQ* 199–206; Appleton "GATT Article XX's chapeau: a disguised 'necessary' test?: The WTO Appellate Body's ruling in United States – Standards for Reformulated and Conventional Gasoline" 1997 *R of Eur Community and Int Env L* 131–138; Waincymer "Reformulated Gasoline under reformulated WTO dispute settlement procedures: pulling Pandora out of a chapeau?" 1996 *Mich J of Int L* 141–181; Charnovitz "WTO's Alcoholic Beverages decision" 1996 *R of European Community and Int Env L* 198–203. Vermulst, Mavroidis en Waer "The functioning of the Appellate Body after four years. Towards rule integrity" 1999 *J of World Trade* 1–50 bied 'n goeie maar bondige bespreking van 15 beslissings van die appèlraad.

85 Qureshi (1999) 303; Gantz 1054.

86 Qureshi (1999) 303.

87 A 17(4) UDS; Specht 86.

88 UDS.

89 A 17(5) UDS; Specht 86; Gantz 1054.

90 Specht 86.

in die reg, internasionale handel en die ooreenkomste beskou word en wat nie by enige regering betrokke is nie.[91] Lede word vir 'n termyn van vier jaar aangestel[92] en, anders as in geval van die paneelsamestelling, kan die partye nie kies watter lid van die appèlraad sitting op die bepaalde saak het nie.[93] Drie van die sewe lede van die appèlraad hoor die sake op rotasiebasis aan.[94] Die appèlraad hersien sake slegs ten aansien van juridiese aangeleenthede en regsvrae[95] en nie ten aansien van feitelike aangeleenthede en vrae nie.[96]

2 3 10 Aanvaarding van appèlbevinding

Die appèlraad se verslag word binne 30 dae na sirkulasie aan die lidlande sonder wysigings aanvaar tensy die DSB daarteen stem.[97]

2 3 11 Implementering en afdwinging van bevinding

Indien die paneel of die appèlraad vind dat die maatreël in geskil in ooreenstemming met 'n ooreenkoms is, sal die eis of klagte verwerp word. In geval van 'n oortreding sal die paneel of die appèlraad in hul verslag aanbeveel op welke wyse die oortredende party die afwyking kan regstel of in ooreenstemming met die betrokke ooreenkoms bring. Die verslag sal ook vermeld hoe die aanbevelings van die paneel of appèlraad geïmplementeer kan word.[98] Die betrokke partye moet die nodige stappe doen om gehoor te gee aan die bevindinge en aanbevelings van die paneel en waar van toepassing, die appèlraad.[99] Dit kan inhou dat die party byvoorbeeld nasionale wetgewing of regulasies behoort te wysig. Dit moet egter binne 'n redelike tyd gedoen word.[100]

3 SUKSESSE VAN DIE GESKILBESLEGTINGSRAAD

Die geskilbeslegtingsmeganisme van die WTO word as die hoeksteen van die organisasie beskou.[101] Hierdie geskilbeslegtingsmeganisme van die WTO was gedurende die eerste vyf jaar van die bestaan van die WTO baie suksesvol soos blyk uit die gewilligheid van lidlande om dit te gebruik.[102] Ook is die vasbeslotenheid van die lidlande om die reëls en prosedures van die UDS en ander WTO ooreenkoms na

91 A 17(3) UDS; Specht 80; Gantz 1054; Wareham 117.
92 *Ibid.*
93 A 17(1) UDS; Specht 80.
94 *Ibid.*
95 A 17(4) en (6) UDS; Specht 81.
96 Specht 81.
97 A 17(14) UDS; Specht 87; Gantz 1055; Besskó 291.
98 A 19(1) UDS; Specht 87; Gantz 1055.
99 Gantz 1055; sien ook Reif en Florestal "Revenge of the push-me, pull-you: the implementation process under the WTO dispute settlement understanding" 1998 *The Int Lawyer* 755–788.
100 Gantz 1055.
101 Lichtenbaum 1195; Van der Borght 1225; Albren "The continued need for a narrowly-tailored rule-based dispute resolution mechanism in future free trade agreements" 1996 *Suffolk Transn LR* 106; Chua 27; Hallum "WTO dispute settlement" 1998 Feb *New Zealand LJ* 73; Qureshi (1999) 287.
102 Hainsworth 138; sien ook Hudec "The new WTO dispute settlement procedure: an overview of the first three years" 1999 *Minnesota J of Global Trade* 1–53.

te kom, tydens die 1996 ministeriële vergadering in Singapoer herbevestig.[103] Die WTO direkteur-generaal Renato Ruggiero het dit duidelik gestel:

> "One success that stands out above all the rest is the strengthening of the dispute settlement mechanism. This is the heart of the WTO system. Not only has it proved credible and effective in dealing with disputes, it has helped resolve a significant number at the consultation stage. Furthermore, developing countries have become major users of the system, a sign of their confidence in it which was not so apparent under the old system."[104]

Die sukses van die WTO geskilbeslegtingsmeganismes blyk verder ook uit die gewilligheid van lidstate om gehoor te gee aan die beslissings en aanbevelings[105] van die geskilbeslegtingsraad van die WTO.[106] Die aantal sake wat na die WTO vir beslegting gebring word, is aansienlik meer as wat die geval was met die GATT van 1947. In die byna vyftig jaar van die bestaan van GATT is slegs sowat 200 geskille vir beslegting voorgelê. Daarteenoor is daar reeds teen September 1999 181 versoeke om konsultasie oor 141 verskillende onderwerpe, soos byvoorbeeld oor diskriminerende binnelandse belastings, handelsaspekte van die beskerming van immaterieelgoedereregte, sanksies en uitsluitings[107] na die WTO gebring.[108] Sowat 37 van hierdie sake is tussen die partye geskik of is nie meer in geskil nie. Daar is egter reeds 24 sake suksesvol afgehandel deur óf die geskilbeslegtingspaneel óf die appèlraad. [109] Die orige 30 sake word tans hanteer.[110]

In die afhandeling van die sake het die geskilbeslegtingspaneel of die appèlraad nie net die geskille tussen lidlande besleg nie, maar ook opheldering of duidelikheid gebring ten aansien van sommige van die WTO bepalings. Dit dra by tot sekerheid en voorspelbaarheid en kan in die toekoms aan die lidlande leiding bied met betrekking tot bepaalde optredes.[111] In 1996 het die ministeriële vergadering dit ook

---

103 Zonnekeyn "Stretching the limits of the WTO dispute settlement mechanism" 1999 *Int Trade L and Regulation* 31. Die ministeriële verklaring, aangehaal in Jackson 60, lui soos volg: "The Dispute Settlement Understanding (DSU) offers a means for the settlement of disputes among Members that is unique in international agreements. We consider its impartial and transparent operation to be of fundamental importance in ensuring the resolution of trade disputes, and in fostering the implementation and application of the WTO Agreements. The Understanding, with its predictable procedures, including the possiblility of appeal of panel decisions to an Appellate Body and provisions of implementation of recommendations, has improved Members' means of resolving their differences. We believe that the DSU has worked effectively during its first two years. We also note the role that several WTO bodies have played in helping to avoid disputes. We renew our determination to abide by the rules and procedures of the DSU and other WTO Agreements in the conduct of our trade relations and the settlements of disputes. We are confident that longer experience with the DSU, including the implementation of panel and appellate recommendations, will further enhance the effectiveness and credibility of the dispute settlement system."

104 Aangehaal in Jackson 59.

105 Schoenbaum 647 wys daarop dat tot op hede al die state waarteen beslissings deur 'n geskilbeslegtingspaneel van die WTO gegee is, hul bereidwillig verklaar het om regstellende maatreëls te tref.

106 Schoenbaum 647.

107 McFarlane "Update on WTO disputes" 1998 *New Zealand LJ* 415, "Update on WTO disputes" 1999 *New Zealand LJ* 30; Hainsworth 138.

108 Hainsworth 138; Chua 27; Steger "WTO dispute settlement: revitalization of multilateralism after the Uruguay round" 1996 *Leiden J of Int L* 331.

109 Hainsworth 138.

110 *Ibid.*

111 *Ibid.*

duidelik gestel dat die implementering van die verslae van die geskilbeslegtingspaneel en die appèlraad verder sal bydra tot die effektiwiteit en geloofwaardigheid van die geskilbeslegtingsmeganisme.[112] Daar moet egter op gelet word dat die geskilbeslegtingspaneel en die appèlraad se verslae nie as gesaghebbende interpretasies van die WTO ooreenkoms beskou moet word nie, omdat net die ministeriële konferensie en die algemene vergadering ingevolge artikel IX:2 die uitsluitlike gesag het om interpretasies en verklarings van die ooreenkoms te aanvaar. Die geskilbeslegtingspaneel of die appèlraad kan derhalwe nie reëls ontwikkel of skep nie.[113]

4 PROBLEME TEN AANSIEN VAN DIE GESKILBESLEGTINGSMEGANISME

Daar moet egter ook op sekere probleme van die geskilbeslegtingsmeganisme gewys word. Dit is naamlik die behoefte aan 'n stelsel van "non-adjudication-based" geskilbeslegting; die vraag oor die vermoë van die WTO panele en appèlraad om te beslis oor regsvrae buite die sfeer van die WTO ooreenkomste;[114] die reg van private toegang tot die geskilbeslegtingsproses;[115] en die reg van 'n lidland op regsverteenwoordiging in al die fases van die geskilbeslegtingsproses.[116] Daar is geen verwysing na laasgenoemde aspek in die UDS en die DSU het ook geen riglyne hieromtrent geformuleer nie.[117]

Ook ontbreek 'n effektiewe proses waardeur die nakoming van die verslag gemonitor en geëvalueer kan word.[118] Verder is dit problematies waar daar ook op ekonomiese en politieke behoeftes, belange en reëls gelet moet word en nie net op die juridiese beginsel of reël nie.[119] Daar is ook al kommentaar uitgespreek oor die samestelling van die paneel en die groot aantal paneellede waaruit 'n paneel vir 'n bepaalde sitting saamgestel word.[120]

'n Baie belangrike probleem wat spoedig opgelos moet word, is die posisie van die DSB as sodanig. Die DSB moet beter beskerm word, veral in die lig van die

---

112 Zonnekeyn 1999 *Int Trade L and Regulation* 31.

113 Hainsworth 138.

114 Schoenbaum 647; sien ook Swaak-Goldman "Who defines members' security interest in the WTO?" 1996 *Leiden J of Int L* 361; Kuilwijk "Castro's Cuba and the United States Helms Burton Act" 1997 *J of World Trade* 49; Love "United States extraterritorial jurisdiction: the Helms-Burton and D'Amato Acts" 1997 *ICLQ* 378.

115 Covelli "Public international law and third party participation in WTO Panel Proceedings" 1999 *J of World Trade* 125; Schoenbaum 647. Sien ook Giardina en Zampetti "Settling competition-related disputes: the arbitration alternative in the WTO framework" 1997 *J of World Trade* 5; Schleyer 2275; Killman "The access of individuals to international trade dispute settlement 1996 *J of Int Arbit* 143; Lucas "The role of private parties in the enforcement of the Uruguay Rounds Agreements 1995 *J of World Trade* 183–206; Panel discussion "Is the WTO dispute settlement mechanism responsive to the needs of the traders? Would a system of direct action by private parties yield better results?" 1998 *J of World Trade* 147–165.

116 Lichtenbaum 1203; Pearlman "Participation by private counsel in World Trade Organization dispute settlement proceedings" 1999 *L and Policy in Int Business* 399–415; Martha "Representation of parties in world trade disputes" 1997 *J of World Trade* 83–96.

117 Lichtenbaum 1203.

118 McFarlane "Update on WTO disputes" 1998 *NZ LJ* 415.

119 Hainsworth 139; sien ook Drahozal "Commercial norms, commercial codes, and international commercial arbitration" 2000 *Vanderbilt J of Transn L* 84.

120 McFarlane 1998 *NZ LJ* 415.

gebeure tydens die sogenaamde Piesang-geskil tussen die Europese Unie en die VSA. Die mees praktiese wyse om dit te bewerkstellig sou wees om die *sub judice*-beginsel van toepassing te maak op sake wat voor die geskilbeslegtingsraad gebring word. Dit kan gedoen word deur sodanige beginsel tot die UDS te voeg.[121]

5 GEVOLGTREKKING

Die WTO geskilbeslegtingsmeganisme soos vervat in die UDS is nie bloot 'n samevatting of integrasie van vorige geskilbeslegtingsmeganismes nie, maar is 'n daadwerklike stap vorentoe in die daarstelling van 'n verpligte, omvattende en geïntegreerde, maar ook effektiewer, vinniger en sekerder proses, terwyl die beginsel dat lidlande moet poog om geskille onderling langs vriendelike weë te besleg, behou word. Die WTO maak die gevolge van die geskilbeslegtingsproses bindend vir die partye en in 'n sekere mate afdwingbaar op die partye. Dit dra by tot 'n effektiewer stelsel. Ook die instelling van die appèlraad as 'n appèlliggaam van eerste instansie is 'n innoverende stap wat leemtes in die vorige stelsel van GATT ondervang en bydra tot die sukses van die WTO geskilbeslegtingsmeganisme.

Hoewel nie sonder probleme nie, bied die WTO geskilbeslegtingsmeganisme 'n stelsel wat met die samewerking van die lidlande kan bydra tot die spoedige en vreedsame oplossing van handelsgeskille.

> *Decency, security and liberty alike demand that government officials shall be subjected to the same rules of conduct that are commands to the citizen. In a government of laws, existence of the government will be imperilled if it fails to observe the law scrupulously . . . If the government becomes a law breaker, it breeds contempt for law; it invites every man to become a law unto himself; it invites anarchy. To declare that in the administration of the criminal law the end justifies the means . . . would bring terrible retribution. Against that pernicious doctrine this court should resolutely set its face.*
>
> *Dissenting judgment of Mr Justice Louis Brandeis in* Olmstead v US 277 US 438 485 (1928).

121 McFarlane "Increasing activity on the world trade front" 1999 *NZ LJ* 79; sien ook Besskó 65–287; McMahon "The EC Banana regime, the WTO rulings and the ACP. Fighting for economic survival" 1998 *J of World Trade* 101–114.

Sekere aspekte rakende geslagsdiskriminasie in Europa

Marlize van Jaarsveld
BIur LLB LLM
Lektrise, Universiteit van Suid-Afrika

SUMMARY

Certain aspects relating to sex discrimination in Europe

Sex discrimination is combated in Europe by means of directives of the European Union as well as National legislation. Two aspects pertaining to sex discrimination in Europe are of particular importance. First of all, section 119 of the Treaty of Rome 1957 stipulates that men and women should receive equal remuneration for equal work done. This provision seems obvious, but various problems exist with its application and interpretation. One of these is the question whether pension benefits are regarded as remuneration within the meaning of section 119. Apparently, in specific European countries, pension benefits are considered to be remuneration, with certain qualifications. The economic costs attached to the application of the equal pay principle should also be kept in mind. The second aspect pertaining to sex discrimination involves the application of positive action, or affirmative action as it is known in South Africa, as a measure to bring about equal treatment between men and women. In most European countries, the emphasis seems to be on positive action as a method of redeeming previous practices of unequal treatment between the sexes instead of attempting to achieve racial equality. Britain is nevertheless one of a few European countries where legislation has specifically been promulgated to address the existing inequalities between the races. The quota system is not extensively applied in Europe. The general approach seems to be that it should only be applied, with caution, on a case-by-case basis. The success of measures seeking to establish sexual equality in Europe has not yet been established. Various forms of critique have been expressed on the success and failures of the methods to address sex discrimination in the European Union. What is of importance is that there are measures in place to combat sex discrimination and that it will take time to evaluate how successful these are.

1 INLEIDING

Diskriminasie is wêreldwyd 'n omvattende probleem en word meestal deur middel van wetgewing bekamp. Europa is geen uitsondering nie. Diskriminasie in Europa neem verskillende vorme aan waarvan geslagsdiskriminasie op die voorgrond blyk te wees. Geslagsdiskriminasie word in Europa deur verskeie direktiewe, wetgewing, kommissies en regspraak aangespreek. In hierdie bespreking sal daar kortliks ondersoek ingestel word na die wyses waarop geslagsdiskriminasie in Europa bekamp word asook na enkele van die aspekte waarop die anti-diskriminasie-bepalings van toepassing is. Ten slotte sal daar kortliks op die leemtes in die anti-diskriminasiereg van Europa gewys word.

2 AGTERGROND: DIE STRUKTURELE OPSET VAN DIE EUROPESE UNIE

2 1 Algemeen

Die regsreëls bindend op die ledelande van die Europese Unie (voorheen die "Europese Ekonomiese Gemeenskap" of EEG) bestaan uit kontrakte tussen die ledelande oftewel verdrae ("treaties"), asook regulasies en direktiewe van die Europese Unie. Die Verdrag van Rome is een van die belangrikste ooreenkomste wat tussen die ledelande tot stand gekom het, want die bepalings van hierdie verdrag is in die regstelsels van al die ledelande vervat en bekragtig. Die Europese Ekonomiese Gemeenskap is deur die Verdrag van Rome tot stand gebring en die verdrag bevat die belangrike artikel 119 waarin daar aan die fundamentele beginsel van gelykheid tussen mans en vroue beslag gegee is.

2 2 Beleidsaanwysings (riglyne of direktiewe) van die Europese Unie

Direktiewe van die Europese Unie is van die algemeenste regsinstrumente in die Europese Gemeenskap. Na die afkondiging van 'n bepaalde direktief word elke lidland 'n bepaalde tydperk gegun om soortgelyke wetgewing in sy eie nasionale stelsel te inkorporeer. 'n Versuim van 'n betrokke lidland om die bepalings van die direktief te inkorporeer, kan ernstige gevolge vir so 'n lidland tot gevolg hê.[1] Verskeie internasionale organisasies en internasionale liggame het ook inisiatiewe geneem ten einde gelyke behandeling tussen mans en vroue te bevorder. Die Europese Unie het veral 'n groot rol gespeel deur verskeie direktiewe[2] gedurende 1975–1986 aan te neem.[3] Artikel 119 (vervat in die Verdrag van Rome) is uitgebrei deur die *Equal Treatment Directive 76/207* waarin aspekte rakende gelyke behandeling vir mans en vroue ten opsigte van opleiding, indiensneming en werksomstandighede behandel word. Volgens die *Hofmann v Barmer Erkasse*-beslissing[4] is die *Equal Treatment Directive* ontwerp om die bestaande ongelykhede tussen mans en vroue van die verlede uit te faseer en mag dit nie as 'n wyse van "social engineering" beskou word nie.

Drie belangrike direktiewe is later uitgereik om verdere gelyke behandeling tussen mans en vroue te bevorder en te verseker.[5] Hierdie direktiewe is ook aangevul deur verslae van verskeie kommissies en komitees[6] van die Europese Parlement wat hulle vir die bevordering van vroue-aangeleenthede beywer. Die meeste Europese lande het egter ook eie anti-diskriminasie-wetgewing aanvaar.[7]

---

1 Hogarth *European employment law: A country by country guide* (1995) 2–5.

2 Bv (i) direktief tov gelyke behandeling vir mans en vroue in 1975; (ii) direktief tov gelyke behandeling vir mans en vroue rakende aspekte soos werksgeleenthede, opleiding en bevordering in 1976 en (iii) direktiewe rakende gelyke behandeling van mans en vroue in sosiale sekuriteitskemas 1986.

3 Blanpain en Engels *European labour law* (1997) 235 van 1– 4.

4 Saak 184/83 (1984) *ECR* 3047; vgl ook Smit "Comparative perspectives of gender discrimination in the workplace" 1998 *TSAR* 494 496.

5 Direktief 75/117/EEC tov gelyke betaling; Direktief 76/207/EEC tov gelyke behandeling; en Direktief 79/7/EEC tov gelyke behandeling in sosiale sekerheid. Sien Barnard *European community employment law* (1995) 172.

6 Bv die *Vroueregtekomitee* en die *Raadgewende Komitee vir Gelyke Geleenthede vir Mans en Vroue*. Sien ook Barnard (vn 5) 172.

7 Smit (vn 4) 496.

2 3 Nasionale wetgewing

Die ledelande van die Europese Unie het nasionale wetgewing uitgevaardig om aan die bepalings van die direktiewe te voldoen. Dit is 'n basiese beginsel dat indien die wetgewing binne die betrokke land verskil, die wetgewing van die Europese Unie voorrang geniet.[8] Volgens die beslissing in *Commission of the European Community v Greece*[9] is daar sekere beginsels en vereistes wat moet geld voordat die bepalings van die Europese Gemeenskap in 'n lidland toepassing sal vind. Dit sluit onder andere in dat die plaaslike remedies effektief en vergelykbaar met die toepaslike reg moet wees.[10] Schmidt[11] het by geleentheid verklaar dat diskriminasie in Frankryk slegs op 'n kleiner skaal voorkom aangesien dit moeilik is om te bewys. Indien diskriminasie sonder grondige redes plaasvind, is dit aan sanksies onderhewig. 'n Werkgewer kan gevangenisstraf van tussen twee maande tot een jaar opgelê word terwyl boetes van tot 10,000 FF ook opgelê kan word.

In die Verenigde Koninkryk is omvattende wetgewing geïmplementeer om die probleem van diskriminasie aan te spreek. Hierdie wetgewing sluit die *Sex Discrimination Act* van 1975, die *Equal Pay Act* van 1970, soos gewysig deur die *Equal Pay (Amendment) Regulations* van 1983 en die *Race Relations Act* van 1976 in. Die *Sex Discrimination Act* en die *Equal Pay Act* verbied geslagsdiskriminasie terwyl die *Race Relations Act* diskriminasie op grond van kleur, ras, nasionaliteit en etnisiteit verbied.[12]

In Duitsland word die verbod op diskriminasie in 'n Siviele Kode[13] vervat. Positiewe maatstawwe ter bevordering van gelyke regte van mans en vroue word geïmplementeer terwyl die Duitse Grondwet[14] dit duidelik stel dat mans en vroue gelyke regte sal hê. Federale wetgewing maak voorsiening vir 'n aantal prosedures wat die indiensneming van vroue bevorder.[15] In België het titel 5 van die *Wet op Ekonomiese Reoriëntasie*[16] die direktief oor gelyke behandeling vir mans en dames geïmplementeer. Sowel direkte as indirekte diskriminasie word verbied. Twee Koninklike Dekrete ("Royal Decrees")[17] maak voorsiening vir die bevordering van gelyke geleenthede vir mans en vroue in die privaatsektor. In Nederland word alle vorme van diskriminasie verbied. Hierdie bepalings word vervat in sowel artikel 7A van die Burgerlike Wetboek (*BW*) as in die *De Wet op Gelijke Behandeling van*

---

8 Hogarth (vn 1) 4 ev.

9 Saak 68/88 (1989) *ECR* 2964.

10 Fitzpatrick "The effectiveness of equality law remedies: A European community law perspective" in Hepple en Szyszak *Discrimination: The limits of law* (1992) 67 68.

11 *Discrimination in employment: A study of six countries by the Comparative Labour Law Group* (1978) 58.

12 Smit (vn 4) 496; Hepple en Fredman "Great Britain" (1992) in Blanpain (red) *International Encylopaedia for Labour Relations and Industrial Relations* vol 5.

13 *Bürgerliches Gesetzbuch* (*BGB*).

14 Art 3 par 2.

15 Art 7A; 1637 ij lid 2 t/m 4 saamgelees met art 5 *WGB*; vgl ook Bakels *Schets van het Nederlands Arbeidsrech* (1996) 145–148.

16 Die sogenaamde "Beschäftigtenschutzgesetz". Sien Weiss "Federal Germany" (1994) in Blanpain (vn 12).

17 Titel 5 van die Wet op Ekonomiese Reoriëntasie van 1978-08-07 implementeer die direktief van 1976-02-09 tov gelyke behandeling vir mans en vroue – die *Royal Decree* van 1987-07-14 asook die *Royal Decree* van 1983-08-12.

Mannen en Vrouen.[18] Uitsonderings kom egter wel voor, byvoorbeeld in gevalle waar geslag 'n bepaalde faktor is vir die tipe beroep, asook by positiewe diskriminasie.[19]

3 DIREKTE EN INDIREKTE DISKRIMINASIE

Direkte sowel as indirekte diskriminasie word in Europa verbied. Volgens Smit[20] is direkte diskriminasie opsetlike optrede van bevooroordeeldheid terwyl indirekte diskriminasie meer subtiel van aard is. In *Jenkins v Kingsgate*[21] is verklaar dat alhoewel deeltydse werknemers minder per uur as voltydse werknemers betaal is, dit nie op indirekte diskriminasie neergekom het nie aangesien die werkgewer nie die opset gehad het om teen 'n sekere groep werknemers te diskrimineer nie. Die bedoeling van die werkgewer was dus deurslaggewend.

In twee Duitse sake, *Bilka Kaufhaus v Weber von Hartz*[22] en die *Rinner-Kühn*-saak,[23] is egter aanvaar dat waar die gevolge van 'n werkgewersbeleid diskriminerend van aard is, die bedoeling van die werkgewer nie van belang is nie. Verder is daar gemeld dat artikel 119 op sowel direkte as indirekte diskriminasie van toepassing is. In *Meade-Hill v British Council*[24] is namens die applikant beweer dat 'n sogenaamde mobiliteitsklousule op indirekte diskriminasie neergekom het aangesien dit vir 'n vroulike werknemer (in hierdie geval die applikant) moeiliker sou wees om saam met haar werkgewer te verhuis as wat dit vir 'n manlike werkgewer sou wees. Die hof het saamgestem dat aangesien, in die lig van die omstandighede, 'n groter persentasie van die vroulike werknemers sekondêre broodwinners was, dit vir hulle weens hul eggenotes se werksverpligtinge moeiliker sou wees om te verhuis.

'n Verskil in 'n toelaagpakket tussen getroude manlike en vroulike werknemers kan ook op indirekte diskriminasie neerkom.[25] In die bekende *Danfoss*-saak[26] is dit duidelik gestel dat in die geval van 'n bewering van indirekte diskriminasie, die bewyslas op die werkgewer rus om te bewys dat sy praktyk of beleid nie diskriminerend is nie. 'n Werkgewer kan altyd beweer dat sy praktyk objektief weens ekonomiese redes geregverdig kan word. Die hof sal dan vasstel of die praktyk, byvoorbeeld 'n betalingspraktyk, aan 'n werklike behoefte in die besigheid voldoen.[27] Engels[28] verklaar dat die toets in Brittanje minder streng is omdat die "werklike behoefte"-konsep vervang word deur die konsep van 'n "redelike behoefte" wat in die sakewêreld voorkom. Dit is egter moeilik vir 'n hof om 'n gepaste remedie te bepaal sodra dit vasgestel is dat indirekte diskriminasie wel plaasgevind

---

18 Art 7A; 1637 ij van die *Burgerlijk Wetboek* 1980 (*WGB*).

19 Art 7A; 1637 ij lid 2t/m 4 saamgelees met art 5 *WGB*; vgl ook Bakels (vn 15) 145–148.

20 (Vn 4). Sien die vier vrae wat deur Smit bespreek word om vas te stel of onregmatige indirekte diskriminasie plaasgevind het al dan nie.

21 Saak 98/80 (1981) *ECR* 911.

22 Saak 170/84 (1986) *ECL* 1607.

23 *Ingrid Rinner-Kühn v FWW Spezial-Gebäudereinigung GmbH & Co KG* saak 171/88 (1989) *ECR* 493; sien ook Barnard (vn 5) 180.

24 (1996) 1 All ER 79 CCR; Barrie "Recent English cases" 1996 *De Rebus* 660.

25 *Sabbatini v European Parliament* 1972-06-07 20/71 IELL regspraak nr 5.

26 *Handels-og Kantorfunktionaerernes Forbund i Denmark v Dansk Arbeidsgiverforening (nm. Danfoss)* 1989 IRLR 532.

27 *Bilka-Kaufhaus v Weber von Hartz* (*supra*).

28 "Problems of proof in employment discrimination: The need for a clearer definition of standard in the United States and in the United Kingdom" 1993/1994 *Comparative LJ* 340 360.

het, aangesien die begrip indirekte diskriminasie nie 'n bepaalde standaardoptrede inhou nie.[29] Szyszczak[30] ondersteun die *Rinner-Kühn*-saak[31] en meld dat die belangrikste aspek by indirekte diskriminasie die gevolge van die diskriminerende optrede is.

4 INTERNASIONALE KONVENSIES RAKENDE DISKRIMINASIE

Daar word vervolgens kortliks gewys op internasionale konvensies wat diskriminasie verbied, aangesien hulle 'n groot invloed gehad het op die bekamping van diskriminasie en andersins omdat hulle 'n groot impak op die direktiewe ("wetgewing") van die Europese Unie gehad het.

Die Verenigde Nasies het gedurende 1979 'n konvensie[32] rakende verskeie antidiskriminerende aspekte tot stand gebring. Dit het aspekte soos die reg op gelyke vergoeding en reg op gelyke behandeling by werksevaluering ingesluit. Lidlande was verplig om volgens die bepalings van die konvensie maatreëls in te stel om diskriminasie teen vroue te bekamp.[33]

Die Internasionale Arbeidsorganisasie (ILO) het ook verskeie konvensies[34] tot stand gebring met die oogmerk om diskriminasie teenoor vroue te bekamp, terwyl die *Charter of Fundamental Social Rights* deur verskeie afgevaardigdes van die elf Europese lande, uitgesluit die Verenigde Koninkryk, aangeneem is. Hierdie fundamentele sosiale regte sluit onder andere geslagsgelyke behandeling[35] in.

5 ENKELE VORME VAN DISKRIMINASIE

5 1 Betalingsdiskriminasie

Die beginsel dat mans en vroue gelyke betaling vir dieselfde werk ontvang, word vervat in artikel 119 van die Ooreenkoms van Rome wat sedert 1957[36] van krag is. Dit behels onder meer dat betaling vir werk op dieselfde basis bereken word en dat betaling vir dienste gelewer op 'n tydskedule, op dieselfde wyse bereken word vir alle werk van daardie aard.[37] Artikel 119 is egter slegs van toepassing op vergoeding en nie op ander diensvoorwaardes nie.[38]

5 2 Die konsep van "ongelyke vergoeding"

Die begrip "vergoeding" het verskeie interpretasieprobleme veroorsaak. In *Defrenne v Sabena*[39] het die hof bevind dat 'n aftree-pensioenvoordeel, vasgestel binne die

---

29 Vgl Loenen "The equality clause in the South African Constitution: Some remarks from a comparative perspective" 1997 *SAJHR* 401 425 ev.
30 "Recent cases: Employment opportunity law" 1990 *ILJ* (*UK*) 114.
31 *Supra*.
32 *United Nations Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination Against Women* (1979).
33 Betten *International labour law: Selected issues* (1993) 266 280.
34 Dit sluit bv in: Die *Equal Renumeration Convention* in 1951 (nr 100); die *Discrimination* (*Employment and Occupation*) *Convention* in 1958 (nr 111) en die *Workers with Family Responsibilities Convention* in 1981 (nr 156).
35 Blanpain en Engels (vn 3) 411.
36 Geers en Heerma van Voss *Inleiding Europees arbeidsrecht* (1995) 86.
37 Blanpain en Engels (vn 3) 251–253; sien ook Barnard (vn 5) 172–175.
38 Watson "Equality of treatment: A viable concept ?" 1995 *ILJ* (*UK*) 33 35.
39 Saak 149/77 (1978) *ECR* 1765.

raamwerk van 'n sosiale sekerheidskema, nie vergoeding binne die betekenis van artikel 119 daarstel nie. Die definisie van gelyke vergoeding vir mans en vroue is verder deur direktief 75/117[40] uitgebrei. Hiervolgens is die gelyke vergoedingbeginsel van toepassing op werk van dieselfde aard of waarde en word die verwydering van alle betalingsdiskriminasie weens geslag beoog. Artikel 119 se bepalings sal dus van toepassing wees in situasies waar dieselfde werk of werk van dieselfde of gelyke waarde verrig word.[41] In *Murphy v Bord Telecom Eireann*[42] is 'n vroulike werknemer minder as haar manlike kollega betaal, ten spyte daarvan dat die werk wat sy verrig het van groter waarde was. Die hof het beslis dat dit op diskriminasie neerkom.

Smit[43] identifiseer 'n drievoudige toets om vas te stel of die beweerde ongelyke vergoeding geregverdig is al dan nie. Eerstens moet bepaal word of daar 'n verskil in vergoeding voorkom waar dieselfde tipe werk deur mans en vroue verrig word. Tweedens, indien daar wel 'n verskil voorkom, moet die rede daarvoor vasgestel word. Derdens moet daar bepaal word of die rede objektief regverdigbaar is. Indien die rede nie objektief geregverdig is nie, is daar *prima facie* geslagsdiskriminasie. Arnull[44] is van mening dat mans en vroue nie net dieselfde vergoeding vir dieselfde tipe werk wat verrig is, moet ontvang nie, maar ook vir werk wat van dieselfde waarde (gehalte) is.

In *Commission v United Kingdom*[45] is daar namens die Verenigde Koninkryk beweer dat die "werk-van-gelyke-waarde"-beginsel te abstrak is. Die hof het nie hierdie bewering gehandhaaf nie, met die gevolg dat wysigende wetgewing[46] in 1983 afgekondig is. Dit het verseker dat "die werk-van-gelyke-waarde"-beginsel deel van die Britse wetgewing geword het. Daar is egter tans steeds tegniese probleme ten opsigte van gelyke vergoeding vir mans en vroue in Britse wetgewing. Hierdie tegniese probleme is veral van toepassing op die werksevalueringstelsel en die definisie van gelyke vergoeding vir gelyke werk.[47] In die Britse saak *Strathclyde Regional Council v Wallace*[48] is bevind dat dit onnodig is vir 'n werkgewer om aan te toon dat 'n beleid van ongelyke betaling objektief geregverdig is. 'n Werkgewer hoef bloot te bewys dat die ongelyke betaling te wyte is aan 'n materiële faktor waarby geslag nie 'n rol speel nie.

Volgens die Nederlandse wetgewing kan 'n werkgewer vir vergoeding wat in die verlede te min was, aangespreek word. So 'n vorderingsreg verjaar egter na twee jaar vanaf die tydstip wat betaling moes geskied het.[49] Voorts bestaan daar ook 'n

---

40 OJ 1975 L 45/19 soos aangehaal deur Watson (vn 38) 34.
41 Barnard (vn 5) 177–180.
42 Saak 157/86 (1988) *ECR* 673.
43 (Vn 4) 508.
44 "Article 119 and equal pay for work of equal value" 1986 (11) *ECR* 200 202.
45 Saak 61/81 (1982) *ECR* 2601.
46 *Equal Pay (Amendment) Regulations SI* 1983 nr 1974.
47 Covington "Equal pay acts: A survey of experience under the British and the American statutes" 1988 *Vanderbilt J of Transnational L* 649 728; vgl ook art 7 t/m 10 *WGB* van die *WGB* 1980.
48 (1996) IRLR 672; sien ook die bespreking deur Ross "Justifying unequal pay"1997 *ILJ* (*UK*) 171.
49 Sien Bakels (vn 15) 150; Rood "The Netherlands" in Blanpain (red) *International encylopaedia for labour law and industrial relations* vol 9 (47); vgl ook art 7–10 van *De Wet op Gelijke Behandeling van Mannen en Vrouen* van 1980.

komitee saamgestel uit kundiges[50] wat aan 'n bepaalde hof 'n aanbeveling kan maak ten opsigte van die betalingsprobleem. Die hof kan hierdie aanbeveling aanvaar of verwerp.[51] In België[52] word daar min van hofprosedures gebruik gemaak indien nie aan die beginsel van gelyke vergoeding[53] voldoen word nie, as gevolg van redes soos 'n vrees vir afdanking, die aard van die hofprosedure en die omslagtigheid van die prosedure.

5 2 Pensioenvoordele

5 2 1 Algemeen

In artikel 119 word bepaal dat mans en vroue op gelyke vergoeding geregtig is. Die vraag het dan ontstaan of pensioen ook as vergoeding ingevolge die bepalings van artikel 119 beskou kan word. Indien artikel 119 se bepalings op alle pensioenskemas van toepassing is, sal dit beteken dat verskeie praktyke en skemas ten opsigte van pensioenskemas diskriminerend van aard is.

5 2 2 Toepassingslimiete ten opsigte van pensioenvoordele

Volgens *Defrenne v Belgium*[54] is artikel 119 nie van toepassing op sosiale sekuriteitskemas of aftreepensioene wat deur wetgewing gereël word nie. Verder moet hierdie tipe skemas op 'n algemene kategorie werknemer verpligtend wees en moet daar geen ander ooreenkoms in hierdie verband gewees het nie. Voorts is daar aanvanklik beslis dat buite-gekontrakteerde (nie-staatsgeoriënteerde) pensioenskemas buite die bepalings van artikel 119 val, aangesien so 'n skema as 'n algehele vervanging van 'n staatspensioenskema gedien het en dit nie bloot aangevul het nie.[55] In *Bilka-Kaufhaus v Weber von Hartz*[56] is egter in 1986 beslis dat 'n arbeidspensioen, bykomend tot 'n nasionale statutêre skema waaronder die voordele uitsluitlik deur 'n werkgewer gefinansier is, wel binne die bepalings van artikel 119 val. Statutêre sosiale sekerheidskemas wat eerder deur 'n sosiale beleid in plaas van 'n werksverhouding bepaal word, word egter van die bepalings van artikel 119 uitgesluit.[57] Artikel 7(1)a van 'n direktief[58] van die Europese Unie magtig 'n afwyking van die gelyke behandelingsleerstuk tussen mans en vroue. Hierdie bepaling geld in verskeie Europese lande, onder andere in Brittanje, Italië, Griekeland en Portugal.

Gedurende Mei 1990 het die Europese Hof in die bekende saak van *Barber v Guardian Royal Exchange Assurance Group*[59] die beginsels rakende pensioen uitgebrei deur te beslis dat arbeidspensioene wel vergoeding ingevolge artikel 119 behels. Scrubsall[60] verklaar dat drie belangrike gevolge uit hierdie beslissing voortvloei, naamlik:

---

50 *De Commissie op Gelijke Behandeling* (*CGB*).
51 Sien Bakels (vn 15) 151.
52 Art 47 (*bis*) van die Wet op die Beskerming van Vergoeding van 1965-04-12.
53 Blanpain en Engels *International encyclopaedia for labour law and industrial relations* vol 2 (1997) 138.
54 (1971) *ECR* 445; Tether "European developments: Sex equality and occupational pension schemes" 1995 (24) *ILJ* (*UK*) 194–195.
55 Sien *Warringham & Humphreys v Lloyds Bank Ltd* (1981) *ECR* 767.
56 Vn 22.
57 Smit (vn 4) 507; *Birds Eye Walls Ltd v Roberts* (1994) IRLR 29.
58 Direktief 79/EEC (Europese Ekonomiese Gemeenskap); Barnard (vn 5) 224.
59 Saak C–262/88 (1990) *ECR* 1–1889.
60 "Recent cases: Sex discrimination" 1990 *ILJ* (*UK*) 244 246.

(1) Gekontrakteerde pensioenskemas wat buite die statutêre vereistes funksioneer, word by artikel 119 ingesluit;

(2) 'n arbeidspensioenskema waar 'n werknemer nie tot 'n staatspensioen bygedra het nie, val binne artikel 119 mits die skema addisionele voordele vir die werknemer verskaf; en

(3) 'n uitgekontrakteerde pensioenskema wat die minimum voordele lewer soos wat deur wetgewing vereis word voordat dit uitkontrakteerbaar is, behoort nie by die bepalings van artikel 119 ingesluit te word nie.

5 3 Ander aspekte

Enige ouderdomsbeperking wat tussen mans en vroue onderskei, is indien die pensioen volgens 'n uitgekontrakteerde skema opeisbaar is, teenstrydig met die bepalings van artikel 119. Aangesien artikel 119 sowel horisontale as vertikale werking het, sal meer werknemers in staat wees om uit die bepalings van artikel 119 voordeel te trek.[61] In die *Barber*-saak[62] is daar egter ook 'n tydsbeperking op die eise geplaas. Indien die pensioenvoordele (eise) voor 17 Mei 1990 uitbetaalbaar was en die eise ingestel is, sal daar nie op artikel 119 se bepalings gesteun kan word nie, behalwe in die geval van werknemers wat reeds voor daardie datum regsgedinge ingestel het. In 'n Nederlandse saak *Fisscher v Voorhuis Hengelo BV*[63] het die Europese hof egter beslis dat dit wel moontlik sou wees om op die bepalings van artikel 119 te steun om terugwerkende toegang tot 'n arbeidspensioenskema te verkry.

Dit blyk ook dat werknemers wat lede van 'n enkelgeslagskema is, nie op artikel 119 kan steun om voordele te eis wat op 'n hoër vlak geniet sou kon word nie indien die teenoorgestelde geslag ook lede van die skema was.[64] Moore[65] spreek die hoop uit dat ekonomiese kostes wat deur die realiteit van die gelyke betalingbeginsel meegebring sal word, howe nie daarvan sal weerhou om hierdie beginsel te bevorder nie.

6 POSITIEWE AKSIE

6 1 Algemeen

Regstellende aksie, oftewel "positiewe aksie" soos dit in Europa bekend staan, word deur artikel 2(4) van die 1976 Direktiewe op Gelyke Behandeling gemagtig.[66] Positiewe aksie is gemik op metodes wat streef na gelyke geleenthede vir onder meer mans en vroue in die Europese arbeidsmark. Dit is spesifiek op gebiede gerig waar ongelykhede ten opsigte van mans en vroue bestaan. Artikel 2(4) maak uitdruklik voorsiening vir programme wat gelyke geleenthede vir mans en vroue bevorder, en is dus meer geslagsgeoriënteerd.

In sommige Europese lande, byvoorbeeld Brittanje, is daar ook spesifieke wetgewing wat positiewe aksie ten gunste van nie-blanke persone magtig. Positiewe aksie verskil van positiewe diskriminasie deurdat positiewe aksie 'n meer bestuursgerigte benadering is om ongelykhede tussen geslagte of rassegroepe te

---

61 Barnard (vn 5) 224–225.
62 (Vn 59).
63 Saak C–128/93 (1994) *ECR* 1–4583 (*ECJ*).
64 *Coloroll Pensioen Trustees Ltd v Russel* saak C–200/91 (1994) *ECR* 1–4389.
65 "Justice doesn't mean a free lunch: The application of the principle of equal pay to occupational pension schemes" 1995 *Employment LR* 159 177.
66 Raad vir Gelyke Behandeling Direktief 76/207/EEC.

identifiseer en aan te spreek. In die algemene Europese konteks is dit belangrik om te besef dat een vorm van 'n sekere beleid (bv gelyke geleenthede vir mans en vroue of vir alle nasionaliteite) nie voldoende is om gelyke verteenwoordiging in die arbeidsmark tot stand te bring nie. Sowel positiewe diskriminasie as positiewe aksie maak voorsiening vir spesifieke maatreëls. Hierdie maatreëls handel oor 'n positiewe sosiale beleid.[67]

6 2 Vorme van positiewe aksie

Die hof het in *Commission v France*[68] beklemtoon dat artikel 2(4) van 1970 ontwerp is om 'n bestaande situasie van geslagsongelykheid aan te spreek. Daar is ook beslis dat positiewe aksie verskeie vorme kan aanneem. Eerstens kan dit onder-verteenwoordiging van vroue in die arbeidsmark verbeter. Verder kan 'n sekere balans tussen gesins- en werksverantwoordelikhede met 'n beter verspreiding van hierdie verantwoordelikhede tussen die geslagte nagestreef word. Derdens kan positiewe aksie voorkeurbehandeling vir 'n sekere kategorie van persone magtig. Dit sal gewoonlik die vorm van 'n kwotastelsel aanneem.[69]

6 3 Die *Kalanke*-beslissing

In *Kalanke v Freie Hansestadt Bremen*[70] moes die Europese hof besluit oor die versoenbaarheid van *Länder*-wetgewing (van Bremen)[71] op gelyke behandeling tussen mans en vroue in die openbare diens met die inhoud van artikel 2(4). Die Bremen-statuut het 'n bepaling, wat op bevorderingsaangeleenthede van toepassing was, bevat wat bepaal het dat 'n vrou eerder as 'n man bevorder moes word indien sy oor gelyke kwalifikasies as die betrokke manlike kandidaat beskik het en indien daar reeds 'n onderverteenwoordiging van vroue in dié beroep was. Daar is namens die applikant beweer dat bovermelde bepaling teenstrydig was met die inhoud van artikel 2(4).

In die beslissing is daar 'n onderskeid getref tussen positiewe aksies van 'n kompenserende aard en spesiale aksies gemik op opleiding, familieverantwoordelikhede, en dies meer. Daar is deur die hof aanvaar dat geslagsdiskriminasie verbied word. 'n Nasionale beleid waar vroue bo mans in posisies van dieselfde aard aangestel word, sal wel diskriminasie teweeg bring. Vervolgens het die hof na die doelwitte van artikel 2(4) gekyk. Daar is bevind dat die doelwitte uitsluitlik beoog om aksies te magtig wat – alhoewel dit oënskynlik diskriminerend van aard is – feitlike ongelykhede tussen mans en vroue in 'n sekere beroep verminder. Sulke aksies sal dus ten spyte van hul diskriminerende gevolge toelaatbaar wees. Artikel 2(4) moet egter beperkend geïnterpreteer word. 'n Nasionale beleid wat absoluut en onvoorwaardelik voorkeur aan vroue verleen, sal nie die beskerming van artikel 2(4) geniet nie. Die Bremense regsbepaling het dus die bepalings van die gelykheidsdirektief geskend vir sover vroue outomaties ten koste van mans aangestel is.[72] Alhoewel positiewe diskriminasie dus regmatig is, sal 'n kwotastelsel slegs op 'n geval-tot-geval

---

67 Barnard (vn 5) 195–197; Geers en Heerman van Voss (vn 36) 121 122.
68 Saak 318/85 (1989) CMLR 663.
69 Smit (vn 4) 404 ev.
70 Saak C–450/93 *ECJ* 17/10/95.
71 *Gesetz zur Gleichstellung von Frau und Mann in öffentlichen Dienst des Landes Breme, Gesetzblatt der Freien Hansestadt Bremen* 29/11/90, T3234A soos aangehaal deur Klinck in "Case and comments" 1997 *SAJHR* 638 639.
72 *Supra*.

hantering redelik wees. Dit sal nie as 'n outomatiese reël kan geld nie. Prosedures wat beoog om die aantal vroue in sekere dele van die arbeidsmark te verhoog, is egter wel toelaatbaar. Dit sluit ook 'n buigsamer kwotastelsel in.[73]

6 4 Standpunte van skrywers

Shaw[74] is van mening dat Duitsland se ontwikkeling en toepassing van die kwotastelsel aanduidend is van vroue se oorwinning ten opsigte van gelykheid in die arbeidsmark. Schiek[75] meld dat die *Kalanke*-beslissing aandui dat daar nog groot ruimte is vir positiewe aksie in die Europese gelykheidsreg. Verder behoort uitsluitsel oor die presiese bestek van positiewe aksie en die beskikbare remedies gegee te word. Daar is ook verklaar[76] dat die *Kalanke*-saak 'n goeie voorbeeld is van 'n tradisionele regsgeoriënteerde benadering tot 'n vraagstuk soos regstellende aksie en die gelykheidsbeginsel.

Loenen[77] en Moore[78] was minder positief. Loenen meen dat die *Kalanke*-uitspraak onduidelik is en dat dit onsekerheid veroorsaak oor die toekoms van voorkeurbehandeling van vroue. Moore verwys na die onsekerheid ten opsigte van wanneer 'n nasionale regsreël binne die bepalings van artikel 2(4) sal val, aangesien dit nie duidelik is dat vroue absolute en onvoorwaardelike voordeel sal geniet in situasies waar daar 'n onderverteenwoordiging plaasgevind het nie. Die Europese hof het egter onlangs in *Marshall v Land Nordheim-Westfallen*[79] kwotastelsels ter bevordering van werksgeleenthede vir vroue goedgekeur. Verder is daar beslis dat ander vorme van positiewe aksie toelaatbaar is, ongeag of dit met die formele benadering van gelyke behandeling vereenselwigbaar is. Schiek[80] verklaar dat die hof in die *Marshall*-saak met die bekamping van indirekte diskriminasie beklemtoon het dat goeddeurdagte positiewe aksie-metodes goedgekeur word.

6 5 Posisie in Brittanje

In Brittanje word positiewe aksie deur die *Race Relations Act* van 1976 en die *Sex Discrimination Act* van 1970[81] gemagtig. Spesiale opleiding word gemagtig in beroepe waar vroue tradisioneel onderverteenwoordig was.[82] Positiewe diskriminasie in Brittanje mag die voorkeurbehandeling van persone sonder Britse kwalifikasies behels, sowel as die plasing van nie-blanke persone in werksposisies wat weens diskriminasie nie vantevore vir hul toeganklik was nie.[83] Pitt[84] is van mening dat statistiese inligting ten opsigte van onderverteenwoordiging van vroue en nie-blanke persone eerder beperk moet word wanneer oorweeg word of daar wel

---

73 Blanpain en Engels (vn 53) 245–248.
74 "Positive action for woman in Germany: The use of legally binding quota systems" in Hepple en Szyszak (vn 10) 386 ev.
75 "European developments: Positive action in community law" 1996 *ILJ* (*UK*) 239 ev.
76 Beukes en Van Marle "Affirmative action: A gender perspective" 1996 *SAYIL* 154 162.
77 "Van voor naar achter, van links naar rechts? Voorkeurbehandeling na Kalanke" (1995) 24 Nov afl 42 *Neue Juristen Blatt* 1521. Sien vir volledige kritiek van die *Kalanke*-beslissing 1523–1526.
78 "Nothing positive from the Court of Justice" 1996 *Employment LR* 156 161.
79 Saak C–409/95 (1998) IRLR 39 (*ECJ*).
80 "European developments: More positive action in community law" 1998 *ILJ* (*UK*) 155.
81 Bailey en ander *Civil Liberties: Cases and materials* (1995) 626 ev.
82 Artikel 47 en 48 van die *Sex Discrimination Act* van 1978.
83 Hepple *Race, jobs and the law in Britain* (1968) 23 28.
84 "Can reverse discrimination be justified?" in Hepple en Szyszczak (vn 10) 281–298.

'n leemte in 'n spesifieke arbeidsituasie bestaan. Volgens Sacks[85] het die tyd in Brittanje aangebreek vir meer effektiewe maatreëls om diskriminasie te bekamp en gelyke geleenthede te bevorder. Wysigings aan die Britse reg is nodig om die diepgewortelde vorme van diskriminasie meer effektief aan te spreek en daarna behoort min ruimte aan die howe gelaat te word vir interpretasie van die standaard van die bewyslas by beweerde diskriminasie.[86]

6 6 Posisie in ander Europese lande

Positiewe diskriminasie word wel in België[87] toegepas. Dit word as aksie gesien wat gelyke geleenthede vir mans en vroue bevorder deur ongelykhede wat in die verlede vroue se geleenthede beperk het, uit die weg te ruim. Blanpain is egter van mening dat dit onwaarskynlik is dat die kwotastelsel in die nabye toekoms in België toegepas sal word.[88]

In Nederland[89] word positiewe aksie as 'n uitsondering op die algemene verbod op diskriminasie gesien. Voorkeurbehandeling vir vroue is wel toelaatbaar. In Italië word positiewe aksie geïmplementeer om 'n meer gebalanseerde werksmag te skep.[90] Geen statistiese ongelykhede word vereis nie en 'n werkgewer hoef ook nie te bewys dat voorkeurbehandeling teenoor vroue gemik is om die doelwitte van die wet gestand te doen nie. 'n Wye diskresie word dus aan 'n werkgewer gegun. Dit word egter slegs as 'n tydelike maatreël geag.[91]

7 SLOTOPMERKINGS

> "Liability for the alleged wrongful omissions is predicated on the principles laid down in *Minister van Polisie v Ewels* 1975 (3) SA 590 (A). However, before those in command of Apex base (and the defendant vicariously) can be held responsible for any wrongful commission, it must be established that they were negligent in failing to guard against and prevent reasonably foreseeable harm to the plaintiff. The question of negligence (ie the failure to comply with the standard of conduct of a reasonable person) is the logical starting point to any enquiry into the defendant's liability, for without proof of negligence the plaintiff cannot succeed in his action and considerations of wrongfulness and remoteness (legal causation) will not arise.
>
> Subject to the qualification to be mentioned later, in determining the issue of negligence I shall apply, as urged upon us by counsel for the plaintiff, the well-known and widely approved test for negligence enunciated by Holmes JA in *Kruger v Coetzee* 1966 (2) SA 428 (A) at 430E–F rather than any later adaptation thereof (see *Mukheiber v Raath and Another* 1999 (3) SA 1065 (SCA) at 1977E–F) which (and I say this despite the fact that I was a party thereto) might give rise to some uncertainty as to what was sought to be conveyed – see in this regard the judgment in the matter of *Sea Harvest* [*supra*] . . ."

Met verwysing na die toets vir nalatigheid in *Kruger v Coetzee supra* en appèlregter Scott se bespreking in *Sea Harvest* van die tempering van die wye aard van die toets in ander appèlhofbeslissings, kom regter Smalberger tot die slotsom (1112G–H) dat

> "whether or not conduct constitutes negligence ultimately depends upon a realistic and sensible judicial approach to all the relevant facts and circumstances that bear on the matter at hand. What also needs to be emphasised is that what is required to satisfy any test for negligence is foresight of the *reasonable* possibility of harm. Foresight of a mere possibility of harm will not suffice".

Die hof se uiteindelike gevolgtrekking is dat nalatigheid by sowel die bevelstruktuur as die wagte ontbreek het omdat, wat die bevelstruktuur betref, die gebeure, soos dit wel plaasgevind het, en die nadeel wat die eiser ervaar het, nie as 'n redelike moontlikheid deur 'n redelike persoon in hul posisie voorsienbaar was nie; en wat die wagte betref, hulle nie onredelik opgetree het deur die soldate uit die basis te laat nie.

4 Kommentaar

Alhoewel ons terdeë van die veeleisende taak van regters bewus is – soos appèlregter Nienaber ("Regters en juriste" 2000 *TSAR* 195) dit stel, is "die regter heelpad onder druk – druk van die massa van werk en druk van kollegas" – en dat regters juis daarom ook kan fouteer, beteken dit nie dat grondige, "ingeligte, gebalanseerde" (*idem* 198) en selfs skerp kritiek teen uitsprake moet uitbly nie, veral nie waar die hoogste hof van appèl sonder enige verduideliking hoegenaamd

gevestigde reg negeer, of appèlregters van een uitspraak tot 'n volgende van standpunt verander, en sodoende 'n klimaat vir regsonsekerheid skep nie.

1 Ten eerste is dit onverstaanbaar dat die hoogste hof van appèl in sowel *Sea Harvest* (837I–838A 838H) as *Mkhatswa* (1111E–F) onomwonde van mening is dat (in die geval van aanspreeklikheid weens 'n late) die vraag na nalatigheid vóór die vraag na onregmatigheid aandag moet geniet – onregmatigheid kom met ander woorde eers ter sprake indien nalatigheid reeds vasstaan (vgl ook *Mukheiber v Raath* 1999 3 SA 1065 (SCA) 1077). Hierdie werkswyse is onaanvaarbaar. Daar kan logieserwys net van skuld – in die sin dat 'n persoon vir sy *onregmatige* optrede verwyt word – sprake wees waar 'n persoon onregmatig gehandel het; iemand se optrede is tog nie regtens verwytbaar waar hy regmatig gehandel het nie (sien Neethling, Potgieter en Visser *Law of delict* (1999) 119; Van der Walt en Midgley *Delict: Principles and cases* (1997) 54; Van der Merwe en Olivier *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* (1989) 111). Boberg *Delict* 268 stel dit soos volg:

> "Fault may . . . be described as that element of a delict which induces the law to *impute a man's wrongful conduct to him* in the sense of holding him legally responsible for it . . ." (ons kursivering).

Hierdie korrekte standpunt word tot so onlangs as ses jaar gelede ook nog deur die appèlhof op ondubbelsinnige wyse ten aansien van aanspreeklikheid weens 'n late onderskryf, en, verbasend genoeg, kort na die beslissings in die *Sea Harvest*- en *Mkhatswa*-saak, weer eens deur dieselfde hof bevestig. In *Administrateur, Transvaal v Van der Merwe* 1994 4 SA 347 (A) 364 verklaar appèlregter Olivier naamlik (sien ook Neethling en Potgieter "Deliktuele aanspreeklikheid weens bevrugting as gevolg van 'n nalatige wanvoorstelling: die funksies van onregmatigheid, nalatigheid en juridiese kousaliteit onder die loep" 2000 *THRHR* 164–165):

> " 'n Bevinding dat appellant se late nie onregmatig was, bring mee dat daar geen sprake van nalatigheid kan wees nie. Nie alleen is dit dus ondoenlik om oor moontlike nalatigheid aan die kant van appellant te spekuleer nie, maar dit is trouens juridies onmoontlik. Die nalatigheidsvraag kan naamlik slegs beantwoord word as presies vasstaan welke regsplig op 'n verweerder gerus het en dat *daardie* regsplig verbreek is."

In *Cape Town Municipality v Bakkerud* 2000 3 SA 1049 (SCA) 1055 verwoord appèlregter Marais dieselfde gedagte met verwysing na die pas aangehaalde *dictum* in *Administrateur, Transvaal* soos volg:

> "Any attempt to decide whether a particular omission will potentially ground liability by merely measuring it against the standard of conduct to be expected of a reasonable person will fail for a number of reasons. First, that test is sequentially inappropriate. It is, of course, the classic test for the existence of blameworthiness *(culpa)* in the law of delict. *But the existence of culpa only becomes relevant sequentially after the situation has been identified as one in which the law of delict requires action*" (ons kursivering).

Hy laat hierop in 'n voetnoot volg:

> "It would of course be permissible, in an appropriate case, where it seems clear that, on any view of the scope of such legal duty to act as could conceivably be imposed in the first phase, the defendant has not behaved in a blameworthy fashion according to the traditional test for *culpa*, to omit the first phase, *to assume against the defendant that he was not free in law to refrain from any action*, but to acquit him of liability because of the absence of any *culpa* (ons kursivering)."

Dit is jammer dat die hoogste hof van appèl in *Sea Harvest* en *Mkhatswa*, sonder enige verduideliking hoegenaamd, 'n gevestigde grondbeginsel van die deliktereg so radikaal omverwerp. Hierdeur vermag die hof dan tog die "juridies onmoontlike" omdat selfs 'n volkome regmatige handeling as nalatig bestempel sou kon word. 'n

Mens kan maar net vertrou dat die korrekte benadering in *Administrateur, Transvaal supra* en *Bakkerud supra* in die toekoms sal seëvier.

2 In die lig van die voorgaande sou die korrekte benadering in beide onderhawige beslissings gewees het om eers vir onregmatigheid te toets (of minstens te veronderstel dat daar wel 'n regsplig op die verweerder(s) gerus het om positief op te tree: sien *Bakkerud supra* 1055) en daarna, indien nodig, vir nalatigheid. Die korrekte benadering tot die onregmatigheidsvraag by aanspreeklikheid weens 'n late word wel deur appèlregter Scott in *Sea Harvest* uiteengesit (sien 837F–838D, hierbo aangehaal). Hiervolgens kan 'n late net onregmatig wees as daar in die besondere omstandighede 'n regsplig op die dader gerus het om positief op te tree om die intrede van skade te verhoed, en hy nagelaat het om die regsplig na te kom (sien ook *Bakkerud* 1054–1056). Of sodanige regsplig bestaan, word beantwoord aan die hand van die regsopvattinge van die gemeenskap. By hierdie beoordeling moet alle faktore wat volgens die *boni mores* op die regsplig kan dui, oorweeg word (sien bv *Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 (A) 597; *Administrateur, Transvaal supra* 358 363–364).

In *Sea Harvest* dui veral twee faktore in die algemeen op die bestaan van 'n regsplig aan die kant van die verweerders om die eisers se skade deur brand te voorkom het, te wete beheer oor 'n potensieel gevaarlike voorwerp ('n koelpakhuis wat aan die brand kon raak en skade aan huurders se voorrade in koelkamers kon veroorsaak) en die bestaan van 'n besondere (kontraktuele) verhouding tussen die partye (sien in die algemeen Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 62–65 67–68). Hierdie twee faktore was op sigself egter nie noodwendig voldoende om *in casu* 'n regsplig te laat ontstaan het om voorkomende maatreëls te neem nie. Die feite van die besondere geval, tesame met al die toepaslike omstandighede, moet die deurslag gee of daar redelikerwys van die verweerder verwag kon word om op te tree (sien *Administrateur, Transvaal supra* 361), dit wil sê om stappe te doen om die intrede van brandskade te voorkom (*Sea Harvest* 833–836). Die kernvraag in *Sea Harvest* was of daar 'n regsplig op die verweerders gerus het om 'n sprinkelsisteem in die gebou te laat installeer om brandskade te voorkom. Onses insiens was dit nie die geval nie, en wel om die volgende redes: Die verweerders het van deskundige raadgewende ingenieurs gebruik gemaak om die koelpakhuis te ontwerp; die bouplanne is deur die hawe-ingenieur goedgekeur; die gebou is uiteindelik as 'n "lae-risiko"-koelpakhuis geklassifiseer waarvoor 'n sprinkelsisteem nie vereis word nie (nieteenstaande die feit dat die hoof van die stadsraad se brandweerafdeling dit aanvanklik as 'n "moderate risk storage" beskou het waarvoor 'n sprinkelsisteem wel vereis word); geen koelpakhuis in Suid-Afrika, met die moontlike uitsondering van een of twee, is met 'n sprinkelsisteem toegerus nie; koelpakhuise het in die algemeen 'n goeie reputasie wat brand betref; die afvuur van fakkels in die hawegebied is regtens verbode; en geen fakkel het nog ooit 'n brand in die hawe- en omliggende gebied veroorsaak nie. Die verweerders het gevolglik nie onregmatig opgetree nie; anders gestel, hulle optrede was in die lig van die omstandighede van die geval redelik en nie *contra bonos mores* nie. So gesien, was dit dus onnodig om die moontlike nalatigheid van die verweerders hoegenaamd te oorweeg.

In *Mkhatswa* daarenteen was daar na ons mening wel 'n regsplig op die bevelstruktuur om die ingetrede nadeel te voorkom. Weens die besondere verhouding tussen bevelvoerder en ondergeskikte in weermagverband, asook uit hoofde van die besondere amp van persone in so 'n bevelstruktuur (sien Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 67–68), het daar 'n plig op die bevelstruktuur gerus om dissipline te handhaaf, onder andere deur duidelike riglyne in hierdie verband – ook oor verlof

– voor te skryf. Dit behoef geen betoog nie dat die bevelstruktuur *in casu* hierdie plig verbreek het (sien *Mkhatswa* 1110–1111), en bygevolg onregmatig gehandel het. Wat die wagte betref, het onregmatigheid egter ontbreek omdat hulle nie geweet het dat die betrokke soldate die kamp ongemagtig verlaat het nie (vgl Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 45 60 vn 119 63 vn 126 oor die rol wat die *wete* of *kennis* van die dader by die onregmatigheidsvraag by 'n late speel), hetsy omdat die betrokke soldate die kamp nie deur die bewaakte hek verlaat het nie, hetsy omdat die wagte nie spesifieke opdrag gehad het om die deurgang van die soldate te verhinder nie (1114). Gevolglik het 'n regsplig om voorkomend op te tree by hulle ontbreek en word hulle gedrag tereg deur die hof as redelik bestempel (1114H). Slegs wat die onregmatige versuim van die bevelstruktuur betref, was dit dus nodig om nalatigheid te ondersoek. Hier verdien die hof se gevolgtrekking instemming dat die redelike moontlikheid van nadeel nie voorsienbaar was nie en dat nalatigheid bygevolg ontbreek het.

Vervolgens kom die toets vir nalatigheid asook die verhouding tussen nalatigheid en juridiese kousaliteit aan die orde. Daar bestaan in hoofsaak twee uiteenlopende sieninge oor die aard van die nalatigheidstoets (sien Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 137–139). Enersyds is daar die abstrakte (of absolute) benadering waarvolgens daar gevra word of benadeling van andere in die algemeen redelik voorsienbaar was (bv *Botes v Van Deventer* 1966 3 SA 182 (A); *Herschel v Mrupe* 1954 3 SA 464 (A) 474; *Groenewald v Groenewald* 1998 2 SA 1106 (SCA) 1112). Die vraag of 'n dader vir 'n spesifieke gevolg aanspreeklik is, word beantwoord met verwysing na juridiese kousaliteit (sien hieroor in die algemeen Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 181 ev). Andersyds is daar die konkrete (of relatiewe) benadering waarvolgens 'n dader se handeling net as nalatig beskou kan word indien die spesifieke nadelige gevolg redelikerwys voorsienbaar was (sien *Ablort-Morgan v Whyte Bank Farms (Pty) Ltd* 1988 3 SA 531 (OK) 536; vgl Boberg *Delict* 276–277). Die streng toepassing van hierdie benadering maak volgens aanhangers daarvan (vgl *idem* 381) 'n ondersoek na juridiese kousaliteit onnodig.

Die toepassing van hierdie twee benaderings het 'n interessante verloop gehad vanaf *Kruger v Coetzee supra*, deur *Mukheiber v Raath supra* en die *Sea Harvest*-saak, tot by voltooiing van die kringloop in *Mkhatswa*. Dit blyk uit die regspraak dat *Kruger v Coetzee* (sien Holmes AR se formulering hierbo) as voorbeeld van die abstrakte benadering beskou word (sien *Sea Harvest* 840A 845E–I; *Mkhatswa* 1121C–D). Hierdie wye benadering is in *Mukheiber v Raath supra* getemper deur 'n onomwonde onderskrywing van die relatiewe benadering soos geformuleer deur Boberg *Delict* 390 (sien aanhaling hierbo), wat streng gesproke juridiese kousaliteit in die ban doen maar tog nie deur appèlregter Olivier ten volle deurgevoer is nie omdat hy steeds aanspreeklikheid deur middel van juridiese kousaliteitsmaatstawwe beperk (sien Neethling en Potgieter 2000 *THRHR* 167–168; *Sea Harvest* 839E–F, hierbo aangehaal).

In *Sea Harvest* (*ibid*) sluit appèlregter Scott by hierdie vertolking van die uitspraak in *Mukheiber* aan aangesien hy beklemtoon dat die uitspraak steeds ruimte laat vir die toepassing van juridiese kousaliteit. Nietemin is die wye abstrakte benadering van *Kruger v Coetzee supra* volgens die regter in latere appèlhof-uitsprake meer konkreet begrens, soos deur die beginsel dat die presiese wyse waarop die skade ingetree het, nie voorsienbaar hoef te gewees het nie, maar wel die algemene aard daarvan (*Kruger v Van der Merwe* 1966 2 SA 266 (A); *Minister van Polisie en Binnelandse Sake v Van Aswegen* 1974 2 SA 101 (A) 108; *Sea Harvest* 840B). Regter Scott se siening dat daar geen universeel geldende formule vir

nalatigheid is wat vir elke geval geskik is nie, weerhou hom daarvan om vir een van vermelde twee benaderings kant te kies. Volgens hom is die ware kriterium vir nalatigheid of die gewraakte optrede in die besondere omstandighede te kort skiet aan die standaard van die redelike persoon (839F–G). Desnietemin pas hy tog *in casu* die relatiewe benadering tot nalatigheid toe (841F). Hierteenoor laat appèlregter Streicher in 'n minderheidsuitspraak in *Sea Harvest* geen twyfel oor sy voorkeur nie. Hy volg naamlik die abstrakte benadering in *Kruger v Coetzee supra* en *Groenewald supra*, en begrens aanspreeklikheid dan deur middel van die soepele benadering tot juridiese kousaliteit.

In *Mkhatswa* is appèlregter Smalberger duidelik nie gelukkig oor die onsekerheid wat die uitspraak in *Mukheiber* moontlik tot gevolg sou kon hê nie (alhoewel hy met laasgenoemde uitspraak saamgestem het). As uitgangspunt pas hy die nalatigheidstoets soos geformuleer in *Kruger v Coetzee supra* toe (1111G), maar sluit aan by die beperkings daarvan wat deur appèlregter Scott in *Sea Harvest* uitgewys is. Hy beklemtoon nietemin dat nalatigheid die voorsienbaarheid van die redelike moontlikheid van nadeel vereis (1112H).

Bostaande uiteenlopende beskouings oor die formulering en toepassing van die nalatigheidstoets deur die hoogste hof van appèl skep uiteraard 'n klimaat vir regsonsekerheid (soos Smalberger AR self uitwys: 1111H) en is daarom te betreur. Waaroor daar wel sekerheid bestaan, is dat die standaard van die redelike persoon toegepas moet word en dat die voorsienbaarheid van die redelike moontlikheid van nadeel vereis word. Na ons mening is die konkrete of relatiewe benadering te verkies en wel om die volgende oorwegings: Soos Boberg *Delict* 276–279 tereg aanvoer, kan die vraag of die redelike persoon anders as die dader in die betrokke geval sou opgetree het om benadeling te voorkom, slegs sinvol beantwoord word met verwysing na die nadelige gevolg of gevolge wat inderdaad redelikerwys voorsienbaar was (en nie net met verwysing na skade in die algemeen nie, soos deur die formulering in *Kruger v Coetzee supra* vergestalt). Alleen met inagneming van hierdie gevolg(e), kan weloorwoë besluit word welke stappe die redelike persoon sou gedoen het of welke voorsorgmaatreëls hy sou getref het (indien enige) om die gevolg(e) te voorkom (Van der Merwe en Olivier *Onregmatige daad* 143; Visser "Denkmodelle oor deliktuele aanspreeklikheid" 1977 *De Jure* 382 ev; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 138). Dit beteken nie dat die presiese aard en omvang van die skadelike gevolg(e), of die presiese wyse waarop die skade ingetree het, redelikerwys voorsienbaar hoef te gewees het nie. Dit is voldoende as die algemene aard van die gevolg(e) en van die wyse waarop dit ingetree het, aldus voorsienbaar was (sien bv *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 (A) 765; Boberg *Delict* 278–279). Hierdie weergawe van die konkrete benadering word ook deur appèlregter Olivier in *Mukheiber supra* (839, hierbo aangehaal) gevolg, en, ten spyte daarvan dat appèlregter Scott in *Sea Harvest* nie 'n voorkeur vir óf die abstrakte óf die konkrete benadering wou uitspreek nie, tog by implikasie deur hom aanvaar (sien 840A–B, hierbo aangehaal) en *in casu* toegepas. In *Mkhatswa* verwys appèlregter Smalberger op sy beurt ook met goedkeuring na appèlregter Scott se pas gestelde standpunt in *Sea Harvest* (terwyl hy as uitgangspunt die abstrakte benadering van *Kruger v Coetzee supra* verkies).

Daar moet egter beklemtoon word, soos ook duidelik in *Sea Harvest* (839D–F, hierbo aangehaal) en *Mkhatswa* (1111F, hierbo aangehaal) te kenne gegee is, dat aanvaarding van die konkrete of relatiewe benadering nie inhou dat juridiese kousaliteit, veral by verwyderde gevolge ("remote consequences"), nie meer 'n belangrike rol as aanspreeklikheidsbegrensingsmaatstaf te speel het nie (sien Neethling en

Potgieter 2000 *THRHR* 165–168). Trouens, hierdie twee beslissings laat geen twyfel nie dat die hoogste hof van appèl regsoorsaaklikheid tereg (steeds) as 'n onontbeerlike, selfstandige delikselement ag (sien hieroor Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 181 ev) – 'n standpunt wat op een lyn met die posisie in ander moderne regstelsels is (sien Spier en Haazen "Comparative conclusions on causation" in Spier (red) *Unification of tort law: Causation* (2000) 127 ev). Sodoende word die onsekerheid wat die uitspraak in *Mukheiber supra* in hierdie verband kon veroorsaak het (sien Neethling en Potgieter 2000 *THRHR* 165–168), nou (hopelik finaal) opgeklaar.

J NEETHLING
JM POTGIETER
Universiteit van Suid-Afrika

UITBREIDING VAN DIE TOEPASSINGSGEBIED VAN DIE AKSIE VAN AFHANKLIKES

Santam Bpk v Henery 1999 3 SA 421 (SCA); Amod v Multilateral Motor Vehicle Accidents Fund (Commissioner for Gender Equality Intervening) 1999 4 SA 1319 (SCA)

1 Inleiding

Dit is gevestigde reg dat die afhanklikes van 'n persoon wat op onregmatige en skuldige wyse gedood is, skadevergoeding vir verlies van onderhoud met die *actio legis Aquiliae* van die dader kan verhaal (sien Neethling, Potgieter en Visser *Law of delict* (1999) 283 ev; Burchell *Principles of delict* (1993) 233 ev; Van der Merwe en Olivier *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* (1989) 332 ev). Die belangrikste vereiste vir die afhanklike se aksie – altans voor die beslissings in die onderhawige twee sake – was dat die oorledene, terwyl hy geleef het, 'n sogenaamde *gemeenregtelike* onderhoudsplig teenoor die afhanklike moes gehad het (sien bv *Union Government (Minister of Railways and Harbours) v Warneke* 1911 AD 657; *Santam Bpk v Fondo* 1960 2 SA 467 (A)). Sodanige onderhoudsplig kon óf weens 'n wettige huwelik óf weens bloedverwantskap ontstaan (sien Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 278). Hierdie standpunt het tot gevolg gehad dat die howe geweier het om die aksie van afhanklikes toe te staan in byvoorbeeld gevalle waar daar in die afwesigheid van 'n "wettige" huwelik (soos by die inheemsregtelike gewoonteverbintenis), net 'n kontraktuele plig tot onderhoud aan die kant van die oorlede broodwinner bestaan het (bv *Nkabinde v SA Motor and General Insurance Co Ltd* 1961 1 SA 302 (N); *Santam Bpk v Fondo supra*. Soos te begrype, is hierdie siening aan skerp kritiek onderwerp (sien Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 284 vn 33 35; *Zimnat Insurance Co Ltd v Chawanda* 1991 2 SA 825 (ZS); *Henery* 429A–B) en kon verwag word dat dit in die lig van die waardes wat die Grondwet 106 van 1996 onderlê, deur die hoogste hof van appèl hersien sou word.

2 *Henery*

Die eerste geleentheid het hom voorgedoen in die *Henery*-saak. Hier was die geskilpunt of 'n geskeide vrou wat kragtens 'n hofbevel op onderhoud van haar vorige man geregtig is, die aksie van afhanklikes weens sy dood tot haar beskikking het, met ander woorde, 'n geval waar die gemeenregtelike vereiste van 'n wettige huwelik ontbreek het. Appèlregter Nienaber bevestig dat so 'n vrou gemeenregtelik geen aanspraak weens verlies van onderhoud het teen die dader wat vir haar man se dood verantwoordelik is nie (427I–428A; sien ook *Santam Bpk v Fondo supra* 472–473 – *obiter*). Die vraag is desnietemin na die juistheid van hierdie standpunt (429B–D)

> "wat die geskeide vrou ondanks die reg op onderhoud wat sy aan die Hofbevel ontleen 'n aksie teen die dader sou ontsê. In effek beteken die *obiter dictum* [in *Fondo supra*] dat haar eis om vergoeding, waar haar onderhoud vanweë die dood van haar gewese man in gedrang kom, regtens nie erken word nie; anders gestel, dat haar onbetwiste reg op onderhoud, anders as dié van ander afhanklikes, regtens nie teen sodanige optrede as beskermingswaardig geag word en dat die optrede van die dader dus nie teenoor haar as onregmatig beskou word nie".

Regter Nienaber besluit om die aanspraak van die vrou oor die boeg van aanspreeklikheid weens suiwer ekonomiese verlies te gooi aangesien die onderhoudsverlies wat sy ondervind, suiwer ekonomies van aard is (430C–J; sien ook Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 294 vn 113; Boberg *The law of delict Vol 1 Aquilian liability* (1984) 103–104). In verband met die onregmatigheidsvraag in hierdie verband word met goedkeuring na die volgende *dictum* in ons boek *Deliktereg* (1996) 288–289 verwys (430E–F):

> "Die maatstaf wat by hierdie beoordeling aangewend moet word, is die algemene redelikheids- of *boni mores*-onregmatigheidskriterium. Soos bekend, vereis dié kriterium dat die hof 'a value judgement embracing all the facts and involving considerations of policy' moet uitspreek. Dit word gewoonlik beskryf as die 'policy-based aspect of the 'duty of care' concept, by means of which the scope of delictual liability is judicially controlled'. Die *boni mores*-kriterium behels basies 'n noukeurige afweging van die belange van die betrokke partye met inagneming van die gemeenskapsbelang."

Die toepassing van hierdie benadering en gedagtegang bring die regter by die slotsom dat daar geen gegronde rede bestaan om iemand in die eiseres se posisie in beginsel haar aksie te ontsê nie. Hy verklaar (430F–J):

> "[Daar is] in my gemoed weinig twyfel dat die gemeenskapsbelang verg dat 'n geskeide vrou se aanspraak op onderhoud, net soos dié van enige ander afhanklike, beskermingswaardig is. Logies, regspolities en op billikheidsgronde bestaan daar na my mening geen rede om die geval van die geskeide vrou van dié van ander afhanklikes te onderskei nie; dat die bron van die reg in die een geval gemeenregtelik en in die ander statutêr is, kom nie daarop aan nie – trouens, die statutêre verlening van die reg op onderhoud aan die geskeide vrou is op sigself die produk van langdurige regsontwikkeling gegrond op die gemeenskapsoortuiging van wat reg en billik is. Die onderhoud *post* huwelik is in 'n sin bloot die voortsetting van die man se onderhoudsplig *stante matrimonio*. Akademiese skrywers begunstig omtrent almal die verlening van so 'n aksie. En die vrees wat soms om regspolitieke redes teen die toestaan van 'n aksie om suiwer ekonomiese verlies uitgespreek word ('liability in an indeterminate amount, for an indeterminate time to an indeterminate class') geld nie hier nie."

3 *Amod*

Hierdie saak het 'n tweede geleentheid gebied om die gemeenregtelike posisie ten aansien van die aksie van afhanklikes te hersien. In *Amod* was die vraag of die afhanklike wat volgens Moslem-gebruik met die oorledene getroud was, 'n eis

weens onderhoudsverlies kon instel teen die deliksplegger (in effek die Multilaterale Motorvoertuigongelukfonds) wat vir die oorledene se dood verantwoordelik was.

Uitgaande van die standpunt dat die aksie van afhanklikes 'n soepele remedie is wat by moderne omstandighede aangepas kan word (1325C), verwerp hoofregter Mahomed die gewraakte bevinding in *Santam v Fondo supra* dat slegs 'n huwelik wat volgens die gemenereg wettig is, bedoelde aksie fundeer (1327A–D). Hy verklaar (1327E–F):

> "In my view, the correct approach is not to ask whether the customary [Muslim] marriage was lawful at common law or not but to enquire whether or not the deceased was under a legal duty to support the appellant during the subsistence of the marriage and, if so, whether the right of the widow was, in the circumstances, a right which deserved protection for the purposes of the dependant's action. This is the test adopted by this Court in *Santam Bpk v Henery*."

Die hof vat die algemene beginsels in *Henery* soos volg saam (1326A–B):

> "(a) The claimant for loss of support resulting from the unlawful killing of the deceased must establish that the deceased had a duty to support the dependant.
>
> (b) It had to be a legally enforceable duty.
>
> (c) The right of the dependant to such support had to be worthy of protection by the law.
>
> (d) The preceding element had to be determined by the criterion of *boni mores*."

Toegepas op die onderhawige geval, kom die hoofregter tot die gevolgtrekking dat ingevolge die Moslem-huwelik, wat 'n kontrak daarstel, die oorledene 'n plig gehad het om sy afhanklike te onderhou, welke plig regtens afdwingbaar was (1326F–G). Die kernvraag is nou of die afhanklike se reg op onderhoud *in casu* regtens erkenning en beskerming verdien. Die regter antwoord instemmend, om die volgende redes: Die huwelik was *de facto* monogaam, is streng volgens die voorskrifte van 'n belangrike godsdiens in die openbaar voltrek en is in ooreenstemming met die etos van verdraagsaamheid, pluralisme en godsdiensvryheid van die nuwe konstitusionele bedeling. Gevolglik verg die *boni mores* dat die reg op onderhoud van 'n afhanklike in sodanige Moslem-huwelik beskerm moet word. Regter Mahomed verwoord dit soos volg (1329E–H):

> "I have no doubt that the *boni mores* of the community at the time when the cause of action arose in the present proceedings would not support a conclusion which denies a duty of support arising from a *de facto* monogamous marriage solemnly entered into in accordance with the Muslim faith any recognition in the common law for the purposes of the dependant's action; but which affords to the same duty of support arising from a similarly solemnised marriage in accordance with the Christian faith full recognition in the same common law for the same purpose; and which even affords to polygamous marriages solemnised in accordance with African customary law exactly the same protection for the same purpose (by virtue of the provisions of s 31 of the Black Laws Amendment Act 76 of 1963, which reverses the consequences of the *Fondo* judgment in respect of customary marriages). The inequality, arbitrariness, intolerance and inequity inherent in such a conclusion would be inconsistent with the new ethos which prevailed on 25 July 1993 when the cause of action in the present matter commenced. The *boni mores* of the community would at that time support the approach which gave to the duty of support following on a *de facto* monogamous marriage in terms of the Islamic faith the same protection of the common law for the purposes of the dependant's action as would be accorded to a monogamous marriage solemnised in terms of the Christian faith."

Die regter wil hom nie uitlaat oor die vraag of beskerming ook sou geld in die geval waar die oorledene 'n party tot 'n poligame Moslem-huwelik was nie (1330B–D).

Ten slotte beklemtoon hoofregter Mahomed dat die uitspraak nie alle kontraktuele onderhoudsverpligtinge by die aksie van afhanklikes insluit nie, maar soos volg beperk word (1331C–D):

> "[T]he defendant must show that:
>
> (a) the deceased had a legally enforceable duty to support the dependant *and*
>
> (b) that it was a duty arising from a solemn marriage in accordance with the tenets of recognised and accepted faith *and*
>
> (c) it was a duty which deserved recognition and protection for the purposes of the dependant's action.
>
> The dependant concerned would not succeed by establishing (a) alone. The requirement in (a) is a *necessary* condition in terms of *Warneke*'s case but is not a *sufficient* condition."

Die afhanklike se eis word gevolglik toegestaan.

4 Kommentaar

Die onderhawige twee sake demonstreer dat die aksie van afhanklikes, anders as wat voorheen in die regspraak te kenne gegee is, nie beperk is tot gevalle waar daar 'n sogenaamde gemeenregtelike onderhoudsplig bestaan nie (maw gevalle waar die plig uit 'n "wettige" huwelik en bloedverwantskap spruit), maar soepel genoeg is om by veranderde omstandighede aangepas te word. Gevolglik was dit moontlik om 'n onderhoudsplig te erken wat uit sowel 'n hofbevel as 'n Moslem-huwelik voortgespruit het.

Terwyl hoofregter Mahomed (in *Amod*) se vertolking (1326A–B; hierbo aangehaal) van die beginsels wat volgens *Henery* in die huidige verband toepassing vind, in die algemeen instemming verdien, kom dit tog voor of sy uiteensetting in vier elemente die aangeleentheid onnodig kompliseer. In die eerste plek kan (a) en (b) sinvol saamgevat word deur eenvoudig te vra of die oorledene 'n regsplig (maw 'n regtens afdwingbare plig) gehad het om die afhanklike te onderhou. Indien wel, het die afhanklike 'n reg op onderhoud, as keersy van die regsplig tot onderhoud, teenoor die oorledene gehad. Vervolgens moet bepaal word of dié reg op onderhoud – afgesien van die afdwingbaarheid daarvan *inter partes* – ook beskermingswaardig teen inmenging deur buitestanders geag word. By hierdie beoordeling word die *boni mores*- (onregmatigheids-) toets toegepas (elemente (c) en (d)).

Die ondersoek na die beskermingswaardigheid van die afhanklike se reg op onderhoud teen inbreukmaking deur derdes, onderstreep die feit dat 'n mens by die aksie van afhanklikes met 'n onregmatige daad teen die afhanklike te make het, en nie – soos ten onregte deur die regspraak te kenne gegee word (sien bv *Evins v Shield Insurance Co Ltd* 1980 2 SA 814 (A) 837–838; *Henery* 429E–I; Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 283–284; Van der Merwe en Olivier *Onregmatige daad* 345) – met 'n delik teenoor die broodwinner nie. Alhoewel appèlregter Nienaber hom nie in *Henery* 429J–430A hieroor wou uitspreek nie, het die tyd miskien tog nou aangebreek dat die hoogste hof van appèl sy foutiewe standpunt in heroorweging neem.

Uiteraard kan 'n regsplig tot onderhoud – die korrelate reg wat ook teen derdes beskerming geniet – uit enige regserkende bron ontstaan (vgl ook *Henery* 430F–J, hierbo aangehaal). Só is erkenning al verleen aan 'n *wettige huwelik* (wat nie beperk

is tot 'n burgerlike huwelik wat ingevolge die Huwelikswet 25 van 1961 tot stand gekom het nie maar in *Amod* uitgebrei is tot enige "solemn marriage in accordance with the tenets of recognised and accepted faith"; en let ook daarop dat inheemsregtelike huwelike nou statutêr wettig is: sien die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike 120 van 1998), *bloedverwantskap* (sien Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 285–286), 'n *hofbevel* (*Henery*) en 'n *statuut* (a 31 van die Wysigingswet op Swart Wetgewing 76 van 1963) as sodanige bronne. Die vraag is nou of 'n onderhoudsplig/reg wat bloot uit 'n *kontraktuele onderneming* spruit en nie deur een van genoemde kategorieë gerugsteun word nie, ook teen aantasting deur derdes beskermingswaardig geag moet word. Hier beweeg 'n mens op die gebied van deliktuele aanspreeklikheid weens bemoeiing met 'n kontraktuele verhouding (sien Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 308 ev) wat weens die onstoflike aard van die belange wat hier op die spel is (ook dié in onderhoud), deurgaans as 'n vorm van suiwer ekonomiese verlies geld (vgl *Henery* 430; hierbo aangehaal). Alhoewel die nalatige bemoeiing met 'n kontraktuele verhouding in beginsel Aquiliese aanspreeklikheid fundeer, moet nietemin beklemtoon word dat nie elke feitelike inwerking op 'n kontraktuele (onderhouds)prestasie prinsipieel onregmatig is nie. Net soos by aanspreeklikheid weens suiwer ekonomiese verlies (Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 296), moet telkens aan die hand van die *boni mores* vasgestel word of daar 'n regsplig op die dader gerus het om die afhanklike se onderhoudsverlies te vermy; anders gestel, of die afhanklike se reg op onderhoud as beskermingswaardig beskou word. Of dit die geval is, hang van die omstandighede van elke geval af. Wat onses insiens 'n belangrike rol behoort te speel, is die aard van die kontraktuele verhouding wat die onderhoudsplig/reg fundeer. Daarom het die feit dat die Moslem-huwelik nie net 'n "gewone" kontraktuele verhouding behels nie maar uit 'n "solemn marriage in accordance with the tenets of recognised and accepted faith" voortspruit, en dat die swart gewoonteregtelike verbintenis die produk van 'n inheemsregtelik erkende praktyk is, die deurslag gegee om die betrokke reg op onderhoud van die afhanklike teen aantasting deur derdes te beskerm. (Alhoewel Mahomed HR in *Amod* die vraag ooplaat of 'n afhanklike in 'n poligame Moslem-huwelik haar onderhoudsaanspraak teenoor derdes kan afdwing (1330B–C; vgl Rautenbach en Du Plessis "The extension of the dependant's action for loss of support and the recognition of Muslim marriages: The saga continues" 2000 *THRHR* 313), is ons van mening dat daar in hierdie opsig in beginsel geen verskil tussen die swart gewoonteregtelike verbintenis en die Moslem-huwelik is nie en dat so 'n eiseres wel behoort te slaag: sien oor die gewoonteregtelike verbintenis Davel *Skadevergoeding aan afhanklikes* (1987) 63 ev.)

Bemoeiing met 'n blote kontraktuele onderhoudsreg sal in die afwesigheid van besondere faktore (soos in *Amod*) waarskynlik nie gedingsvatbaar wees nie omdat dit die aanspreeklikheid van 'n dader by die aksie van afhanklikes te wyd sal laat uitkring (sien *Amod* 1331B). Gevolglik sal die uitbreiding van die aksie na ander verhoudings waaruit 'n kontraktuele onderhoudsplig kan spruit, soos selfdegeslag-"huwelike", of verloofdes ingevolge 'n saambly-ooreenkoms, of 'n pleegsorgverhouding tussen 'n vader en sy stiefkind, met omsigtigheid hanteer moet word.

J NEETHLING
JM POTGIETER
Universiteit van Suid-Afrika

DIE REGSPLIG VAN DIE STAAT OM DIE REG OP DIE FISIES-PSIGIESE INTEGRITEIT TEEN DERDES TE BESKERM: DIE KORREKTE BENADERING TOT ONREGMATIGHEID, NALATIGHEID EN FEITELIKE KOUSALITEIT

Carmichele v Minister of Safety and Security 2001 1 SA 489 (SCA); Moses v Minister of Safety and Security 2000 3 SA 106 (K)

1 Inleiding

By 'n vorige geleentheid is dieselfde tema, weliswaar beperk tot die polisie as staatsorgaan, in 'n bespreking van *Mpongwana v Minister of Safety and Security* 1999 2 SA 794 (K) aangeraak (sien Neethling "Die regsplig van die polisie om die reg op die fisies-psigiese integriteit te beskerm" 2000 *THRHR* 150). Die staatlike beskerming van persone teen aanranding deur derdes het ook reeds in verskeie hofsake aandag geniet (sien bv *Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 (A); *Mtati v Minister of Justice* 1958 1 SA 221 (A); *Nkumbi v Minister of Law and Order* 1991 3 SA 29 (OK); *Mpongwana v Minister of Safety and Security* 1999 2 SA 794 (K); vgl *Minister of Police v Skosana* 1977 1 SA 31 (A); *Minister of Law and Order v Kadir* 1995 1 SA 303 (A) (vir 'n bespreking van dié sake, sien Carpenter "The right to physical safety as a constitutionally protected human right" in Carpenter (red) *Suprema lex: Opstelle oor die Grondwet aangebied aan Marinus Wiechers* (1998) 146–147; Neethling 2000 *THRHR* 153; vgl ook *Ntamo v Minister of Safety and Security* 2001 1 SA 830 (TkHC) waar die hof by implikasie aanvaar het dat daar 'n regplig op die polisie gerus het om die publiek teen A, wat hulle met 'n pistool gedreig het, te beskerm – *in casu* het die polisie egter die perke van noodweer oorskry toe hulle A doodgeskiet het). Uit hierdie sake kan afgelei word dat daar in elke besondere geval vasgestel moet word of daar 'n regsplig op die staat gerus het om bedoelde beskerming te verleen, en dat die volgende faktore aanwysend van sodanige regsplig kan wees (sien Neethling 2000 *THRHR* 153–154): die konstitusionele imperatief om die reg op die sekerheid van die persoon te beskerm; die algemene statutêre verpligting om misdaad te voorkom en onderdane te beskerm; die wete (kennis) of waarneming van die aanranding of dreigende aanranding; 'n kontraktuele onderneming om 'n persoon te beskerm; feitelike beheer of kontrole oor 'n (potensieel) gevaarlike toestand; die waarskynlike of moontlike omvang van die nadeel wat die eiser kon ly; welke voorsorgmaatreëls redelikerwys (en uit 'n praktiese oogpunt) geverg kon word; wat die kanse was dat die maatreëls suksesvol sou wees; en of die koste verbonde aan die neem van die maatreëls proporsioneel sou wees tot die skade wat die eiser kon ly. (Vgl verder oor die regsplig van die polisie om vermoënskade vir die eiser af te weer, *Dersley v Minister van Veiligheid en Sekuriteit* 2001 1 SA 1047 (T).) Teen hierdie agtergrond word die *Moses*- en *Carmichele*-saak nou onder oë geneem.

2 *Moses*

Die eiseres se man (A) is oornag in 'n polisiesel aangehou omdat hy dronk was en gewelddadig geraak het. Terwyl hy in die sel was, is hy so ernstig deur ander aangehoudenes (B en C) aangerand dat hy aan sy beserings beswyk het. Die eiseres

eis vervolgens skadevergoeding van die staat vir onderhoudsverlies weens haar broodwinner se dood. Sy baseer haar eis daarop dat daar 'n regsplig op die staat gerus het om haar man teen die aanranding in die sel te beskerm, welke regsplig op onregmatige en nalatige wyse verbreek is.

Regter Van Reenen laat hom soos volg oor hierdie twee delikselemente in die onderhawige verband uit (113G–114D):

> "In the context of delictual liability a clear distinction is made in our law between wrongfulness and negligence (see *Simon's Town Municipality v Dews and Another* 1993 (1) SA 191 (A) at 196F). An omission is wrongful if in the particular circumstances a legal duty to act positively exists and the party whose conduct is under consideration fails to discharge that duty. It is generally accepted that, in the absence of an established legal norm or a recognised ground of justification, wrongfulness is determined according to the criterion of reasonableness with reference to the legal convictions of the community as established by the Courts (see *Minister van Polisie v Ewels* 1975 (3) 590 (A) at 596H–597B; *Minister of Law and Order v Kadir* 1995 (1) SA 303 (A) at 320; *Knop v Johannesburg City Council* 1995 (2) SA 1 (A) at 27I). The test is an objective one based on all the facts of a particular case (see *Nkumbi v Minister of Law and Order* 1991 (3) SA 29 (E) at 35E; *Minister van Polisie v Ewels (supra* at 597B)). By contrast, reasonableness in the context of negligence is determined with reference to the conduct of a *bonus paterfamilias* in the position of the person whose conduct is under consideration (see *Kruger v Coetzee* 1966 (2) SA 428 (A) at 430E–F). Accordingly, conduct in the discharge of a legal duty to avoid harm flowing from an omission does not attract liability in law in the event of such harm materialising if such conduct coincides with that of a reasonable man in the circumstances. (Compare *Minister van Polisie v Ewels (supra* at 598A); *Regal v African Superslate (Pty) Ltd* 1963 (1) SA 102 (A) at 112B.) As Neethling *et al Deliktereg* 3rd ed at 151 footnote 155 point out, one in such a case is strictly speaking not dealing with liability founded on an omission. Whether a failure to act positively in particular circumstances is wrongful must be judged with reference to the different interests of the parties, their relationship with one another and the social consequences of imposing liability in the kind of case in question. Factors that ought to be considered and balanced are, *inter alia*, the possible extent of the harm; the degree of risk of the harm materialising; the interests of the defendant and the community; the availability of reasonably practicable preventative measures and the chances of their being successful; and whether the cost involved in obviating it is reasonably proportional to the harm. (See *Administrateur, Transvaal v Van der Merwe* 1994 (4) SA 347 (A) at 361H–362B, 363C.)"

Die hof kom tot die slotsom dat daar *in casu* 'n regsplig op die polisie gerus het om redelike stappe te doen om A teen aanranding in die sel te beskerm, en wel op grond van die volgende oorwegings (sien 114E–115A): Die statutêre verpligting van die polisie om redelik teenoor aangehoudenes op te tree; die grondwetlike verskansing van fundamentele regte; die feit dat 'n aangehoudene se bewegings- en besluitnemingsvryheid aan bande gelê is – wat volgens die regter "a heightened duty on the part of the defendant's employees of safeguarding a detained person's interests" meebring; die werklike risiko van fisiese konflik – met gepaardgaande ernstige aanranding en selfs doodslag – omdat A geplaas is in 'n sel wat opsygesit is vir persone wat weens oproerigheid en dronkenskap gearresteer is; die feit dat A 53 jaar oud en kleingebou was; en die feit dat die risiko van fisiese benadeling maklik en teen minimale koste verminder kon word deur geweldenaars van die res van die aangehoudenes in die sel te skei of deur gereelde inspeksies. Regter Van Reenen konkludeer (115A–C):

> "In view of the foregoing and the nature of the relationship between the defendant and persons being detained . . . the defendant's servants, in the circumstances, in my view, had a legal duty to have taken reasonable steps to protect the deceased against assaults

> by any of the persons detained in the cell with him. If I err in having come to the conclusion that the aforementioned cases have established a legal norm as regards the obligations of the police services towards persons in its care or under its custody, then I am of the opinion that a failure to have protected the deceased against assaults by his co-detainees would be considered as wrongful with reference to the prevailing legal convictions of the community at the time."

Vervolgens ondersoek die hof die vraag of die polisie in die besondere omstandighede redelik, of soos die *bonus paterfamilias*, opgetree het – dit wil sê die vraag na nalatigheid (116D):

> "Would a reasonable man in the position of the defendant's employees have foreseen that one or both of [B en C] would assault the deceased and, if so, what steps would they have taken to avoid it?"

Die hof besluit (115–117) dat die polisie nie nalatig was nie, onder andere omdat hulle elke 25 minute 'n inspeksie van die sel gedoen het; 'n relatief beperkte mannekrag tot hulle beskikking gehad het wat aan vele sake aandag moes gee; nie geweet het dat B en C gewelddadige neigings het nie; B en C nie enige tekens van aggressiwiteit getoon het toe hulle in die sel geplaas is nie; en hulle (die polisie) onbewus van die aanranding van A in die sel was. Die redelike persoon sou dus nie meer gedoen het as die polisie om die aanranding en dood van A te voorkom nie. Gevolglik is die staat nie aanspreeklik nie.

Regter Van Reenen se uitspraak verdien volle instemming en kan as 'n skoolvoorbeeld dien van hoe die vrae na onregmatigheid en nalatigheid by aanspreeklikheid weens 'n late in ons reg hanteer moet word.

3 *Carmichele*

Die eiser (A) is brutaal aangerand deur C terwyl A by haar moeder (B) gekuier het. C was vantevore skuldig bevind aan huisbraak en onsedelike aanranding op grond waarvan hy beboet en tot opgeskorte gevangenisstraf veroordeel is. Ten tyde van die aanranding was daar ook 'n klag van verkragting hangende teen hom maar hy is deur die landdros op eie verantwoordelikheid op aanbeveling van die ondersoekbeampte vrygelaat. 'n Paar dae na sy vrylating het B die polisie versoek om C hangende sy verhoor aan te hou. Die polisie het die saak met die aanklaer bespreek maar laasgenoemde het B meegedeel dat tensy C 'n verdere misdaad pleeg, niks gedoen kan word nie. Kort hierna – na 'n selfmoordpoging en 'n onderhoud met die aanklaer waaruit ernstige seksuele afwykings geblyk het – word C gearresteer en na 'n psigiatriese hospitaal vir waarneming verwys. Die verslag van die hospitaal het C nóg as 'n gevaar vir die gemeenskap bestempel, nóg aanbeveel dat hy hangende die verkragtingverhoor aangehou moet word. Hierbenewens het die prokureur-generaal, wat in besit was van die dokumentêre bewyse van die erns van die verkragting en die omvang van C se seksuele afwykings, nie die aanklaer opdrag gegee om borgtog teen te staan nie. Gevolglik word hy weer deur die landdros op eie verantwoordelikheid vrygelaat. Hierna het onder andere C en B nogmaals op verskeie geleenthede tevergeefs gepoog om die polisie en aanklaer te oorreed om C in aanhouding te plaas. Weens C se aanranding van A terwyl hy op vrye voet was, stel sy 'n eis teen die staat in op grond daarvan dat die polisie en aanklaers 'n regsplig gehad het om haar teen C te beskerm, welke plig op onregmatige en nalatige wyse verbreek is. In die hof *a quo* beslis regter Chetty dat die polisie en aanklaers nie 'n regplig teenoor die eiseres gehad het en bygevolg nie onregmatig opgetree het nie.

In die hoogste hof van appèl stel appèlregter Vivier ten aanvang die toets ter bepaling van 'n regsplig by aanspreeklikheid weens 'n late soos volg (494B–D):

> "The appropriate test for determining the wrongfulness of omissions in delictual actions for damages in our law has been settled in a number of decisions of this Court such as *Minister van Polisie v Ewels* 1975 (3) SA 590 (A) at 597A–C; *Minister of Law and Order v Kadir* 1995 (1) SA 303 (A) at 317C–318I; *Knop v Johannesburg City Council* 1995 (2) SA 1 (A) at 27G–I and *Government of the Republic of South Africa v Basdeo and Another* 1996 (1) SA 355 (A) at 367E–H. The existence of the legal duty to avoid or prevent loss is a conclusion of law depending upon a consideration of all the circumstances of each particular case and on the interplay of many factors which have to be considered. The issue, in essence, is one of reasonableness, determined with reference to the legal perceptions of the community as assessed by the Court."

Hy vervolg (494G):

> "The question must always be whether the defendant ought reasonably and practically to have prevented harm to the plaintiff: in other words, is it reasonable to expect of the defendant to have taken positive measures to prevent the harm . . ."

Omdat die besluit om C hangende die verhoor vry te laat by die landdros berus het, was die regsplig wat die polisie en aanklaers na bewering teenoor A verskuldig was, volgens die hof (497C–D) oënskynlik beperk tot die plig van die polisie om volle inligting oor die saak aan die aanklaers te verskaf, en die plig van die aanklaers om borgtog teen te staan en die hof van alle inligting omtrent C in hierdie verband te voorsien. Regter Vivier besluit (497D–F) dat die polisie bedoelde plig nagekom het en laat hom soos volg oor die regsplig van die aanklaers uit (497G–I):

> "There is obviously no absolute duty resting on a prosecutor to oppose bail in all cases. The prosecutor has a public duty to oppose bail in appropriate cases but a breach of this duty does not necessarily constitute a legally actionable omission at the instance of any individual member of the public. Whether a legal duty is owed in that situation to any individual member of the public depends on what is reasonable, having regard to all the facts and circumstances of the particular case and the interplay of the factors mentioned by the authorities to which I have referred. It also depends on whether the claimant stands in a special relationship to the defendant such as distinguishes the claimant from any other member of the public."

In die lig van die feite (C het net een vorige veroordeling van onsedelike aanranding – sonder gepaardgaande fisiese beserings – teen hom gehad; die psigiatriese verslag het C nóg as 'n gevaar vir die gemeenskap bestempel nóg aanbeveel dat hy hangende die verkragtingverhoor aangehou moet word; die prokureur-generaal het nie die aanklaer opdrag gegee om borgtog teen te staan nie; en die prokureur-generaal se instruksie dat alle verhoorafwagtende gevangenes die reg het om vrygelaat te word tensy vrylating "contrary to the interests of justice" sou wees: sien 497I–498C; vgl 494H–495D), kom appèlregter Vivier tot die slotsom dat dit nie onredelik was van die aanklaer om C se vrylating nie teen te staan nie, en dat die aanklaer bygevolg nie 'n regsplig teenoor A gehad het om borgtog teen te staan of C se herarrestasie te bewerkstellig nie. Hierdie slotsom word volgens die hof gerugsteun deur die feit dat daar nie 'n "spesiale verhouding" tussen die aanklaers en A bestaan het nie (499A–B):

> "In the absence of evidence that the appellant was at any special distinctive risk the fact that the attack occurred at a secluded village where she was a visitor is insufficient to establish the special relationship contended for. The mere fact that complaints and requests for [C's] rearrest were made to the prosecutors is also insufficient to establish a special relationship."

Ook appèlregter Vivier se beslissing verdien instemming aangesien die polisie en aanklaers gedoen het wat redelikerwys van hulle verwag kon word. Hulle het dus nie onregmatig teenoor die eiseres opgetree nie.

4 Kommentaar

Die volgende kan in hierdie verband vermeld word:

(i) Anders as 'n aantal resente beslissings van die hoogste hof van appèl (*Sea Harvest Corporation (Pty) Ltd v Duncan Dock Cold Storage (Pty) Ltd* 2000 1 SA 827 (SCA) 837–838; *Mkhatswa v Minister of Defence* 2000 1 SA 1004 (SCA) 1111; *Mukheiber v Raath* 1999 3 SA 1065 (SCA) 1077; *Goldstein v Cathkin Park Hotel* 2000 4 SA 1019 (SCA) 1024; sien ook *Standard Bank of South Africa Ltd v OK Bazaars (1929) Ltd* 2000 4 SA 382 (W) 395–398), volg die hof in *Moses* die korrekte benadering deur eers na onregmatigheid en daarna na nalatigheid te vra (sien ook *Administrateur, Transvaal v Van der Merwe* 1994 4 SA 347 (A) 364; *Cape Town Municipality v Bakkerud* 2000 3 SA 1049 (SCA) 1055; *African Life Assurance Co Ltd v NBS Bank Ltd* 2001 1 SA 432 (W) 441 445; *Dersley v Minister van Veiligheid en Sekuriteit* 2001 1 SA 1047 (T) 1054–1060; vgl *Columbus Joint Venture v ABSA Bank Ltd* 2000 2 SA 483 (W) 513: "an act can only be negligent if it is also wrongful"). Nieteenstaande herhaling moet weer eens beklemtoon word dat daar logieserwys net van skuld – in die sin dat 'n persoon vir sy onregmatige optrede verwyt word – sprake kan wees waar 'n persoon onregmatig opgetree het; iemand se optrede is nie regtens verwytbaar waar hy regmatig gehandel het nie (sien Neethling en Potgieter "Die toets vir deliktuele nalatigheid onder die soeklig" 2001 *THRHR* 476).

Die korrekte benadering word ook in *Carmichele* gevolg, waarskynlik omdat die hof *a quo* bevind het dat onregmatigheid ontbreek en daar net teen hierdie bevinding geappelleer is. Appèlregter Vivier verklaar (493I):

> "In the circumstances we are not concerned with the question whether negligence was proved or the further question whether any possible negligence could ever have been causally related to the appellant's loss."

Indien die vraag na nalatigheid volgens die hoogste hof van appèl egter "the logical starting point to any enquiry into the defendant's liability" is (soos dié hof dit in *Mkhatswa supra* 111 wil hê), of as dit "convenient" is om die vraag na nalatigheid eers te ondersoek omdat "[i]n the absence of negligence the issue of wrongfulness does not arise" (*Sea Harvest supra* 838), kan met reg gevra word waarom regter Vivier nie 'n meer kritiese houding teen die benadering van die hof *a quo* in *Carmichele* inneem nie. Waarom was dit in hierdie saak nie ook die logiese aanvangspunt, of bloot gerieflik, om eers die nalatigheidskwessie uit te klaar nie? Ter wille van regsekerheid en gesonde regsontwikkeling het dit dringend noodsaaklik geword vir die hoogste hof van appèl om riglyne te verskaf oor die omstandighede waarin eers vir nalatigheid en daarna vir onregmatigheid getoets moet word (die "juridies onmoontlik[e]" of "sequentially inappropriate" benadering volgens respektiewelik *Administrateur, Transvaal supra* 364 en *Bakkerud supra* 1055), en omgekeerd. Sonder sodanige riglyne gaan praktisyns dit bra moeilik vind – indien nie onmoontlik nie – om te weet welke benadering die hof in 'n bepaalde saak gaan volg, en dit is tog nie gewens nie. Indien die volgende twee *dicta* van die hoogste hof van appèl beoog het om groter helderheid te bring, word hierdie oogmerk ongelukkig nie bereik nie. In *Mostert v Cape Town City Council* 2001 1 SA 105 (SCA) 120–121 verklaar appèlregter Schutz:

> "I have approached this case as one raising questions of negligence, whereas an unbending adherence to logic might dictate that wrongfulness is the prior enquiry, and the question of the reasonableness of expecting the council to replace the pipeline might have been dealt with under that heading. Logic is one thing, utility sometimes another. As was pointed out by Scott JA in *Sea Harvest Corporation (Pty) Ltd and*

> *Another v Duncan Dock Cold Storage (Pty) Ltd and Another* 2000 (1) SA 827 (A) at 837H, in many if not most delicts the issue of wrongfulness is uncontentious, as the action is founded upon conduct which, if held to be culpable, would be *prima facie* wrongful. This is such a case. If the council was negligent in not preventing the 1990 burst I have no doubt that the community's sense of what the law ought to be would demand that liability be imposed upon the council (cf *Cape Town Municipality v Bakkerud* [2000 3 SA 1049 (SCA) 1055]). After all, the council leads across densely populated land a large volume of water under pressure, and then exercises exclusive control over it. Whatever its contrasted social utility, this is the equivalent of walking one's tiger across the forum."

En in *Cape Metropolitan Council v Graham* 2001 1 SA 1197 (SCA) 1203 sê appèlregter Scott die volgende:

> "The appellant admitted in its plea that it was under a legal duty to take such reasonable precautions as circumstances permitted in order to avoid or minimise injury to users of the road. In other words, it effectively acknowledged that if it were found to have negligently failed to take such precautions its conduct would have been not only negligent but also wrongful. (Compare *Sea Harvest Corporation (Pty) Ltd and Another v Duncan Dock Cold Storage (Pty) Ltd and Another* 2000 (1) SA 827 (SCA) at 837G–838C.) In my view, the admission was properly made. Given the circumstances, the existence of such a duty accords with what I would perceive to be 'the legal convictions of the community' (see *Cape Town Municipality v Bakkerud* 2000 (3) SA 1049 (SCA) at 1056F–G). In view of the admission, however, it is unnecessary to consider this aspect further."

Uit hierdie *dicta* blyk dat die onregmatigheidskwessie in bepaalde gevalle by aanspreeklikheid weens 'n late geen probleem verskaf nie. Dit is naamlik waar daar klaarblyklik volgens die *boni mores* 'n regsplig op die verweerder gerus het om positief op te tree ten einde die intrede van nadeel te voorkom (en hier speel die feit dat die verweerder die bestaan van die regsplig erken, uiteraard 'n rol) – met ander woorde, die hof "assume[s] against the defendant that he was not free in law to refrain from any action"(*Bakkerud supra* 1055). In hierdie gevalle is die *nalatige* verbreking van die plig wat vir die eiser nadeel veroorsaak terselfdertyd ook (*prima facie*) onregmatig. Daarom hoef net op die nalatigheidskwessie gefokus te word. Hierdie standpunt verdien instemming omdat dit met die korrekte volgorde van eers onregmatigheid en daarna nalatigheid versoenbaar is. Hier moet onthou word dat *iedere* verbreking van 'n regsplig, ongeag of dit nalatig geskied al dan nie, in elk geval in beginsel onregmatig is (sien Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 57). So gesien, word die onregmatigheidskwessie in gevalle waar die regsplig vasstaan, as 't ware vooraf afgehandel en is dit daarom sinvol (en "convenient") om net aandag aan die vraag na nalatigheid te gee. (Terloops, hiermee word nie te kenne gegee dat nalatigheid onregmatigheid enigsins bepaal nie; selfs in die afwesigheid van nalatigheid is die verbreking van die regsplig steeds in beginsel onregmatig.) Ongelukkig verklaar hierdie benadering nie waarom die hoogste hof van appèl in sake soos *Mkhatswa supra*, *Sea Harvest supra* (sien Neethling en Potgieter *supra*) en *Goldstein supra* eers die nalatigheidsvraag ondersoek het, *voordat* die vraag of daar 'n regsplig op die verweerder gerus het, uitgeklaar is nie. Dit blyk veral uit *Goldstein supra* 1023–1025 waar appèlregter Harms sê: "Having found negligence, it is convenient to deal with wrongfulness (the breach of a legal duty) at this juncture." Afgesien hiervan, word sake verder gekompliseer deur die hoogste hof se botsende opvattings oor wat logies in hierdie verband sou wees. Enersyds word die vraag na nalatigheid as "the logical starting point to any enquiry into the defendant's liability" beskou (*Mkhatswa supra* 111). Andersyds weer kan "an unbending adherence to logic . . . dictate that wrongfulness is the prior enquiry" (*Mostert supra* 120). 'n Mens kan maar net vertrou dat die hoogste hof van appèl gou helderheid sal bring.

(ii) Die onderskeid tussen die objektiewe redelikheidsmaatstaf vir onregmatigheid en die objektiewe redelike man (persoon)-toets vir nalatigheid word duidelik in *Moses* ten aansien van aanspreeklikheid weens 'n late geïllustreer (sien hieroor Neethling, Potgieter en Visser *Law of delict* (1999) 151–154; sien ook Neethling "Nogmaals 'duty of care' – onregmatigheid en nalatigheid by aanspreeklikheid weens 'n late" 1997 *THRHR* 730–733). Die kern van die onderskeid is daarin geleë dat dit by onregmatigheid om 'n diagnostiese belange-afweging aan die hand van die regsoortuigings van die gemeenskap gaan, terwyl nalatigheid 'n prognostiese oordeel oor die redelike voorsienbaarheid en voorkombaarheid van skade verg. Die verskille tussen die twee toetse het tot gevolg dat 'n dader vir doeleindes van onregmatigheid onredelik kan optree terwyl hy vir doeleindes van nalatigheid redelik (soos 'n redelike persoon) handel. Dit is dan ook die resultaat in *Moses*. Die polisie se late om A teen aanranding te beskerm, was onredelik en bygevolg onregmatig omdat daar volgens die *boni mores* 'n regsplig op hulle gerus het om positief op te tree ten einde die aanranding te voorkom en hulle versuim het om die regsplig (volkome) na te kom. Omdat die polisie egter wel (onsuksesvol) gepoog het om die regsplig na te kom en hulle optrede met dié van die redelike persoon ooreenstem, het hulle (onredelike) onregmatige handeling nie met (onredelike) nalatige optrede gepaard gegaan nie (skade was nie redelikerwys voorkombaar nie) en is die staat tereg nie aanspreeklik nie (sien ook Neethling Potgieter en Visser *Delict* 153).

(iii) Ten slotte, ten einde feitelike kousaliteit te bepaal, pas die hof in *Moses* die sogenaamde *conditio sine qua non*- of "but for"-toets toe (117F–118E):

> "The application of the "but-for" test to the facts of the instant case entails mentally substituting the omission to have conducted a cell inspection during the above-mentioned period with lawful conduct, namely such a cell inspection. The outcome of the enquiry whether the failure to have conducted a cell inspection was a cause of the assault on the deceased will depend on whether, if the defendant's servants had acted in such a hypothetical manner, the assault would have taken place or not. If it would not have taken place the omission on the part of the defendant's servants was the cause of the assault; if it would have taken place the converse is the position."

Afgesien van die besware wat teen bedoelde "toets" by skadeveroorsaking deur positiewe optrede ingebring kan word (sien Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 174–178), is daar ook probleme met die toepassing daarvan by 'n late. Soos regter Van Reenen tereg uitwys, moet feitelike kousaliteit hier bepaal word deur 'n bepaalde handeling in al die bestaande feite van die geval in te dink en dan 'n sinvolle voorstelling van die hipotetiese gebeure te maak (sien ook *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 (A) 700). Dit is egter nie 'n ware toepassing van *conditio sine qua non* nie aangesien laasgenoemde maatstaf vereis dat 'n mens iets moet "wegdink" en nie moet "indink" nie (Neethling, Potgieter en Visser *Delict* 167 172–173). Hoe ook al, daar moet beklemtoon word dat die vraag nie is of *redelike* optrede die gewraakte gevolg sou vermy het nie (sien bv *Minister of Police v Skosana* 1977 1 SA 31 (A)), maar eenvoudig of die dader *enigiets* kon doen om die gevolg te voorkom – anders word nalatigheid met feitelike kousaliteit verwar (sien Visser en Vorster *General principles of criminal law through the cases* (1991) 137). Ook is die vraag nie, soos die regter dit wil hê, of *regmatige* optrede – dit wil sê waar die dader die regsplig volkome nagekom het – die gevolg sou voorkom het nie, want dan word onregmatigheid en feitelike kousaliteit weer verwar. Aangesien voortdurende of meer gereelde inspeksies van die sel weens 'n tekort aan mannekrag nie moontlik was nie, lyk dit nie of die polisie die gevolg sou kon vermy het nie en dat feitelike kousaliteit bygevolg ontbreek het (soos die hof inderdaad ook bevind: 118C–E).

J NEETHLING
Universiteit van Suid-Afrika

INTER-COUNTRY ADOPTIONS – THE NEED FOR SOUTH AFRICA TO ACCEDE TO THE HAGUE CONVENTION
Fitzpatrick v Minister of Social Welfare and Pensions 2000 3 SA 139 (C)

1 Introduction

Inter-country adoptions are a modern worldwide phenomenon. The practice of relocating children over large geographical areas and from one cultural environment to another is fraught with complex difficulties. The practice is also open to abuse, and can result in exploitation of children. In order to minimise the potential for exploitation of children, the seventeenth session of The Hague Conference on Private International Law unanimously approved the Convention on the Protection of Children and Co-operation in respect of Inter-Country Adoption of 29 May 1993 ("Convention on Inter-Country Adoption"). The Convention puts in place minimum standards and procedures to be applied in cases of inter-country adoption where the child and the prospective adopter are both resident in contracting states at the date on which the application for adoption is made.

In terms of section 18(4)(f) of the Child Care Act 74 of 1983, South African law does not permit non-South African citizens to adopt children of South African citizens. Likewise, South Africans who adopt a child outside South Africa have to go through lengthy procedures before the adoption will be recognised and enforced in South Africa. This practice prevents the Department of Social Welfare and the courts from acting in the best interests of the child in all cases, and is out of line with modern realities.

South Africa has ratified the United Nations Convention on the Rights of the Child (UNCRC), which requires member states to implement legislation that is directed towards the protection of the rights of the child and the elimination of all forms of exploitation of children. The Convention on Inter-Country Adoption is one of three international conventions drafted with these specific objectives in mind. South Africa should thus honour her commitment to the principles established in the UNCRC and give urgent attention to her position with regard to the Convention.

2 Facts

In *Fitzpatrick v Minister of Social Welfare and Pensions* 2000 3 SA 139 (C) the first and second applicants were a married couple. Both partners were British nationals. The third applicant was an advocate acting as *curator ad litem* on behalf of a minor child whom the first and second applicants were seeking to adopt. The first and second applicants applied to the Department of Social Welfare for an adoption order in respect of a minor child born of parents who were South African citizens. The biological parents of the child had abandoned him at birth. Almost immediately after he was abandoned, the first and second applicants fostered him. Shortly after fostering the child, the first and second applicants decided to initiate appropriate steps to adopt him. Their application could not be considered by the Department of Social Welfare because section 18(4)(f) of the Child Care Act prohibits the adoption of a child born of a South African citizen by anyone who is not a South African citizen, who is not resident in South Africa, who has not met the requirements for

acquisition of such citizenship and who has not applied for such citizenship. The applicants had no desire to acquire South African citizenship, and were in fact planning to become residents of the United States of America shortly after the finalisation of the adoption proceedings (141B).

The first and second applicants applied to the high court for a declaration that section 18(4)(f) of the Child Care Act was invalid by reason of the fact that it was unconstitutional in terms of the Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 of 1996. The applicants also sought an order declaring them to be the child's joint guardians and custodians. The third applicant joined the proceedings in his capacity as *curator* of the child.

The child had been abandoned by his biological parents at birth and was taken into foster care by the first and second applicants in November 1997, when he was two and a half months old. When the foster parents' application to adopt the child failed in March 1998, he was removed from the care of his foster family, with whom he had forged strong relations. He was placed with another foster family, but failed to settle. The child was restored to his former foster family one month after his removal.

There was no question in the mind of any party to the case that there were strong emotional bonds between the child and the first and second applicants. All the parties to the case, including the respondent, were unanimous in the view that his adoption by his foster parents would be in his best interests. To this end, the biological parents had consented to the adoption of the child by the couple. The third applicant went so far as to indicate that he was of the opinion that the appropriate Children's Court Commissioner should be authorised to grant an interim adoption order in favour of the first and second applicants (142C).

The respondent continued to reject the possibility of the adoption of the child by the applicants on the basis of the proscription contained in section 18(4)(f) of the Child Care Act. She indicated, however, that she would have no objection to the section being declared invalid on the ground of inconsistency with the Constitution (141I–J). The Minister took up the position that a declaration of invalidity of the section should be suspended for a sufficient period to give Parliament an opportunity to amend the section in such a way as to remedy the defect. In the interim, the Minister was prepared to support an application by the first and second applicants to be appointed as the child's guardians and custodians (142A–B). The third applicant and counsel for the first and second applicants argued that the declaration of invalidity of section 18(4)(f) should not be suspended.

The respondent was mindful of the international law in the field of inter-country adoptions, and indicated that any amendment to the Child Care Act must address the critical issue of inter-country adoptions as part of a comprehensive approach to child-care legislation, taking into account the Convention on Inter-Country Adoption as well as South Africa's obligations in terms of the UNCRC (142G–143B). The respondent was adamant that inter-country adoption should be allowed only if the child cannot be placed in a foster or adoptive family or cannot in any suitable manner be cared for in the child's country of origin, in accordance with article 21(b) of the UNCRC (143C–D). Furthermore, she pointed out that South Africa at present lacks the necessary infrastructure to administer inter-country adoptions (143F).

It was argued for the respondent that section 172(1)(b)(ii) of the Constitution confers on the court a discretion to make a just and equitable order, which order

might include the suspension of a legislative provision in order to allow the competent authority an opportunity to take steps to amend the provision (143F–G).

Foxcroft J was of the opinion that the present case was analogous to that of *Fraser v Children's Court, Pretoria North* 1997 2 SA 261 (CC), 1997 2 BCLR 153 and, that as in that case, an immediate striking-down of the provision would be inappropriate in the circumstances (143G–H). One of the primary considerations taken into account by the court in arriving at this conclusion was that Parliament had decided upon a citizenship requirement for adoption, and should be given time to reformulate the provision so as to make it constitutionally acceptable. Foxcroft J stated that in his opinion two years would be an acceptable period within which to require Parliament to amend the provision. Furthermore, the international ramifications of the amendment also support the view that Parliament should be allowed to redraft the section (143H–144A). In view of this, the court made an order in the following terms:

1 Section 18(4)(f) of the Child Care Act is invalid and unconstitutional in so far as it creates an absolute prohibition against adoption of a child born of South African citizens by any person who is not a South African citizen, or a person who qualifies for South African citizenship but has failed to make application for it (144F–G).

2 Parliament is granted a period of two years from date of judgment (2000-02-15) within which to remedy the defect (144G–H).

3 First and second applicants are awarded joint custody, joint guardianship and joint control over the minor child (144H).

4 Third applicant will continue as curator and act on behalf of the child in adoption proceedings (144H–I).

No order was made as to costs (144C).

3 Comments

The Convention on Inter-Country Adoption was the product of lengthy negotiations between member states at the conference, as well as a vast number of invited non-member states and intergovernmental and non-governmental organisations. It recognises that inter-country adoption may well offer a child a family environment in circumstances where institutionalisation may be the only available alternative within the child's country of origin (art 4(a)–(*b*)). The subsidiarity principle, which requires that domestic alternatives for placement of the child be considered before the possibility of inter-country adoption, must be applied within the context of the best interests of the child. The Convention is not designed to encourage inter-country adoption. Its objective is to recognise the practice as an international phenomenon and to ensure that it is properly regulated in a manner that will safeguard the best interests of the child and respect for his or her fundamental human rights (art 1(a)).

In attempting to achieve this objective, the Convention creates a system of co-operation between states to ensure that safeguards are respected which will prevent various abuses of the inter-country adoption institution, such as the sale and abduction of children. Hence the Convention advances the objectives of the UNCRC of protecting children's rights and eliminating all forms of child exploitation.

A further aim of the Convention is to secure recognition of international adoptions under the Convention in all contracting states. While the Convention does not

require states to participate in inter-country adoptions, it sets out a procedure to be followed by contracting states where such an adoption is under consideration. The procedures are not exclusive, and contracting states are entitled to add to the Convention where they deem it appropriate. Contracting states accept the Convention as establishing minimum standards to be applied to inter-country adoptions, and retain the right to add to the provisions of the Convention in the best interests of the child.

The Convention does not resolve all controversial inter-country adoption issues, but strives to minimise abuses of the practice by engendering co-operation between states to eliminate exploitation of children, while facilitating the speedy conclusion of international placements where appropriate in the best interests of the child.

I believe that the *Fitzpatrick* case is clear evidence of the need for South Africa to consider accession to the Convention. The growing number of orphans in South Africa makes it imperative for Parliament to take immediate steps to facilitate the adoption of such children into a family environment as speedily as possible. This will require that authorities recognise the possibility that inter-country adoption may be the only option for some of these children.

CMA NICHOLSON
University of Pretoria

DIE STRAFREGTELIKE EFFEK VAN 'N VALSE VERKLARING DEUR 'N DOKTER AANGAANDE DIE DOODSOORSAAK NA AKTIEWE EUTANASIE

Hoge Raad 30 November 1999, *Tijdschrift voor Gezondheidsrecht*, 2000/200

1 Inleiding

Die feite in dié saak is kortliks soos volg: die beskuldigde, 'n uroloog werksaam in 'n hospitaal, is ten laste gelê dat hy opsetlik 'n pasiënt van sy lewe beroof het deurdat hy hom 'n totaal van 40ml kaliumchloried binne-aars, via die infuus waaraan hy gekoppel was, toegedien het as gevolg waarvan hy gesterf het. Die voorafgaande hof het beskuldigde hiervan vrygespreek. Laasgenoemde hof het beslis dat beskuldigde reageer het op die uitdruklike en ernstige verlange van die pasiënt en dat hy hom op die "verweer van aktiewe eutanasie" kon beroep. Die pasiënt het prostaatkanker van 'n gevorderde aard onder lede gehad, met die gevolg dat daar 'n pligtekonflik by beskuldigde ontstaan het en hy 'n keuse moes maak tussen eutanasering of die versaak van sy plig as dokter om die pasiënt, op sy versoek, van verdere ondraaglike en sinnelose lyding te bevry (sien in dié verband Labuschagne "Regstaatlike waardegradering van die menslike lewe en lewenskwaliteit: opmerkinge oor noodtoestand as verweer by aktiewe eutanasie" 2000 *THRHR* 133 137–138).

Die beskuldigde is ook ten laste gelê, en dit is as bewese verklaar, dat hy as geneesheer opsetlik op 'n valse wyse en in stryd met die waarheid 'n verklaring rakende die dood van die pasiënt, soos bedoel in artikel 7(1) van die Wet op de Lijkbezorging, afgelê het waarin hy as behandelende dokter verklaar het dat hy oortuig is dat die pasiënt as gevolg van 'n natuurlike oorsaak oorlede is. Hy was egter bewus daarvan dat die dood van die pasiënt nie as gevolg van die intrede van 'n natuurlike oorsaak was nie. Die beskuldigde het dit erken, maar daar is namens hom aangevoer dat die vervolger (*Openbaar Ministerie*) verhoed behoort te word om 'n vervolging in te stel op grond van die skending van die beginsels van 'n billike strafproses. In dié verband is in besonder 'n beroep gedoen op die skending van die *nemo teneturbeginsel*. Hierdie beroep is soos volg deur die voorafgaande hof verwerp:

> "De door de verdediging als zodanig aangeduide verbods- en gebodsnormen, voortvloeiend uit de Wet op de Lijkbezorging in samenhang met de daarop gebaseerde Meldingsprocedure Levensbeëindiging hebben de strekking te bevorderen dat artsen eigener beweging verslag doen van levensbeëindigend handelen; zij leggen niet een verplichting op een euthanaserende arts. Het . . . tenlastegelegde houdt niet in dat de verdachte een dergelijke verplichting heeft verzuimd, maar dat hij een valse verklaring heeft afgegeven. Het afgeven van een juiste verklaring is niet een handeling waardoor de arts zichzelf tot verdachte van een misdrijf zou bestempelen waartoe hij niet mag worden gedwongen. Het recht 'to remain silent' omvat niet het recht onwaarheid te spreken of valse verklaringen af te geven en het recht 'not to contribute to incriminating himself' omvat niet het recht alles te doen wat ertoe kan bijdragen een verdenking te vermijden of af te wenden" (par 3 2).

Beskuldigde beroep hom in finale instansie op die Hoge Raad (*HR*), die hoogste hof in Nederland. Die beslissing van die *HR* in dié saak word vervolgens teen die agtergrond van die Nederlandse reg onder die loep geneem. Daarna word enkele opmerkinge oor die Suid-Afrikaanse reg in dié verband gemaak.

2 Die Nederlandse reg

Artikel 294 van die Nederlandse Strafwetboek (*Sr*) lui:

> "Hij die opzettelijk een ander tot zelfmoord aanzet, hem daarbij behulpzaam is of hem de middelen daartoe verschaft, wordt, indien de zelfmoord volgt, gestraft met gevangenisstraf van ten hoogste drie jaren of geldboete van de vierde categorie."

Artikel 40*Sr* bepaal dat 'n (andersins) strafbare handeling waartoe die dader deur oormag (noodtoestand) gedwing is nie strafregtelike aanspreeklikheid tot gevolg het nie (Hazewinkel-Suringa en Remmelink *Inleiding tot de studie van het Nederlandse strafrecht* (1996) 296). Die *HR* het in 'n verskeidenheid beslissings oor 'n tydperk wat etlike dekades omspan die reël gevestig dat aktiewe eutanasie uitgevoer deur 'n geneesheer, na 'n innige doodsversoek deur 'n pasiënt wat aan 'n ongeneeslike siekte ly, onder die verweer van oormag of noodtoestand tuisgebring kan word. Ek het op verskeie van dié beslissings, soos dié verweer in Nederland ontvou het, in Suid-Afrikaanse tydskrifte kommentaar gelewer (sien bv "Dekriminalisasie van eutanasie" 1988 *THRHR* 167; "Aktiewe eutanasie en professionele hulpverlening by selfdoding van 'n psigiatriese pasiënt" 1995 *SALJ* 227; "Aktiewe eutanasie van 'n swaar gestremde baba: 'n Nederlandse hof herstel die *ius vitae necisque* in 'n medemenslike gewaad" 1996 *SALJ* 216; "Aktiewe eutanasie: mediese prerogatief of strafregtelike verweer?" 1996 *SALJ* 411; "Aktiewe eutanasie, hulpverlening by selfdoding en professionele verantwoordelikheid" 1997 *SALJ* 651; "Langtermyn gevangenisstraf, psigiatriese lyding en die reg op hulpverlening by selfdoding" 1998 *SALJ* 270). In 'n beslissing van 21 Junie 1994 (NJ 1994, 656 par 10 2) word die verweer van noodtoestand, in die konteks van 'n botsing van pligte, by aktiewe eutanasie soos volg verduidelik:

> "Bepalend voor het welslagen van dit verweer is het antwoord op de vraag of onder de gegeven omstandigheden de bewezenverklaarde gedraging van de verdachte gerechtvaardigd worden geacht, omdat daarbij is gehandeld in noodtoestand, dat wil zeggen – in het algemeen gesproken – dat de pleger van het feit, staand voor de noodzaak te kiezen uit onderling strijdige verplichtingen, de zwaarstwegende is nagekomen . . . Daarbij wordt aangetekend dat in het bijzonder een arts in noodtoestand kan komen te verkeren, wanneer hij of zij gesteld wordt voor de noodzaak te kiezen tussen enerzijds de plicht tot behoud van het leven en anderzijds de plicht om als arts al het mogelijke te doen om ondraaglijk en uitzichtsloos lijden van een aan zijn zorgen toevertouwde patiënt te verlichten. Bij de beoordeling van het beroep op noodtoestand dient onderzocht te worden of de arts, in het bijzonder volgens wetenschappelijk verantwoord medisch inzicht en overeenkomstig de medische ethiek geldende normen, uit onderling strijdige plichten een keuze heeft gedaan die, objectief beschouwd en tegen de achtergrond van de bijzondere omstandigheden van het onderhavige geval, gerechtvaardig is te achten."

In die saak onder bespreking is die beskuldigde onskuldig bevind vir sover dit sy beroep op noodtoestand, binne konteks van aktiewe eutanasie, betref. Dit blyk duidelik uit die feitestel dat voldoen is aan die vereistes wat in Nederland vir strafvrye eutanasie gestel word. Die *HR*, asook die voorafgaande howe in die onderhawige saak, onderskei suiwer tussen die gebeure wat die valse verklaring oor die doodsondersoek voorafgegaan het en die waarheid van die inhoud van die verklaring, dit wil sê die toepassing van die primitiewe *versari in re illicita*-leerstuk, ook in 'n "chronologies-omgekeerde" sin, word vermy.

Artikel 228(1)*Sr* lui soos volg:

> "De geneeskundige of verloskundige die opzettelijk een valse verklaring afgeeft nopens een geboorte, een oorzaak van overlijden dan wel nopens het al of niet bestaan of bestaan hebben van ziekten, zwakheden of gebreken, wordt gestraft met gevangenisstraf van ten hoogste drie jaren of geldboete van de vierde categorie" (sien ook Noyon, Langemeijer *et al Wetboek van strafrecht* Bk 2 (1997) 661).

Die *HR* wys ten aanvang daarop dat die beskuldigde nie versuim het om die doodsoorsaak van die pasiënt aan te meld nie, maar dat hy dit valslik aangemeld het. Die moontlike relevansie van die *nemo tenetur*-beginsel val volgens die *HR* gevolglik weg. Troùens, of dit hoegenaamd by die feite van die saak relevant is, is vir my onduidelik. Deur die maak van 'n valse verklaring aangaande die doodsoorsaak van die pasiënt het beskuldigde hom aan oortreding van artikel 228(1)*Sr* skuldig gemaak. Beskuldigde se appèl word ook deur die *HR* in dié verband afgewys. Waarom beskuldigde die valse verklaring aangaande die doodsondersoek afgelê het, blyk nie duidelik nie. Sy optrede met betrekking tot die dood van die pasiënt was tog immers regmatig! Sy onnodige *ex post facto* valse verklaring stel hom nie net aan 'n strafsanksie onderworpe nie, maar ook aan professionele tugmaatreëls met verreikende gevolge.

3 Die Suid-Afrikaanse reg en konklusie

Hoewel aktiewe eutanasie nog nie in Suid-Afrika toelaatbaar is nie, maak die globale opmars van individuele outonomie, as 'n grondwaarde van 'n menseregtelike bestel, die wettiging daarvan onvermydelik (sien hieroor Labuschagne "Die strafregtelike verbod op hulpverlening by selfdoding: 'n menseregtelike en regsantropologiese evaluasie" 1998 *Obiter* 45 57–60). Die opsetlike aflê van 'n valse verklaring aangaande die oorsaak van dood van 'n pasiënt sou binne die trefkrag van verskeie misdade in Suid-Afrika val (sien bv a 15, 17 en 31 van die Wet op Registrasie van Geboortes en Sterftes 51 van 1992; Snyman *Strafreg* (1999) 347–355. Vgl Labuschagne "Dekriminalisasie van meineed" 1991 *TRW* 20–48).

In die saak onder bespreking het die *HR* die vereistes vir 'n geldige beroep op aktiewe eutanasie as noodtoestandsverweer duidelik van die suspisiewekkende maak van 'n valse verklaring met betrekking tot die oorsaak van dood deur 'n geneesheer onderskei. 'n Chronologies-omgekeerde toepassing van die *versari in re illicita*-leerstuk, wat volgens die huidige stand van ons reg sonder enige regverdigbare morele of ander waardebasis is, is net so onaanvaarbaar en verwerplik as die tradisionele manifestasie daarvan (sien Swanepoel *Die leer van* "versari in re illicita" (1945) 1 *et seq*; *S v Van der Mescht* 1962 1 SA 521 (A); *S v Bernardus* 1965 3 SA 287 (A); Burchell *South African criminal law and procedure*, vol 1 (1997) 288–289). Juis as gevolg van die groot moontlikheid vir en die effek van misbruik moet, soos in die Nederlandse reg, streng prosedures vir toelaatbare aktiewe eutanasie gestel word. Die maak van 'n vals verklaring aangaande die oorsaak van dood van 'n pasiënt behoort, as sodanig, regtens afgekeur te word. By die vraag of toelaatbare aktiewe eutanasie, asook ander vorme van eutanasie, plaasgevind het, sou die maak van sodanige verklaring in gepaste omstandighede bloot bewysregtelike waarde hê, met ander woorde die hof sou daaruit, in samehang met ander getuienis, die afleiding kan maak dat die vereistes vir toelaatbare eutanasie nie nagekom is nie.

JMT LABUSCHAGNE
Universiteit van Pretoria

RE-AFFIRMATION OF THE DOCTRINE OF IMMUNITY OF MUNICIPALITIES AGAINST LIABILITY FOR WRONGFUL OMISSIONS ASSESSED AND REJECTED
Cape Town Municipality v Bakkerud 2000 3 SA 1049 (SCA)

1 Introduction

Surely very few areas, if any, of the South African law of delict have achieved the fame (or notoriety) associated with the area of liability for wrongful omissions on the part of local authorities, mostly municipalities. Every modern South African textbook dealing with the law of delict contains a discussion of the so-called "Municipality" cases in which the development from a strict "prior conduct" regime to the most elastic "legal convictions of the community" (or *boni mores*) approach is described. (See Boberg *The law of delict vol 1 – Aquilian liability* (1984) 41–46 212 217–222 232–234 236–237 239; Van der Merwe and Olivier *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* (1989) 31–42; Burchell *Principles of delict* (1993) 41–42; Van der Walt and Midgley *Delict – Principles and cases* vol 1 (1997) 71; Neethling, Potgieter and Visser *Law of delict* (1999) 58–61 70–71. Of the older works, cf Macintosh and Norman-Scoble *Negligence in delict* (1970) 143–148; McKerron *The law of delict* (1971) 71–79.)

Van der Walt and Midgley's concise description (71) of the principle of immunity of municipalities can be taken as our point of departure:

> "For many years the doctrine of previous conduct applied particularly to municipal authorities constructing roadways. In effect, municipalities were not liable for harm caused by mere omissions to repair or maintain a road. Liability arose only if a new source of danger had been introduced."

It is now familiar history that the judgment of Rumpff CJ in *Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 597 (A) dealt the final blow to the so-called "prior conduct" or "new source of danger" rule in respect of delictual liability for omissions in general. Although this case did not deal specifically with a municipality as defendant, subsequent judgments of provincial divisions of the supreme court (in particular *Van der Merwe Burger v Munisipaliteit van Warrenton* 1987 1 SA 899 (C) 907I–908B; *Rabie v Kimberley Munisipaliteit* 1991 4 SA 243 (NC) 258I–J; *Butters v Cape Town Municipality* 1993 3 SA 521 (C) 528H–J; and *Cape Town Municipality v Bakkerud* 1997 4 SA 356 (C) 369E–371C) interpreted it as being of general application, thus abrogating the stranglehold of the *omissio per commissionem* rule in the context of defendant municipalities. As Burchell (42) points out with regard to the *Van der Merwe Burger* case in particular, one can now conclude that the importance of all these judgments lies in the fact that they have shown the way to the Supreme Court of Appeal "to reassess the restrictive approach of *Halliwell* [viz *Halliwell v Johannesburg Municipal Council* 1912 AD 659, the *locus classicus* in respect of the 'prior conduct' doctrine] which is out of keeping with the spirit of *Ewels*". It is rather astonishing that the issue of a possibly different dispensation for defendant municipalities in the context of liability for omissions had to wait until the last year of the second millennium, which marks the silver jubilee of the *Ewels* judgment, for our highest court to hand down an authoritative judgment.

2 Facts

The plaintiff was an elderly woman who sustained injuries when she stepped into a pothole in a sidewalk in Sea Point, Cape Town, while walking along the pavement of the street in which she resided. The hole which caused her to stumble was about 15 centimetres in diameter and 10 centimetres deep; this dangerous state of affairs had existed for a period of at least six months prior to her mishap. The legislation in terms of which the defendant municipality had constructed the road and sidewalk in question empowered, but did not oblige, the defendant to construct, maintain and repair streets and pavements within its area of jurisdiction. The plaintiff successfully claimed damages from the defendant in the magistrate's court, without the court ordering a reduction of the amount on account of any measure of contributory fault on her part. The defendant's appeal to the full court of the Cape Provincial Division was essentially unsuccessful, as that court found that the defendant's (appellant's) failure to take steps to guard against an occurrence like the present, constituted a wrongful, negligent omission towards the plaintiff (respondent). The appeal succeeded only in the sense that the plaintiff's amount of damages was reduced by 50 per cent in terms of section 1(1)(a) of the Apportionment of Damages Act 34 of 1956.

The Cape Town Municipality obtained leave to appeal to the Supreme Court of Appeal. The importance to it, as a local authority, of the principle of law involved in imposing a legal duty to repair streets and pavements in its area of jurisdiction swayed the court *a quo* to grant the leave applied for. The scenario was that of the typical test case: the plaintiff (respondent) was not represented by counsel in the court *a quo* or even in the proceedings before the Supreme Court of Appeal and no cost order was sought against her by the defendant (appellant) (1054A–C). It is also noteworthy that no evidence was given on behalf of the municipality. Everything

hinged upon a finding as to the relevant broad principle: counsel for the appellant adopted the position that his client, the municipality, would be liable to the respondent in delict, unless the immunity conferred by the municipality cases – namely that the prior conduct rule still applies where a claim based on an omission is instituted against a municipality – was re-affirmed (1061D–E).

3 Judgment

On the facts available to him, Marais JA found for the respondent (1061B–E):

> "In the present case there is very little in the way of evidence to go on when it comes to deciding whether or not it should be held that the municipality was under a legal duty either to repair these holes or to warn the public of their existence and that its failure to do either was negligent. However, there is just enough to warrant a finding that it was. Sea Point is a densely populated suburb. The pavement abutted on residences and would have been in constant use. There were two holes in close proximity to one another and they were not shallow. There was also a pole near the holes from which a wire cable ran which was attached to the pavement in the vicinity of the holes. It had the effect of shepherding a passer-by in the direction of the holes. The pavement was relatively narrow. The holes had been there for many months . . . In the circumstances, it is unnecessary to subject to any further scrutiny the factual foundation for the existence of a legal duty and a finding that there was *culpa* in failing to fulfil it."

In dismissing the appeal, the court in effect found that the appellant's failure to guard against the respondent's injuries constituted a breach of its legal duty to take precautionary measures (which breach constituted wrongful conduct on its part), for which it could be blamed in law (the element of negligence being established).

4 Appraisal of judgment

4 1 The court's failure to refer to current academic opinion explicitly

The *ratio decidendi* of Marais JA's judgment contains a preliminary, general overview (1054D–1057G) of the issue of delictual liability of municipalities for omissions (termed a "prelude" by the judge himself – 1057H), followed by an application of principle to the omission in issue in the specific case (1057H–1061E). In respect of his exposition of the applicable principles of the law of delict in this field, it is quite startling that the judge refrained from referring in so many words to even a single modern South African textbook on delict, while specifically referring to a mere three articles in legal journals (of which only two are of South African authors – both members of the judiciary, thus not academics, *strictu sensu* – namely Amicus Curiae in 1976 *SALJ* 85 (1056 fn 9) and Corbett in 1987 *SALJ* 52 (1057D; this publication is a record of a public lecture by Corbett JA), the other being of Anglo-American origin (1055 fn 6)). He expressed his intention on this methodology as follows (1054D):

> "The legal literature on the wider topic of liability for omissions generally has burgeoned over the years and has by now reached formidable proportions. Nothing short of a doctoral dissertation can do justice to it all. What follows is a blend of my own observations and what can be gleaned from the more recent cases decided in this and other Courts in South Africa and elsewhere, and from the preponderance of legal writing in the textbooks and journals."

One can wholeheartedly agree with the judge that the literature on this topic has "reached formidable proportions". His observation on the need of a doctoral dissertation in which justice can be done to the subject is, however, rather unfortunate: he was obviously unaware that a formidable doctoral thesis in which the

present problematic field is thoroughly treated over 682 pages, was completed as far back as 1979 – four years after the *Ewels* judgment (Kemp *Delictual liability for omissions* (unpublished thesis, UPE). In Boberg's treatment of the subject, this work is, however, specifically referred to (216). It is the occurrence of this type of omission which causes sympathy for the difficult task of a judge who has to rely on the spadework of the advocates pleading before him; in this case Marais JA pointedly lamented the fact that the respondent had no legal representation (1054C). (It is indeed a pity that Marais JA missed the opportunity to consult Kemp's thesis. Kemp treats the *omissio per commissionem* doctrine in depth (214–264; see 4 3 *post*).)

Two further observations concerning the judge's treatment of academic sources can be made here: First, on the introduction of the test of the "legal convictions of the community" for wrongfulness by Rumpff CJ in the *Ewels* case, he stated that it "has not been universally acclaimed" (1056H); as authority he referred to the article by Amicus Curiae (*supra*) in a footnote (9), adding to the reference the information that this was the *nom de plume* of the distinguished Colman J, for which piece of bibliographical data he further referred to the encyclopaedic *The law of obligations – Roman foundations of the civil tradition* by Zimmermann (1046 fn 299). However, the reference is clearly erroneous: that footnote merely contains a reference to the *Ewels* judgment; the correct source for the information concerning Colman J's *nom de plume* is Hutchison's contribution in Zimmermann and Visser *Southern Cross – civil and common law in South Africa* 628 fn 233! (This work was referred to by Marais JA at 1057 fn 10.) Secondly, his reference to sources as authority for the statement that the *Ewels* test "has been welcomed by most" (*ibid*) was to the work edited by Zimmermann and Visser (625 fn 225) referred to above. Hutchison there merely states: "See the writers listed by Boberg (n 68), 266." This is indeed a quite novel way of utilising a secondary source! Why did the judge not refer to Boberg's work in the first place?

If one were to seek the judge's failure to refer to standard text books and contemporary contributions in the law journals in the English custom of avoiding references to living authors (academics), this does not explain his treatment of the products of the mind of one so eminent as the late Paul Boberg. That Marais JA was probably not following a custom such as the one just referred to, is evidenced by the fact that he did refer to two very eminent living academics, Zimmermann and Visser (by implication to a third, if Hutchison, who wrote the relevant part in this compilatory work but who is never mentioned by name, is added). Or does the fact that the works under the name of the latter authors can be described as "descriptive" and not "contentious" (as some of the other works may in some respects be typified) play a role in this regard? One can simply continue endlessly endeavouring to find an explanation for the judge's approach to contemporary academic writing. It is suggested that no clear methodology to explain the lack of reference to standard works and contributions in legal journals emerges from this judgment. (For a different judicial approach which explicitly takes cognisance of the fruits of labour of academics, there is a plethora of examples from the reported judgments: see eg *Sachs v Donges* 1950 2 SA 265 (A); *Administrateur, Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 825 (A); *Christian League of Southern Africa v Rall* 1981 2 SA 821 (O); cf further Hahlo and Kahn *The South African legal system and its background* (1973) 324–325; Hosten, Edwards, Bosman and Church *Introduction to South African law and legal theory* (1995) 526–507; Steyn 1967 *THRHR* 101; Rabie 1983 *De Jure* 21; Nienaber 2000 *TSAR* 190.)

Returning to Marais AJ's remark concerning the existence of a large body of academic writing on this topic (1064D, quoted above), one must assume that he read and digested what was readily available (ie virtually all the South African sources). In this light his final conclusion in declining to re-affirm the doctrine of immunity of municipalities is precisely what one would have expected. Had he come to another decision, this would have run counter to the overwhelming majority of contemporary academic writings (as to textbooks alone, see Boberg 234 *in notis*; Van der Merwe and Olivier 42; Burchell 42 *in fine*; Van der Walt and Midgley 71; Neethling, Potgieter and Visser 61 *in fine*).

4 2 The "prelude" continued: the wrongfulness issue

> "an unwillingness to look beyond the immediate effects of a statutory provision on an individual complainant or group of individuals, and see the broader social picture – an unwillingness to subject the assumptions underlying such a provision to critical scrutiny".[103]

5 CONCLUSION

In their commentary on section 8 (IC), Catherine Albertyn and Janet Kentridge[104] remarked, somewhat prophetically:

> "It would be ironic if economic regulation cases dominated the anti-discrimination litigation of South Africa's first Bill of Rights. Moreover, there is some danger that

98 34–35.
99 35.
100 Para 123, quoted at 36.
101 38.
102 39.
103 40.
104 "Introducing the right to equality in the interim Constitution" 1994 *SAJHR* 149.

> such cases could tilt the interpretation of s 8(2) toward a formal conception of equality, making it harder for disadvantaged groups to use the clause to address pervasive systemic discrimination. That danger should be countered by adopting an approach which is attuned to the moral and political commitments underlying the anti-discrimination provisions and the Constitution as a whole."[105]

It is indeed unfortunate that the cases in which the benchmark for our equality jurisprudence was set were based on facts that did not readily lend themselves to debate about fundamental equality issues. (On the other hand, of course, one could argue that this was a blessing in disguise: at least they gave the court an opportunity to construe the equality provision in a climate not so emotionally charged that it could cloud the issues! However, I am inclined to think that the nature of the facts in *Prinsloo* and *Harksen*, in particular, was an obstacle rather than an advantage.)

There appears to be consensus among commentators about the following: first of all, that the dignity-based approach is flawed, since it defines one vitally important fundamental right in terms of another. While this may often yield satisfactory results in practice, it tends to limit the scope of the equality right. The shortcomings of this approach manifested themselves even in the early stages of our jurisprudence: the court in *Harksen* was obliged to extend the dignity criterion (in cases of discrimination on unspecified grounds) to "an impairment of a comparably serious nature". The question whether and to what extent juristic persons can claim the benefits of the equality provision had not arisen at this stage, but the application of the dignity criterion would seem to have created serious obstacles to such protection from the outset.[106]

Secondly, the majority in *Hugo* and in *Harksen* appear to have been reluctant to break away from stereotypical and traditional thinking about gender issues and roles (despite all protestations to the contrary).

Cowen, commenting both on the judgments themselves and on the debate that followed, expresses the concern that "dignity as a value and right lacks a sufficiently clear meaning to serve usefully as the dominant conceptual tool in reasoning related to the equality right".[107] She suggests that some of the criticism would fall away if the issues raised by the critics were to be understood, not as aspects of equality, but "as aspirations that fit into a forward-looking conception of dignity".[108] In short, she argues that it is the *value* of dignity, and not the section 10 *right* to dignity, that must inform the equality analysis. The value of equality, according to Cowen, cannot serve this purpose, because equality is a comparative concept, and one that necessarily relates to the distribution of a good, or to the patterns of its distribution.

---

105 169, footnotes omitted.

106 See Swart "An outcomes-based approach to the interpretation of the right to equality" 1998 *SA Public Law* 217; "The constitutional criteria for legislative differentiation in the economic sphere – an appraisal of judicial deference towards the legislature after *Jooste v Score Supermarket Trading*" 1999 *SA Merc J* 250; and "The requirements for the utilisation of assessed losses by companies – rational policy or muddled thinking?" (forthcoming).

107 37.

108 44. She refers specifically to Davis's description of equality as a value "which seeks to promote a democratic society that recognises and promotes difference and individual as well as group diversity and thereby exhibits *a commitment to ensuring that all within society enjoy the means and conditions to participate significantly as citizens*" ("Equality: the majesty of legoland jurisprudence" 1999 *SALJ* 398 413–414; Cowen's emphasis) and the comment by Albertyn and Goldblatt that equality should promote and protect "the ability of each human being to *develop to his or her full human potential* . . ." and the need for laws to *"facilitate each person's ability to be full social citizens* of our new democracy" (Albertyn and Goldblatt 254; Cowen's emphasis).

Dignity as a value, by contrast, is in line with the Kantian ideal that persons should be treated as ends and not as means.[109] She also questions the validity of the argument that dignity is too individualistic a value to serve a transformative function:

> "There is a suggestion in the critiques that dignity is somehow to be equated with protection of freedom and autonomy and thus its adoption as the polestar of equality might hinder or discourage positive steps to effect economic change and to address material disadvantage . . . Dignity as a concept does not exclude – indeed it requires – acknowledgment of the relationship between human worth and material position. The use of dignity as a concept can therefore serve to encourage, rather than hinder, a substantive equality analysis because it permits, and arguably requires, thought to be given to structural and economic factors underlying disadvantage and economic power relations."[110]

In other words, she says, "dignity is capable of serving purposes that are not limited to protecting individual or even collective autonomy".[111]

This is a most interesting approach, and one that merits serious consideration. It cannot be denied that the Constitution does not only protect the *right* to dignity, equal protection and benefit of the law, and freedom; it repeatedly emphasises the *values* of human dignity, equality and freedom. It is trite that these values can both be in tension with one another and complement one another. It is also generally accepted that they underlie all the rights protected in the Bill of Rights. It may therefore be argued that *all* these values should be considered in the analysis of *any* constitutional right and not only in the limitation of any right (as required by section 36(1)). Where there is no internal modifier or qualifier attached to a particular right, it may amount to overkill if the three values mentioned above are considered at the threshold stage; but there is surely a case to be made out for their introduction at the first stage where the right is not couched in unqualified terms.

To return to the equality right more specifically: if the value of dignity may be said to inform any enquiry into discrimination, does it not perhaps follow that the value of freedom should be considered as well? The right not to be discriminated against may, on the one hand, appear to be obstructed by the value of freedom (whether in the form of individual or collective autonomy); but can one not also argue that equality is inconceivable without freedom (and *vice versa*)?

It is clear that the three cases under discussion cannot be said to have spoken the last word about the role of dignity in the enforcement of the equality right – nor would the members of the Constitutional Court profess that they have done so.

Some important criticism has been levelled against the court's approach in the three cases under discussion: in two of them (*Hugo* and *Harksen*) there are reservations about the outcome itself and about their implications for future cases. On the other hand, there can be no doubt about the Constitutional Court's commitment to the establishment of a moral basis for the application of the equality clause, one that is consonant with the values of the Constitution and takes into account the historical and social context within which the Constitution operates. (Nor has the task been made any easier by the way in which the equality clause has been worded, both in the interim Constitution and in the 1996 Constitution.)

---

109 See Ackermann J "Equality and the South African Constitution: the role of dignity" Bram Fischer memorial lecture, 2000-05-26.

110 51.

111 53.

AANTEKENINGE

BESKERMING VAN MINERAALREGTE: 'N *SATYAGRAHA*?*

"Non-violence is the greatest force at the disposal of mankind. It is mightier than the mightiest weapon of destruction devised by the ingenuity of man."

Mohandas Gandhi

1 Inleiding

Transformasie van die Suid-Afrikaanse mineraleregstelsel word in die vooruitsig gestel deur die regering se konsep *Mineral Development Draft Bill, 2000* wat onlangs vir openbare kommentaar in die *Staatskoerant* gepubliseer is (AK 4577 GG 21840 2000-12-18. Die wetsontwerp is in Engels. Sien verder Badenhorst "Mineral rights: 'Year Zero' cometh?" 2001 *Obiter* 119; Badenhorst en Malherbe "The constitutionality of the Mineral Development Draft Bill" 2001 *TSAR* 3). Alhoewel die oorgangsmaatreëls in die wetsontwerp 'n mate van beskerming bied, sal die wet by aanname 'n nadelige uitwerking hê op houers van mineraalregte (en ander regte). Aan die ander kant bestaan daar ook verwarring omrede sommige houers van mineraalregte moontlik onder die indruk verkeer dat alle mineraalregte deur die regering "weggevat" gaan word. Onkunde oor die toekoms van mineraalregte kan lei tot die neem van verkeerde besluite (en selfs uitbuiting) indien houers van mineraalregte voor inwerkingtrede van die voorgestelde wet deur mynboumaatskappye omtrent die verkryging van regte genader sou word.

Hierdie bespreking kyk na maniere waarop houers van mineraalregte hulle regte teen die aanvanklike uitwerking van die voorgestelde wet (en foutiewe besluite) kan beskerm. Beskerming van mineraalregte teen die voorgestelde *Mineral Development Draft Bill* herinner mens aan Mohandas Gandhi se *Satyagraha* oftewel passiewe weerstand teen die Britse regering se soutbelasting en verbod op Indiërs om hulle eie sout in Indië te vervaardig. Gedurende 1930 het Gandhi met duisende volgelinge sy beroemde sout-opmars na Indiese kusdorpe gelei waar hulle sout deur middel van die verdamping van seewater vervaardig het. Ten spyte van arrestasies, aanranding en moord op sy volgelinge het niemand gewelddadig teruggeveg nie. Na Gandhi se arrestasie en toegewings deur die Britse regering, het hy sy sout-*satyagraha* afgelas.

---

* Verwerking van die teks, "Beskerming van mineraalregte" wat in die *Landbouweekblad* van 2001-08-17 verskyn het en gepubliseer met goedgunstige toestemming.

Die bespreking moet bloot as 'n voorlopige standpunt beskou word. Daarbenewens is die wetsontwerp, in sy huidige vorm, in verskeie opsigte ongrondwetlik en sal die konsep waarskynlik nog aangepas word (sien verder Badenhorst en Malherbe 2001 *TSAR* wat tot die slotsom raak dat die wetsontwerp vir doeleindes van sowel die eiendomsklousule (a 25) as die algemene beperkingsklousule (a 36), saamgelees met a 25(8) van die Grondwet, ongrondwetlik is). Die finale wetsontwerp sal waarskynlik ook eers deur die Konstitusionele Hof onder oë geneem word. Die tyd sal leer wat die finale inhoud van die *Mineral Development Act* sal wees. Met die filosofie van die wetsontwerp in die agterkop sou toekomsbeplanning in die gees van 'n mineraalregte-*satyagraha* egter gedoen kan word.

2 Mineraalregte in die huidige bestel

2 1 Eiendomsreg van grond kan "mineraalregte" as bevoegdheid insluit. Mineraalregte kan egter op verskillende wyses van die eiendomsreg van grond geskei word, naamlik registrasie van 'n sertifikaat van mineraalregte (a 70(1) van die Registrasie van Akteswet 47 van 1937 (hierna "Akteswet"); Jones en Nel *Conveyancing in South Africa* (1991) 420; Heyl *Grondregisrasie in Suid-Afrika* (1977) 190; Laurens *Inleiding tot die studie van aktebesorging* (1988) 110–111; Badenhorst "*Du Preez v Beyers* 1989 1 SA 320 (T); *Beyers v Du Preez* 1989 1 SA 328 (T) – Minerale regte en eiendomsreg – skeiding en samesmelting" 1989 *De Jure* 479 380–382; "Klassifikasie van mineraalregte" 1994 *THRHR* 34–35; *An introduction to the law of mineral rights* 2.1–2.4), 'n sessie van mineraalregte (a 3(1)(m) en a 16 van die Akteswet; Jones en Nel *Conveyancing* 410–411; Laurens *Aktebesorging* 110) en onteiening van mineraalregte of blote eiendomsreg (a 8(1) van die Onteieningswet 63 van 1975; sien verder a 32 en 70(3) van die Akteswet; Badenhorst *Mineral rights* 2–4). Afgeskeide mineraalregte voer 'n afsonderlike bestaan met 'n eie titelakte (a 70(4) van die Akteswet; Franklin en Kaplan *The mining and mineral laws of South Africa* (1982) 15; Kleyn en Boraine *Silberberg and Schoeman's The law of property* (1992) 412). 'n Mineraalreg behels dat die houer van die reg bevoeg is om vir ontginningsdoeleindes op die grond te gaan, te prospekteer en te myn vir minerale (a 5(1) van die Mineraalwet 50 van 1991 (hierna "Mineraalwet"); *Van Vuren v Registrar of Deeds* 1907 TS 294 295; *Rocher v Registrar of Deeds* 1911 TPD 311 316; *Ex parte Pierce* 1950 3 SA 628 (O) 634C–D; *Erasmus v Afrikander Property Mines Ltd* 1976 1 SA 950 (W) 956E; *Trojan Exploration Co (Pty) Ltd v Rustenburg Platinum Mines Ltd* 1996 4 SA 499 (A) 509G–H).

2 2 Mineraalregte kan by vervreemding oorgedra word deur registrasie van sessie van mineraalregte in die akteskantoor (a 3(1)(m) en a 16 van die Akteswet). Die houer van mineraalregte is ook bevoeg om teen vergoeding regte aan 'n ander persoon te verleen. So kan 'n prospekteerreg, teen betaling van prospekteergeld, aan 'n prospekteerder deur die sluiting van 'n prospekteerkontrak verleen word (formaliteite kragtens a 2(1) van die Wet op die Vervreemding van Grond 68 van 1981 moet nagekom word. Vorderingsregte, waaronder 'n prospekteerreg, kom tot stand by sluiting van die ooreenkoms). Die prospekteerder verkry dan die bevoegdheid om op die grond te prospekteer. Insgelyks kan 'n mynreg, teen betaling van tantième, by sluiting van 'n notariële mineralehuurkontrak aan 'n mynboumaatskappy gegee word (a 3(1) van die Algemene Regswysigingswet 50 van 1956. 'n Onderhandse mineralehuurkontrak is nietig: *Fuls v Leslie Chrome (Pty) Ltd* 1962 4 SA 784 (W) 787A–B; *Nortje v Pool NO* 1966 3 SA 96 (A) 111A 126–127; *Bellville-Inry (Edms) Bpk v Continental China (Pty) Ltd* 1976 3 SA 583 (C) 585H–588G; *Roets v Secundior Sand BK* 1989 1 SA 902 (T) 904G–H; *Malan v Strauss*

1994 4 SA 179 (NC) 189E–F; sien Dale "Contracts relating to prospecting and mining" in Lowe *et al* in Elliot *The South African notary* (1987) 235; Badenhorst en Van Heerden "Betekenis van die woord mineraal" 1989 *TSAR* 452 456–457. By notariële verlyding kom vorderingsregte, naamlik 'n prospekteerreg en 'n mynreg tot stand). Die mynbouer verkry die bevoegdhede om op die grond te prospekteer en te myn. Prospekteerkontrakte (a 3(1)(q) van die Akteswet) en mineralehuurkontrakte (a 3(1)(m) en a 77(1) van die Akteswet) is registreerbaar in die aktekantoor (by registrasie kom saaklike regte, naamlik 'n prospekteerreg en 'n mynreg (a 3(1) van die Algemene Regswysigingswet 50 van 1956) onderskeidelik tot stand. In *Vansa Vanadium SA Ltd v Registrar of Deeds* (1997 2 SA 784 (T) 794G 795I–J) is egter beslis dat 'n prospekteerkontrak nie by registrasie saaklike regte skep nie. Sien Nel *Prospekteerregte in die Suid-Afrikaanse mineraal- en mynreg* LLD proefskrif Unisa (1994) 551–552 en Dale "Mining law" 1996 *Annual Survey* 412 423–424. Sien egter Franklin en Kaplan *Mineral laws* 16–21; Badenhorst en Olivier "Die aard van regte ingevolge 'n prospekteerkontrak" 1997 *TSAR* 583 586–589; Badenhorst "Mining and minerals" 1999 (vol 18) *LAWSA* 14–15).

2 3 Voordat enige persoon mag prospekteer, moet 'n prospekteerpermit van die streekdirekteur van Mineraal- en Energiesake verkry word (a 6(1) van die Mineraalwet 50 van 1991). 'n Ontginningsmagtiging moet ook van die streekdirekteur verkry word alvorens vir die betrokke mineraal of minerale gemyn mag word (a 9 van die Mineraalwet). Oorleg vind plaas met die hoofinspekteur (aangestel ingevolge a 48 van die Wet op Gesondheid en Veiligheid in Myne 29 van 1996) ten einde te verseker dat mynbou op 'n veilige en gesonde wyse beoefen sal word (a 39(3) van die Mineraalwet). Prospektering en mynbou kan ook nie begin alvorens 'n omgewingsbestuursprogram aan die streekdirekteur vir goedkeuring voorgelê is nie (a 39(1)). Oorleg vind plaas met ander staatsdepartemente voordat die omgewingsbestuursprogram goedgekeur word (a 39(3)). Rehabilitasie van die grond moet as 'n integrerende deel van die prospekteer- of mynwerksaamhede en ooreenkomstig die omgewingsbestuursprogram plaasvind (a 38(1). "Rehabilitasie" van die grondoppervlak en die omgewing word in a 1 van die Mineraalwet omskryf as "die uitvoering tot die tevredenheid van die streekdirekteur deur die houer van die prospekteerpermit of ontginningsmagtiging van die ongewingsbestuursprogram . . ."). Die rol van die staat is dus om die groen lig te verleen om verkreë regte te kan uitoefen en nie om regte toe te ken nie (Kaplan en Dale *'A guide to the Minerals Act 1991* (1992) 11; sien verder Badenhorst en Van Heerden "A comparison between the nature of prospecting leases in terms of the Precious Stones Act 73 of 1964 and prospecting permits in terms of the Minerals Act 50 of 1991 – *Ondombo Beleggings (Edms) Bpk v Minister of Mineral and Energy Affairs*" 1993 *TSAR* 159 165–168). Goedkeuring vir die uitoefening van regte moet onderskei word van die gevalle waar die staat self mineraalregte hou en vervreem (sien a 64(1) van die Mineraalwet) of prospekteer- of mynregte verleen (a 6(3) en 9(2) onderskeidelik).

2 4 Die eienaar van die grond is die eienaar van die minerale in die grond totdat die minerale geskei word van die grond (*Van Vuren v Registrar of Deeds supra* 259; *Rocher v Registrar of Deeds supra* 315; *Natal Cambrian Collieries v Durban Navigational Colleries Limited* 1925 NPD 27 32; *Union Government (Minister of Railways and Harbours) v Marais* 1920 AD 240 246; *Neebe v Registrar of Mining Rights* 1902 TS 65 85; *Gluckman v Solomon* 1921 TPD 335 338; en *Odendaalsrus Gold, General Investments and Extensions Limited v Registrar of Deeds* 1953 1 SA 600 (O) 604E). Die eiendomsreg van die grond kan egter onderworpe wees aan 'n afsonderlike mineraalreg. Wanneer minerale van die grond geskei word, verkry die houer van 'n mineraalreg of 'n mynreg (kragtens 'n notariële mineralehuurkontrak)

wat die minerale myn, eiendomsreg van die minerale (*Trojan Exploration Co v Rustenburg Platinum Mines Ltd supra* 509J–510A; Dale *An historical and comparative study of the concept of acquisition of mineral rights* LLD-proefskrif Unisa (1979) 79–81; Badenhorst "Mining of mixed minerals – *Trojan Exploration Co (Pty) Ltd v AFC Investments Ltd*" 1995 *TSAR* 570 573–574; "Trojan trilogy: I Competing mineral rights" 1998 *Stell LR* 143 147–150).

3 Nuwe bedeling

3 1 As nuwe bedeling, word in die onderhawige konteks onder andere, beoog om:

(a) die gemeenregtelike mineraalreg en eiendomsreg van minerale te wysig (kl 2(j));

(b) erkenning te verleen aan die staat se voogdyskap van die nasie se mineraalbronne (kl 2(b));

(c) erkenning te verleen aan die universeel erkende reg van die staat om permanente soewereiniteit oor alle mineraalbronne uit te oefen (kl 2(i));

(d) gevolg te gee aan die staat se grondwetlike plig tot aanname van wetgewing om grondhervorming te bewerkstellig (a 25(8) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996) en om die regte van persone wat in die verlede deur diskriminasie benadeel is te bevorder (a 9(2) van die Grondwet) (kl 2(a)(ii));

(e) sekuriteit van titel ten aansien van aktiewe prospektering en mynbouwerksaamhede te verseker (kl 2(f) en 89(a));

(f) geleenthede vir histories agtergeblewe persone te skep om tot die mynboubedryf toe te tree of om baat te vind by die ontginning van die nasie se mineraalbronne (kl 2(e)). Sien ook kl 89(d). ('n "Histories agtergeblewe" persoon ("historically disadvantaged" person) word in kl 1(xvii) soos volg omskryf: "a person who: (a) is one of a category of individuals who, before the Constitution of the Republic of South Africa, 1993 came into operation, were disadvantaged by unfair discrimination on the basis of race; (b) is an association, a majority of whose members are individuals referred to in paragraph (a); (c) is a juristic person other than an association, and individuals referred to in paragraph (a) own and control a majority of its issued capital or members' interest and are able to control a majority of its votes; or (d) is a juristic person or association, and persons referred to in paragraphs (a), (b) or (c) own and control a majority of its issued share capital or members' interest and are able to control a majority of its votes");

(g) te verseker dat billike toegang tot die nasie se mineraalbronne bevorder word (kl 89(c));

(h) ekonomiese groei en ontwikkeling van mineraalbronne te bevorder (kl 2(c)).

3 2 Die nuwe bedeling wat in die vooruitsig gestel word, het in die huidige konteks kortliks die volgende tot gevolg:

(a) Die eiendomsreg van minerale (wat nog nie fisies van die grond geskei is nie), word in die staat gevestig (kl 3(1). Die klousule verwys na "mineral resources", welke begrip nie in die wetsontwerp gedefinieer word nie. Daar word vermoed dat die begrip met verwysing na die definisie van "mineral" gebruik word).

(b) Die begrip "mineraal" word wyd gedefinieer om stowwe soos sand, klip, gruis en klei in te sluit. Alhoewel grond ook by die definisie van mineraal ingesluit is,

word "bogrond" en, onder andere, water en veen daarvan uitgesluit (kl 1(xx). Die begrip "bogrond" ("topsoil") word omskryf as

> "that layer of soil covering the earth and which provides a suitable environment for the germination of seed, allows the penetration of water, is a source of micro-organisms, plant nutrients and in some cases seed, and a depth of 0.5 metre or any other depth as may be determined by the Director: Mineral Development for each prospecting or mining area" (kl 1(xliv)).

"Aardgas"("natural oil") en "petroleum" ("petroleum") word ook uitgesluit, maar tans buite rekening gelaat. Met ander woorde, die grondeienaar bly slegs eienaar van bogrond, veen en water!

(c) Die Minister van Mineraal- en Energiesake is bevoeg om prospekteer- en mynregte aan aansoekers te verleen (kl 3(2)(b)). Ontginningsregte word dus deur die staat toegeken.

(d) 'n Prospekteerreg word (aanvanklik) vir 'n tydperk van vyf jaar toegeken (kl 33(1)). 'n Prospekteerreg mag vir 'n verdere tydperk van drie jaar verleng word (kl 33(2)).

(e) 'n Mynreg word (aanvanklik) vir 'n tydperk van 25 jaar toegeken (kl 45(1)). 'n Mynreg kan vir 'n verdere tydperk van 25 jaar verleen word (kl 45(2)).

(f) Die houer van 'n prospekteerreg is geregtig om by aansoek 'n mynreg van die staat te verkry (kl 5(3)).

(g) Die Minister is by nie-nakoming van die regsvoorskrifte bevoeg om die prospekteerreg of mynreg te kanselleer of op te skort (sien kl 10).

(h) By die toekenning van prospekteer- en mynregte moet voorkeur aan histories agtergeblewe persone gegee word (kl 3(4)).

(i) Die houer van 'n prospekteer- of mynreg is bevoeg om vir ontginningsdoeleindes die grond te betree, te prospekteer en te myn vir die betrokke mineraal (kl 5(1)).

(j) 'n Prospekteerreg of mynreg is slegs oordraagbaar met skriftelike toestemming van die Minister, na voorlegging van omvattende redes vir die oordrag van regte (kl 61(1)).

(k) Die Minister is bevoeg om vergoeding vir die verlening van prospekteer- en mynregte te bepaal (kl 3(2) (c)).

(l) Niemand mag prospekteer of myn nie voordat 'n omgewingsinvloedstudie deur die applikant gedoen is (kl 67(1) en 66), 'n omgewingsbestuursprogram deur die Direkteur: Minerale Ontwikkeling goedgekeur is (kl 5(2)(i) en 67(1) en 3(c)) en die Minister die Direkteur se toekenning van 'n prospekteer- of mynreg goedgekeur het (kl 5(2)(ii)).

4 Oorgangsmaatreëls

4 1 Die nuwe bedeling moet gesien word teen die agtergrond van oorgangsmaatreëls wat daarop gemik is om beskerming te verleen aan *aktiewe* prospekteer- en mynwerksaamhede (kl 2(f) en 89(a)). Met ander woorde, prospekteerders en mynhuise wat aktief op grond prospekteer of myn, sal titelbeskerming geniet. Volgens 'n koerantberig ("Mineral Bill players make 'breakthrough'" *EP Herald* 2001-06-12 9) lyk dit ook asof 'n "verstandhouding" oor die konsepwet tussen die mynhuise en die Departement van Mineraal- en Energiesake bereik is. Na inwerkingtrede van die Wet, behels die oorgangsmaatreëls vir sulke instansies kortliks die volgende:

(a) 'n Prospekteerpermit (ingevolge die Mineraalwet) bly vir twee jaar geldig, as 'n prospekteerreg (kl 91(1) en 88(1)(ii)). Voor afloop van die twee-jaar-periode moet die houer van die permit by die Departement om 'n prospekteerreg of mynreg (ingevolge die voorgestelde wet) aansoek doen (kl 91(2)). 'n Prospekteerpermit bly geldig, as prospekteerreg, hangende die aansoek (kl 91(3)). By versuim om aansoek te doen (kl 91(4)(a)) of by 'n ministeriële besluit omtrent die aansoek (kl 91(4)(b)), hou die onderliggende mineraalreg op om te bestaan. By beëindiging van die mineraalreg of weiering van die Minister om 'n prospekteerreg toe te ken, is die Minister bevoeg om 'n prospekteerreg aan enige applikant toe te ken (kl 95(1)).

(b) 'n Ontginningsmagtiging (ingevolge die Mineraalwet) bly geldig, as 'n mynreg vir vyf jaar (kl 93(1) en 88(iii)). Voor afloop van die vyf-jaar periode moet die mynbouer om 'n mynreg (ingevolge die voorgestelde wet) aansoek doen (kl 93(2)). 'n Ontginningsmagtiging bly geldig, as mynreg, hangende die aansoek (kl 93(3)). By versuim om aansoek te doen (kl 93(4)(a)) of 'n ministeriële besluit omtrent die aansoek (kl 93(4)(b)), hou die onderliggende mineraalreg op om te bestaan. By beëindiging van die mineraalreg of weiering van die Minister om 'n mynreg toe te ken, is die Minister bevoeg om 'n mynreg aan enige applikant toe te ken (kl 95(1)).

(c) Bestaande goedgekeurde omgewingsbestuursprogramme bly van krag (kl 101(1)).

4 2 Daar word ook beoog dat houers van sogenaamde "ou-orde-regte" (bv mineraalregte) by die nuwe bedeling kan aanpas deur nakoming van die vereistes van die voorgestelde wet (kl 89(b)). Soos verduidelik sal word (*5 1* hieronder), sal houers van mineraalregte nie dieselfde beskerming as aktiewe prospekteerders of mynbouers geniet nie. Die maatreëls behels die volgende:

(a) Houers van mineraalregte (wat nie 'n prospekteerpermit of ontginningsmagtiging hou nie) sal by kennisgewing in die *Staatskoerant* deur die Minister uitgenooi word om binne 'n jaar: (i) aansoek te doen om 'n prospekteer- of mynreg (kl 94(1)(a)) of (ii) skriftelik en omvattende redes te gee waarom dit nie in nasionale belang is om 'n prospekteer- of mynreg nie aan iemand anders toe te ken nie (kls 94(1)(b) en 2(a)). Inligting moet ook verstrek word omtrent beoogde prospektering en mynbou-aktiwiteite, die aanvang daarvan asook redes waarom beoogde prospektering en mynbou billike toegang tot mineraalbronne sal bevorder (kl 94(2)(b)). Die Minister kan verdere inligting verlang (kl 94(2)(c)).

(b) Indien die houer van mineraalregte nie binne 'n jaar op die Minister se uitnodiging reageer nie, sal die onderliggende mineraalreg ophou om te bestaan (kl 95(3)). Indien die skriftelike redes vir die Minister onaanvaarbaar is in die lig van nasionale belang en oorwegings soos die bevordering van belange van histories agtergeblewe persone, sal die onderliggende mineraalreg ophou om te bestaan (kl 95(3)). By vermelde beëindiging van mineraalregte sal die Minister bevoeg wees om 'n prospekteer- of mynreg aan enige applikant toe te staan (kl 95(3)).

(c) Indien die skriftelike redes van die houer van mineraalregte vir die Minister aanvaarbaar is, kan hy/sy prospektering of mynbou op die grond verbied (kl 96(1)(a)) of die houer opdrag gee om aansoek te doen om 'n prospekteerreg of mynreg (kl 96(1)(b)). By uitreiking van die verbod (kl 96(3)(a)), versuim van 'n mineraalreghouer om aansoek te doen om 'n prospekteer- of mynreg (kl 96(3)(b)), of 'n ministeriële besluit oor die toekenning van die prospekteer of mynreg (kl 96(3)(c)), sal die onderliggende mineraalreg ophou om te bestaan.

(d) Ses maande na inwerkingtrede van die voorgestelde wet sal geen registrasie van mineraalregte meer in die akteskantoor plaasvind nie (kl 98(1)).

(e) By beëindiging van mineraalregte ingevolge die voorgestelde wet sal sulke regte as ongeregistreer beskou word (kl 98(2)). Die registrateur van aktes moet die aktes dienooreenkomstig endosseer (kl 98(3)).

(f) Prospekteergelde, tantième of ander vergoeding betaalbaar aan houers van mineraalregte hoef nie by beëindiging van die mineraalregte verder betaal te word nie (kl 100(1)). In uitsonderlike gevalle sal die Minister voortgesette betalings kan magtig (kl 100(2)). Die bepaling maak voorsiening vir swart stamme, soos die Bafokeng, wat tans tantième van mynhuise ontvang. Dit kan gesien word as 'n poging van die regering om 'n sebra te jag sonder om die swart strepe raak te skiet. (Die regering se "goeie bedoelings" word egter nie deur swart stamme gedeel nie vir sover histories agtergeblewe persone wat mineraalregte hou ook deur die wetsontwerp nadelig geraak gaan word: In 'n "Response by Royal Bafokeng to adverts and letters by the Department of Minerals & Energy on the Draft Minerals Development Bill" in die *Sunday Times* van 2001-04-01 21 word die volgende standpunt bv gehuldig: "It is a tragic irony that the mineral rights in such hard won land, acquired in the face of dispossession and opposition to land ownership by blacks on the part of Boer and colonial authorities and later of successive Nationalist governments, should now face expropriation without compensation at the hands of the present democratically elected government".)

(g) Aansoeke om prospekteerpermitte en ontginningsmagtigings wat 60 dae voor inwerkingtrede van die voorgestelde wet ingedien is, sal steeds volgens die Mineraalwet hanteer word in die mate waarin dit nie strydig is met die oogmerke van die voorgestelde wet nie (kl 90(1)).

5 Samevatting

5 1 Vergeleke met houers met prospekteerpermitte en ontginningsmagtigings (sien *4 1* hierbo) trek houers van mineraalregte aan die kortste ent. Mineraalregte word nie outomaties omskep in tydelike prospekteer- of mynregte nie. Die verpligting word op die houer van mineraalregte geplaas om (a) aansoek te doen om prospekteer- of mynregte, wat afgekeur kan word deur die Minister; of (b) die Minister te oortuig om nie prospekteer- of mynregte aan iemand anders toe te ken nie. By nie-nakoming van die voorskrifte van die voorgestelde wet of die neem van sekere besluite deur die Minister hou die onderliggende mineraalreg op om te bestaan. Prospekteer- en mynregte kan dan aan enige applikant, veral histories agtergeblewe persone, toegeken word (kl 2(e), 3(4) en 89(d)). Alhoewel dit in lyn is met die oogmerke van die wetsontwerp, moet in gedagte gehou word dat die Minister bevoeg sal wees om sekere kategorieë persone of sekere kategorieë van prospektering en mynbou vry te stel van die verpligting om op die voorgeskrewe wyse aansoek te doen om 'n prospekteerreg of mynreg (kl 62(1)). Die oogmerk van die vrystelling is om die deelname van sodanige vrygestelde persone aan prospektering en mynbou te bevorder (kl 62(1)(a)). Alhoewel die vrygestelde persone steeds verplig sal wees om 'n omgewingsbestuursprogram (sien *3 2* hierbo) in te dien (kl 62(3)), gaan dit lei tot oneweredige toepassing van die wet (Badenhorst en Du Toit "The Mineral Development Draft Bill, 2000 and the environment" (gepubliseer te word in 2002 *Stell L R* vol1) laat hulle soos volg uit: "The proposed preferential treatment of certain categories of persons or prospecting or mining activities by the Minister will impact negatively on environmental protection.

The culture of our government of extending deadlines for the application of statutes and exempting certain categories of people from compliance does not cultivate legal certainty and respect for the law. Law is not only applicable when it is convenient. Such a culture of convenience will furthermore also not protect the environment".)

Mineraalregte waarvoor 'n houer vergoeding betaal het of wat hy of sy geërf het, sal deur die wet vir herverdeling aan ander onteien word. 'n Mineraalreghouer wie se mineraalreg aan 'n bestaande prospekteerpermit of ontginningsmagtiging onderworpe is, verkeer in 'n nog swakker posisie. Soos aangedui (in 4 hierbo), kan houers van prospekteerpermitte en ontginningsmagtigings hul magtigings ingevolge die oorgangsmaatreëls in prospekteerregte en mynregte omskep. Tantième of prospekteergelde wat die houer van mineraalreg ontvang het, sal nie meer by beëindiging van die onderliggende mineraalreg betaalbaar wees nie. Die opbrengs van die mineraalreg verdwyn ook in die mis van transformasie (sien *4 2* hierbo).

5 2 'n Houer van 'n mineraalreg wat 'n prospekteerpermit het, geniet beter beskerming omrede sy prospekteerpermit omskep word in 'n prospekteerreg en hy die reg verkry om binne twee jaar aansoek te doen om 'n prospekteerreg of 'n mynreg (sien *4 1* hierbo).

5 3 'n Houer van 'n ontginningsmagtiging is in die beste posisie omrede sy magtiging omskep word in 'n mynreg en hy die reg verkry om binne vyf jaar aansoek te doen om 'n mynreg van 25 jaar (sien *4 1* hierbo).

6 Beplanning

6 1 'n Houer van mineraalregte (wat nie 'n prospekteerpermit of ontginningsmagtiging besit nie) wat weet of vermoed dat daar minerale teenwoordig is in die grond, kan sy posisie verbeter deur:

(a) 'n prospekteerreg ingevolge 'n prospekteerkontrak aan 'n beslote korporasie of maatskappy (waar die houer van mineraalregte of sy familielede die belange of aandele hou) te verleen. Die beslote korporasie of maatskappy kan dan aansoek doen om 'n prospekteerpermit en aktief begin prospekteer. By inwerkingtrede van die voorgestelde Wet sou die houer van 'n prospekteerpermit met een voet in die deur op die beter beskerming ingevolge die oorgangsmaatreëls geregtig wees (sien *4 1* hierbo); en/of

(b) 'n mynreg ingevolge 'n notariële mineralehuurkontrak aan 'n beslote korporasie of maatskappy (waar die houer van mineraalregte en familielede die belange of aandele hou) te verleen. Die beslote korporasie of maatskappy kan aansoek doen om 'n ontginningsmagtiging. By inwerkingtrede van die voorgestelde Wet sou die houer van 'n ontginningsmagtiging met twee voete in die deur op die beter beskerming ingevolge die oorgangsmaatreëls geregtig wees (sien *4 1* hierbo);

(c) die beslote korporasie of maatskappy kan teen vergoeding oorgeneem word deur 'n mynboumaatskappy;

(d) ingevolge die voorgestelde Wet sou aansoeke wat 60 dae voor inwerkingtrede van die nuwe Wet ingedien is, nog ingevolge die Mineraalwet hanteer word (sien *4 1* hierbo).

In die alternatief kan sodanige houer van mineraalregte:

(a) aansoek doen om 'n prospekteerpermit of ontginningsmagtiging. By inwerkingtrede van die voorgestelde Wet sou die houer van 'n prospekteerpermit of ontginningsmagtiging (met een of twee voete in die deur) op die voordeliger beskerming ingevolge die oorgangsmaatreëls geregtig wees; en

(b) prospekteer of myn.

Daar moet in gedagte gehou word dat 'n prospekteerreg of mynreg egter slegs met skriftelike toestemming van die Minister aan 'n mynboumaatskappy oorgedra sal kan word (sien *3 2*(j) hierbo).

6 2 Bona fide-aansoeke om prospekteerpermitte of ontginningsmagtigings moet deur die Departement van Mineraal- en Energiesake oorweeg word en kan nie net van die tafel gevee word nie. Tans is dit relatief makliker om vir 'n prospekteerpermit of mynreg aansoek te doen as om later ingevolge die oorgangsmaatreëls daarvoor aansoek te doen, omdat die applikant hom of haar van 'n moeilker "bewyslas" sal moet kwyt. Uit hoofde van artikel 33 van die Handves van Menseregte in die Grondwet is houers van mineraalregte geregtig op: (i) regsgeldige en billike administratiewe optrede van die Departement se kant; en (ii) die verstrekking van skriftelike redes vir die beslissing van die streekdirekteur. Die vereistes vir 'n administratiewe handeling moet dus nagekom word (sien a 3 van die Promotion of Administrative Justice Act 3 van 2000; sien verder Badenhorst en Carnelley "Application for a mining licence and the *audi alteram partem* rule – *Director: Mineral Development, Gauteng Region v Save the Vaal Environment* 1999 2 All SA 381 (A)" 2000 *THRHR* 689 692–698; Badenhorst "Ontginningsmagtigings ingevolge die Mineraalwet 50 van 1991 – *Balmoral Investments (Edms) Bpk v Minister van Mineraal- en Energiesake* 1995 9 BCLR 1104 (NC)" 1996 *Obiter* 168). Houers van mineraalregte is geregtig om hulle bevoegdhede ingevolge die bepalings van die Mineraalwet uit te oefen en ingevolge die bestaande regstelsel te beskerm.

6 3 Die volgende *faktore* moet egter in gedagte gehou word:

(a) 'n Aansoek ingevolge die Mineraalwet om 'n prospekteerpermit of 'n ontginningsmagtiging (en omgewingsbestuursprogram) het tyd- en koste-implikasies.

(b) By die toekenning van 'n prospekteerreg of mynreg ontstaan statutêre verpligtinge ingevolge byvoorbeeld hoofstuk VI van die Mineraalwet (sien *2 3* hierbo) en hoofstuk 5 van die wetsontwerp vir die houer van die reg. Die verpligtinge in die voorgestelde Wet het verskeie regsimplikasies en nakoming daarvan het koste-implikasies.

(c) Die sluiting van 'n prospekteerkontrak en/of mineralehuurkontrak het uiteraard regskostes tot gevolg.

(d) Benewens uitsonderings, is prospekteergeld wat betaalbaar is ingevolge 'n prospekteerkontrak, nie belasbaar nie (Stevens "Mining law"in *Practical legal training – Law Society of South Africa: Notarial practice* (2000) 107). Hereregte is nie betaalbaar by sluiting of sessie van 'n prospekteerkontrak nie (Stevens *Notarial practice* 112). BTW mag betaalbaar wees op prospekteergeld indien die houer van mineraalregte as 'n BTW-ondernemer geregistreer is (Stevens *ibid*).

(e) Tantième betaalbaar uit hoofde van 'n mineralehuurkontrak is belasbaar in die hande van die houer van mineraalregte (Stevens 119). Hereregte is betaalbaar by sluiting van 'n mineralehuurkontrak (Stevens 118). Indien die houer van mineraalregte as BTW-ondernemer geregistreer is, is BTW betaalbaar op tantième in stede van hereregte (Stevens *ibid*).

(f) Om te prospekteer of te myn, is nie goedkoop nie en verg kundigheid.

Al hierdie faktore en onsekerheid omtrent die finale vorm van *Mineral Development Act* moet deur 'n houer van mineraalregte, in oorleg met 'n prokureur (en geoloog) opgeweeg word teen die waarde van die mineraalregte wat moontlik regmatig beskerm kan word. Slegs dan sal 'n houer van mineraalregte 'n finale besluit omtrent sy of haar regsposisie kan neem.

7 Slotsom

'n Houer van mineraalregte kan na 'n *behoorlike opweeg van belange* sy of haar regsposisie verbeter deur 'n prospekteerpermit of 'n ontginningsmagtiging ingevolge die (huidige) Mineraalwet te bekom, en aktief te begin raak op sy of haar grond indien hy of sy weet of vermoed dat daar minerale in die grond teenwoordig is. Daar moet onthou word dat die verkryging van 'n prospekteerpermit of ontginningsmagtiging verskeie regsimplikasies tot gevolg het. Nogtans is een voet, of verkieslik twee voete, in die deur steeds te verkies bo 'n ministeriële uitnodiging in die *Staatskoerant* om redes te kom aanvoer waarom iemand anders nie op die grond mag prospekteer of myn nie. 'n Minister wat moeilik vatbaar is vir oortuiging mag dalk die deur toe hou! Vir 'n geregshof om die deur weer oop te maak, het ook weer regskostes tot gevolg.

Daar word gehoop dat 'n mineraalregte-*satyagraha* tot geregtigheid vir houers van mineraalregte en beter insigte vir die opstellers van mynbouwetgewing sal lei.

PJ BADENHORST
Universiteit van Port Elizabeth

Reasonableness must . . . be understood in the context of the Bill of Rights as a whole. The right of access to adequate housing is entrenched because we value human beings and want to ensure that they are afforded their basic human needs. A society must seek to ensure that the basic necessities of life are provided to all if it is to be a society based on human dignity, freedom amd equality . . . It may not be sufficient to meet the test of reasonableness to show that measures are capable of achieving a statistical advance in the realisation of the right . . . If the measures, though statistically successful, fail to respond to the needs of those most desperate, they may not pass the test.

Yacoob J in Government of the Republic of South Africa v Grootboom 2000 11 BCLR 1169 (CC) *para* 44.

VONNISSE

CONTRACT OF SALE – RECTIFICATION AND CANCELLATION
Singh v McCarthy Retail Ltd t/a McIntosh Motors
[2000] 4 All SA 487 (A)

1 Introduction

This case deals with a number of aspects regarding the law of contract, such as rectification of the written document where it does not reflect the parties' true intentions, the common law remedies for breach of contract (cancellation, specific performance and damages), the inclusion of tacit terms in a contract and the cancellation of a contract on the ground of (positive) malperformance. It also deals with the tests for the inclusion for tacit terms and for rescission because of malperformance.

The judgment of Olivier JA, although rather brief, is succinct and clear. In my opinion it is an ideal decision to prescribe to students as compulsory reading material in their law of contract syllabus. Young (and maybe not so young?) practitioners may also benefit from reading this judgment – it is a good example of a case that should probably never have reached the Supreme Court of Appeal.

2 Facts

The parties entered into a written contract of sale in terms of which the appellant bought a new Mercedes of a certain model from the respondent. The latter (seller) carried on business at Pinetown. Because he did not have the required vehicle in stock, the parties agreed that the seller would obtain it from another dealer in King William's Town and that it would be delivered to the appellant (buyer) at Durban, at the seller's expense. Delivery took place in due course and the appellant honoured his side of the bargain.

In order to effect delivery of the car, the seller arranged for it to be driven under its own power from King William's Town to Durban. However, the odometer was disconnected, so that when the car was delivered to the appellant it showed a kilometre reading of 160, rather than the true 920. The appellant was unaware that the car had been driven thus and only discovered the true position after delivery.

3 Proceedings before the court *a quo*

The appellant's case in the court *a quo* was that what he bought was a new car and not one which had been driven from King William's Town to Durban. He alleged that the respondent was made aware of his wishes in this regard and that they had in fact agreed that the car would be brought to Durban by road transportation carrier.

Therefore, the appellant alleged, the respondent had committed a breach of contract which entitled the appellant to rescission (cancellation) and restitutionary relief.

As regards the breach of contract, the appellant contended that the written contract did not correctly reflect all the terms agreed upon between him and the respondent because it did not record a term which the appellant formulated as follows:

> "Defendants (now respondent) will source the vehicle from another dealer in King William's Town . . . and the vehicle will be brought to Durban by road transportation carrier."

3 1 Rectification

Appellant claimed, first of all, rectification of the written contract of sale to include the above term. His allegation of breach of contract was based squarely on the above facts and the contract as rectified. The court *a quo* upheld the claim for rectification. It also held that the respondent was in breach of the rectified contract by having the car driven under its own power from King William's Town to Durban instead of having it conveyed by motor carrier transportation.

3 2 Cancellation

Appellant further claimed cancellation (rescission) of the contract and restitutionary relief. His entitlement to rescission was based on the grounds, first, that the respondent breached the contract in a material respect (ie malperformance), and secondly, on an implied *lex commissoria*. The court rejected the appellant's contention that the breach was of such a fundamental nature as to justify cancellation of the contract; it also rejected the claim that the parties had agreed tacitly to a *lex commissoria*.

The court therefore granted absolution from the instance with costs and later granted leave to appeal to the Supreme Court of Appeal.

4 Facts not in dispute

The following facts were not in dispute:

(a) That the parties entered into a written contract of sale of the car at Durban on 8 February 1996.

(b) That the written contract contained the following terms:

> "8 I [the purchaser] agree that the vehicle is new, notwithstanding –
>
> 8.1 that it may have been driven under its own power with or without the distance travelled having been recorded on the odometer –
>
> 8.1.1 from the plant where it was assembled to the place of delivery; or
>
> 8.1.2 for demonstration purposes; or
>
> 8.1.3 for pre-delivery testing;
>
> 8.2 that it may have sustained minor damage in the course of 8.1."

(c) That the car was driven under its own power from King William's Town to Durban and during that time its odometer was disconnected.

(d) That the car was so driven without the appellant's knowledge or consent.

(e) That the appellant became aware that the car had been thus driven only after delivery of the car to him and because he noticed minor damage or defects in the car that were caused by such driving.

5 Proceedings before the Supreme Court of Appeal

5 1 The claim for rectification

Oliver JA stated as "trite law" the following important principle in respect of the appellant's onus of proof as regards the alleged term (quoted in para 3 above):

> "[He] bears the burden to prove, on a balance of probabilities, either an antecedent or contemporaneous agreement or a common continuing intention of the parties, in respect of the alleged term, which was mistakenly not reflected in the written document" (490 para [8]).

This statement must be considered carefully, as it assumes that the "written document" does in fact constitute a valid contract. Rectification of an invalid contract (a nullity) is not possible – that is also trite.

Verder merk die hof op dat indien die verweerder op grond van die eiser (bank) se voorstelling daarin sou slaag dat die hele bedrag van die oortrokke rekening afgeskryf word, dit tot 'n onbillike resultaat kan lei (550B). Die hof sê dat "[d]ie situasie sou kon ontstaan dat hy dan nie alleen oor die R7 000 kontant wat op die oortrokke bankrekening getrek is beskik nie, maar ook oor die bedrag wat van die trekker verhaal is" (550D).

Die hof bevind dat die verweerder se

> "versuim om vermoënsverlies *of selfs verwagte vermoënsverlies* ... te bewys deurslaggewend is en [dat] ... daar nie voldoende feite [is] om hom van sy bewyslas [dat sy vermoënsposisie swakker was as wat dit sou gewees het as die voorstelling nie gemaak is] te kwyt ... nie" (my beklemtoning) (550E–F).

4 Algemene opmerkings

4 1 Verryking teenoor nadeel

Ten einde nadeel te bewys, moet die estoppel-opwerper nou in 'n slegter posisie wees as wat hy sou gewees het indien die ander party nie 'n wanvoorstelling gemaak het waarop hy gehandel het nie (Rabie 66). Uit die regspraak wil dit blyk dat estoppel nie sal slaag waar die estoppel-opwerper in 'n beter posisie is, sou sy verweer van estoppel slaag, as wat sy posisie sou gewees het indien hy nooit op die misleiding gehandel het nie. In *Durban Corporation Superannuation Fund v Campbell* 1949 3 SA 1057 (D), byvoorbeeld, het die verweerderes estoppel geopper. Indien die verweer sou slaag, sou die verweerderes in 'n beter posisie gewees het as wat sy sou gewees het indien sy nooit op die misleiding gehandel nie. Die hof het gesê dat sy *verryk* is deur die misleiding en "it would be unconscionable for her to retain the money" (1068–1069).

4 2 Bankpraktyke

Daar moet verder in gedagte gehou word dat die normale bankpraktyk is dat die bank te alle tye krediete wat ten gunste van die kliënt toegestaan is, kan omswaai in die geval van gedishonoreerde tjeks. Sou die kliënt geld onttrek teen sodanige "uncleared" tjeks, en die bank sou die tjek daarna dishonoreer, dra die kliënt die verlies (*Jonker*-saak 548J–549B). Die standpunt is al deur die Hoogste Hof van Appèl bevestig in *ABSA Bank Ltd v IW Blumberg & Wilkinson* 1997 3 SA 669 (HHA) 681H–I.

Ter ondersteuning hiervan, kan ons let op die beslissing in *ABSA Bank Ltd v De Klerk* 1999 1 SA 861 (W). In hierdie saak het die verweerder 'n tjek aan sy bank gebied ten einde sy eie rekening te krediteer. Na 'n paar dae het die verweerder navraag gedoen by sy bank of die tjek al deur die betrokkene-bank gehonoreer is. Die bank (die eiser) het in die negatief geantwoord. Na nog 'n paar dae het die verweerder weer navraag gedoen by die eiser en laasgenoemde het toe gesê dat dit wel veilig was om geld te onttrek. Die verweerder het daarna die hele bedrag (wat deur die tjek inbetaal was) onttrek *en die geld gebruik om een van sy skuldeisers te betaal.* Die eiser het daarna verneem dat die tjek nie gehonoreer is nie en eis nou die bedrag van die verweerder terug (863E–I). Die verweerder opper estoppel as verweer.

Nadat die hof (in die *De Klerk*-saak) die verweer van estoppel van die hand gewys het op grond daarvan dat die verweerder nie bewys het dat die eiser nalatig was nie (865G), het die hof *obiter* die volgende opgemerk:

> "By virtue of the fact that it was conceded that the payment to [the third party] had extinguished a valid debt, the effect thereof was to create another debt for the same amount as the original debt. In other words, the defendant has replaced one creditor with another. That action did not affect his patrimony by way of reducing it. I can make no finding that in relying on the representation the defendant acted to his prejudice" (865I–866A).

Dit wil voorkom dat die saak in die lig van bogenoemde bankpraktyk korrek beslis is. Aangesien die bank (eiser) nooit die geld aan hom verskuldig was nie, is dit nie 'n verweer om aan te voer dat die geld gebruik is om 'n ander skuldeiser te betaal nie. Die verweerder kon dus nie nadeel/skade bewys nie.

4 3 Nadeel as vermoënsregtelike skade

Daar word oor die algemeen aanvaar dat nadeel verwys na vermoënsregtelike skade (verlies) (Rabie 59 60 64; Van der Merwe "A perspective on the elements of estoppel by representation" 1988 *TSAR* 570). In *ABSA Bank Ltd v De Klerk* was die hof van mening dat dit voldoende is indien die verweerder bewys dat "relying upon the representation he has *changed his position to his detriment*" (865G–H) (my beklemtoning). Soos hierbo opgemerk, het die hof in die *Jonker*-saak verklaar dat "selfs verwagte vermoënsverlies" voldoende sal wees ten einde aan die nadeel-element te voldoen (550E–F).

Dus is potensiële finansiële skade voldoende. Rabie verklaar (60) dat "it is sufficient to show *a prospect of pecuniary loss*, and that it is not necessary to show that there will in fact be a loss measurable in rands and cents if the plea of estoppel should be refused" (my beklemtoning). Dus kan ons uit bogenoemde aflei dat estoppel per slot van rekening beskikbaar is om benadeling te voorkom.

5 Spesifieke opmerkings ten opsigte van *Jonker v Boland Bank PKS Bpk*

'n Feit wat ek opsetlik weggelaat het, was dat die verweerder die tjek vir *spesiale inbetaling* ("special clearance") by die eiser inbetaal het. In die geval van 'n spesiale inbetaling, meld die invorderingsbank, teen 'n voorgeskrewe fooi wat hy van sy kliënt verhaal, die tjek op 'n spoedeisende wyse by die betrokkene-bank aan. Laasgenoemde hou dan fondse op die trekker se rekening terug totdat die tjek in die normale loop van sake by die betrokkene-bank uitkom. Wanneer die invorderingsbank die betrokkene-bank skakel, kan eersgenoemde onmiddellik vasstel of die trekker van die tjek genoegsame fondse in sy rekening het om die tjek te honoreer.

Nadat die tjek vir spesiale inbetaling inbetaal is, het 'n amptenaar van die eiser nalatig te kenne gegee aan die verweerder dat die tjek gehonoreer sal word (545H–J). Toe die verweerder die R7 000 kontant uit sy rekening onttrek, het hy weer mondeling navraag gedoen, en het die eiser weer te kenne gegee dat die tjek inderdaad deur die betrokkene-bank gehonoreer is (546I–J).

Dus kan die *Jonker*-saak onderskei word van *ABSA Bank Ltd v De Klerk* op grond daarvan dat in eersgenoemde hofsaak die verweerder die tjek vir *spesiale inbetaling* by die bank inbetaal het, waar in die *De Klerk*-saak die verweerder die tjek bloot vir *normale betaling* aangebied het. Op grond van hierdie onderskeid kan die normale bankpraktyk, soos bespreek hierbo, myns insiens nie van toepassing gemaak word op die feite van die *Jonker*-saak nie.

Op grond van *billikheid en regverdigheid* meen ek tog dat die verweerder in die *Jonker*-saak alles binne sy vermoë gedoen het om seker te maak dat die tjek wat hy inbetaal het, gehonoreer is sodat sy bankrekening later juis nie gedebiteer sou word met die bedrag van die tjek nie. Nie alleen het hy die tjek aangebied vir spesiale betaling as gevolg waarvan hy 'n groter fooi aan die bank moes betaal nie; hy het ook voor die onttrekking van die geld navraag gedoen of die tjek gehonoreer was, wat die bank weer eens bevestig het. Dat die eiser (bank) eenvoudig na die tyd kan kom en kan sê dat dit 'n fout begaan het en dat dit die geld wil terugverhaal, lyk *onregverdig en onbillik* teenoor die verweerder.

Dit bring die vraag na vore of die nadeel-vereiste dalk nie in sulke gevalle verslap moet word nie. Die vraag is dan: indien die verweerder sou slaag met sy verweer, sou die eiser (bank) enige remedie gehad teen 'n ander persoon ten einde sy skade te verhaal? Die volgende situasies kan hulle voordoen:

(a) die betrokkene-bank kon dalk nalatig aan die eiser-bank voorgegee het dat daar voldoende fondse was om die tjek te honoreer. In so 'n geval sou die eiser-bank dan met die *actio legis Aquiliae* teen die betrokkene-bank kon optree op grond van die nalatige wanvoorstelling;

(b) een van die amptenare van die eiser-bank kon nalatig gewees het. Aangesien dit *in casu* gegaan het om die bedrag van bykans R12 000, kon die eiser-bank die bedrag met die *actio legis Aquiliae* van sy amptenaar verhaal het;

(c) die oplossing in geval (b) sal egter nie altyd werk nie, byvoorbeeld waar tjeks van groot bedrae ter sprake is, byvoorbeeld 'n bedrag van R400 000 soos in *ABSA Bank Ltd v De Klerk* die geval was. In so 'n geval gaan dit die bank weinig help om sy eie werknemer aan te spreek. Wat die eiser-bank kan doen, is om die trekker van die tjek (wat gedishonoreer is) aan te spreek deurdat die verweerder sy eis wat hy teen die trekker het, aan die eiser-bank sedeer. Dit kan in baie gevalle die oplossing wees, maar kan ook in net so baie gevalle nie die probleem oplos nie, byvoorbeeld as die trekker eenvoudig net nie die geld het nie. Dan sal die bank die trekker moet aanspreek by wyse van duur litigasie en dalk moontlik nog die trekker moet laat likwideer (indien dit 'n regspersoon is) of die trekker se boedel moet laat sekwestreer (waar dit 'n natuurlike persoon is). Ons kan dus aanvaar dat 'n bank nie so 'n benadelende sessie sal oorweeg nie. Die vraag is dus: Wie moet die moontlike skade dra – die eiser-bank of die verweerder?

Ongelukkig het die verweerder geen getuienis voor die hof geplaas wat aandui of hy benadeel sou word (en of daar dalk die moontlikheid bestaan dat hy benadeel kon word) indien hy die geld aan die eiser-bank sou moes terugbetaal nie.

Daar kan omstandighede bestaan waar dit vir die verweerder nie moeilik sou wees om benadeling te bewys ten einde te kon slaag met estoppel nie. As voorbeeld kan die volgende hipotetiese geval geneem word: Jonker, die verweerder, sluit 'n kredietooreenkoms/afbetalingsooreenkoms met 'n derde op grond daarvan dat die eiser-bank hom meegedeel het dat die tjek gehonoreer is en hy dus nou geld in die bank het. (Let wel daarop dat die verweerder min geld in die bank gehad het.) Wanneer die bank dan later die verweerder laat weet dat die tjek wel gedishonoreer is, kon die verweerder al ingevolge die kredietooreenkoms meer as die deposito betaal het. As gevolg daarvan dat die tjek gedishonoreer is, moet hy nou die geld aan die bank terugbetaal. Dit kan meebring dat hy nie meer geld het om voort te gaan met die kredietooreenkoms nie, met die gevolg dat hy alles wat hy tot dusver ingevolge die kredietooreenkoms betaal het, verbeur aan die derde. In so 'n geval sal die verweerder beslis skade kan bewys. Hy sal kan steun op die uitspraak in *Resisto Dairy (Pty) Ltd v Auto Protection Insurance Co Ltd* 1963 1 SA 632 (A).

In die *Resisto Dairy*-saak was die feite dat die versekeringsmaatskappy (verweerder) en die eiser ooreengekom het dat indien die eiser in 'n ongeluk betrokke sou raak, hy die versekeringsmaatskappy so gou as moontlik in kennis moes stel. Die eiser is toe inderdaad in 'n ongeluk betrokke, maar het die versekeringsmaatskappy eers vyf maande na die ongeluk in kennis gestel. Sewe maande daarna het die versekeringsmaatskappy die eiser laat weet dat dit nie die skade gaan betaal nie. Die eiser opper estoppel op grond van die verweerder se stilswye. Die Hoogste Hof van Appèl het die estoppel-verweer gehandhaaf en gesê:

> "*The representation in the present case caused prejudice to the appellant by lulling him into a false sense of security*. The appellant believed, and justifiably believed, that the respondent was dealing with its claim . . . and . . . therefore made no attempt to investigate or to prepare a possible defence or to attempt a reasonable settlement. After the lapse of seven months it was suddenly and unexpectedly faced with the problem of dealing with the summons itself" (643B–C; my beklemtoning).

'n Verdere gevolg wat dit kan meebring, is dat dit die besigheidsreputasie van die verweerder kan aantas. In *Autolec Ltd v Du Plessis* 1965 2 SA 243 (O) het die hof met betrekking tot vermoënskade die volgende gesê:

> "*Although the change of position must involve the practical or business affairs of the representee* and not merely affect him philosophically . . . the detriment is not limted to direct, instantaneous and palpable loss of money but also included less gross and easily calculable detriment" (250H; my beklemtoning).

6 Slotopmerkings

Die vraag wat dus nog steeds beantwoord moet word, is: Wie moet die moontlike skade dra, Jonker of die bank, indien Jonker (die verweerder) nie kan bewys dat hy skade/nadeel gaan ly indien hy die geld aan die bank moet terugbetaal nie? Dit bring ons weer by die vraag of die nadeel-vereiste absoluut moet geld.

Onder normale omstandighede, waar die verweerder bloot die tjek by sy bank vir betaling aanbied, die tjek daarna gedishonoreer word en die verweerder dan die geld moet terugbetaal aan sy bank, wil ek saamstem dat estoppel nie moet slaag nie. Dit is bankpraktyk en beskerm banke teen finansiële verliese. Verder word die hele bankbetalingstelsel nie ontwrig *indien die verweerder (kliënt) nie kan bewys dat hy finansiële skade gely het nie*.

Maar die feite van die *Jonker*-saak wil tog daarop dui dat die bank deur die "spesiale aanbod"-prosedure daar te stel, waar die kliënt 'n duurder fooi moet betaal, juis die risiko aanvaar dat indien die bank te kenne sou gee dat die tjek gehonoreer is, en dit later blyk verkeerd te wees, die bank die skade moet dra en nie kan omdraai en beweer dat die tjek gedishonoreer was nie.

Ek is derhalwe van mening dat waar die howe met soortgelyke feite as in die *Jonker*-saak te doen kry, hulle op grond van *billikheid en regverdigheid* die nadeel-vereiste in sulke gevalle nie as vereiste moet stel nie; indien aan die ander vereistes van estoppel voldoen word, die verweer, naamlik estoppel, behoort te slaag. Die oplossing is in ooreenstemming met die *obiter* opmerking van die hof in *Trust Bank of Africa Ltd v Wassenaar* (*supra*).

GJ EBERSÖHN
Universiteit van die Oranje-Vrystaat

RELIGIOUS CONFUSION
Christian Education South Africa v Minister of Education 2000 4 SA 757 (CC)

1 Introduction

In *Christian Education South Africa v Minister of Education* 2000 4 SA 757 (CC) (hereinafter referred to as "*Christian Education*") the Constitutional Court decided on an appeal against a judgment by Liebenberg J in the South Eastern Cape Local Division of the High Court (reported as *Christian Education SA v Minister of Education of the Government of the RSA* 1999 9 BCLR 951 (SE) ("the High Court judgment")) that section 10 of the South African Schools Act 84 of 1996 (which prohibits the administration of corporal punishment in schools) does not violate the constitutional rights to freedom of religion and to religious practice. The appellant, an organisation of independent Christian schools, argued that corporal punishment of children constituted an integral premiss of the Christian faith and that, by prohibiting the administration of corporal punishment even in schools founded upon Christian doctrine, the South African Schools Act disregarded the religious rights of the appellant and its members. The Constitutional Court dismissed the appeal in an unanimous judgment by Sachs J, who held in essence that, even if the religious rights of the appellant were impinged upon by the challenged legislation, such a limitation was reasonable and justifiable in terms of the general limitation clause (s 36) of the Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 of 1996 ("the Constitution").

This note aims to evaluate the Constitutional Court's decision by concentrating in particular on the court's treatment of the two central constitutional rights involved in the matter, as well as its engagement with the general limitation clause. I shall argue that, whereas the outcome of the *Christian Education* case is laudable, the way in which that outcome was reached leaves much to be desired.

2 The judgment

After setting out the facts of the case, Sachs J observed that "a multiplicity of intersecting constitutional values and interests are involved in the present matter – some overlapping, some competing" (*Christian Education* para 15). He identified the interests of parents and children to live according to their religious beliefs, the rights of children to protection of their dignity and to freedom from maltreatment, abuse and neglect, and the interests of the broader community in reducing violence and protecting children from harm as the main competing interests in this regard (*ibid*).

Thereafter, Sachs J examined the nature of the two constitutional rights relied upon in the challenge. These were the right to "freedom of conscience, religion, thought, belief and opinion" guaranteed by section 15(1) of the Constitution and the right of members of religious or cultural communities to practise their religion or culture guaranteed by section 31 of the Constitution. Whereas the appellant contended that these rights should be treated cumulatively and that the challenged provision of the South African Schools Act violated both rights (para 16), the respondent argued that section 15 did not apply to the matter and that the case should accordingly have been decided exclusively under section 31. Since section 31 contains an internal limitation to the effect that cultural and religious practices may not be exercised in a manner inconsistent with other rights in the Bill of Rights,

the respondent submitted that the administration of corporal punishment violated the rights of children to dignity (contained in s 10 of the Constitution), protection from maltreatment, neglect, abuse or degradation (set out in s 28(1)(d) of the Constitution), and freedom and security of the person (entrenched in s 12 of the Constitution), and that a prohibition on corporal punishment accordingly did not contravene section 31 (paras 17 21).

Whereas section 15 of the Constitution is similar to section 14 of the interim Constitution (Constitution of the Republic of South Africa, Act 200 of 1993), section 31 is unique to the 1996 Constitution. While briefly contemplating the significance of the addition of section 31 and the content of sections 15 and 31 respectively (paras 18–26), Sachs J decided to

> "adopt the approach most favourable to the appellant and assume without deciding that appellant's religious rights under ss 15 and 31(1) are both in issue. I shall also assume, again without deciding, that corporal punishment as practised by the appellant's members is not 'inconsistent with any provision of the Bill of Rights' as contemplated by s 31(2)" (para 27).

Accordingly, the court held that section 10 of the South African Schools Act limited the appellant's rights under both these sections of the Bill of Rights, and proceeded to contemplate whether such a measure was reasonable and justifiable under the limitation clause.

An analysis of section 36 and the various requirements posited in it followed. The court held that section 36 required an overall, context-based balancing exercise of the factors listed in it in relation to the facts of each specific case (paras 30–32). The problematic nature of this balancing exercise in the context of the present case was summarised by Sachs J as follows:

> "The underlying problem in any open and democratic society based on human dignity, equality and freedom in which conscientious and religious freedom has to be regarded with appropriate seriousness, is how far such democracy can and must go in allowing members of religious communities to define for themselves which laws they will obey and which not. Such a society can cohere only if all its participants accept that certain basic norms and standards are binding. Accordingly, believers cannot claim an automatic right to be exempted by their beliefs from the laws of the land. At the same time, the State should, wherever reasonably possible, seek to avoid putting believers to extremely painful and intensely burdensome choices of either being true to their faith or else respectful of the law" (para 35).

After reiterating the fundamental importance of protecting religious rights in an open and democratic society (paras 36–38), and considering the interests of the state in upholding the ban on corporal punishment in all schools (including, most importantly, the state's interests in upholding the value of human dignity (paras 43–47)), Sachs J concluded that an exception to the ban on corporal punishment on religious grounds would disturb the "symbolic, moral and pedagogical purpose of the measure" (para 50). This, combined with practical burdens associated with monitoring the administration of corporal punishment (*ibid*) and the fact that a ban on such punishment in schools did not encroach on the rights of parents themselves to discipline their children in accordance with their religious beliefs (para 51), led Sachs J to uphold the limitation on the religious rights of the applicants. The appeal was accordingly dismissed.

3 Comment

As indicated at the beginning of this note, I agree with the outcome of the *Christian Education* case. However, I find the method of adjudication and the reasoning

leading to that outcome somewhat perplexing. As Sachs J indicated at the outset of his (with respect) sensitive and powerfully written judgment, the case involved a number of competing and interacting fundamental values. Specifically, a great deal seemed to depend on the interpretation of the two constitutional rights relied upon by the appellant, that of freedom of religion and the right of religious communities to practise their religion.

As mentioned above, the latter right was absent from the interim Constitution, meaning that the *Christian Education* case would in all likelihood have turned solely on the right to freedom of religion guaranteed by section 14 of the interim Constitution had it been decided before the coming into effect of the final Constitution. I have argued elsewhere that the intention of the drafters of the 1996 Constitution was to remove the right to engage in religious practices from the ambit of the right to freedom of religion, in which it was previously implicit, by making it the subject of separate protection under section 31 (Pieterse "Many sides to the coin: The constitutional protection of religious rights" 2000 *CILSA* 300 309–310). It is, of course, likely that section 15 of the Constitution retains a residual right to religious practice, though this would probably come into play only in situations not involving public and/or communal manifestations of religious belief (Pieterse *op cit* 310).

If my reading of sections 15 and 31 is correct, then there seems to be considerable merit in the respondent's contention that section 31, and not section 15, was the operative provision in *Christian Education*. This was also the approach followed by the high court in this matter, Liebenberg J holding that the applicant could not prove that the administration of corporal punishment was an integral component of Christian doctrine, and that it could at most be classified as a religious practice by a certain segment of the Christian community (959D–961A). While Liebenberg J has been criticised for his restrictive approach to the concept of religious belief (see Du Plessis "Doing damage to freedom of religion" 2000 *Stell LR* 295), his finding that a prohibition on corporal punishment would in any event not substantially burden the applicant's right to freedom of religion (960I–961A) seems to be in line with the Constitutional Court's own view of the ambit of the section 15 right, namely that it serves primarily as protection against religious coercion and is not violated by measures which do not require an applicant to abandon or significantly alter his or her religious beliefs (see *S v Lawrence; S v Negal; S v Solberg* 1997 4 SA 1176 (CC) and Freedman "The right to religious liberty, the right to religious equality, and section 15(1) of the South African Constitution" 2000 *Stell LR* 99 105–108).

While Sachs J alluded to the close relationship between religious belief and religious practice, to the protection of both religious belief and religious practice in international law, and to the possible reasons for including a separate right to religious practice in the 1996 Constitution (paras 19–25), he nevertheless chose not to distinguish between the rights guaranteed by sections 15 and 31, respectively, for purposes of his decision. Instead, he assumed that both rights were in issue (para 27). This assumption not only brushed aside an issue that was rightly and directly before the court, but also had significant implications for the process that the court was to follow in resolving the matter, as I shall now illustrate.

As set out by the Constitutional Court in *Ferreira v Levin* 1996 1 SA 984 (CC), a court deciding on the constitutionality of legislation in a dispute to which the Bill of Rights applies, should first enquire whether the constitutional right(s) relied upon in the matter have been infringed. This will generally involve the interpretation of the right(s) in question, but will also require applicants to prove the facts upon which

their claims of infringement are based. After a *prima facie* violation of the right(s) has been established, the court should consider whether the limitations placed by the legislation under scrutiny on the fundamental right(s) in question are reasonable and justifiable under the limitation clause. At this second stage of the enquiry, the onus is generally on the party relying on the legislation to show that it is indeed so justifiable (*Ferreira v Levin* para 44; see also De Waal, Currie and Erasmus *The Bill of Rights handbook* (2001) 26–34 for an exposition of the general structure of litigation involving fundamental rights in the Constitution). This was also roughly the approach adopted by Sachs J in the *Christian Education* case.

This process is, however, complicated when the right in question contains an internal limitation that restricts its ambit and scope. There are different opinions as to whether an internal limitation requires an additional step, or an additional shift in onus, in the adjudication process. Woolman, for instance, argues that the presence of an internal limitation requires a third, intermediate stage in the constitutional enquiry, with the onus on the party defending the infringing measure to show that it is saved by the internal limitation (Woolman "Limitation" in Chaskalson *et al* (eds) *Constitutional law of South Africa* 12-24E–12-25), whereas Carpenter contends that the onus would shift to the respondent only where the internal qualification does not form part of the definition of the right (Carpenter "Internal modifiers and other qualifications in Bills of Rights – some problems of interpretation" 1995 *SA Public Law* 260 262). These intricacies notwithstanding, commentators seem to agree that the question whether a restriction of a fundamental right is saved by an internal limitation involves a different exercise from that required by the general limitation clause, to which recourse should be had only once it has been shown that the internal limitation does not apply to the particular matter (see Woolman 12-25–12-26). Questions posed by an internal limitation therefore seem to be decided in the first (interpretative) stage of the constitutional enquiry, although it is uncertain whether or not this should take the form of a separate "sub-stage". Only where a right is violated notwithstanding the internal limitation should a court move to the second (justificatory) stage of the enquiry. This seems also to be the approach of the Constitutional Court (see, for instance, the majority judgment in *S v Lawrence; S v Negal; S v Solberg* 1997 4 SA 1176 (CC) in relation to s 26(2) of the interim Constitution, and *Soobramoney v Minister of Health, KwaZulu-Natal* 1998 1 SA 765 (CC) in relation to s 27(3) of the final Constitution).

The limitation imposed by section 31(2) of the Constitution directly restricts the ambit of the right of religious communities to practise their religion. Section 31(2) makes it clear that the protection afforded by section 31(1) does not extend to practices which violate other rights in the Bill of Rights (see Currie "Minority rights: Education, culture, and language" in Chaskalson *et al* 35-23–35-24; De Waal, Currie and Erasmus 481–483). Where religious practices violate such rights, they do not enjoy constitutional protection, and it is not necessary for a party seeking to uphold measures which outlaw such practices to justify the measures in terms of the provisions of section 36 of the Constitution. This was acknowledged by Sachs J when he stated (*Christian Education* para 26) that

> "[s]ection 31(2) ensures that the concept of rights of members of communities that associate on the basis of . . . religion, cannot be used to shield practices which offend the Bill of Rights. These explicit qualifications may be seen as serving a double purpose. The first is to prevent protected associational rights of members of communities from being used to 'privatise' constitutionally offensive group practices and thereby immunise them from external legislative regulation or judicial control . . . The second relates to oppressive features of internal relationships primarily within the communities concerned . . .".

Because of this internal limitation in section 31, it was vital for the Constitutional Court to determine whether section 15 or section 31 of the Constitution was in issue in the *Christian Education* case. If, as the respondent (in my view correctly) submitted, the matter fell to be decided exclusively under section 31, the court would have had to consider the impact of the internal limitation on the appellant's case. If the internal limitation were to have been found to apply to the religious practice in question, the appeal would have had to be dismissed without consideration of the provisions of section 36 of the Constitution. This was the route followed in the high court, where Liebenberg J held that, since corporal punishment violated the constitutional rights to dignity, to freedom from public and private violence, not to be tortured or punished in a cruel and degrading fashion, and (in the case of children) not to be subjected to maltreatment and abuse, the religious practice of administering corporal punishment did not qualify for constitutional protection under section 31(1), and the applicant's rights were therefore not violated (1999 9 BCLR 963B–965C).

Not only did Sachs J decline to decide whether the case turned on section 15 or section 31; he also proceeded to assume that both those provisions were affected by section 10 of the South African Schools Act, thereby neglecting to determine whether the appellant's dedication to corporal punishment constituted a sincerely held religious belief, and refusing to consider the impact of section 31(2) on the appellant's case. Instead, he proceeded directly to the second stage of the constitutional enquiry. This double assumption has the effect of unnecessarily blurring the boundaries between the two main stages of constitutional adjudication. Specifically, it creates confusion by failing to distinguish between values which enter into disputes involving religious practices at the internal-limitation stage of the enquiry, and which do so at the general-limitation stage. Such confusion is unfair to respondents in such cases, for the message conveyed by the *Christian Education* judgment is that they must justify legislative and other restrictions on religious practices regardless of whether the practices themselves are constitutionally permissible and protected in the first place. The drafters of the Constitution clearly intended that respondents should be required to justify such restrictions only when the restricted practices themselves do not violate other rights in the Bill of Rights. While the outcome of the *Christian Education* case was not influenced by this confusion, it provides little clarity to future respondents in like matters.

To be fair, the court in all likelihood chose confusion over clarity in the circumstances of the case because it did not want to pronounce on whether or not the appellant's alleged religious beliefs were genuine or, more importantly, whether administration of corporal punishment *per se* violated other rights in the Bill of Rights, for that would in all likelihood have provoked a possible future challenge to the administration of such punishment by parents. As Currie indicates, the Constitutional Court has on more than one occasion wisely opted for "decisional minimalism", which involves concentrating in judgments on specific issues at hand rather than delivering judgments with a broader, more general impact, and for incompletely theorised judgments which leave as much as possible undecided, in order not to complicate future unrelated matters (Currie "Judicious avoidance" 1999 *SAJHR* 138–165). In the light of the compelling interests justifying such judicial "minimalism" (as expounded by Currie 147–150 165), Sachs J, for example, correctly distinguished between corporal punishment in schools and in the home, emphasising that the latter manifestation of the punishment was not before the court and declining to make any finding on it (para 48).

The difference between such justified "minimalism" and the rest of the *Christian Education* judgment, however, is that the issue of corporal punishment in schools *was* pertinently before the court. Even more so was the application and interpretation of the two interacting and competing religious rights, much of the argument relating specifically to the applicability of sections 15 and 31 to the matter, and to the impact of the limitation contained in section 31(2) on the appellant's case. The Constitutional Court was called upon to provide answers to a number of controversial questions: To what extent (if any) does a religious practice fall to be protected under section 15 of the Constitution, notwithstanding the presence of section 31? Does a restriction on religious practice limit freedom of belief through direct or indirect coercion? Can the administration of corporal punishment be seen as a *religious* practice? Does the practice of corporal punishment in schools violate the fundamental dignity (among a cluster of rights) of those punished? The decision in the *Christian Education* case does not furnish answers to any of these questions.

Instead, we are treated by the court to a balancing exercise of "values" under section 36, during which we are given hints as to what the court might have decided on the issues before it had it chosen to decide those issues. For instance, Sachs J considers the possibility that corporal punishment might violate the rights of children to dignity and to freedom from violence, without clearly pronouncing on whether it in fact does so (paras 43 –47). Similarly, *dicta* at paragraphs 38 and 51 suggest that the restriction on corporal punishment in schools may very well not violate the right to freedom of religion, even though the court chose to assume that it did. These pronouncements (which would otherwise have formed part of decisions at the first stage of the constitutional enquiry) are thrown into the pot together with statements on the fundamental nature of religious belief (paras 36–37), differences between the school and home environment (para 49), the "whole symbolic, moral and pedagogical purpose" of the prohibition against corporal punishment (para 50), the difficulty of monitoring the equitable administration of the punishment (*ibid*), and the "very special meaning that corporal correction in school has for the self-definition and ethos of the religious community in question" (para 51). After listing these values, the court eloquently concluded that "[w]hen all these factors are weighed together, the scales come down firmly in favour of upholding the generality of the law" (para 52). Knowing that the scales came down is satisfying. Knowing why or how they came down as they did would have been even more so.

Ironically, the fact that a general-limitation analysis was undertaken when it might very well have been unnecessary in this case (had it turned, as all indications would have it, on section 31), defeats the very purpose of "decisional minimalism". Instead of a minimalist judgment, which is characterised as "cautiously, incrementally, emphasising the particular rather than the general, avoiding large-scale theorising and relying instead on incompletely reasoned agreements" (Currie 1999 *SAJHR* 165), the *Christian Education* judgment rather presents an extreme example of what Cockrell calls "rainbow jurisprudence", which

> "is the equivalent of the pleader's strategy of confess-and-avoid: it admits that constitutional adjudication involves substantive reasoning, but seeks to avoid the attendant difficulties by means of a bland assertion that all normative options can be accommodated in harmonic coexistence" (Cockrell "Rainbow jurisprudence" 1996 *SAJHR* 1 37).

By trying to show sensitivity to all sectors of society and to avoid controversy, the *Christian Education* judgment failed to lay any foundations of jurisprudence on religious rights, leaving the Constitutional Court (and other courts) little (if anything) to fall back on when confronted by similar matters in future. Such matters are bound

to arise. In fact, the Constitutional Court itself will in the near future be required to take a final decision on whether a prohibition on the use of marijuana by Rastafarians is constitutionally permissible. (An appeal against the judgment of the Supreme Court of Appeal in *Prince v President, Cape Law Society* 2000 3 SA 845 (SCA) is already before the Constitutional Court, which has called for further evidence – see *Prince v President, Cape Law Society* 2001 2 SA 388 (CC).) It is hoped that the court will not once again let the opportunity pass of clarifying the uncertainty surrounding the interpretation of religious rights evident in judgments in the high courts (see, eg, the failure of the courts to draw any meaningful distinction between ss 15 and 31 in *Prince v President of the Law Society, Cape of Good Hope* 1998 8 BCLR 976 (C) and *Garden Cities Incorporated Association Not for Gain v Northpine Islamic Society* 1999 2 SA 268 (C)).

A jurisprudential rainbow may already be shining over constitutional matters concerning religious beliefs and practices, but the storm is unfortunately yet to come.

MARIUS PIETERSE
University of the Witwatersrand

AFPERSING VAN 'N SEKSUELE VOORDEEL
R v Davis (2000) 139 CCC (3d) 193 (SCC)

1 Inleiding

In hierdie saak, wat in finale instansie voor die hoogste Kanadese hof (Supreme Court; SC) gedien het, het die volgende feitestel na vore getree: D het tereggestaan op 10 klagtes waarby sewe klaers betrokke was. Dié klagtes het gehandel oor seksuele aanranding, strafbare sodomie ("buggery") en ook afpersing. In die onderhawige bespreking word slegs gefokus op die twee klagtes van beweerde afpersing, wat na bewering gepleeg is teenoor die klaers PVB en CD. In al die klagtes waarop D hom moes verweer, het hy hom voorgedoen as 'n fotograaf wat aan 'n modelagentskap verbonde was. In werklikheid het hy geen verbintenis met sodanige agentskap gehad nie. Onder voorwendsel dat hy 'n portefeulje van foto's, met die oog op 'n moontlike loopbaan as model, namens die modelagentskap neem, het hy die belangstelling van meisies tussen die ouderdomme van 15 en 20 jaar gewek. Hy het hulle almal oorreed om naak of semi-naak te poseer. PVB, wat 15 jaar oud was, het D deur 'n motorfietsvereniging, waarvan hy voorsitter was, ontmoet. Sy het later vir verskeie fotosessies na sy huis gegaan, waar sy, na mooipratery, tot naakfoto's toegestem het. Aangesien hy geweier het om die foto's vir haar te wys en die negatiewe vir haar te gee, het sy verdere fotosessies geweier. Hy het haar vervolgens meegedeel dat indien sy die negatiewe wou hê, sy sekere seksuele gunsies vir hom moes toelaat. As gevolg van die vrees vir blootstelling het sy oor 'n tydperk van twee tot drie maande herhaaldelik by sy woning met hom geslagsomgang gehad. Gedurende

dié besoeke is sy vasgebind en geslaan en 'n vibrator en dildos in haar vagina opgedruk. Aan die einde van elke sessie het sy 'n strook van die negatiewe ontvang. Sy het uiteindelik al die negatiewe ontvang en verbrand. Na oorweging van PVB se getuienis, asook ander getuienis, is D aan seksuele aanranding (oortreding van a 246.1(1)(a) van die Kanadese Strafkode) en afpersing (oortreding van a 305(1) van die Kanadese Strafkode) skuldig bevind.

CD, toe 19 jaar oud, het D in 1984 in 'n plaaslike winkelsentrum ontmoet en foto's is aanvanklik by haar ouerhuis geneem. 'n Tweede fotosessie het later plaasgevind in die kelder van die woonstelblok waar sy gewoon het. Haar vriend het haar vergesel, maar toe hy vir 'n tydperk weg was, het D gevra dat sy haar klere uittrek. Sy het geweier, maar later, nadat hy haar oorreed het, het sy haar bostuk uitgetrek. Hy het daarna haar borste met sy hande aangeraak en gedruk en onsedelike opmerkings gemaak. Hy het ook sy hand in die onderstuk van haar bikini tot by haar vagina ingedruk. Sy was baie ontsteld daaroor en D het kort daarna vertrek. Hy het later met die foto's teruggekeer en haar meegedeel dat sy daarvoor moet betaal indien sy dit terug wou hê. Sy het gesê dat sy nie geld het nie, waarop hy gesê het dat sy dit kon terugkry indien sy met hom geslagsomgang sou hê. Hy het ook gedreig dat hy dit in 'n pornografiese tydskrif sou publiseer en daarvan in haar vader se posbus sou plaas indien sy nie met hom geslagsomgang het nie. Sy het geweier. Hy het egter nie sy dreigemente uitgevoer nie. D is ook in CD se geval aan seksuele aanranding en afpersing skuldig bevind.

Teen die agtergrond van die uitspraak van die SC in dié saak word die vraag onder die loep geneem of die afdreig van 'n seksuele voordeel in die Kanadese reg, asook in die Suid-Afrikaanse reg, afpersing daarstel.

2 Die Kanadese reg

Hoofregter Lamer, wat namens die hof uitspraak lewer, vra ten aanvang die vraag of dit 'n misdaad daarstel om 'n seksuele guns of voordeel ("sexual favour") af te pers. D is (onder andere) van oortreding van artikel 305 (SC 1985, c 19, s 47) van die Kanadese Strafkode, dit wil sê van afpersing, aangekla. In artikel 305(1) word afpersing soos volg omskryf:

> "Every one who, without reasonable justification or excuse and with intent to extort or gain anything, by threats, accusations, menaces or violence induces or attempts to induce any person, whether or not he is the person threatened, accused or menaced or to whom violence is shown, to do anything or cause anything to be done, is guilty of an indictable offence and is liable to imprisonment for fourteen years."

Hierdie artikel is intussen vervang deur artikel 346(1) wat soos volg lui:

> "Every one commits extortion who, without reasonable justification or excuse and with intent to obtain anything, by threats, accusations, menaces or violence induces or attempts to induce any person, whether or not he is the person threatened, accused or menaced or to whom is shown, to do anything or cause anything to be done."

Die belangrikste verskil tussen dié twee bepalings is dat in eersgenoemde die woorde "with the intent to extort or gain" die verwysing na "anything" voorafgaan, terwyl dit in laasgenoemde voorafgegaan word deur die woorde "with intent to obtain". Artikel 305(1) is op die onderhawige saak van toepassing, aangesien artikel 346(1) eers later in werking getree het. Die konklusie sou in elk geval nie anders gewees het indien artikel 346(1) van toepassing was nie. Namens D is aangevoer dat die woord "anything" tot sake van ekonomiese waarde beperk moet word. Hoofregter Lamer wys daarop dat dié siening in stryd met die doel en aard van die misdaad afpersing is:

> "Extortion criminalizes intimidation and interference with freedom of choice. It punishes those who, through threats, accusations, menaces, or violence induce or attempt to induce their victims into doing anything or causing anything to be done. Threats, accusations, menaces and violence clearly intimidate . . . When threats are coupled with demands, there is an inducement to accede to the demands. This interferes with the victim's freedom of choice, as the victim may be coerced into doing something he or she would otherwise have chosen not to do" (210).

Die sentrale tema in dié verband is gevolglik intimidasie waardeur die vryheid van keuse van 'n ander geskend word (sien ook *R v Bird* (1970) (3) CCC 341 (BCCA) 354).Wat insiggewend is, is dat die misdaad afpersing in die Engelse gemenereg asook in die vroeëre Kanadese reg suiwer as 'n vermoënsmisdaad beskryf sou kon word (210–212). So wys Smith en Hogan *Criminal Law* (1996) 618 daarop dat dit "seems to have been pretty well co-extensive with robbery and attempted robbery, but over the years the definition has been extended to embrace more subtle methods of extortion". Hier het 'n mens 'n pragtige voorbeeld van 'n misdaadinhoud wat met die verloop van tyd nie slegs 'n verbreding ondergaan het nie, maar wat ook toenemend in meer abstrakte en wyer terme beskryf word (sien hieroor Labuschagne "Die legaliteitsbeginsel in die strafreg en die groeiende geregtigheidsbehoefte aan abstrakte misdaadomskrywing: 'n Regsantropologiese perspektief" 2000 *TSAR* 311). Die skuldigbevindings van die hof *a quo* word deur die SC bevestig. Die feit dat daar in geval van CD slegs 'n "poging" tot afpersing was, verskaf geen probleme nie aangesien dit in artikel 305(1) as voldoende beskou word.

3 Die Suid-Afrikaanse reg

Wat insiggewend is, is dat ook in ons gemenereg, naamlik die Romeins-Europese reg, die grensgebied van afpersing en roof nie behoorlik afgebaken was nie. Hoewel daar teenstrydige uitsprake van ons gemeneregskrywers, asook in vroeëre Suid-Afrikaanse gewysdereg, bestaan oor die vraag of afpersing tot 'n vermoënsregtelike aangeleentheid beperk is, het die Appèlhof in *Ex parte Minister van Justisie: In re S v J en S v von Molendorff* 1989 4 SA 1028 (A) beslis dat slegs 'n ekonomiese voordeel afpersbaar is (sien Labuschagne "Afpersing" 1985 *De Jure* 315 316–319 en gesag daarin aangehaal). Die wetgewer was nie hiermee tevrede nie en het deur die uitvaardiging van artikel 1 van die Algemene Regswysigingswet 139 van 1992, die beperking van die afpersingsmisdaad tot vermoënsregtelike sake ongedaan gemaak, met ander woorde 'n saak van nie-vermoënsregtelike aard kan ook in die hedendaagse Suid-Afrikaanse reg die voorwerp van afpersing wees (Snyman *Strafreg* (1999) 405–406). In *S v J* 1980 4 SA 113 (E), wat die 1992-wetgewing voorafgegaan het, het J, soos in die Kanadese saak *R v Davis* (hierbo bespreek), naakfoto's van die klaagster geneem en haar gedreig dat indien sy nie met hom geslagsomgang het nie, hy die foto's vir haar ouers sou wys. Sy het egter geweier om dit te doen. J is van poging tot afpersing aangekla en ook skuldig bevind. Hierdie bevinding word by appèl bevestig. By appèl verklaar regter Smalberger:

> "The gravamen of the offence of extortion is the use of threats or intimidation to obtain a benefit . . . There seems to be no logical reason to distinguish between the situation where such pressure is applied to secure an advantage of a pecuniary or proprietary nature, or some other subjective advantage. In either case the mischief which the crime seeks to punish is the same – the use of threats or intimidation to secure a benefit for oneself" (116).

Die ooreenkoms hiervan met die uitspraak van die SC in *R v Davis* is treffend. Soos elders aangetoon, kan afpersing met geslagsmisdade, soos verkragting en onsedelike aanranding, oorvleuel (Labuschagne "Die misdaadkonkurrensie van afpersing en verkragting" 1993 *SAS* 326).

4 Konklusie

Die evolusie van die voorwerp van die misdaad afpersing, en in besonder dat dit voortdurend uitbrei en minder konkreet word, toon treffende ooreenkomste in sowel die Kanadese as die Suid-Afrikaanse reg. Dit bevestig 'n standpunt wat vroeër ingeneem is, naamlik dat 'n universele evolusieproses in die sosio-juridiese waardestrukture van die mens sigbaar is waarvolgens die misdaadinhoud al hoe minder konkreet en gevolglik al hoe meer abstrak omskryf word (sien Labuschagne "Evolusielyne in die regsantropologie" 1996 *SA Tydskrif vir Etnologie* 40 41–43; "Die voorrasionele evoulsiebasis van die strafreg" 1992 *TRW* 27 41; "Die proses van dekonkretisering van noodweer in die strafreg: 'n Regsantropologiese evaluasie" 1999 *Stellenbosch LR* 56). Hierdie dekonkretiseringsproses behoort ook tot gevolg te hê dat die hoeveelheid misdade in die toekoms aansienlik sal verminder (sien bv Labuschagne "Aanranding en misdaadkondensering: opmerkings oor die strafregtelike beskerming van biopsigiese outonomie" 1995 *De Jure* 367 en "Die dinamiese aard van die inhoud van die misdaad aanranding en geregtigheidskonforme analogie in die strafreg" 1998 *THRHR* 482).

JMT LABUSCHAGNE
Universiteit van Pretoria

DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID VIR VEROORSAKING VAN SUIWER EKONOMIESE VERLIES: DIE DEUR WORD WYER OOPGEMAAK

Dersley v Minister van Veiligheid en Sekuriteit 2001 1 SA 1047 (T)

1 Inleiding

Dat die moderne Suid-Afrikaanse Aquiliese aksie beskikbaar is vir die verhaal van suiwer ekonomiese verlies wat op onregmatige en skuldige wyse veroorsaak is, val nouliks te betwyfel (sien in die algemeen *Administrateur, Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 (A); Neethling, Potgieter en Visser *Law of delict* (1999) 293–300; Van der Walt en Midgley *Delict: Principles and cases* (1997) 79–80). Trouens, die nie-kontensieuse aard van sodanige vordering in ons regspleging was klaarblyklik die oorsaak dat die regter in die onderhawige saak nie eens uitdruklik vermeld het dat hy te doene gehad het met 'n geval van deliktuele aanspreeklikheid vir die veroorsaking van suiwer ekonomiese verlies nie. Regter Van Dyk het die swaartepunt van die problematiek wat hom in die gesig gestaar het in die proses van toepassing van die relevante regsbeginsels op die feite wat voor hom gedien het, gevind in die delikteregsreëls van toepassing op die *late* as verskyningsvorm van menslike gedrag. Dienooreenkomstig het hy sy aandag uitsluitlik daaraan gewy om die moderne Suid-Afrikaanse bestel weer te gee rakende die toets vir onregmatigheid in geval van 'n late. Bykomstig daartoe het hy enkele gedagtes kwytgeraak oor die deliktuele nalatigheidstoets, asook 'n praktiese toepassing daarvan benut om tot 'n beslissing te geraak met betrekking tot die eiser se moontlike bydraende nalatigheid. Sy beslissing insake die delikselement van (juridiese) kousaliteit vind ons as 't ware as 'n nagedagte.

Neethling, Potgieter en Visser 294 is van oordeel dat die veroorsaking van sogenaamde "suiwer ekonomiese verlies" sig as eisoorsaak op een van drie wyses kan manifesteer: Eerstens is daar die veroorsaking van ekonomiese verlies wat nie die gevolg is van saakbeskadiging of persoonsnadeel nie, soos in geval van nalatige wanvoorstelling en onregmatige mededinging. Tweedens vind ons die veroorsaking van finansiële verlies wat volg uit saakbeskadiging of persoonlikheidskrenking waar die eiser se eiendom of persoonlikheidsbelang nie in die gedrang kom nie, soos waar A ('n fabriekseienaar) nadeel ly omdat 'n elektriese kabel wat aan B ('n elektrisiteitsverskaffer) behoort deur C beskadig word. (Sien bv *Coronation Brick (Pty) Ltd v Strachan Construction Co (Pty) Ltd* 1982 4 SA 371 (D), 'n saak deur Van Dyk R vermeld, dog nie in konteks van die problematiek verbonde aan die veroorsaking van suiwer ekonomiese verlies as eisoorsaak nie.) Derdens verwys die vermelde skrywers na die veroorsaking van vermoënsverlies deurdat die eiser se eiendom of persoonlikheidsbelange wel aangetas word, dog "the *defendant* did not cause such damage or injury" (*ibid*). Hierdie derde wyse is treffend geïllustreer deur die feite en uitspraak in *Kadir v Minister of Law and Order* 1992 3 SA 737 (K): As gevolg van die nalatige optrede van motoris X het motoris Y van die pad af gejaag en in die proses beserings opgedoen en sy motor beskadig. Twee polisiemanne, werknemers van die verweerder, het op die toneel verskyn, dog nagelaat om enige gegewens aangaande die identiteit van X op rekord te plaas (dit was vir hulle moontlik). Die feit dat Y nie vir X kon opspoor of identifiseer nie, het sy eis teen die MMF belemmer. Die hof het Y laat slaag met 'n eis teen die verweerder, wie se werknemers se nalatige late as eisoorsaak aanvaar is ten spyte daarvan dat X in wese die skade en persoonlikheidsnadeel direk veroorsaak het. Hierdie skoolvoorbeeld uit die regspraak van Neethling, Potgieter en Visser se derde kategorie is ongelukkig waardeloos gemaak deur die omverwerping van die uitspraak deur die appèlhof (*Minister of Law and Order v Kadir* 1995 1 SA 303 (A); hierdie uitspraak het academici tot aksie laat oorgaan: sien bv Burchell 1995 *SALJ* 211; Scott 1995 *De Jure* 164; Neethling en Potgieter 1996 *THRHR* 333; Dendy 1995 *Annual Survey of SA Law* 242; vgl Dendy 1992 *Annual Survey of SA Law* 433 ev). Ek het in my pasvermelde vonnisbespreking tot die gevolgtrekking gekom dat die appèlhof die moontlikheid van die derde kategorie van veroorsaking van suiwer ekonomiese verlies soos deur Neethling, Potgieter en Visser geskets, die nek omgedraai het. Daardie skrywers het my tereggewys (294 vn 114) en daarop gewys dat die feite en uitspraak in *Joubert v Impala Platinum Ltd* 1998 1 SA 463 (BHH) 'n sprekende bewys lewer van hul derde kategorie. Verwysend na my standpunt na aanleiding van die appèlhofuitspraak in die *Kadir*-saak, laat hulle hul soos volg uit, voordat hulle die *Joubert*-saak aanhaal (*ibid*; my kursivering):

> "This view is, however, not acceptable, the reason being that it is still possible for the courts to construe a legal duty to avoid economic loss in an analogous situation *where the police is not involved*."

Hierdie skrywers het my dus by implikasie gelyk gegee vir daardie gevalle waar die Minister van Wet en Orde (tans Veiligheid en Sekuriteit) as werkgewer van polisiebeamptes as verweerder betrokke sou wees. In die lig van regter Van Dyk se uitspraak blyk dit dat sowel die vermelde skrywers as ek ons standpunt moontlik sal moet aanpas (aangesien dit aansluit by die uitspraak van die hof *a quo* in die *Kadir*-saak), tensy die geskiedenis van litigasie gaan bewys dat regter Van Dyk in sy uitspraak fouteer het. In hierdie stadium dien vermeld te word dat die allerbelangrike *Kadir*-uitsprake geen vermelding in die onderhawige saak verdien het nie.

2 Feite en uitspraak

Die eiser het 'n voertuig gekoop van 'n persoon wat beweer het dat dit vroeër gesteel is en aan die versekeringsmaatskappy wat die destydse eienaar vergoed het vir sy verlies, oorhandig is nadat dit opgespoor is. Die eiser het finansiering vir sy aankoop van die voertuig met 'n bankinstelling gereël, maar omdat hy twyfel in sy gemoed gehad het oor die vraag of die verkoper by magte was om die voertuig aan hom te verkoop en in eiendomsreg oor te dra, het hy die bank versoek om betaling aan die verkoper terug te hou. 'n Dag nadat die voertuig deur die verkoper aan die eiser gelewer is, het hy dit na die kantore van die polisie se voertuigdiefstaleenheid buite Pretoria bestuur. Sy eerste teëspoed het hy reeds by die ontvangslokaal op die lyf geloop, toe die vroulike polisiebeampte aan diens meer as 15 minute geneem het om te begryp dat hy die betrokke voertuig wou laat ondersoek ten einde vas te stel of dit gesteel is, al dan nie. Toe hy daarna op haar aanwysing 'n nabygeleë lokaal betree, het hy daar 'n sersant H aangetref wat aan hom bekend was. Aan H het die eiser verduidelik wat die doel van sy besoek is en daarna sekere dokumentasie wat die onderstel- en enjinnommer van die voertuig bevat het, aan H oorhandig. H wat besig was om op 'n rekenaar te werk, was egter nie aan die polisie se voertuigdiefstaleenheid verbonde nie, dog aan die voertuigbewaringseenheid. Hierdie feit is op onverklaarbare wyse deur H verswyg en die eiser was dus salig onder die indruk dat die proses in ooreenstemming met die normale prosedure by die voertuigdiefstaleenheid verloop het. Nadat H die gegewens op die dokumentasie in sy rekenaar ingevoer het, het hy die eiser doodluiters meegedeel dat die voertuig "skoon" is en dat hy gerus met die aankoop daarvan kon voortgaan. Vervolgens het die eiser die bank in kennis gestel dat 'n tjek aan die verkoper uitgemaak mag word vir die koopprys. Groot was die eiser se skok egter toe die polisie vyf maande later by hom opdaag en op die voertuig beslag lê, omdat dit glo vroeër as gesteel aangemeld is. Hy is eenvoudig meegedeel dat die verkoper hom bedrieg het!

Hierop het die eiser 'n vordering ingestel teen die verweerder, op grond van die mededelings wat H aan hom gemaak het en op sterkte waarvan hy die betaling aan die verkoper gemagtig het. Die hof het bevind dat alle delikselemente in H se optrede teenwoordig was, dat daar verder geen sprake van bydraende nalatigheid aan die eiser se kant was nie en gevolglik het die eiser ten volle in sy eis geslaag.

3 Kritiese kommentaar

3 1 Die eisoorsaak

Regter van Dyk stel dit eenvoudig (1054E) dat die eiser se

> "saak . . . gebaseer [is] daarop dat verweerder op 'n nalatige wyse, 'n regsplig wat op hom berus (*sic*) het, teenoor die eiser, verbreek het met die gevolg dat hy skade gely het".

Enigsins merkwaardig vervolg hy (1054E–F):

> "Twee elemente van die delik is derhalwe pertinent ter sake: *eerstens* die vraag, was daar 'n onregmatige en nalatige optrede aan die kant van die verweerder wat gehandel het deur middel van sersant H wat destyds in diens van die verweerder was as polisiebeampte, en *tweedens*, het dit die gevolg gehad dat eiser skade gely het."

Hieruit blyk dit duidelik dat *drie* sogenaamde delikselemente in werklikheid onder die loep kom, te wete onregmatigheid en nalatigheid, wat die regter bymekaar groepeer, asook kousaliteit, wat hy skynbaar as die tweede element aanstip. Hierdie onakkuraatheid beïnvloed egter glad nie die uiteindelike verloop van sake negatief nie.

Soos hierbo ter inleiding vermeld is, weerspieël die feite in wese 'n eisoorsaak wat tipeer kan word as die veroorsaking van suiwer ekonomiese verlies. Hierdie feit word geensins in die uitspraak in soveel woorde vermeld nie. Trouens, regter Van Dyk spreek die mening uit dat die tipe geval onder bespreking baanbrekersaandag van hom verg (1055G):

> "Voor hierdie Hof, het sover as wat die advokate kon nagaan, en ook die navorsing wat ek in die beperkte tyd tot my beskikking gehad het, aandui, het (*sic*) nog nie spesifiek so 'n geval in die regspraak voorgekom nie."

As hy daarmee te kenne wou gee dat daar nog nie 'n *identiese* geval voor 'n Suid-Afrikaanse hof gedien het nie, kan mens met hierdie stelling vrede hê. Indien dit egter gaan oor 'n geval waar 'n ondersoek gedoen is na die optrede van polisiebeamptes as oorsaak van 'n ander se suiwer ekonomiese verlies, doem die redelik resente *Kadir*-sake (*supra*) onmiddellik voor die geestesoog op. Na my oordeel is dit verbasend dat hierdie beslissings nie onder die hof se aandag gebring is nie. Die analoë regspraak wat regter Van Dyk vermeld, hou beslis minder direk verband met die onderhawige feite, as die *Kadir*-sake (sien die verwysings – 1055H–1057J – na *Mpongwana v Minister of Safety and Security* 1999 2 SA 794 (K); *Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 (A); *Nkumbi v Minister of Law and Order* 1991 3 SA 29 (OK); *Coronation Brick (Pty) Ltd v Strachan Construction Co (Pty) Ltd supra*; en *Government of the Republic of South Africa v Basdeo* 1996 1 SA 355 (A)).

3 2 Die onregmatigheidsvraag

Regter Van Dyk konstateer inleidend in sy behandeling van die onregmatigheidskwessie (1054H) dat daar allereers vasgestel moet word of die dader onregmatig opgetree het, alvorens die vraag na nalatigheid aan die orde kom. Hiermee volg hy die ongetwyfeld korrekte teoretiese benadering dat "the issue of wrongfulness is logically anterior to the issue of fault" (Boberg *The law of delict vol I – Aquilian liability* (1984) 271; sien ook Van der Merwe en Olivier *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* (1989) 111; Van der Walt en Midgley 54 125; Neethling, Potgieter en Visser 119; *Administrateur, Transvaal v Van der Merwe* 1994 4 SA 347 (A) 364G–I; vir 'n ongesonde resente neiging in die geledere van die appèlregters om skuld (nalatigheid) as determinant van onregmatigheid aan te wend, sien bv *Cape Metropolitan Council v Graham* 2001 1 SA 1197 (HHA); vgl oor hierdie uitspraak Scott 2001 *De Jure* 198, in besonder 199–200).

Die regter heg groot waarde (1054I–1055A) aan 'n bydrae van JC van der Walt (1993 *THRHR* 558) waarin die basis van onregmatigheid uitgewys word as synde geleë in óf 'n aantasting van die eiser se subjektiewe reg, óf die nie-nakoming van 'n regsplig teenoor die eiser – sentimente wat al sedert die sestigerjare gedeel word deur die meerderheid akademiese vakgenote wat beïnvloed is deur die pennevrug van swaargewigte soos WA Joubert en NJ van der Merwe. Ook die aanvaarding van Van der Walt se opinie aangaande die meer gesofistikeerde hedendaagse aard van die *boni mores*-toets dui nie sodanig op iets wat in akademiese kringe as revolusionêr beskou sal word nie; dit behoort eerder vir akademici wat in die delikteregakker werksaam is onrusbarend te wees dat gedagtes soos dié deur Van der Walt uitgespreek, op die regbank as merkwaardig ervaar word (sonder om hierdeur enigsins afbreuk te wil doen aan 'n gewaardeerde kollega se heldere bydrae oor 'n spesifieke onderwerp).

Regter Van Dyk se begeestering met die aanslag van Van der Walt, aangevul deur 'n ondersoek van die regspraak wat hy later aanhaal (3 1 *in fine* hierbo), lei hom tot die volgende konklusie (1055A–B):

> "[D]it [het] my getref dat die basiese toets verander het en dat dit vandag daarin geleë is dat 'n judisiële waarde-oordeel uitgespreek moet word of die eiser se betrokke aangetaste belang in die omstandighede en tipe situasie wat voor die hof op die feite sou dien, ooreenkomstig die *boni mores* (dit wil sê, die regsopvatting van die gemeenskap) beskermingswaardig is al dan nie; en indien wel, is daar inderdaad 'n regsplig op sodanige persoon wat hy nie mag nalaat nie. Andersins is daar geen regsplig op 'n verweerder om die regte van die eiser te beskerm nie."

Hierdie uiteensetting skep ongelukkig 'n skewe beeld van die toepassing van die *boni mores*-toets: Eerstens is dit duidelik dat regter Van Dyk hier die aanwending van die onregmatigheidstoets in geval van beoordeling van 'n *omissio* as oorsaak van *suiwer ekonomiese verlies* uiteensit, terwyl hy in algemene terme voorgee dat hy die toets vir onregmatigheid *in die algemeen* omskryf. Onregmatigheid as skending van 'n regsplig – die bestaan en omvang waarvan deur die *boni mores* bepaal word – is by uitstek die model van toepassing op die beoordeling van *omissiones* (vgl Van der Walt en Midgley 70; Neethling, Potgieter en Visser 55) en gedraginge wat suiwer ekonomiese verlies veroorsaak (vgl Van der Walt en Midgley 77; Neethling, Potgieter en Visser *loc cit* en veral gesag aangehaal 295 vn 120). In konteks van die feite van hierdie geval is die formulering dus wel aanvaarbaar. Tweedens dien daarop gelet te word dat dit simplisties is om te sinspeel daarop dat die *boni mores* alleen relevant is by die bepaling van die beskermingswaardigheid, al dan nie, van 'n belang: dit is tog oorbekend dat 'n regtens beskermde belang onder omstandighede geskend mag word, soos in geval van 'n regverdigingsgrond. Regter Van Dyk se formulering laat nie reg geskied aan die funksie van die *boni mores* in die proses van afbakening van die omvangsbreedte van die regsbeskermde belang nie.

Nadat regter Van Dyk aan die hand van die *locus classicus* op die terrein van onregmatigheidsbepaling by 'n late, te wete *Minister van Polisie v Ewels* (*supra*), beklemtoon het dat die *boni mores*-toets die regsoortuiging van die gemeenskap as kriterium verteenwoordig, en nie "noodwendig 'n sedelik (*sic*), of sosiale, of 'n moderne morele maatstaf" (1055C) is nie, formuleer hy die toepassing van hierdie maatstaf verrassend bondig (1055E):

> "Lê die redelikheid by die dader dan het hy geen regsplig nie. Lê dit by die benadeelde was daar 'n regsplig op die dader."

Dit is interessant dat die regspraak wat regter Van Dyk aanhaal uitsluitlik uit die terrein van die *late* as onregmatige gedragsvorm afkomstig is. In wese wil dit voorkom of H die eiser op positiewe wyse skade berokken het. Daar is 'n groot verskil tussen 'n geval soos die onderhawige en 'n geval soos dié in *Ewels* se saak, waar dit juis daarom gegaan het dat die polisiemanne *versuim* het om hulle te bemoei met die eiser se lot. Hier het die werknemer van die verweerder uit sy pad gegaan om die eiser "behulpsaam" te wees. Hy het positiewe dade verrig ('n oënskynlike rekenaartoets gedoen en die eiser mondelings verseker dat die betrokke voertuig "skoon" is) wat die eiser tot sy nadeel laat handel het. Die blote feit dat hierdie optrede 'n *versuim* was om sy pligte as polisiebeampte na behore uit te voer, in stryd met spesifieke en algemene wetgewing (sien a 13 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens 68 van 1995; a 5 van die Polisiewet 7 van 1958 (herroep); en a 205(3) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996), behoort tog nie sy "doen" in 'n "late" om te tower nie! (Vgl Van der Walt en Midgley 52 se waarskuwing ten aansien van hierdie tipe geval: "The failure to stop

('omission') at a stop street indicates negligent or deficient positive conduct – *culpa in faciendo*. The mere fact that linguistic alternatives enable us to describe the positive occurrence in a negative way (for example, 'the driver failed or omitted to stop at the stop street') is legally irrelevant in the determination of the nature of the conduct.") Daar word dus aan die hand gedoen dat van die oorwegings wat normaalweg ter sprake sou kom in die proses van beoordeling van 'n late, in 'n mindere mate in die onderhawige geval sou figureer. *De facto* was dit dan waarskynlik nie anders gewees nie, gesien die feit dat regter Van Dyk sonder veel moeite tot die gevolgtrekking gekom het dat H onregmatig gehandel het. (Juis in hierdie opsig sou die diskrepansie tussen die onderhawige bevinding en die beslissing van die appèlhof in die *Kadir*-saak geregverdig kon word.) Ongelukkig formuleer regter Van Dyk sy gevolgtrekking onder invloed van die gewysdes wat uitsluitlik met deliktuele aanspreeklikheid op grond van 'n *omissio* handel – sodanig dat mens deur die strenge toepassing daarvan elke denkbare positiewe daad ook tot 'n *omissio* sou kon relegeer (10159H–I):

> "Gemeet aan die algemene vereistes van redelikheid, en in die lig van die regsoortuiging van die gemeenskap soos ek reeds hierbo uiteengesit het, was dit nie onredelik nie om te vereis dat 'n polisiebeampte in die posisie van Hettinger in daardie bepaalde omstandighede redelik moes opgetree het. Ek is derhalwe tevrede dat hy nie redelik opgetree het nie, en daar inderdaad op hom 'n regsplig was om te verhoed dat die eiser skade kan ly deur slegs maar redelik op te tree en dat die eiser derhalwe geslaag het om die element van onregmatigheid te bewys."

3 3 Die nalatigheidsvraag

Grondliggend is daar nie fout te vind met die regter se gevolgtrekking dat H se optrede nalatig was nie. Ongelukkig word daar in die loop van sy uitspraak, en meer in besonder waar die term "nalatigheid" die eerste maal gebesig word, 'n stelling gemaak wat dui op 'n verwarring tussen 'n *nalate* (as verskyningsvorm van menslike gedraging) en nalatigheid as skuldvorm (1059C):

> "Myns insiens het die versuim van Hettinger om aan die eiser te sê dat hy nie 'n deskundige is in die ondersoek van voertuie nie en tweedens, dat binne 'n kwessie van meters daarvandaan af (*sic*), die betrokke afdeling se deskundiges behoort te wees, en dat hulle die voertuig sou ondersoek, is vir my onverklaarbaar en kom neer op nalatigheid."

Hier word die begrippe *versuim* en *nalatigheid* in soveel woorde gelykgestel, iets wat regswetenskaplik onmoontlik is (vgl Neethling, Potgieter en Visser 130). Dat regter Van Dyk se bedoeling nie werklik was om dit te doen nie, en dat hy eerder wou sê H se gedrag "kom neer op nalatigheid" (so gestel ook nie werklik, puristies besien, korrek nie: "nalatige optrede" sou meer van pas wees), blyk uit sy volgende stelling (1059F):

> "Deur ligtelik op hierdie wyse die regsplig wat daar op hom was te negeer het hy myns insiens op 'n ernstige wyse nalatig opgetree."

Enige moontlikheid dat hierdie stelling ook geïnterpreteer sou kon word as 'n voorbeeld van verwarring wat daar tussen die onregmatigheids- en skuldelement in die regter se gemoed sou bestaan, word uitgeskakel deur die sin wat direk daarop volg, waarin H se optrede gemeet word aan die kriterium van die "redelike polisiebeampte", wat 'n meer subjektiewe nalatigheidstoets as selfs dié van die *diligens paterfamilias* is (sien bv Van der Walt en Midgley 158). Die stelling dat H "op 'n ernstige wyse" nalatig opgetree het sou, meer elegant, liefs deur "grof" nalatig vervang kon word.

Ten spyte daarvan dat regter Van Dyk aanvanklik sinspeel op 'n strenger nalatigheidstoets (nl dié van die redelike polisiebeampte), verkies hy om na die klassieke algemene toets van die *diligens paterfamilias* soos geformuleer in *Kruger v Coetzee* 1966 2 SA 428 (A) 430E–G te verwys as gesag. Hy verskaf sy eie parafrase daarvan, wat ongelukkig die tweede lid van daardie toets, soos destyds deur appélregter Holmes geformuleer, in die slag laat bly: Hy beskryf die vermelde toets soos volg (1059H–1060A):

> "[S]ou die *diligens paterfamilias* in dieselfde omstandighede die redelike moontlikheid voorsien het dat sy optrede die eiser kan skade aandoen (of sy versuim om sy regsplig na te kom die eiser skade kan aandoen) en hy [bedoelende H] nie redelike stappe geneem (*sic*) het om dit te voorkom nie dan was hy nalatig in die uitvoering van sy pligte."

Direk na die sinsnede in hakies sou daar, in die lig van die erkende formulering, woorde met die volgende strekking ingevoeg moet word: "en sou die *diligens paterfamilias* redelike stappe gedoen het om sodanige nadeel te vermy . . .". Volgens my oordeel het hierdie onakkuraatheid egter geen materiële weerklank in die uiteindelike bevinding van regter Van Dyk gevind nie.

Byna as 'n bykomstigheid – en, kry mens die gevoel, *ex abundanti cautela* – neem die regter die optrede van die ontvangsdame wat die eiser aanvanklik moes help in behandeling en konkludeer hy dat haar optrede ook nalatig was (1060B–C). Dit behoef bykans geen betoog nie dat al sou hierdie bevinding daargelaat gewees het, die uitspraak verder presies identies sou bly (sien ook 1060E–F).

3 4 Die kousaliteitsvraag

Regter Van Dyk beskou dit as 'n uitgemaakte saak dat daar ongetwyfeld 'n juridiese kousale verband bestaan tussen die gewraakte optrede van die polisie en die nadeel wat die eiser gely het. Hy formuleer sy gedagtes hieroor soos volg (1061D–E):

> "Laastens wil ek net daarop wys, volledigheidshalwe, dat dit nie betwis kan word nie, dat hierdie optrede van die polisie die direkte oorsaak was dat die eiser die voertuig gekoop het . . ."

Tegnies gesproke is hierdie formulering nie korrek nie, want die feite staaf dat die eiser ten tye van die gewraakte polisie-optrede *reeds* die voertuig gekoop het (hy was trouens reeds die geregistreerde eienaar daarvan, alhoewel hierdie feit natuurlik ten opsigte van die gemeenregtelike posisie by die koop geen juridiese relevansie het nie). Al wat die eiser probeer vasstel het voordat hy die opdrag aan sy finansierder/bank wou gee om die koopsom oor te betaal, is of hy nie moontlik later uitgewin sou word nie (wat dan inderdaad gebeur het). Dieselfde verwarring blyk uit die volgende sin (*ibid*):

> "Die laaste handeling ten einde 'n volledig afdwingbare koopkontrak tot stand te bring was juis die oorbetaling van die tjek deur Wesbank aan die verkopers . . ."

Die *causa* vir die betaling was juis die reeds aangegane koopkontrak; betaling van die koopprys is immers nie een van die konstitutiewe vereistes vir 'n koopkontrak nie. Hoe dit ook al sy, dit is duidelik dat regter Van Dyk onomwonde wou sê dat daar aan die vereistes van die kousaliteitselement voldoen is – niks meer, en niks minder nie. Na my oordeel regverdig die feite ongetwyfeld sy uitspraak in hierdie opsig.

3 5 Bydraende nalatigheid

Vir die akademiese vakgeleerde bied hierdie saak 'n verbasingwekkende voorbeeld van hoe daar in die praktiese litigasieproses soms na strooihalms gegryp word ten

einde 'n eiser te probeer dwarsboom. In 'n gewysigde pleit is daar namens die verweerder betoog dat die eiser bydraend nalatig sou gewees het, eerstens omdat hy sou versuim het om die doel van sy besoek aan die polisiekantoor behoorlik onder die aandag van die betrokke polisiebeamptes te bring en tweedens sou versuim het om daarop aan te dring dat die voertuig fisies deur die voertuigdiefstaleenheid ondersoek moet word.

Regter Van Dyk het hierdie argumente tereg summier verwerp. Hy wys daarop dat die bewese feite die eerste argument teëspreek (1060H–1061B). Wat die tweede argument betref, bevind hy dat 'n normale lid van die publiek nie die durf aan die dag sal lê om aan te dring daarop dat die polisie hul verpligtinge op 'n bepaalde manier moet nakom nie, dog slegs sy of haar behoeftes by wyse van 'n duidelike versoek sal stel (1061B–D). Hierdie konklusies is klaarblyklik korrek en behoef geen verdere bespreking nie.

Gesien die bewese feite ten aansien van die optrede van polisiebeampte H kom dit nie vergesog voor nie om sy optrede selfs as opsetlik aan te merk: hy moes immers uit die aard van sy werk daadwerklik besef het dat sy optrede sinloos was en tot moontlike nadeel van die eiser kon strek: 'n argument ten gunste van 'n bevinding van ten minste *dolus eventualis* aan sy kant sou beslis nie onvanpas wees nie. Dit sou die hof tot dieselfde gevolgtrekking gebring het, indien regter Van Dyk om die een of ander rede 'n bevinding van bydraende nalatigheid aan die eiser se kant sou gemaak het (vgl Boberg 656).

3 6 Allerlei

In die lig van die basis waarop die eiser se saak beredeneer is, kom dit as onverklaarbaar voor waarom die eiser slegs die koopprys van die voertuig as skadevergoeding gevorder het. Hy het verkies om nie "die enorme hoeveelheid finansieringskoste, rentes ensovoorts" (1054G) wat hy aan die bankinstelling wat sy koop gefinansier het, tot die skadebedrag toe te voeg nie. Die enigste aanvaarbare verklaring vir hierdie versuim is 'n vrees aan die eiser se kant dat sodanige addisionele skadepos(te) deur die hof as te ver verwyderd van die polisie se gewraakte optrede bevind sou word en dat die hof dus sou kon konkludeer dat 'n juridiese kousale verband ontbreek – 'n bevinding wat negatiewe implikasies in die toestaan van 'n kostebevel sou kon meebring. Indien hierdie premis korrek sou wees, was daar na my mening oordrewe versigtigheid in hierdie opsig, in die lig van die huidige stand van ons deliktereg rakende die voorsienbaarheid van skade as determinant van juridiese kousaliteit (sien bv Neethling, Potgieter en Visser 185–187 210–203 en gesag daar aangehaal tav die sg "soepel benadering" tot juridiese kousaliteit).

Dit is jammer dat hierdie uitspraak ontsier word deur talle spel- en taalfoute: die skuld hiervoor moet vierkantig voor die deur van die redaksionele versorgers van die betrokke uitgewer geplaas word. (Ter illustrasie word slegs voorbeelde hiervan verskaf. Voorbeelde van spelfoute: "òf" ipv "óf" (1054I); "belange aantasting" ipv "belange-aantasting" (1055F); "polisie getuies" ipv "polisiegetuies" (1058F); "voortgegee" ipv "voorgegee" (1059G). Voorbeelde van taalfoute: "ernstig betwis *was* nie: ipv "ernstig betwis *is* nie" ((1053B – hierdie foutiewe gebruik ten aansien van die passiewe verlede tyd kom onrusbarend baie in moderne Afrikaanse taalgebruik voor); "naby aan" ipv "naby" (1053H); "onregmatighede" ipv "onregmatigheid" (1056A); "verstandelik besonder goed *ge*deeld" ipv "verstandelik . . . goed *be*deeld" (1059C); "stappe geneem" ipv "stappe gedoen" (1060A); "sal selde die durf *het*" ipv " . . . durf *hê*" (1061C).)

4 Slot

Dit is te verwelkom dat regter Van Dyk in die eiser se guns beslis het. Soos vroeër opgemerk (sien 1 hierbo) blyk dit dat daar nou selfs weer 'n "polisie"-saak is waarin ons 'n voorbeeld aantref van Neethling, Potgieter en Visser se derde kategorie van wyses waarop suiwer ekonomiese verlies veroorsaak kan word om as eisoorsaak vir 'n deliktuele vordering te dien.

Ten slotte kan 'n mens jou afvra of hierdie beslissing nie strydig is met die uitspraak van die appèlhof in *Minister of Law and Order v Kadir* (*supra*) waarna vroeër (sien 1 hierbo) verwys is nie. Myns insiens is die aard van die gewraakte optrede in die twee gevalle verskillend. In *Kadir* se geval was daar beslis 'n late in die ware sin van die woord teenwoordig: die polisiemanne se optrede kan nie anders ten aansien van die eiser se uiteindelike skade omskryf word as 'n *late* nie. In die onderhawige geval kan polisiebeampte H se optrede primêr as 'n *positiewe dadigheid* ten opsigte van die eiser se gelede nadeel bestempel word (sien 3 2 hierbo) en slegs in sekondêre sin as 'n *late* (indien hoegenaamd). In hierdie opsig val die vermelde beslissings dus te onderskei.

5 Naskrif

Hierdie is die laaste gerapporteerde uitspraak van regter HP (Henk) van Dyk wat op 28 Januarie 2001 onverwags oorlede is. Met sy heengaan het die regsberoep in Suid-Afrika 'n merkwaardig veelsydige lid verloor.

Hy is op 3 Desember 1926 in die Waterbergdistrik gebore, wat verklaar waarom hy sy lewe lank jagter en natuurbewaarder gebly het. Nadat hy sy BA- en LLB-graad aan die Universiteit van Pretoria behaal het, het hy in 1954 aan die Rijksuniversiteit Leiden in Nederland gepromoveer met 'n proefskrif getitel *Die pogingsprobleem in die moderne strafreg*, onder promotorskap van die beroemde professor JM van Bemmelen. Na 'n kort akademiese loopbaan het hy in 1955 by die Pretoriase Balie aangesluit. In Desember 1977 is hy permanent as regter van die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof aangestel, 'n betrekking wat hy tot sy ontydige dood met onderskeiding beklee het.

Met hierdie bydrae eer ek graag sy nagedagtenis.

JOHAN SCOTT
Universiteit van Pretoria

The [Universal Declaration of Human Rights] does not purport to offer a single unified conception of the world as it should be nor does it purport to offer some sort of comprehensive recipe for the attainment of an ideal world. Its purpose is rather the more modest one of proclaiming a set of values which are capable of giving some guidance to modern society in choosing among a wide range of alternative policy options.

Philip Alston "The Universal Declaration at 35*: Western and passé or alive and universal?"* 1983 ICJ Rev 69.

BOEKE

ROMAN LAW AT THE CROSSROADS: PAPERS OF THE CONGRESS ORGANISED BY THE DEPARTMENT OF ROMAN LAW OF THE UNIVERSITY OF UTRECHT AND THE FACULTY OF LAW OF THE UNIVERSITY OF NAMIBIA (WINDHOEK 30 JUNE – 1 JULY 1997)

by

JE Spruit, WJ Kamba and MO Hinz

Juta Kenwyn 2000, xv and 182 pp: price R133,75 (soft cover)

In the "Acknowledgement" MO Hinz sketches the background to the Congress which gave rise to these proceedings: The idea of the congress arose within the framework of the teaching assistance project agreed upon between the University of Utrecht and the University of Namibia on the basis of the UNESCO-sponsored UNITWIN network of which both universities form part. Roman law has been a compulsory course in the Faculty of Law since the establishment of the University of Namibia in 1994. The reason for this is the fact that Roman-Dutch law is the common law of Namibia. It soon became obvious to the academics concerned that the role and future of Roman law in the Southern African Roman-Dutch law countries need to be considered again. Questions such as "Was Roman law an imposition of colonialism that would have to go with dawning of freedom and independence?", "Were Roman-Dutch law and Roman law outdated burdens to legal practice and education?", "Was it worthwhile spending time and money cultivating a field that certainly had its importance in the development of law as a universal project, but was not a priority in African countries, the indigenous legal cultures of which would need much more attention than Roman law imported with colonialism and anyway not being the 'law way' of the majority in those countries?" were to be brain stormed at this congress.

The publication contains the congress's "Welcome address" by WJ Kamba, in which he says that the basic question to be answered is whether Roman law should continue to be taught at all or whether it should be taught differently. The "Introduction" to the proceedings was written by JE Spruit, Professor of Roman Law and Legal History at the University of Utrecht and Visiting Professor of Roman Law at the University of Namibia since 1995.

Thirteen papers delivered at the congress are contained in this publication:

MO Hinz's contribution is titled "Roman Law: Living heritage of humankind? Introductory remarks". He briefly discusses the universal dimension of Roman law which has been expanding since the twelfth century. The jurisprudence of Roman

law combined certainty and flexibility, openness and conservatism, authority and liberalism. It is the task of legal education to equip students with all the tools that are necessary to function within the legal profession. And in this spectrum of legal education Roman law occupies a special place in the catalogue of mind-broadening subjects: According to the author, the study of Roman law possesses the potential to enhance integrated or holistic jurisprudence. This would contribute to broadening the legal horizons of other forms of jurisprudence, in particular the jurisprudence of African law and also offers legal concepts and models conducive to new regional and international developments.

In "Roman law – to assist law reform and law development" DM Balatseng argues that a study of Roman law can assist in the development of the South African legal system, since the principles and history of Roman law are quite similar to those of indigenous legal systems. BF Bankie's contribution ("Sources and resources – Roman and Dutch law – a retrospect") gives an overview of the history and development of the South African legal system. According to him, there should be no conflict between the continued influence of Roman law and the increased influence of African values, otherwise called *ubuntu*. A Domanski ("The ethical argument for teaching Roman law") is very concerned about unethical conduct in the legal profession, and is of the opinion that law students must be taught the vital importance of honesty, integrity and fairness in legal practice. This can be done, inter alia, by a study of Justinian's *Institutes*. In the *Codex*, judges were directed that "in all things, the principles of justice and equity, rather than the strict rules of law, should be observed". The *Institutes* have the potential to shape the ethical attitudes of the next generation of legal practitioners, and so bring about renewal in the profession. In "Roman law and common law in Southern Africa: Past and future" HJ Erasmus gives a brief exposition of the interaction of common law and civil law in the Southern African context. He concludes that the law of the countries of Southern Africa, with its historic links with two of the major legal systems of the world, has a richness which should be exploited in the creative adaptation and development of our law. In "The Roman law in Roman-Dutch law – weft or woof?" ML Hewett discusses the ways in which the older customary law of the Netherlands adopted and adapted Roman law in its *ius commune* form with the purpose of finding pointers as to how African customary law and Roman-Dutch law can be harmonised to produce a truly African, yet worldwide legal system.

In "Equality in contract in South Africa: Squandering our heritage", LF van Huyssteen briefly discusses a few examples (undue influence, the doctrine of *laesio enormis* and the *exceptio doli generalis*) and then comes to the conclusion that the application of Roman-Dutch law has, through our own shortcomings, not led us further up the road of development in the field of equality of contract. South Africa has thus squandered our heritage (the *ius commune*) and has failed to put it to use. In "The role and function of Roman law in South African legal education" DG Kleyn concentrates on the role and function of Roman law in present-day South Africa. After having discussed the state of South African education in general and legal education in particular, as well as Roman law in the South African legal system, he concludes that a utilitarian approach to the method and purpose of teaching Roman law should be followed in the present situation, and that the emphasis should be on the relevance of Roman law for present day purposes. According to GJ van Niekerk in "A common law for Southern Africa: Roman law or indigenous African law?", there is no doubt that Roman law gave Southern Africa a scientific legal framework and structure which can fulfil the needs of a changing

Africa. Although the underlying values of Roman law and the African values founded in the spirit of *ubuntu* differ in many respects, they are not irreconcilable. Both Roman law and indigenous African law have much to contribute to a common law for Southern Africa. The African *ius commune* should be based on Roman law as well as African law. "Recurriculization and legal history: Imperatives, needs and the new higher education context" is the title of NJJ Olivier and W du Plessis's contribution. A brief outline of the constitutional and statutory provisions regarding the recognition of African customary law and religious-based legal systems is followed by an overview of some of the commonalities and differences between the various systems in order to indicate the possibility of including these systems in the existing curricula. Thereafter, recurriculisation is discussed and finally also the adaptation of legal education. E Schoeman discusses the historical development of domicile as a jurisdictional and a conflicts-connecting factor in regard to private-law status in "Domicile, status and divorce: Denying our Roman roots?" She concludes by saying that our Roman law heritage in the field of conflicts of law cannot and should not be ignored. "Roman law, fundamental rights and land reform in Southern Africa" is the title of AJ van der Walt's contribution. He is of the opinion that at a congress entitled "Roman law at the crossroads", a closer look should be taken at the dysfunctional aspects and the discontinuities of Roman law, and at the way in which it functioned along some of the fault lines and breakdown points during its long history. After a brief discussion of land reform in South Africa, he concludes that we should study the way in which Roman law changed and was transformed by its crises. Roman law is of interest to a Southern African lawyer today because of the examples and illustrations of the ways in which it was transformed to help society transform itself and to survive crises. The last contribution in this volume is that of Mr Justice DH van Zyl: "Roman-Dutch law: A South African perspective". He gives a brief South African perspective of Roman-Dutch law in these times of transition and transformation, also referring to the Constitution of 1993 and the *Du Plessis* and *Roland* cases. In conclusion, he categorically states that the common law of South Africa is not an endangered species, nor is it likely to become one in the foreseeable future. As never before, the judiciary has the opportunity to become actively involved in the improvement and development of our common law for the benefit of all South Africans.

In the three and a half years since the congress, much thought has been given to the issue of Roman law as a subject in the law curriculum: whether it should be taught at all and if so, how? Today most universities still offer Roman law, mostly as a foundations course. Advanced courses are still offered at a few universities. See in this regard WB le Roux "The de-Romanisation of legal history courses at South African universities" published in 2000 *Fundamina* 6.

The organisers should be congratulated on their initiative in organising this congress, and the editors and publishers with this fine volume containing the papers delivered at the congress.

RENA VAN DEN BERGH
University of South Africa